# PIONIER

# EVANGELISASIE

**Om met behulp van Nuwe Testamentiese metodes**
**gemeentes te laat groei en nuwes te begin wat self-versorgend is**

THOMAS WADE AKINS

**E-pos adres:** wade.akins@pobox.com
**Home Page:** http://www.pioneerevangelism.org

© Copyright
Junta de Missos Nacionais
Convenχo Batista Brasileira
Rua Gonzaga Gastos, 300
Rio de Janeiro, R.J.20-541-000. Brazil
Alle regte voorbehou.
Gedeeltelike of algehele kopiëring van hierdie boek is toelaatbaar op voorwaarde dat die inhoud nie aangepas word nie.

Vorige uitgawes in Portugees:
1991 1.200 kopieë
1992 2.800 kopieë
1993 2.000 kopieë
1994 10.000 kopieë
1995 10.000 kopieë
1997 10.000 kopieë
1999 10.000 kopieë
TOTAAL: 46.000 kopieë

Vorige uitgawes in Engels:
1995 1.000 kopieë
1999 5.000 kopieë
2000 4.000 kopieë

Vorige uitgawes in Spaans:
1999 3.000 kopieë
1999 10.000 kopieë

Oorspronklik gepubliseer in Portugees onder die titel
*Evangelismo Peioneiro*

Buiteblad: Rogerio Freitas de Oliveira
Voorlopige vertaling in Engels: Christy Akins Brawner
Finale vertaling: Juan Alberto Galvis
Elektroniese uitgawe: Reynaldo Amaral
Gedruk in Brasilië



## AANBIEDING

*"want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend. Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit."*

*2 Timoteus 4 : 3 – 5 (Nuwe Vertaling)*

Die wêreld is vandag nog net so beïndruk met nuwighede soos wat dit die afgelope twee millennia was. Om 'n boek te skryf oor evangelisasie – die realiteit van elke mens se verantwoordelikheid voor Jesus Christus – is insigself 'n moeilike taak.

Hierdie opdrag word nóg moeiliker wanneer die onderwerp Pionier Evangelisasie is. Daar is geen wonderlike bronne betrokke nie en geen verrassende teorieë is ooit hieroor gehoor nie. Die doel van Pionier Evangelisasie is om elke mens by die punt te bring waar hy Jesus Christus sal ken as eerste prioriteit in die lewe.

**Dr. Akins het goeie resultate behaal in sy navolging van hierdie sending. Dit het hy gedoen deur sy unieke styl, en omdat hy die gesag van 'n empirikus het.**

Die Bybelse opdrag kom met dieselfde intensiteit na ons toe as waarmee dit na Timoteus gekom het: "doen die werk van die evangelis."

Dit is eenvoudig en direk. Net soos die Evangelie self.

Pr. Ivo Augusto Seitz, Algemene Sekretaris:
Brazilian Baptist National Missions Board

## INHOUDSOPGAWE


**AANBIEDING** 3

**ERKENNING** 9

**DEFINISIES** 12

**DIE BEGINSELS** 13

**DIE PRAKTIESE ASPEKTE** 56

**DIE PLAN** 159

**AANHANGSELS** 186

- PIONIER EVANGELISTE EN DIE GEBRUIK VAN MENINGSOPNAMES **188**
- SES WAARHEDE VIR DIE NUWE BEKEERLING **194**
- ’N NUWE LEWE **204**
- GOEIE NUUS UIT GOD SE BYBELSTUDIES **231**
- GOEIE NUUS UIT JESUS BYBELSTORIES **267**
- BEGIN ’N NUWE LEWE IN CHRISTUS **319**
- DISSIPELSKAPSOPLEIDING VIR PLAASLIKE LEIERS **389**

**BIBLIOGRAFIE** 412

# IN MEMORIUM

**Sherry Deakins Akins** was die belangrikste persoon deur God gebruik om Wade Akins aan te moedig om die Pionier Evangelisasie-program in Brasilië te begin en te ontwikkel. Omdat Wade besef het dat die skryf, ontwikkeling en bestuur van die program baie ure alleen en weg van die huis en sy gesin sou kos, het hy ernstig geworstel met die vraag of hy met die projek moes voortgaan of nie. Hy het een aand sy twyfel met sy vrou gedeel, en haar antwoord aan hom was: "Wade, jy moet dit doen; hierdie bediening is van die Heilige Gees." Die Pionier Evangelisasieprogram het stadig ontwikkel en het uitgebrei, nie net in die staat Minas Gerais in Brasilië waar hulle gewerk en gewoon het nie, maar sedert 1989 dwarsdeur die hele volk van Brasilië. Sy het haar lewe gegee vir hierdie bediening.

Sherry het 'n terminale siekte, genaamd Schleroderma, wat vesel in haar longe, ingewande en belangrike organe geplaas het, opgedoen. Dit is in September 1992 gediagnoseer.

Toe sy gevra is of sy Brasilië permanent wou verlaat en terugkeer na die Verenigde State om by haar familie te wees, het sy geantwoord: **"Die doel van my lewe is om Jesus Christus te verheerlik in my lewe sowel as in my dood. God het ons na Brasilië geroep en ek wil bly."**

Op 4 Desember 1993 het Sherry skielik flou geword en is sy dood in hul huis in Belo Horizonte, Mina Gerais, Brasilië. **Sherry was waarlik 'n mens wat gelewe en gesterwe het binne die wil van God!**

**En Jy?**

## *Toewyding*

*Ek dra hierdie uitgawe van hierdie handleiding op aan my wonderlike en liefdevolle eggenoot, **Barbara Ann Hawthorne**, 'n gawe van God se genade aan my. Die inhoud van hierdie handleiding is nie vir Barbara net teorie nie, want sy is, en word nog steeds deur God gebruik in die wen van siele sowel as in die begin van gemeentes. God het ons saam geseën en ons toegelaat om saam te dien in die opleiding van ander in Pionier Evangelisasie Konferensies dwarsoor Brasilië en ander volke van die wêreld.*

**Thomas Wade Akins**



## Erkenning

Hierdie opleidingshandleiding sou nooit ontstaan het as dit nie was vir die lewe en invloed van my Sendingprofessor, **Dr. Cal Guy** nie. Dr. Guy en sy lering het so 'n impak op my lewe gehad, dat ek, na drie jaar se studie onder hom by Southwestern Seminary, 'n baie suksesvolle bediening in ons hoofstad verlaat het en vertek het na die sendingveld in Brasilië. Sy volgehoue gebede en briewe was vir my tot groot seën en God het dit gebruik om my te bemoedig gedurende moeilike tye. Sy idees word herhaaldelik in hierdie handleiding gereflekteer. Ek is ook diep dankbaar vir die professore wat my onderrig het by Louisiana College, New Orleans Seminary en Southwestern Seminary. Die opleiding wat ek hier ontvang het, het my leer navors en praktiese projekte leer skryf.

Ek is baie dank verskuldig aan **Dr. Dennis Blackmon** wat my gehelp het met die ontwikkeling van baie van die idees wat in hierdie boek voorkom en wat sy notas oor die plant van kerke gegee het daarvoor. Dit was Dr. Blackmon wat my meermale gebel het om my aan te moedig om hierdie projek te skryf en dit van die begin af toe te pas. Sy raad en voorstelle was van groot waarde en tot groot hulp. Ek het in hierdie boek *saam* met Dr. Blackmon se notas, gebruik gemaak van materiaal uit The Indigenous Church (Melvin Hodge), Indigenous Church Planting (Charles Brock), en andere.

**Dr. Charles Brock** is 'n voormalige sendeling aan die Filippyne. Sy boek Indigenous Church Planting, gepubliseer deur *Broadman Press*, het 'n baie belangrike invloed gehad op my lewe en sy idees is van fundamentele belang vir hierdie projek. **Dr. Waylon Moore** het die "Goeie Nuus van God"-Bybelstudies, gebaseer op die Evangelie volgens Johannes, vir PIONIER EVANGELISASIE geskryf. God het hom gebruik om my te dissipeleer en hy is vir almal wat hom ken 'n voorbeeld van die lewe en bediening van Jesus. Ek wil erkenning gee aan my broer in Christus, **Mario Ikeda**,

voormalige Direkteur van die Evangelisasie Afdeling van die Brazilian National Convention, wat my geweldig gehelp het in die skryf van hierdie handleiding en wat die program geloods het. Terwyl ek die program in die staat Minas Gerais geloods het, was hy besig daarmee in die staat van Pará. Sonder Mario sou die pionier evangelisasiebediening nooit nasionale vlak bereik het in Brasilië nie.

Ek wil verder graag vir **Pastor Aloizio Penido Bertho**, Uitvoerende Sekretaris van die Minas Gerais State Convention, bedank. Pastor Aloizio het saam met my dwarsoor Brasilië onderrig in opleidingsklinieke wat vir die mense aangebied is. Hy het my sy volle ondersteuning gegee in die ontwikkeling van hierdie PIONIER EVANGELISASIE-bediening in die staat Minas Gerais, veral in die beginstadium toe sommige van die voorgestelde idees ongewild was by party mense. Waar sê die Bybel byvoorbeeld dat mens nie 'n gemeente kan organiseer tensy daar 'n geördineerde pastor, eiendom en 'n kerkgebou is nie?

Daar moet 'n woord van dank gebring word aan **al veertig oorspronklike pionier evangeliste** wat saam met my gewerk het in *Minas Gerais* gedurende die eksperimentele fase van hierdie projek. Dit was 'n lang, moeilike twee jaar van harde werk vir elkeen, maar drie-en-sestig nuwe sendings was die gevolg hiervan. Hierdie evangeliste het goeie maandelikse verslag gelewer en elke fase geëvalueer sodat die program aangepas en verbeter kon word. As gevolg van húlle werk is baie veranderinge gemaak aan die oorspronklike weergawe van die program.

Ter aanvulling wil ek graag **Dr. Bill Richardson** erken wat die Streeksdirekteur was van Brasilië gedurende die eerste loodsing van hierdie projek. Hy het die projek goedgekeur en my in staat gestel om die eerste groep vir twee jaar te lei.



Ek kan my dank aan **Curtis Sergeant**, sendeling in Singapore, nie in woorde uitdruk nie. Ons het vriende geword by 'n *Strategy Coordinators Training Conference* in São Paulo, Brasilië. Curtis dien in Asië en sy bydraes en voorstelle was van onskatbare waarde. Ek wil ook vir J.O. Terry en Jackson Day bedank wat die gedeeltes oor *Vertelling* bygedra het.

Ten slotte my dank aan 'n paar dierbare en baie spesiale vriende wat my op verskeie maniere gehelp het in my bediening en wat by my gestaan het deur moeilike en swaar tye in my persoonlike lewe. Hulle is Internasionale **Evangelis Sammy Tippit** van San Antonio, Texas; **Dr. Phil Jett**, pastor van die groot Englewood Baptistekerk in Jackson, Tennessee; **Mnr. en Mev. Gary A. Taylor**, Ontwikkelaar van Jackson, Tennessee; **Mnr. en Mev. Ronny Mackey**, kontrakteur van Heath Springs, Suid-Carolina; **Mnr. Guy Wolcott**, sakeman van Portland, Oregon en **David Wilson**, President en Direkteur van Open Air Campaigners International. Elkeen is op 'n kragtige en spesiale wyse deur die Here gebruik in my persoonlike lewe en in my bediening.

My diepste liefde aan my twee seuns, Tim en Jason. Dankie aan **Jeff Brawner**, my skoonseun wat aan hierdie handleiding gewerk het en ook die grafieke in die beplanningsafdeling van hierdie boek voorsien het.

Laastens wil ek my dogter, **Christy**, wat hierdie boek uit Portugees in Engels vertaal het en wat ook die stories "Goeie Nuus oor Jesus" en "Begin 'n Nuwe Lewe in Christus" geskryf het, bedank. Ek het jou lief, Christy.

Thomas Wade Akins.

## DEFINISIES

**PIONIER** – Dit is die term wat ons gebruik vir die persone wat 'n nuwe werk en nuwe gemeentes begin.

**EVANGELISASIE** – beteken "om die Goeie Tyding van Jesus Christus te verkondig". Die Evangelie word in 1 Korintiërs15:3 verduidelik en lui: "Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte…" Dit is die goeie nuus wat die Evangelie bring. Om hierdie goeie tyding te verkondig aan die verlore mensdom van die wêreld, is evangelisasie.



## DIE BEGINSELS

Hierdie afdeling van die boek verduidelik wat die pionier evangelis behoort te doen en hoekom.


I. **Wat is Pionier Evangelisasie?**
II. **Die Bybel en Kultuur**
III. **Die Bybel en sy Gesag**
IV. **Wie kan 'n Pionier Evangelis wees?**
V. **Die Rol van die Pionier Evangelisasie Leier (PEL)**
VI. **Die Evangelisasie Dissipelskapspan**
VII. **Nege Basiese Noodsaaklikhede om met sukses nuwe gemeentes te stig.**
VIII. **Ses sleutels tot die groei van nuutgestigte gemeentes.**
IX. **Die Eienskappe van die Nuwe Testamentiese kerk.**
X. **Samevatting**

# I. Wat is Pionier Evangelisasie?

Hierdie bediening het in 1989 in Brasilië begin nadat 'n plaaslike kerkplant-situasie bestudeer is. Gedurende my eerste termyn as sendeling van die International Mission Board van die Southern Baptist Convention is ek vir 'n jaar na 'n taalskool. Toe ek in die sendingveld was, het ek 'n plan uitgewerk waarvolgens gemeentes begin kan word, en 12 nuwe Baptiste gemeentes in die staat Minas Gerais in Brasilië begin.

Na my terugkeer van verlof, het die werk te stadig gevorder na my sin. Ek het begin nalees oor metodes van evangelisasie. Charles Brock se boek Indigenous Church Planting het vir my die meeste leiding gegee in my navorsing. In die proses het ek 'n opleidingsbediening ontwikkel, gebaseer op die Bybel, dr. Brock se boek, verskeie ander bronne wat in hierdie handleiding genoem word, en die sisteem van kerkplanting wat gedurende my eerste termyn as sendeling in Brasilië ontwikkel is.

Toe die program eers in sy oorspronklike vorm geskryf is, is veertig manne en vroue opgelei om hierdie plan in aksie te stel. Hulle is na drie-en-sestig dorpe gestuur in die staat Minas Gerais waar hulle oor 'n tydperk van twee jaar gemeentes in elke dorp begin het. Vir twee jaar het hierdie oorspronklike pionier evangeliste elke maand evalueringsverslae na die Evangelisasie- en Sendingafdeling van die Minas Gerais Baptist Convention gestuur. Aan die einde van die twee jaar is 'n evaluasiespan saamgestel om die hele bediening in oënskou te neem. Gedurende die volgende drie jaar is nog baie ander spanne gevorm in ander dele van Brasilië. Predikante, lidmate, evangeliste en kerkleiers het elke aspek van die bediening geëvalueer. **Binne 'n tydperk van nege jaar is 94 gemeentes georganiseer, 179 gemeentes begin en 383 preekpunte gestig in die staat Minas Gerais in Brasilië.** Al dié bedienings was betrokke by pionier evangelisasie en die statistieke is deur middel van opnames





neergeskryf. Teen 1999 is meer as 15 000 Brasiliane dwarsoor die land opgelei en 'n beraamde 1 000 nuwe gemeentes is in Brasilië begin. Vandag word daar elke jaar 'n paar honderd Pionier Evangelisasiespanne gevorm om nuwe gemeentes te begin dwarsoor die wêreld.

Hierdie opleidingshandleiding en -metode is die produk van die werk van honderde manne en vroue wat hierdie program gebruik het. Hulle word deur God gebruik om duisende mense te bereik wat nie voorheen bereik is nie, en ook om nuwe gemeentes te begin. Die doel in Brasilië is om duisende pastors (predikante), sendelinge en lidmate op te lei om nuwe gemeentes te begin. Hulle leer almal die basiese beginsels wat in die handleiding gegee word, wat universeel is en in enige kultuur en volk in die wêreld toegepas kan word. Eenvoudig gestel: **die Pionier Evangelisasie Metode behels die opleiding van lidmaat-evangeliste om in gebiede in te gaan waar daar geen gemeentes is nie (pionier areas) om siele te wen vir Christus en nuwe gemeentes te begin.**

Die sleutelvraag is vandag: "Hoe kan ons die Evangelie vinniger versprei en nuwe gemeentes begin?" Na my mening lê die antwoord daarin om lidmaat-evangeliste dwarsoor die wêreld op te lei om nuwe gemeentes te begin en te ontwikkel.

Kom ons kyk na 'n paar probleme waarmee sendingleiers in die moderne samelewing te doene kry:

1. 'n Gebrek aan visie
2. Onopgeleide lidmate (predikers)
3. Gebrek aan belangstelling
4. Verlies aan kerklidmate
5. Gebrek aan samewerking tussen gemeentes
6. Probleme om woonstelgeboue in die groot stede te betree
7. Hoë grond- en boukoste

Kan ons hierdie probleme oorbrug? Beslis! Trouens, Christus het hulle reeds vir ons oorbrug. Tog moet ons weer die basiese metodes van die Bybel bestudeer en veral dié wat gebruik is deur ons model-sendeling, Paulus.

**Dr. Dennis Blackmon**, 'n voormalige sendeling aan Brasilië, het vier basiese modelle geïdentifiseer om nuwe gemeentes te begin.

### 1. Die Tradisionele Metode *met* 'n kerngroep gelowiges.

Die sendingorganisasie of gemeente bepaal eers die werksarea. Hierna nooi hulle 'n werker, nie noodwendig 'n predikant nie, om die taak te verrig. Dié werker kry 'n geskikte plek waar die nuwe groep kan vergader; die sendingorganisasie of 'n gemeente kry die ondersteuning van tien of meer Christene wat in die omgewing woon waar die nuwe bediening begin word. Hierdie paar gelowiges en die werker begin 'n gemeente met die finansiële ondersteuning van die sendingorganisasie of denominasie, sowel as die ondersteuning van die Plaaslike Genootskap en in sommige gevalle die Nasionale Genootskap van u bepaalde denominasie. Die sendingorganisasie of die gemeente neem normaalweg al die belangrike besluite.

### 2. Die Tradisionele Model *sonder* 'n kerngroep gelowiges.

Die sendingorganisasie of denominasie oorheers alles, net soos in die bostaande model, totdat die nuwe gemeente amptelik geörden is. Die enigste verskil is die afwesigheid van die oorspronklike ondersteuningsgroep bestaande uit plaaslike gelowiges.

### 3. Die spesiale Projek Model.

Die sendingorganisasie of denominasie bepaal die area en kies 'n projek wat die grootste impak sal maak. Tipiese





voorbeelde van sosiale projekte is Bybelstudies of die bediening aan onbereikte gemeenskappe. Hierdie projek word gekies met die organisasie se eie finansiële bronne en beskikbare personeel in gedagte. Daar was byvoorbeeld in 1992 'n groot vloed in die staat Minas Gerais in Brasilië. Honderde mense is dakloos gelaat. Barbara Akins kon geld van haar sendinggenootskap beskikbaar stel om die mense te help om hul huise te herbou. Die burgemeester het die grond geskenk en hulle het 'n splinternuwe woonbuurt begin wat hulle **BETHEL – DIE STAD VAN GOD** genoem het. Binne 'n jaar het hulle 70 huise gebou en tuis-Bybelstudies begin. Mense is gered en 'n gemeente is begin. Dit was 'n kombinasie van die Spesiale projek en Pionier Evangelisasie, want Bybelstudie is gehou in die huise van verloregaande mense. Gewoonlik word 'n *werker* genooi om die projek uit te voer wanneer die Spesiale Projek Metode gebruik word. Die organisasie of denominasie verskaf 'n saal waar samekomste gehou kan word en begin amptelik met 'n *sendingfront*. Die sendingorganisasie of denominasie kan kies of hulle self alle besluite wil neem of nie.

### 4. Pionier Evangelisasie Model.

**Die sendingorganisasie of denominasie bepaal die area wat bereik moet word en kies "volwasse lidmate" om die taak te verrig. Hierdie lidmate is goed opgelei en toegerus deur kundiges op die gebied van sendingwerk. Die doel van hierdie handleiding is om hulle op te lei. Vervolgens sal gemeentelede die werk begin sonder 'n groep Christene of met net 'n paar Christene wat hom ondersteun. Hulle doel is om 'n nuwe gemeente te begin wat onder die Here se leiding self-regerend, self-onderhoudend en self-vermenigvuldigend is.** Die pionier evangelis lei die nuwe gemeente om van die begin af sy eie besluite te neem instede daarvan dat die sendingorganisasie of denominasie wat hom uitgestuur het dit doen.

## II. Die Bybel en Kultuur

Dit is baie belangrik dat ons onderskeid tref tussen wat Bybels is en wat kultureel is. Ek mag 'n Amerikaner wees, maar God het my geroep om sendeling te wees in Asië (Viëtnam), die VSA (Washington DC), Afrika (Zimbabwe) en Brasilië.

Elke plek in die wêreld het sy eie definitiewe kultuur. Ons weet dat die Here se werk gebaseer moet wees op die Bybel *en* op elke volk se eie kultuur. Dit moet nie gebaseer word op die godsdienstige tradisies van een spesifieke kultuur nie. In die VSA het die meerderheid kerke byvoorbeeld hul eredienste elke Sondagoggend om 11h00. Beteken dit nou dat alle eredienste dwarsoor die wêreld om 11h00 moet begin? NEE! In die VSA sing baie kerke Gesange. Beteken dit nou dat die kerke in ander lande liedere uit die Gesangeboek *moet* sing? NEE! Hulle kán as hulle wil, maar hulle behoort liedere te sing wat gebaseer is op hulle kultuur en behoort gebruik te maak van hul kulturele musiekinstrumente. 'n Kerk kan bv. elektriese kitare, trompette, dromme of enige ander musiekinstrument gebruik.

**WAARSKUWING!** Musiek is nie lofprysing nie. Musiek is 'n manier van lofprysing. Dit is 'n manier waarop ons teenoor God kan uitdrukking gee aan ons gevoelens. Daarom is dit noodsaaklik dat die musiek wat ons gebruik die kultuur van die *mense* moet uitdruk, nie noodwendig die kultuur van die pionier nie. Dit is onmoontlik om 'n sendeling of 'n effektiewe pionier te wees tensy ons die kultuur van die plaaslike gemeenskap verstaan.





Elke volk het verskeie kulture en sub-kulture. Dit is belangrik dat die pionier die kultuur van die mense in die area waar hy beplan om die nuwe gemeente te gaan begin, moet ken en verstaan. Dit is ook belangrik dat hy nie moet probeer om die kultuur te verander nie, maar dat hy op só 'n manier moet dien dat Christus die harte van mense kan verander. Al wat binne 'n kultuur verander behoort te word, is die dinge wat in teenstelling is met die Bybel. Byvoorbeeld: in party woude van die wêreld is daar mense wat babas offer. Sulke praktyke is ooglopend teenstrydig met die Bybelse leer. In so 'n geval moet die pionier probeer om die kultuur te verander deur die verkondiging van die waarheid van die Evangelie.

**Die hoofsaak is dat elke streek van 'n land sy eie kultuur het. Dit is belangrik dat die werk van die pionier in lyn sal wees met so 'n plaaslike kultuur en dat dit nie beïnvloed sal word deur ander kulture van ander streke in die land nie. Die pionier moet slegs die Evangelie verkondig, want die Evangelie sal self die aspekte van die kultuur verander wat nie Bybels is nie.**

## III. Die Bybel en sy gesag

Elke mens in die wêreld het 'n bron van gesag. Dr. Ralph Neighbor, Jr. beskryf in sy boek <u>Survival Kit</u> (Broadman Press) vier bronne van gesag waarvolgens besluit kan word wat reg is en wat verkeerd is.

**1. Intellek:** Dit is wanneer iemand besluit wat die waarheid is deur sy eie vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd, goed of sleg, moontlik en onmoontlik, ens. Iemand wat op sy verstand staatmaak, mag byvoorbeeld Jesus se wonderwerke betwyfel omdat hy hulle nie wetenskaplik kan bewys nie.

**2. Ondervinding:** Dit is wanneer iemand besluit oor reg en verkeerd deur staat te maak op sy gevoel, waarnemings en emosies. Ek het, byvoorbeeld, eendag met 'n taxi gery in die stad Rio de Janeiro in Brasilië. Ek het met die bestuurder begin gesels oor die Evangelie. Hy het my vertel dat 'n blinde man in 'n byeenkoms van sy geloof, genees is en dat hy weer kan sien. Toe ek hom vra van watter kerk hy is, het hy gesê dat hy nie 'n Christen is nie en dat sy geloof nie eers verwand is aan die Christendom nie.

Satan het mag om wonderwerke te doen, maar hy kan niemand red nie, en hy kan nie ware vrede en volkome vergifnis gee nie. Soms gebruik hy wonderwerke om mense te mislei. Die Bybel sê in 2 Tessalonisense 2 : 9 – 12: **"[9]Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en [10]met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie."**

Party mense sê: "Ek glo in dwelmmiddels en akoholiese drank, want ek voel goed wanneer ek dit gebruik." Hierdie persoon se gevoelens is sy bron van gesag. Dit is 'n baie gevaarlike manier om jou geloof uit te spreek. Ander sê hulle glo in 'n spesifieke geloofsgeneesheer of medikus omdat hy 'n siekte kon genees. Maar 'n werker van wonders wat dalk baie wonderlike dinge mag doen en so rykdom en roem verwerf, is dikwels glad nie van God nie. Ons kan nie ons geloof bou op wonderwerke, gevoelens of selfs ervarings nie. In stede daarvan moet ons dit bou op die Persoon Jesus Christus, wie Hy is en Sy beloftes in die Woord van God.

**3. Tradisie:** Dit was een van die grootste probleme waarmee Christus te kampe gehad het. Hy het teen die Jode se tradisies





geveg omdat hulle dit altyd bo die mens se nood gestel het. In Markus 3:1 – 6 lees ons hoe Jesus 'n man met 'n verdorde hand op die Sabbat genees het. Hy het een van die Joodse tradisies verbreek en, omdat dit die Sabbat was, het die Fariseërs van toe af saamgesweer om Hom dood te maak.

Wanneer ons tradisie bo die Woord van God plaas, maak ons Sy Woord van nul en gener waarde. Jesus noem sulke mense in Matteus 15:6 – 9 'huigelaars'. "So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike. Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom toe hy gesê het: 'Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie.'"

**4. Die Skrif:** Die Woord van God is ons enigste Bron van ware gesag. God maak die waarheid bekend deur Sy geskrewe Woord. Sy Woord is onherroeplike en volkome kennis.

> Jesus het in Johannes 8:32 gesê: "en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."
>
> Jesaja 40:8 sê: Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van God bly vir ewig staan.
>
> Psalm 119:105 sê: U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.
>
> Psalm 119:140 sê: U woord is baie suiwer, ek het dit lief.
>
> Psalm 119:160 sê: Al u bepalings is regverdig. Hulle staan vas.

**Aantekeninge:**

## IV. Wie kan 'n Pionier Evangelis wees?

In die Nuwe Testament sien ons die verskillende verantwoordelikhede van die leiers. Die struktuur van die vroeë kerk was nie ingewikkeld nie; inteendeel, dit was baie eenvoudig. Daar was drie ampte:

**1. Die Opsiener:** 1 Timoteus 3 verduidelik die vereistes wat gestel word vir 'n persoon om as ouderling te kwalifiseer. Baie mense dink dit is sinoniem aan 'n pastor.

**2. Die Diaken:** Hierdie woord kom slegs ses keer voor in die Nuwe Testament. Vier van hierdie ses keer is in 1 Timoteus, een in Filippense en een in Romeine. (1 Timoteus 3:8, 10, 12, 13; Filippense 1:1; Romeine 1:1). Hierdie woord beteken "bediende/dienaar".

**3. Die Ouderlinge:** Handelinge 14:23 sê dat Paulus "ouderlinge" gekies het vir die hele Klein Asië. Die woord "ouderling" verskyn 56 keer in die Nuwe Testament. Agt-en-twintig van hierdie verwysings verwys na Jode en 28 na leiers in die Nuwe Testamentiese kerke. Handelinge 15:2, 4, 6, 22, 23; 16:4 en 21:8 sê dat die kerk in Jerusalem ouderlinge gehad het. Wie was hierdie mense? Hulle was plaaslike leiers wat die leierskap van die kerk aangeneem het.





**Die apostel Paulus het die volgende patroon gevolg:**

**A. Hy het 'n stad binnegegaan. (Handelinge 19:1)**

**B. Hy het verlore siele gewen vir Christus. (Handelinge 19:8,10 en 20)**

**C. Hy het die nuwe bekeerlinge geleer. (Handelinge 19:9, 10)**

**D. Hy het die plaaslike leiers toegerus en opgelei. (Handelinge 20:17–21)**

**E. Hy het die gemeentes georganiseer en ouderlinge (plaaslike leiers) gekies om die leier= skap van die plaaslike gemeente op te neem. (Handelinge 19:1–20, 35)**

**E. Hy het die stad verlaat en verder gegaan na 'n volgende stad. (Handelinge 20:36–38)**

Dit behoort die patroon te wees wat die pionier evangelis volg. Vir ons is die belangrike vraag: "Wie kan 'n pionier evangelis wees?" Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons Efesiërs 4: 11–12 bestudeer. In hierdie gedeelte is daar 'n lys van die funksies wat die kerk moet vervul.

Die eerste hiervan is die **"apostel"**. Daar is twee soorte apostels. Die eerste dissipels van Jesus was apostels. Paulus was 'n apostel. Die woord "*apostel*" beteken "*iemand wat gestuur is*."

Die tweede groep is die **"profete".** Die profete was die predikers. Die woord "profeet" verskyn 242 keer in die Bybel. Deuteronomium 18:18 beskryf hul hooftaak: ***"Ek sal 'n profeet***

***vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en Hy sal vir sy volksgenote alles sê wat ek Hom beveel."***

Aäron (Eksodus 7:1), Moses, Elisa, Jesaja, Jeremia, Daniël en vele ander was profete in die Ou Testament. Jesaja se vrou was 'n profetes (Jesaja 8:3). 'n Paar voorbeelde van profete in die Nuwe Testament is Jesus Christus, Agabus (Handelinge 21:10) en die vier maagde, dogters van Filippus, (Handelinge 21:9).

Die derde groep was die **"evangeliste"**. Hulle is die mense wat die goeie nuus van Jesus Christus verkondig met die doel om verlore siele te wen. **(Dit is hierdie mense wat ons "pioniers" noem in die Pionier Evangelisasie bediening).** Filippus in die Nuwe Testament (Handelinge 21) was 'n lidmaat, diaken en 'n evangelis. Vers 8 sê: ***"Die volgende dag het ons vertrek en in Sesarea aangekom. Ons het die evangelis Filippus, een van die sewe, opgesoek en by hom tuis gegaan."*** **Hy was lidmaat wat die Evangelie verkondig het aan verlore mense, en hulle gedoop het.** Handelinge 8:12 sê: ***"Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."*** Vandag het ons dwarsoor die wêreld manne en vroue wat die werk van sendelinge doen deur nuwe gemeentes te begin.

Die vierde bediening is dié van **"pastor/prediker-onderwyser"**. Die pastors was diegene wat hoofsaaklik die mense geleer het. Die pastor is die leier van die ouderlinge. Hy is die geestelike leier, 'n dienskneg wat sy mense lei op God se weg. Hy behoort die gawe te hê om mense te onderrig en toe te rus.

Elke Christen ontvang in Christus 'n geestelike gawe wanneer hy die Heilige Gees ontvang by sy bekering.





1 Petrus 4:10 sê: *"As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien."* Volgens Efesiërs 4:11-12 is daar lidmate in die kerk wat die gawe van evangelis ontvang het.

Wie kan 'n pionier wees en nuwe gemeentes begin? Kan 'n pastor 'n pionier wees? Kan 'n lidmaat 'n pionier wees? Kan 'n kerkraadslid van die gemeente 'n pionier wees? Kan 'n wetsgeleerde 'n pionier wees? Kan 'n onderwyser 'n pionier wees? Kan 'n sendeling 'n pionier wees?

Elkeen wat geroepe voel om evangelis te wees en die Bybelse opdrag uit te voer, kan 'n pionier wees. Maar wat is die verseistes om 'n pionier te wees, ongeag of die persoon 'n pastor of 'n gemeentelid is?

1. Jy moet gered wees (Handelinge 9).
2. Jy moet geroep wees (Galasiërs 1:15–16).
3. Jy moet vervul wees met die Heilige Gees (Galasiërs 5:16, Efesiërs 5:18 en Handelinge 13:9).
4. Jy moet weet hoe om die Woord van God te gebruik (2 Timoteus 2:15).
5. Verlang daarna om God te behaag en Hom te gehoorsaam (1 Tessalonisense 2:4).
6. Jy moet die nuwe bekeerlinge liefhê en versorg (1 Tessalonisense 2:7–12 en Titus 1:9).
7. Weet hoe om te bid (1 Tessalonisense 1:2; Kolossense 4:2–6).

8. Lewe 'n rein lewe (1 Timoteus 5:22; Titus 1:7–8).

9. Wees standvastig in die geloof (Titus 1:9).

**Hoe kan ons 'n volk vir Christus wen en nuwe gemeentes begin in elke dorp, stad en gehuggie as ons nie geestelik volwasse leke (lidmate) wat die gawe van evangelis het, oplei om hul gawe te gebruik nie? Daar is nie genoeg predikante (pastors) in die wêreld om die hele wêreld vir Christus te bereik nie. God se kinders moet opgelei word vir daardie taak!**

As die pastor-onderwyser 'n groot aantal lidmate wat volgens Bybelse standaarde kwalifiseer, oplei, kan ons die doel bereik om gemeentes in alle stede, buurtes en dorpies in die ganse wêreld te begin.

Wie kan 'n pionier wees? Elkeen wat deur die Heilige Gees geroep is om die goeie nuus van Christus te verkondig en nuwe gemeentes te begin.

**Aantekeninge:**





## V. Die Rol van die Pionier Evangelisasie Leier

**Wat is die premêre rol van die pastor, die evangelis of die pionier gemeenteleier? Moet hy alles doen? NEE!! Hy is 'n geestelike leier wat sy mense bedien.**

Efesiërs 4:11–12 verduidelik baie mooi wat die premêre rol is van die pastor. Die Bybel sê dat God aan die kerk pastor-onderwysers gegee het om "die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." **Met ander woorde, die premêre rol van die pastor en/of leier is om die gewone lidmaat (die leek) op te lei en toe te rus om die werk waartoe God hom geroep het, te doen. Jesus het drie jaar gebruik om twaalf dissipels op te lei.** Hy is die perfekte model van hoe om die wêreld te wen. **Hy het 'n basiese beginsel toegepas – vemenigvuldiging.**

**Die Pionier Evangelisasie Leier sal 'n EVANGELISASIE-DISSIPELSKAPSPAN saamstel uit gewone mense, en hierdie span oplei om evangelisasiewerk te doen, te dissipeleer en gemeentes te begin. Hierdie handleiding sal jou oplei om dit te doen, maar die heel eerste stap is om jou span op te bou. As jy aanvanklik geen gelowiges het om te begin oplei nie, moet jy gelowiges wen. Nadat jy hulle vir Christus gewen het, moet jy hulle dissipeleer en 'n EVANGELISASIE-DISSIPELSKAPSPAN vorm. Jou doelstelling is om 'n span dissipels saam te stel wat jy kan oplei om Pionier Evangeliste te word. Hierdie span dissipels is wat ons in die opleidingshandleiding *Pioniers* noem. Die einddoel is dat elke pionier 'n Pionier Evangelisasie Leier (PEL) sal word wat sy eie span dissipels/pioniers saamstel. Dit is 'n vermenigvuldigingsproses.**

In die Pionier Evangelisasie bediening het die PEL twee premêre verantwoordelikhede:

**1. Die eeste premêre verantwoordelikheid van die PEL is om die pioniers een vir een of in klein groepies op te lei.** Hierdie opleiding kan nie in 'n massa of in groot groepe gedoen word nie, hy moet hulle in klein groepies oplei. Al die pastors en/of leiers word dus gevra om 'n span te vorm. Ons stel voor dat u tussen 1 en 12 lede in u span het. Dit sal u dissipels wees wat u sal oplei. As daar nie mense is waaruit u 'n span kan saamstel nie, sal u van heel voor af moet begin: evangeliseer mense, wen hulle vir u span en lei hulle op. Die sleutel is om die vorming van 'n span pioniers of dissipels as doelstelling te hê. U moet elke week met u span bymekaar kom vir gebed, verslaglewering, raadgewing en opleiding.

Dr. Waylon Moore sê in sy boek Multiplying Disciples die volgende:

A Dissipelskap is een van die mees strategiese metodes om 'n onbeperkte persoonlike bediening te hê.

B Dissipelskap is die mees buigsame bediening.

C Dissipelskap is die vinnigste en veiligste manier om die liggaam van Christus te mobiliseer vir evangelisasie.

D Dissipelskap het groter langtermyn potensiaal om vrug te dra as enige ander bediening.

E Dissipelskap skep vir die kerk volwasse, Christus-gesentreerde leiers, georiënteer in die Woord van God.





**2. Die tweede verantwoordelikheid van die PEL is om weeklikse kontak met die pionier te behou.** Die PEL behoort ten minste een uur elke week saam met sy span pioniers deur te bring. Wat moet hulle in hierdie vergaderings doen?

A Die PEL behoort die vergadering te open met gebed.

B Vra elke pionier evangelis om sy oorwinnings van die week met die span te deel.

C Vra die pionier evangeliste om die probleme waarmee hulle die week te doen gekry het, met die span te deel en maak 'n aantekening van elkeen.

D Gee berading aan die pioniers i.v.m. elke probleem.

E Lei die span op deur gebruik te maak van die praktiese afdeling van die **Pionier Evangelisasie** handleiding. Bestudeer byvoorbeeld weer die hoofstukke: *Hoe om getuienis te lewer,* of *Evangelisasie* om seker te maak dat die pioniers weet hoe om siele te wen. Of dalk is dit nodig om weer die hoofstukke oor *Gebed, Indirekte Metodes* of *Hoe om Gemeenteleiers op te lei*, ens. deur te gaan. Gebruik hierdie tyd om werkers op te lei.

F Leer hulle praktiese aspekte van die bediening soos hoe om 'n preek uit te skryf, hoe om berading te doen, ens. Dit is die PEL se verantwoordelikheid om hierdie pioniers goed op te lei.

G Oriënteer die pioniers oor die algemeen en sluit die vergadering af met gebed. (Kyk na die praktiese wenke in die hoofstuk *Weeklikse Opvolg van die Pionier*.)

As die pionier evangeliste ver bly, behoort die PEL een keer 'n maand of elke twee maande 'n langer vergadering te hou. Hy kan ook kontak behou deur briewe te skryf. Dit is wat die Apostel Paulus gedoen het. Dit is baie belangrik dat die PEL al sy pioniers van tyd tot tyd besoek en aanhou met spanvergaderings.

## VI. Die Evangelisasie Dissipelskapspan

Die rol van die PEL is om sy lidmate op te lei om hulle bediening uit te voer. In elke gemeente het God sommige lidmate gegee met 'n spesiale gawe vir evangelisasiewerk en die begin van nuwe gemeentes. Die PEL sal potensiële leiers met hierdie gawe identifiseer. Die rol van die Pionier Leier is om dan hierdie manne en vroue apart op te lei met behulp van die **Pionier Evangelisasie** handleiding en ander goeie materiaal. Die span pioniers behoort deur die plaaslike gemeente erken te word as evangeliste. Die gemeente moet hulle daartoe verbind om vir hulle te bid, ondersteuning te gee en hulle uit te stuur om die nuwe bediening te begin.

**<u>Die doelwitte van die Evangelisasie Dissipelskapspanne</u>**

1. **Wen verlore siele.**
2. **Doop nuwe bekeerlinge.**
3. **Doen opvolgwerk en dissipeleer nuwe bekeerlinge.**
4. **Lei plaaslike leiers op waar 'n nuwe bediening begin word. (God sal self die nuwe leiers voorsien wat die Pionier Evangelis moet oplei.)**





5. **Organiseer, onder leiding van die Heilige Gees, 'n nuwe gemeente wat self-onderhoudend, self-regerend en self-vermenigvuldigend is.**
6. **Begin met behulp van die vermenigvuldiging ander bedieningspunte. Elke pionier sal 'n PEL word deur 'n eie span pioniers saam te stel en met 'n nuwe bedieningspunt te begin. Dit is die strategie om 'n kerkplant-beweging te begin.**

**Aantekeninge:**

## VII Nege Grondbeginsels om met Sukses Gemeentes te Begin.

Donal A McGavran en Howard Snyder beskryf in hul onderskeie boeke <u>Understanding Church Growth</u> en <u>Orientations</u> for Starting Urban Churches die grondbeginsels vir suksesvolle kerkplant.

Hierdie beginsels is universeel en sal in enige land in die wêreld werk. Dit werk in groot stede en in dorpe.

1. **Identifiseer mense met die gawe om 'n nuwe bedieningspunt te begin.**

Elke gemeente het lidmate en evangeliste wat die gawe het van evangelisering en om 'n nuwe geestelike bedieningspunt te

begin. **Volgens Efesiërs 4:11-12 is die taak van die PEL, of hy nou 'n pastor of gewone leier is, om die gelowiges toe te rus om hul bediening te kan verwesenlik.**

**2. Ontwikkel lidmate se leierskap.**

Die ontwikkeling van die leierskap van gemeentelede is die premêre basis om 'n nuwe gemeente in 'n gebied waar daar nie 'n gemeente is nie, te begin. Daar is nie genoeg leraars geördineer om hierdie taak sonder die bystand van gemeentelede te verrig nie. Die hooftaak van die PEL is om gemeentelede in hul bediening toe te rus. **Efesiërs 4 : 11-12** sê dat God aan die gemeente "gawes gegee het": ***"apostels, profete, evangeliste,*** *en* ***herders en leraars.*** [12]*Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."*

'n Predikant van 'n sekere gemeente het eenmaal gesê: As ek my lidmate toelaat om die doop te bedien, ens., wat sal ek doen?" Hierdie predikant het nie veel verstaan van wat die Bybelse rol van die predikant is nie. Predikante, sendelinge en leiers moet op twee belangrike rolle fokus in hul bediening:

**A** **Lei die lidmate op om evangeliste te wees.** Hierdie evangeliste sal die geestelike volwassendheid hê om pioniers te wees.

**B** **Lei plaaslike leiers en/of evangeliste op** wat die leierskap so gou as moontlik sal oorneem. Dit is essensieel dat hierdie leiers onderrig word in Bybelse leerstellings soos hoe om stiltetyd te hou, hoe om toe te neem in die geloof en hoe om deel te neem aan kerklike leierskap





**3. Bekom 'n vaste Bybelse begrip van die kenmerke van die kerk.**

Dit is onmoontlik om iets te begin as jy nie weet *wat* jy begin nie. Wat is 'n kerk? **'n Kerk is 'n groep gedoopte Christene wat verenig is met die volgende ten doel:**

- A Lofprysing (dit sluit in die bediening van die ordonansies)
- B Evangelisasie
- C Dissipelskap
- D Bediening aan die hulpbehoewendes
- E Gemeenskap van die gelowiges

## Wat is die kenmerke van 'n kerk? Wat is haar karaktertrekke?

- A Self-regerend onder God se leiding
- B Self-onderhoudend onder God se leiding
- C Self-vermenigvuldigend onder God se leiding

**4. Identifiseer ontvanklike gebiede**

Een manier om vas te stel watter gebiede meer ontvanklik sal wees, is om te kyk of daar groot sosiale veranderinge voorkom. In hierdie gebiede sal die pionier evangeliste mense kry wat ontvanklik sal wees vir die Evangelie.

Nog 'n manier om mense te ontdek wat ontvanklik is vir die Evangelie, is om mense te vind wat as gevolg van 'n krisis 'n groot behoefte het aan die Here. Dit kan enigeen oorkom, ongeag sy sosiale stand. Soms het ryk mense groot konflik met hul

kinders as gevolg van dwelmmiddels en ander sosiale probleme. Die Evangelie bied 'n antwoord vir die nood van mense in alle sosiale klasse dwarsoor die wêreld. Dit is ons taak om hierdie mense op te spoor en Christus met hulle te deel.

### 5. Wees dringend wanneer jy die geloof in Christus deel.

Daar is niks belangriker as dit nie. Die apostels het 'n boodskap gehad van bekering en die aanneem van Christus vir redding. Hulle het hierdie boodskap met soveel dringendheid gepreek dat hulle die hele wêreld bereik het. Ons moet vandag dieselfde doen! **Psalm 126:6 sê:** ***"Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra."*** As jy nie 'n oes het in jou bediening nie, mag dit wees omdat jy nie reg saai nie. Vra jouself af hoeveel mense jou getuienis oor Christus verlede week gehoor het en uitgenooi is om Hom aan te neem. **Teenwoordigheidsevangelisasie** (om slegs teenwoordig te wees) is nie genoeg nie. **Proklamasie evangelisasie** (om net die goeie nuus te deel) is nie genoeg nie. Daar moet **oorredende evangelisasie** wees. **Oorredende evangelisasie** is wanneer jy probeer om 'n persoon te oorreed om sy lewe oor te gee aan Jesus Christus as Here en Redder/Saligmaker.

Wanneer laas het jy letterlik gehuil terwyl jy bid vir die redding van verlorenes?

### 6. Beklemtoon die begin van die gemeente in die huis.

Paulus het die Evangelie gebring aan Jode sowel as nie-Jode (heidene). Nadat hy die Evangelie in die stad gepreek het, het die nuwe bekeerlinge bymekaar gekom in 'n plek wat vir





almal gerieflik was. Soms het hulle hierdie samekomste gehou in die huise van nuwe Christene. By ander geleenthede het hulle 'n openbare plek gebruik soos 'n huis of 'n skool.

**Hier volg 'n paar plekke waar hulle saamgekom het:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Hand. 16:40 | **Die huis** van Lydia – Filippi |
| 2. | Hand. 17:5,6 | **Die huis** van Jason – Tessalonika |
| 3. | Hand. 18:7 | **Die huis** van Titus Justus – Korinte |
| 4. | Hand. 19:9 | **Die skool** van Tirannus – Efese |
| 5. | Hand. 20:20 | Paulus het **in die openbaar gepreek en ook van huis tot huis onderrig gegee.** |

Paulus het slegs vir 'n paar weke in Tessalonika gepreek; nietemin het hy 'n erkende gemeente in die stad agtergelaat in die hande van die gemeente van Tessalonika.

Hy het twee jaar in Efese gebly waar hy in die saal van Tirannus (Handelinge 19 : 9) besprekings gehou het. **Wat was die gevolg? Al die mense in die hele Klein Asië het die Woord van God gehoor** (Handelinge 19:10,20). Paulus het die werk nie alleen gedoen nie! **<u>Hy was altyd besig om lidmate te dissipeleer om gehoor te gee aan die Woord van God.</u> 2 Timoteus 2:2 sê:** "Wat jy my voor baie getuienis hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer." **<u>Hierdie vers verduidelik die geheim van Paulus se sukses mooi: hy het Jesus se opdrag om "dissipels te maak" nagekom.</u>**

In ons moderne samelewing, veral in die stede, is dit essensieel om die belangrikheid daarvan te beklemtoon om huisgemeentes te begin, as gevolg van die hoë pryse van eiendom. Christene voel oral die behoefte om bymekaar te kom om die Here te loof en met mekaar gemeenskap te hou. Veral aan die begin is geen spesiale gebou nodig nie. Deur huise te gebruik, kan die kerk groei sonder om die las te hê van huurgeld of van die koop van 'n gebou.

'n Voor-die-hand-liggende probleem wat veroorsaak word deur die koop van 'n erf, is die koste van eiendom. In dorpe kan mens dalk nog 'n plek van samekoms bekostig, maar in stede is dit dikwels nie die geval nie. Daarom is dit goed om aanvanklik huise, agterplase of ander soortgelyke plekke te gebruik.

Ondervinding het ons geleer dat bekerings toeneem wanneer 'n kerk geleë is in 'n natuurlike omgewing waar besoekers kan deelneem sonder om bedreig te voel. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie metode dit makliker maak om buurtes en stede binne te dring.

Een van die grootste probleme wat huisgemeentes kan ondervind, is egter dat dit gesien kan word as 'n tydelike aktiwiteit. Die groep kan hierdie aanvangstyd gebruik om geld te spaar sodat hulle later 'n saal kan huur of grond kan koop.

Ons doel is om nuwe bedieningspunte voor te berei om hul eie middele te gebruik sonder om op hulp van buite staat te maak.

## 7. Voorsien 'n genotvolle erediens waar die gelowiges gelukkig sal wees.

Wanneer ons in God se teenwoordigheid inkom, nader ons Hom met opregtheid. In Matteus 6:9-13 leer die Here ons om





Sy troon met lofprysing te nader. Dus is lofprysing ons respons op God se grootheid en goedheid. Ons fokus ons aandag op die volkomenhede van God, op wie **Hy is** (danksegging is 'n antwoord op wat God vir ons **gedoen het**) Hy is ewig, almagtig, alomteenwoordig, alwetend. Hy is EL-SHADDAI (EL=God, SHADDAI=almagtig, die Here die Almagtige). Hy is JEHOVAH JIREH (die Here wat voorsien). Hy is Jehovah Rophe (Die Here wat genees).

Daar is baie ander volkomenhede van God. Lofprysing is om God te aanbid vir Wie Hy Is. Dit is iets wat in 'n mens se hart lewe en wat op verskeie maniere manifesteer (na vore kom).

## 8. Moenie die mense met "eiendom" belas nie.

Dit is beter dat 'n gesonde kern Christene gevorm word voor sake soos die predikant se salaris, eiendom en 'n bou-projek vir 'n gemeente aangespreek word.

## 9. Maak gemeentegroei uit die staanspoor 'n prioriteit. Gebruik die volgende twee beginsels:

A Begin 'n goeie aantal gemeentes terselfdertyd deur lidmate op te lei vir die werk.

B Lei die gelowiges in die nuwe bedieningspunt op om 'n visie te hê om nuwe gemeentes te begin. Dit kan geleer word deur indirekte Bybelstudiemetodes te gebruik in die vorming van nuwe leiers of deur hulle op te lei in Storie vertelling en ander metodes.

## VIII Ses sleutels tot groei nadat 'n gemeente begin is.

Hoe kan 'n gemeente groei nadat dit eers begin is? Daar is al baie boeke geskryf oor hierdie onderwerp en baie studie is daaroor gedoen. Vir kerkgroei is daar egter ses basiese elemente wat absoluut noodsaaklik is. Hulle is:

### 1. 'n Gebedsbediening

'n Gemeente moet 'n stewige fondasie van gebed hê. Die leraars en ouderlinge moet nie net vir die gemeente sê dat hulle behoort te bid nie, maar moet hulle leer hoe om te bid. Die meeste Christene se probleem is dat hulle nie weet hoe om alleen met God te verkeer nie. Hier volg 'n paar voorstelle :

A Pas die voorstelle wat in die praktiese afdeling van hierdie handleiding, "Die Pionier en Gebed", gegee word, in jou lewe toe.

B Leer hoe om "die stem van die Here te hoor" en hoe om 'n lys te maak van sake waarvoor jy elke dag van die week wil intree. Dit is ook belangrik om 'n lys van lofprysing te maak, ens. Dit word in die praktiese afdeling van die handleiding behandel.

C Begin die mense leer om te bid en om gebed in hul lewe toe te pas. Dit is een van die redes waarom Christene so min tyd in gebed deurbring, al hoor hulle so dikwels preke oor die noodsaaklikheid van gebed. Hulle weet nie self hoe om alleen met God te verkeer nie.





D Begin gebedsgroepe in huise. Gebed hoef nie beperk te wees tot 'n eredienssituasie nie.

E Eindig die erediens soms deur almal in klein groepies te laat kniel in gebed. Dit is baie belangrik in die ontwikkeling van 'n biddende gemeente.

### 2. 'n Lofprysingsbediening

Howard Snyder sê in sy boek ***Guidelines for Urban Church Planting*** dat 'n erediens vol vreugde waar mense gelukkig sal wees, nodig is vir kerkgroei. Dit is 'n universele beginsel.

Niemand wil deelneem aan 'n erediens wat herinner aan 'n begrafnis nie. Geloof sonder vreugde en geluk is nie ware geloof nie. Vreugde in 'n erediens met goeie musiek is aansteeklik. Dit beteken egter nie dat ons erediens wanordelik moet wees nie. Ondersoeke reg oor die wêreld wys dat gemeentes wat groei, in elke volk, die gemeentes is waar daar 'n gelukkige atmosfeer is.

Onthou dat musiek net 'n maniér is van lofprysing en nie lofprysing is insigself nie. Dit is *ons* wat God loof, nie ons musiek nie. Musiek is 'n kulturele manier van lofprysing. Dit is nie nodig om 'n kultuur te vernietig om die Evangelie te kan bekend stel nie.

Ware lofprysing is om God te aanbid vir wie Hy Is. Lofprysing is iets wat in 'n mens se hart begin gebeur en wat op verskeie maniere tot uiting kom. Sommige kerke hou van tradisionele Gesange. Ander hou daarvan om koortjies te sing in lofprysing. Ons glo dat ons kulture moet respekteer en ook die sub-kulture van die plaaslike gemeenskap, en ons moet dit ook respekteer dat elke gemeente outonoom is. Maar, ongeag die

musiekstyl wat 'n gemeente verkies, dit is belangrik dat die erediens 'n gelukkige en meelewende tyd is. Dit is 'n feesviering van ons God.

Sommige kerke in Afrika gebruik simbale en dans na die voorkant van die kerk gedurende lofprysing. Dit sou verkeerd wees om te sê: "Julle moet dit nie doen nie, want dis nie hoe ons maak in die Verenigde State, Brasilië, Indië, of waar ookal nie."

'n Kerk moet as deel van die erediens die doop en die nagmaal gereeld bedien. Dr. Charles Brock maak in sy boek Indigenous Church Planting die volgende waarnemings in verband met hierdie twee belangrike ordonansies:

**Om te doop is die volgende nodig:**

**A** **'n Geldige kandidaat** – iemand wat hom bekeer het van sy sonde, en sy geloof stel in Jesus Christus as sy enigste Here, Redder en Middelaar. Daar is geen vers in die Bybel wat sê dat 'n baba gedoop moet word nie; dit word duidelik gestel dat net diegene gedoop moet word wat tot bekering gekom het. 'n Baba het nié die vermoë om Christus aan te neem as sy enigste Here, Redder en Middelaar nie.

**B** **'n Geldige outoriteit** – 'n plaaslike gemeente wat self-regerend is, kan besluit wie hulle sal doop en wie nie.

**C** **'n Geldige bedienaar** – Elke gemeente is outonoom en kan 'n persoon kies wat die doop sal bedien.

**D** **Die Geldige manier** – onderdompeling in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.





**E** **'n Geldige doel** – om te simboliseer dat Christus vir ons sonde gesterf het, begrawe is en opgewek is uit die dood. Dit simboliseer ook dat ons dood is vir sonde en 'n nuwe lewe verkry het in Jesus Christus.

**Om deel te neem aan die Nagmaal, is die volgende nodig:**

**A** **'n Geldige kandidaat** – dissipels van Jesus.

**B** **'n Geldige outoriteit** – Jesus Christus. Hy gee aan gelowiges die opdrag om die Nagmaal te gebruik ter herinnering aan Sy dood.

**C** **'n Geldige bedienaar** – die gemeente is outonoom en kan self die persoon kies wat die Nagmaal moet bedien. Dit behoort die pionier of 'n plaaslike leier te wees, of die gemeente kan haar eie lidmate kies om hierdie deel van die erediens te lei.

**D** **'n Geldige doel** – om Christus se dood te herdenk en te verkondig totdat Hy weer kom.

<u>Bowenal moet die prediking in die erediens handel oor Die Woord van God.</u> **<u>As die pionier nie ondervinding het in prediking nie, moet hy 'n Skrifgedeelte kies en die volgende ses toepassings maak</u>:**

**A** Lees die vers.

**B** Verduidelik die geestelike waarhede daarvan.

**C** Verduidelik hoe elke waarheid toegepas kan word in die lewe van elke toehoorder.

**D** Gee 'n illustrasie van elke waarheid.

**E** Doen dit met elke vers in die Skrifgedeelte.

**F** Sluit die boodskap af met 'n uitnodiging.

Tensy die pionier baie ondervinding het en 'n uitstekende prediker is, is dit beter dat hy homself beperk tot 20 minute.

> **WAARSKUWING**: Dit is beter om elke week vir 20 minute te preek vir 'n groep wat groei, as om vir 30 – 50 minute te preek vir mense wat nie meer kerk toe wil kom of hulle kerk wil aanbeveel by vriende nie.

Hy kan ook Bybelstudies en Storievertelling gebruik. Bestudeer die hoofstuk oor *Hoe om Bybelstudie Tuis te Lei* in hierdie handleiding en die hoofstukke oor *Storievertelling* om te leer hoe om 'n goeie boodskap te bring en Bybelstudies te lei.

## 3. 'n Evangelisasie Bediening

Om te groei, moet 'n gemeente 'n spesiale Evangelisasie Uitreiking hê. U kan die plan wat in hierdie handleiding is, of enige ander plan, gebruik. Die hoofsaak is dat die gemeente die inisiatief moet neem om die mense daarbuite wat 'n behoefte het daaraan om die Evangelie te verstaan, te ontmoet eerder as om te wag dat hulle 'n erediens moet kom bywoon op 'n Sondag. Die pionier moet 'n besoek- bediening hê wat lidmate oplei om die verlore wêreld op ander plekke as by die kerk te evangeliseer, met





die doel om hulle te wen vir Christus.

## 4. 'n Dissipelskapsbediening

Om te groei moet 'n gemeente 'n program hê wat nuwe bekeerlinge sal betrek, en wat plaaslike leiers een-tot-een of in klein groepies sal oplei. Die pionier sal hierdie leiers onderrig in die geloof en hulle toerus op praktiese gebiede soos gebed, hoe om te getuig, siele te wen vir Christus, 'n Tuis-Bybelstudie te lei, ens.

Dit is belangrik dat die pionier evangelis altyd die plaaslike leiers of jong bekeerlinge met hom sal saamneem wanneer hy uitgaan in die veld. Die nuwe gelowige wat deur hom gedissipeleer word, moet die pionier byvoorbeeld vergesel wanneer hy 'n Bybelstudie lei in die huise van mense wat Christus nog nie aangeneem het as Here nie. Die plaaslike leier behoort die pionier te vergesel wanneer hy uitgaan om sy eie getuienis te deel en mense te wen vir Jesus, ens. Niemand kan 'n persoon slegs in 'n klaskamer dissipeleer nie.

Goeie dissipelskap het twee geheime: Eerstens: lei mense op 'n een-tot-een-basis of in klein groepies op. Tweedens: dit is van kardinale belang om die mense in die veld in te neem saam met jou terwyl jy die Evangelie verkondig.

## 5. 'n Gemeenskapsbediening

'n Gemeente moet meelewende samekomste hê waar daar waarlik liefde onder mekaar is. Wanneer 'n besoeker die kerk inkom, moet hy die liefde van God ervaar en beleef dat die lidmate liefde onder mekaar het. Dán sal die gemeente groei. As daar bitterheid is, of haat en verdeeltheid, is dit onmoontlik vir 'n gemeente om te groei.

Harmonie en liefde is essensieel sodat besoekers die gemeenskap van die gelowiges kan beleef en aanvaarding kan ervaar.

### 6. Behoorlike Administrasie

’n Predikant van ’n gemeente in die VSA met 4 000 lidmate, is gevra: “Wat is die verskil tussen predikant wees van ’n gemeente met 40 lidmate en een met 4 000 lidmate?” Sy antwoord was: ”Administrasie!”

’n Pionier moet sy lede oplei om God se werk te doen, en om nie alles alleen te probeer doen nie. Alhoewel ’n predikant alles in ’n kerk met 30 tot 80 lidmate kan beheer, sal daar ’n punt kom waar groei onmoontlik sal wees as hy nie die mense oplei in administrasie nie. Hy moet verantwoordelikhede delegeer aan volwasse, goed opgeleide mense. Die premêre rol van die pionier sal dan een van opleiding wees.

**Aantekeninge:**





## IX. Drie kenmerke van die Nuwe Testamentiese kerk

Die einddoel van die pionier evangelis is om onder leiding van die Heilige Gees onafhanklike gemeentes wat drie kenmerke het van die Nuwe Testamentiese kerk, te begin:

1 Self-regerend onder God se leiding.

2 Self-ondersteunend onder God se leiding.

3 Self-vermenigvuldigend onder God se leiding.

Ons sal elk van hierdie beginsels kortliks bespreek:

### 1. Self-regerend onder God se leiding.

Die beginsel van self-regering is baie belangrik vir mense wat glo in demokrasie. Ons gemeentes word saamgebind deur ons leerstellings en omdat ons wil saamwerk in evangelisasie en sending. Die gevolg van hierdie beginsel in die lewe van die kerk is so belangrik dat ’n mislukking op hierdie gebied die hele poging om ’n self-ondersteunende gemeente te begin, kan verydel.

Self-regering het geestelike verantwoordelikheid tot gevolg in die areas van self-onderhoud en self-vermenigvuldiging. As die verantwoordelikheid van self-regering nie in die hande van bekeerlinge geplaas word nie, sal dit die pogings om ’n nuwe gemeente te begin, versmoor.

Dis is feitlik onmoontlik vir die pionier evangelis om die versoeking te vermy om die nuwe gemeente te probeer regeer. Dit is net deur die krag van die Heilige Gees dat die pionier die verantwoordelikheid van prediking, lering en administrasie kan

oorlaat aan die plaaslike lidmate. Vanaf die oomblik wat die nuwe gemeente ontstaan het, sal dit beïnvloed word deur die pionier evangelis. Tog is dit die geméénte wat die besluite sal neem, nie die evangelisasie organisasie of die pionier nie. Hoe is dit moontlik? Dit is moontlik omdat die pionier van nuuts af 'n self-regerende gemeente sal begin.

Party mense mag sê dat die gemeente te jonk is, nie genoeg lering het nie en nie genoeg ondervinding het om hul eie besluite te neem nie. Ten spyte van die feit dat 'n drie weke-oue gemeente nie die kennis het van een wat tien jaar oud is nie, behoort hulle soveel as moontlik eie besluite te neem onder leiding van 'n geesvervulde, wyse geestelike leier. Die rol van die pionier evangelis sal dié wees van 'n berader en nie 'n besluitnemer nie. Hy sal oriënteer en leiding gee en die nuwe gemeente keer dat hulle nie dalk fouteer nie. As hulle in 'n verkeerde rigting begin beweeg, sal hy sterk leiding moet gee om hulle op koers te hou. Tog moet die pionier evangelis die gemeente toelaat om premêre besluite te neem.

Ons moet 'n paar praktiese stappe uitlig:

A Die pionier evangelis sal 'n stad binnegaan en siele vir Christus wen.

B Hy sal Bybelstudies hou en basiese leerstellings onderrig deur gebruik te maak van die indirekte metode wat Charles Brock ontwikkel het, deur stories te vertel, of deur die gebruik van 'n ander metode.

C Nuwe bekeerlinge sal gedoop word.





D As die pionier Hom toelaat, sal die Heilige Gees plaaslike leiers opwek in elke gemeente. In Handelinge 14:23 sien ons hoe Paulus die proses hanteer het. Die leiers wat Paulus en Barnabas gekies het vir elke gemeente, was uit die gemeente self afkomstig. Paulus het gemeentes begin in Siprus (Handelinge 13:4-12), Antiochië (Handelinge 13:13-52), Ikonium (Handelinge 14:1-7), Listra en Derbe (Handelinge 14: 8-20). In elke stad het Paulus en Barnabas siele gewen, gemeentes begin, plaaslike leiers gekies en daarna verder gegaan. As ons dieselfde vertroue het in die Heilige Gees as wat hulle gehad het, sal ons ook dieselfde resultate kan sien.

E Die nuwe bekeerlinge sal Bybelse leerstellings leer.

F Die bekeerlinge sal saamstem oor die leerstellings en begin beplan vir 'n (nuwe) gemeente.

G Die groep sal hul eie leiers kies:

1. Predikant
2. Diakens en/of ouderlinge
3. Ander (wanneer nodig)

Die apostel Paulus het die versorging en oriëntering van die nuwe bekeerlinge oorgelaat aan die Heilige Gees en die genade van die Here. Hy het nie gedink dat dit nodig was om by hulle te bly om te keer dat hulle dalk val nie.

Om te verseker dat die gemeente self-regerend sal wees, moet die pionier nie vir die nuwe groep besluite neem nie. Hy kan leiding gee, maar behoort hulle toe te laat om hulle eie besluite te neem.

Dit sal die plaaslike leiers instaat stel om gouer leierskap te aanvaar. **MAAR HY MOET SEKER MAAK DAT DIE KERK SE LEER SUIWER BLY**. Selfs die apostel Paulus het briewe aan die gemeentes wat hy begin het, geskryf om valse leermeesters teë te staan.

Die pionier evangelis moet, voor hy enige nuwe bediening begin, die besluit neem dat sy doel sal wees om 'n self-regerende, self-onderhoudende en self-vermenigvuldigende gemeente daar te stel onder die leiding van God. Hy moet hierdie beginsel gedurig aan nuwe bekeerlinge leer.

## 2. Self-ondersteunend onder God se leiding.

'n Nuwe Testamentiese gemeente is self-onderhoudend. Die beginsel behoort van die begin af toegepas te word. Ons glo dat die gemeente sendelinge en predikante moet ondersteun. Predikante moet deur hul eie gemeentes betaal word, terwyl sendelinge se salaris betaal word deur 'n genootskap van evangeliese kerke. Leke-predikers verdien hul eie salarisse by hul sekulêre werk. Tog is alle mense afhanklik van die Here: predikante, sendelinge, die gewonde lidmaat; trouens, almal… Dit maak nie saak wat die omstandighede is nie, of wie die gemeente begin het nie, ons moet 'n gemeente begin wat haarself kan onderhou.

'n Nuwe gemeente is nog nie gereed om al die bedienings te hê wat meer gevestigde gemeentes het nie, maar enige gemeente het genoeg fondse om die basiese bedienings te onderhou en *alles* te doen wat God op daardie oomblik begeer vir daardie gemeente.

Daarom moet die pionier evangelis só 'n gemeente begin: een wat haarself en haar bedienings geheel en al sal finansier deur haar eie tiendes en offergawes. Die pionier moet die lidmate hier= die beginsels leer deur sy gesindheid en aksies vóór hy begin organiseer in die nuwe gemeente.





As 'n mens die boek Handelinge lees, sien jy dat Paulus hierdie metode toegepas het. Daar is geen vers wat aandui dat die nie-Jode (heidene) deur die Jode of deur die gemeente in Antiochië onderhou is nie. Nòg die kerkgenootskap, nòg die moedergemeente het die middele om die nuwe gemeente te onderhou.

Melvin Hodges sê in sy boek <u>The Indigenous Church</u> dat 'n gemeente met tien gesinne wat hul tiende betaal, 'n voltydse predikant kan onderhou wat bereid is om op dieselfde ekonomiese vlak te leef as sy gemiddelde gemeentelid.

Die geestelike groei van 'n gemeente vereis self-onderhouding. As die pionier en die ondersteunende moeder= gemeente die nuwe gelowiges weerhou van die voorreg om te gee, en van die verantwoordelikheid om op te offer sodat die werk kan voortgaan, sal dit 'n swak gemeente tot gevolg hê. Die gemeente sal nie die inisiatief hê om die Evangelie uit te dra nie. In plaas daarvan om hulle tot God te wend om te voorsien in hul behoeftes, sal so 'n gemeente hulle beroep op die kerkgenootskap of die moedergemeente om hulle te help.

As 'n nuwe gemeente swaarkry en veg vir haar voortbestaan, groei dit. Sendeling Charles Brock verduidelik in sy boek <u>Indigenous Church Planting</u> dat die resultaat van ondersteuning van buite die gemeente, dieselfde is as wanneer 'n mens 'n skoenlapper sou help om los te kom uit sy kokon. Die skoenlapper *moet* self sukkel om uit die kokon uit te kom en die mens moet slegs toekyk. As hy ongeduldig raak en die proses probeer aanhelp deur die kokon oop te sny met 'n mes, kom die stryd tot 'n einde, maar die gevolg hiérvan is 'n swak hulpelose skoenlapper wat net 'n paar minute sal oorleef.

Deur te probeer help, het die toeskouer een van die lewenswette oortree. As hy die skoenlapper maar net toegelaat het om te sukkel, sou die resultaat 'n sterk, pragtige, goed-ontwikkelde skoenlapper gewees het.

'n Plek van samekoms wat met die sukkelende gemeente se eie geld wat hulle sélf ingesamel het, gebou is, is wonderliker as 'n groot, pragtige gebou wat met vreemde geld, of geld ingesamel deur ander gemeentes, gebou is. Dit is nie te sê dat dit verkeerd is as iemand 'n nuwe gemeente help nie. Byvoorbeeld: gestel 'n moedergemeente wil graag die nuwe gemeente help met die oprigting van 'n kerkgebou, dan moet dit gesien word as 'n eenmalige projek. Dit is anders as hulp wat nie ophou nie. Dit bly egter die beste vir die nuwe gemeente om sélf te sukkel om hul eie geriewe te bekom as dít is wat hulle graag wil doen.

Die probleem ontstaan omdat baie leiers glo dat hulle gemeente te arm is om tiendes in te bring. Uiteindelik sal die mense dit self ook glo. Die waarheid is egter dat hierdie einste mense alles het wat God nodig het om Sy plan vir hulle gemeente ten uitvoer te bring. GOD is ons bron! Die mense behoort hierdie beginsel reg van die begin af geleer te word.

Die vraag is *hoe* ontwikkel 'n mens 'n self-ondersteunende gemeente? As die pionier evangelis beplan om 'n self-ondersteunende gemeente te begin, is dit belangrik dat hy op die regte fondament *begín* bou. Die eerste gelowiges sal die model vaslê waarvolgens die volgende gelowiges sal optree. Hierdie model sal die fondasie wees waarop die gemeente uit nuwe bekeerlinge sal ontstaan. Daarom moet daar lering wees dat elke aspek van die finansies van die gemeente afkomstig moet wees van die lidmate van die gemeente en dat hulle 'n deel van hul tiendes deur die plaaslike gemeente en die kerkgenootskap moet gee vir sending.





Dit is makliker om 'n nuwe bekeerling (een wat slegs 'n paar weke gelede gered is) te leer in verband met finansiering van die werk van die Here, as om iemand wat langer as 'n jaar gered is hierdie beginsel te leer. Die opvolg-materiaal moet gebruik word om hierdie les te onderrig. Nuwe bekeerlinge moet hul finansiële verantwoordelikheid reg van die begin af nakom.

In baie wêrelddele kan nuwe gemeentes nie geörganiseerd raak voordat hulle 'n voltydse geördineerde predikant, eiendom en 'n kerkgebou het nie. Dit is 'n model gegrond op tradisie, maar hierdie gemeentes is besig om vir hulself mensgemaakte hindernisse te stel; hindernisse wat God nie vir hulle bedoel het nie. Let op die volgende om te sien hoeveel dit sal kos om een gemeente op hierdie manier te organiseer.

1 Predikant se salaris per maand _______
x 12 maande _______
x 7jaar = _______
(Met hierdie metode neem dit gemiddeld 7 jaar om 'n gemeente te organiseer.)
2 Pastorie se huur _______
x 12 maande _______
x 7 jaar = _______
3 Eiendom _______
4 Geboue _______

Tel alles bymekaar en kyk of jou gemeente dit kan bekostig om op die tradisionele manier 'n nuwe bediening te begin.

Ons het geen keuse nie. Ons moet terugkeer na die Bybel en doen wat Jesus ons beveel het en wat Paulus gedoen het. Die apostel Paulus het nuwe bedienings in huise begin en in skole of op openbare plekke deur gebruik te maak van gewone lidmate

(leke) om die leiding te neem. *Dit* is God se plan om die wêreld vir Christus te wen.

### 3. Self-vermenigvuldigend onder God se leiding.

'n Nuwe Testamentiese kerk is self-vermenigvuldigend. Om getrou te wees aan haar wese, moet sy haar lewe deel met ander. So 'n kerk is evangelies en begeer om nuwe gemeentes te begin.

Met die demografiese (bevolkings)ontploffing in die wêreld, behoort ons Nuwe Testamentiese gemeentes te begin wat op *hulle* beurt nuwe gemeentes stig. Elke gemeente wat op die beginsel van die Nuwe Testament gebou is, sal vinniger meer vrug dra as 'n gemeente wat op ander maniere begin is. Daarom is dit die pionier se plig om Nuwe Testamentiese kerke te begin (plant).

Elke gemeente moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie gebied. Hulle moet 'n gewone lidmaat (leek) in 'n ander gebied vra om sy huis vir ses maande vir hulle oop te stel. Hierna moet hulle begin organiseer om 'n nuwe gemeente te stig. Met ander woorde, daar behoort soveel nuwe gemeentes gestig te word dat elke mens in die wêreld binne loopafstand sal wees van 'n kerk. Elke gemeente moet die plaaslike leier(s) en 'n pionier hê wat haar versorg. Op hierdie stadium is dit die pionier se verantwoordelikheid om die leiers van die gemeente op te lei. Dit sou egter natuurlik wees om 'n nuwe gemeente te begin vir elke 1 000 mense in digbevolkte gebiede.

Aanvanklik is die pionier 'n evangelis. Hy wen siele en leer hulle dan die basiese leerstellings van geloof. Die volgende stap is egter om plaaslike leiers te identifiseer en die werk aan hulle oor te laat sodat hy verder kan gaan en nog 'n nuwe bediening in 'n ander buurt of dorp kan gaan begin. Die pionier evangelis moet aanhou om hierdie plaaslike leiers opleiding te gee en die ver=skillende groepe te organiseer sodat hulle volwaardige gemeentes





sal word. Daarna moet hy die werk aan die leiers oorlaat en hulle besoek om hulp en aanmoediging te verleen.

Die werk van die pionier evangelis is om elke groep te leer hoe om as 'n gemeente te funksioneer. Hy moet die leiers ook leer dat *hulle* so gou as moontlik 'n nuwe bediening op 'n ander plek moet begin. Hierdie nuwe gemeente sal dan self-vermenigvuldigend wees.

**Aantekeninge:**

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

## X. SAMEVATTING

As 'n pionier evangelis sukses wil behaal, moet hy die volgende doen:

1. Hy moet goed opgelei en voorbereid wees.
2. Hy behoort in die huise van verlore mense of op ander plekke buite in die wêreld, bv. kantore, kampusse, ens. verlore siele te wen vir Christus eerder as om net eredienste in 'n saal te begin met'n *kom-na-my-toe*-houding.

3. Hy moet opwindende dienste met 'n gelukkige atmosfeer begin in die huise van nuwe gelowiges.
4. Hy moet weet hoe om opvolgwerk te doen ten opsigte van nuwe bekeerlinge, om hulle te lei in die geloof en na die liggaam van Christus.
5. Hy moet weet hoe om plaaslike leiers te dissipeleer en op te lei.
6. Hy moet die nuwe bekeerlinge toelaat om self die huurgeld te betaal as hulle 'n saal wil huur vir hulle dienste.
7. Hy behoort opgelei te wees om nuwe bekeerlinge te doop en die Nagmaal te bedien.
8. Hy moet die mense leer hoe om verlore siele te wen en evangelistiese Bybelstudies te lei.
9. Hy moet die mense toelaat om self te besluit op 'n plek van samekoms en om dit self te verskaf.
10. Hy moet die plaaslike leiers oplei sodat hulle weet hoe om die gemeente te lei: Bybelstudies lei, eredienste lei, die gemeente administreer, preek, siele wen, nuwe bekeerlinge doop, die Nagmaal bedien, tiendes insamel en offergawes neem vir sending.
11. Hy moet die nuwe gemeente onder God se leiding organiseer as een wat self-regerend, self-onderhoudend en self-vermenigvuldigend is.





12. Hy moet die gemeente leer om dieselfde metode toe te pas as wat die pionier gebruik het om te vermenigvuldig en nuwe gemeentes te begin in die omliggende gebiede. Gemeentes wat hulself vermenigvuldig, is die sleutel waarmee ons die hele wêreld vir Christus sal kan wen. Dink vermenigvuldiging – waar kan ons 'n nuwe gemeente begin?

# DIE PRAKTIESE ASPEKTE

Hierdie afdeling van die handleiding verduidelik hoe die pionier evangelis sy bediening op 'n praktiese wyse ten uitvoer kan bring. Hierdie metodes werk wanneer dit onder leiding van die Heilige Gees van God toegepas word. Die rede waarom dit werk, is omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer is en in die Nuwe Testament opgeteken is. Die pionier evangelis pas Nuwe Testamentiese evangelisasie-metodes toe in ons moderne opset deur gebruik te maak van hierdie benadering.

**I** **Die Pionier Evangelis en die Heilige Gees**
**II** **Die Pionier Evangelis en Gebed**
**III** **Die Pionier Evangelis en Redding**
**IV** **Die Persoonlike Getuienis van die Pionier Evangelis**
**V** **Die Pionier Evangelis en Persoonlike Evangelisasie**
**VI** **Die Pionier Evangelis en die begin van 'n nuwe gemeente**
**VII** **Die Pionier Evangelis en die Indirekte Bybelstudiemetode**
**VIII** **Die Pionier Evangelis en Tuisbybelstudie sonder Bybelstudiemateriaal**
**IX** **Hoe Lei die Pionier Evangelis die Goeie Nuus-Bybelstudie**
**X** **Hoe Lei die Pionier Evangelis Opvolg Bybelstudies**
**XI** **Bybelstorie-vertelling (J. O. Terry)**
**XII** **Bybel Storievertelkuns (Jackson Day)**
**XIII** **Die Pionier Evangelis en die stappe van Die Pionier Evangelisasie-Metode**



Thomas Wade Akins

**<u>LET OP</u>:** Hierdie afdeling bied SES verskillende modelle waarvolgens die Evangelie aangebied kan word: persoonlike getuienis, deel die verlossingsplan direk, Bybelstudies sonder studies, Bybelstudie deur middel van die indirekte metode, storievertelling. **<u>HIERDIE IS NIE 'N PROGRAM NIE. DIT IS PRAKTIESE BEGINSELS, GEBASEER OP DIE REALITEIT IN U KULTUUR, WAT U KAN GEBRUIK.</u>**

## I Die Pionier Evangelis en die Heilige Gees

Die apostel Paulus het heeltemal in afhanklikheid van die Heilige Gees gewerk. Dit is deur die kragtige werking van die Heilige Gees dat hy die boodskap van verlossing met wonderlike resultate kon preek, wonderwerke kon doen en nuwe gemeentes kon begin. As die pionier evangelis goeie resultate wil sien in sy bediening, moet hy te alle tye in afhanklikheid van die Heilige Gees handel.

### Wanneer hy 'n dorp binnegaan en kontak maak met mense wat belangstel

Die Heilige Gees maak op baie verskillende maniere, deur verskillende mense en deur verskeie omstandighede deure oop om 'n nuwe werk te begin. Daar is in elke dorp mense wat belangstel in die Evangelie. God werk orals. Die Heilige Gees maak die harte van verlore mense oop. Hy oortuig hulle van sonde en gee aan hulle 'n nuwe geboorte tot eer van Jesus Christus. Die Heilige Gees is van die grootste belang by die begin van 'n nuwe geestelike werk.

### Wanneer hy tuis-Bybelstudies lei

Gedurende vergaderings sal die pionier die geleentheid kry om

ontluikende leiers te ontdek en hulle op te lei. Die apostel Paulus het 'n dorp binnegegaan, twee of drie weke daar gebly, siele gewen en plaaslike leiers gekry om die nuwe gemeente te lei. Die pionier behoort die Heilige Gees te vertrou om plaaslike leiers te laat ontluik.

**Wanneer hy 'n nuwe gemeente organiseer**

Die gemeente behoort aan die Heilige Gees. Hy is die Bron. As die gemeente die produk is van die krag van die Heilige Gees, sal Hy die lidmate toerus met geestelike gawes wat nodig is vir die lewe in die kerk. Hierdie gawes is in 1 Korintiërs 12, Romeine 12: 6-12 en 1 Petrus opgeteken.

**Wanneer hy 'n stad (dorp) verlaat**

Die pionier moet die Heilige Gees vertrou om die werk voort te sit nadat hy die stad (dorp) verlaat het. Telkens wanneer die apostel Paulus 'n plek verlaat het, het hy die werk met vertroue in die hande van die plaaslike leiers gelaat omdat hy geweet het dat hy dit in der waarheid in die Hande van die Heilige Gees laat.

Om die werk van Christus te doen, is dit nodig dat die pionier vrymoedigheid sal hê en vervul sal wees met die Heilige Gees. Lees Efesiërs 5:18: "Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul,"

**1. Die volkomenhede van die Heilige Gees**

| | |
|---|---|
| Die Heilige Gees is **ewig** | - Hebreërs 9:14 |
| Die Heilige Gees is **alomteenwoordig** | - Psalm 139:7-10 |
| Die Heilige Gees is **almagtig** | - Lukas 1:35 |
| Die Heilige Gees is **alwetend** | - Johannes 14:12,26 |





Hierdie vier volkomenhede is kenmerkend van God. *Net* God is ewig, alomteenwoordig, almagtig en alwetend.

**2. Die werk van die Heilige Gees in 'n verlore mens**

Die Heilige Gees getuig dat Jesus die Waarheid is – Johannes 15: 26-27.
Die Heilige Gees oortuig die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel – Johannes 16: 8-11.

**3. Die werk van die Heilige Gees in die Christen**

- Die Heilige Gees gee die Christen die versekering van die ewige lewe – 2 Korintiërs 1:22, Efesiërs 1:13,14.
- Die Heilige Gees maak die Christen nuut – Titus 3:5.
- Die Heilige Gees bevry die Christen van die wet van sonde en dood – Romeine 8:2.
- Die Heilige Gees versterk die Christen met innerlike krag – Efesiërs 3:16.
- Die Heilige Gees gee aan die Christen krag om te getuig – Handelinge 1:8.

**4. Die volheid en die vrug van die Gees**

Efesiërs 5:18 beveel alle Christene om met die Heilige Gees vervul te word. Wat is die vrug van die Gees? "Die vrug van die Gees, --- is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing." (Galasiërs 5:22,23).

Die doel van die voheid van die Heilige Gees is om die Woord van God met vrymoedigheid te verkondig – Handelinge 4:29,31.

**5. Die voorwaarde is Geesvervuldheid**

- Die mens moet gered wees – Handelinge 2:38.
- Hy moet alle bewuste sondes in sy lewe bely – 1 Johannes 1:9 (lees Psalm 66:18).
- Vra die Heilige Gees in geloof om jou te vul en beheer oor te neem van jou lewe – 1 Johannes 5:14-15 (lees Romeine 1:17).
- Gehoorsaam God elke oomblik van die dag – Handelinge 5:32.

**SAMEVATTING**

Ons wil u aanmoedig om tyd te neem om elk van die volgende verse na te slaan terwyl u hierdie afdeling bestudeer, en om die Heilige Gees toe te laat om met u te praat deur hierdie verse.

Die gelowige het deur die simbool van salwing die Heilige Gees ontvang deur Christus: (1 Johannes 2:20,27; 2 Korintiërs 1:21), deur simboliese beseëling (2 Korintiërs 1:22; Efesiërs 1:13), deur 'n simboliese waarborg (2 Korintiërs 1:22; Efesiërs 1:14), deur die simbool van die doop (1 Korintiërs 12:13[a]), en deur die simbool van iets om te drink (1 Korintiërs 12:13[b]; Johannes 4:14; 7:37-39[a]).

Ons moet die Een gehoorsaam wat ons beveel het: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie aan die hele mensdom." (Markus 16:15). Ons moet Sy Woord liefhê, want ons is deur Hom geheilig (Johannes 17:17).

Ons moet die werk van die Here met vertroue en vol vreugde doen omdat Hy in ons werk (Filippense 1:6; 2:13). Die Christen sal nooit genadegawes kortkom nie (1 Korintiërs 1:7). Die Heilige Gees rus ons toe om die Here te dien deur vir ons gawes te gee (1 Korintiërs 12:4-6).





Wanneer ons God se opdrag in Sy Woord verstaan, moet ons die vrug dra van Hóm wat God se wil in ons werk (Galasiërs 5:22-26).

**TOEPASSING**

Bid in stilte.
Vra die Heilige Gees om enige sonde in jou lewe uit te wys.
Bely die sondes wat Hy uitwys.
Wy jou lewe aan Hom en gehoorsaam Hom daagliks.

## II. Die Pionier Evangelis en Gebed

**INLEIDING**

Dis onmoontlik om 'n dissipel van Jesus te wees as jy nie 'n man van gebed is nie. Die pionier moet vasbeslote wees om sy tyd alleen met God as die eerste en belangrikste prioriteit in sy lewe te behou. As hy dit nie doen nie, sal Hy God nooit persoonlik leer ken nie. Hy sal nie onder God se leiding bly nie en sal ook nie vrug dra nie.

**Let op agt aspekte van gebed wat toegepas word in ons tyd alleen met God**

**1. Lofprysing**

Psalm 48:2 sê: "Die Here is groot! Aan Hom kom al die lof toe ----" en Psalm 34:2-4 sê: "[2]Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees. [3]Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees. [4]Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys."

Ons loof die Here tydens ons eredienste op Sondae, maar wat doen ons wanneer ons alleen met God verkeer van Maandag tot Saterdag? Die Bybel sê: "U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink!" (Psalm 22:4).

Wat is lofprysing? Dit is om die Here te verheerlik vir WIE Hy is. Danksegging is wanneer ons God dank vir wat Hy gedoen het. Lofprysing is om die wese en volkomenheid van God te loof en te prys.

Die Bybelse vereiste vir lofprysing is dat 'n mens sy verstand, wil en emosies sal inspan om God te prys. Dit is nie verkeerd om emosioneel te wees wanneer ons die Here loof in die erediens nie. As ons sê dit is verkeerd, is dit dieselfde as wanneer ons sê iemand kan nie sy verstand en sy wil gebruik nie. Die mens het 'n liggaam, 'n siel (sy **verstand**, **wil** en **emosies**), en 'n gees (1 Thessalonisense 5:23).

Daar is egter tog 'n baie groot verskil tussen emosies en emosionaliteit. Emosionaliteit is om beheer te verloor oor jou emosies. As so iets tydens 'n erediens gebeur, val die erediens nie meer binne die Bybelse perke van ordelikheid nie. Die Bybel verbied nie emosies nie, maar spreek hom uit teen emosionaliteit.

Hier volg 'n paar voorstelle van hoe om die Here te loof in u stiltetyd met God:

### A Sing lofsange deur gebruik te maak van 'n Gesangeboek of 'n Christelike liederebundel

As daar ander mense in die vertrek is, sal u dalk verkies om die woorde van die lied in stilte vir die Here te lees. 'n Goeie voorbeeld van 'n lofsang is: "Heilig, heilig, heilig, Here God almagtig."

Lees die eerste vers van die lied, stop dan en oordink die woorde en hul betekenis. Loof die Here oor wat u in hierdie





vers gelees het. Lees hierna vers 2 en doen dieselfde met die hele lied. U sal in die meeste liederebundels 'n inhouds= opgawe kry waar lofliedere aangedui sal word.

### B Sing of lees lof-koortjies

"[19]en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. [20]Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus." (Efesiërs 5:19-20). Wees verseker: om loflie dere te sing, is Bybels korrek.

### C Lees gebede in die Bybel en maak elke vers jou persoonlike gebed

"Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!" (Psalm 8:2).

Om hierdie vers u persoonlike gebed te maak, vervang net die voornaamwoord en die naam met u eie: 'Here, *my* Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde want U het alles in die hemelruim glansryk gemaak.' Lees elke vers eers soos dit in die Bybel geskryf is. Lees dit dan weer 'n keer deur dit persoonlik te maak sodat *u* die Here *self* kan loof.

Sommige hoofstukke in die Bybel is by uitstek geskik vir hierdie manier van aanbidding, bv. Psalm 8, 9, 19, 24, 65, 92, 104 en 139, Jesus se gebede, Paulus se gebede, verskeie hoofstukke in Openbaring. Om nog sulke Skrifgedeeltes te kry, soek die woorde "loof" en "prys" op in 'n Konkordansie.

Lofprysing is 'n belangrike deel van elke gelowige se geestelike groei. Lees Openbaring 4 en 5 as u wil weet wat ons in die hemel gaan doen.

## 2. Belydenis

U hoef nie baie tyd te spandeer aan belydenis nie. Sodra ons 'n sonde doen, praat die Heilige Gees met ons gewete oor die sonde. Ons behoort elke sonde te bely sodra die Heilige Gees ons oortuig daarvan. Die Skrif sê: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." (1Johannes 1:9).

Terwyl ons alleen is met God, mag die Heilige Gees ons herinner aan 'n sonde wat ons begaan het, maar wat ons nog nie bely het nie. Hy sal ons dalk herinner aan 'n verkeerde gesindheid, woede of bitterheid teenoor iemand. In hierdie geval moet ons al die sonde in ons hart bely.

## 3. Danksegging

"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." (Filippense 4:6).

Dankbaarheid is om God te dank vir wat Hy gedoen het. Ons sê byvoorbeeld: "Dankie, Here, vir my gesondheid, kos en gesin."

## 4. Om God se stem te hoor

In Psalm 62:6 sê Dawid: "Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek." En in Psalm 46:11 sê die Here: "Bedaar en erken dat ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde."

Hoe hoor ons God se stem?

God praat daagliks hoofsaaklik op twee maniere met Sy kinders: deur die Heilige Gees en deur Sy Woord. Romeine 10:17 sê: "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus."





Die Bybel is 'n liefdesbrief van God. God begeer om elke dag met elkeen van ons te praat deur Sy Woord, deur die Heilige Gees. Hier volg 'n paar maniere waarop ons die stem van die Here kan hoor:

A. Begin uit 'n spesifieke Bybelboek lees. Ons wil voorstel dat u met Efesiërs begin.

B. Vra die Here om spesifieke geestelike waarhede uit te wys in elke vers of gedeelte. Efesiërs 1:1 sê byvoorbeeld: "Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo." Vier geestelike waarhede in hierdie gedeelte is:
   1) Paulus is 'n gelowige en 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God.
   2) Hy is deur God se wil gekies.
   3) Die woord "almal" (Ou Vertaling: "heiliges") verwys na Christene in Efese.
   4) Die Christene was getrou aan Christus Jesus.

C. Maak elke geestelike waarheid jou eie. God praat met die leser deur hierdie waarhede. Die Here sê byvoorbeeld vir my in Efesiërs 1:1:
   1) Wade, jy is 'n dissipel van Jesus Christus deur My wil.
   2) Wade, Ek het jou gekies omdat Ek wou.
   3) Wade, daar waar jy in Belo Horizonte, Brasilië, woon, is jy 'n heilige.
   4) Wade, Ek wil hê jy moet getrou wees aan Christus Jesus.

## 5. Parafraseer die Woord van God

Gebruik die vers om tot God te bid. As ons die vers in Efesiërs gebruik, kan ons sê: "Ons dierbare God en Vader, ek dank U omdat

U my geroep het om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Ek dank U omdat ek 'n heilige is. Ek is deur U afgesonder, Vader, en ek begeer om getrou te wees aan Christus. Ek bid dit in die Naam van Jesus. Amen!"

Nadat jy die stappe gevolg het met die eerste vers, doen dit ook met vers 2 en die res van die skrifgedeelte.

### 6. Intersessie (Voorbidding)

Die Bybel sê in Efesiërs 6:18: "Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges."

Intersessie is gebed vir ander mense. Baie mense hou 'n skoon vel papier in hul Bybel. Verdeel die papier in agt kolomme of kry 'n notaboekie waarin u 'n lysie maak van mense vir wie u wil bid.

Skryf byvoorbeeld bo aan die bladsy "**Daagliks**". Skryf nou u eggenoot, kinders, ouers, broers en susters en almal wat die naaste aan u is, se name neer.

Op die volgende bladsy/kolom skryf u "**Sondag**". Hier skryf u die name van die mense vir wie u elke Sondag sal bid. Bid vir u predikant en sy vrou, u Sondagskoolonderwyser of u studente.

Die volgende bladsy/kolom se opskrif is "**Maandag**". Hier skryf u familielede en vriende se name neer.

Op die bladsy met "**Dinsdag**" bid u vir mense wat verlore is.

"**Woensdag**" verskyn bo-aan die volgende bladsy/kolom. Skryf hier die name van sendelinge, leiers van u kerkgenootskap, leiers van u gemeente en ander vir wie u wil bid.

Op die bladsy/kolom met "**Donderdag**" as opskrif skryf u die name van die leiers van die land. In 1 Timoteus 2:1-2 sê Paulus: "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking,





voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid."

Op die volgende bladsy/kolom skryf u "**Vrydag**". Hier skryf u die name van diegene wat vervreem geraak het van die kerk of dié wat verlore is.

Die bladsy/kolom vir "**Saterdag**" is vir die name van vriende, gemeentelede en spesiale projekte waarby u betrokke is.

As die pionier hierdie opdrag uitvoer, sal hy elke dag van die week vir baie mense kan bid. Party mense glo dat Romeine 16 Paulus se gebedslys was vir die Christene in Rome.

## GEBEDSLYS VIR VOORBIDDING

GEBED: LOFPRYSING EN AANBIDDING, BELYDENIS, DANKSEGGING, INTERSESSIE EN VERSOEKE

| DAAGLIKS | SONDAG | MAANDAG | DINSDAG |
|---|---|---|---|
| Eggenoot, kinders, ouers, broers & susters | Bybelstudie= groep, Geestelike leiers en hul gesinne | Firma, werknemers, baas, kollegas | Verlore mense, vriende |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|
| Pionier Evangeliste en Christen leiers | Regering 1 Tim. 2:1-2 | Gelowiges wat kerklos is, Spesiale projekte | Ander naby familie Die res van u familie |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

As u hierdie bladsy gebruik, sal u daagliks bid vir baie mense

**Vorm opgestel deur Pr. Gilberto Penido Bertho**





## 7. Oordenking en Memorisering van die Skrif

In Josua 1:8 staan daar geskryf: "Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees."

Hierdie vers sê dat 'n mens se lewe verander word as jy die Woord van God dag en nag oordink. Romeine 8:29 sê dat God die pionier wil verander om meer soos Jesus Christus te wees. Die gevolg hiervan is 'n voorspoedige lewenswandel en 'n suksesvolle lewe. Die vraag is egter: hoe oordink ons die Woord van God dag en nag? Hoe oordink ons dit wanneer ons slaap?

A Kies elke week 'n spesifieke Bybelvers om te oordink.
B Lees die vers in sy konteks.
C Vra die Here om u die geestelike waarhede van die vers te wys.
D Maak die vers u eie deur dit te bid.
E Skryf hierdie vers en die Skrifbewys op 'n kaart neer.
F Lees die vers verskeie kere gedurende elke dag. Doen dit terwyl u in 'n ry staan en wag of in u stiltetyd, maar onthou om die kaart ten minste vyf maal per dag uit te haal om dit te lees.
G Lees die vers **net** voor u gaan slaap (die laaste ding wat u doen). Dit sal die vers in u onderbewussyn vaslê.

## 8. Versoeke

In Hebreërs 4:16 staan: "Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word." Versoeke is wanneer u u eie nood na God toe bring.

## III Die Pionier Evangelis en Redding

Dit wat die mens glo, gaan altyd sy dade vooruit. "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor." (Matteus 12:34[b]). Die pionier evangelis moet basiese Nuwe Testamentiese leerstellings verstaan. Dit wat hy glo in verband met die Bybel, redding, die bediening en die gemeente, is van die grootste belang vir sukses in sy bediening. Wat hy glo in verband met redding word weerspieël in sy boodskap. Baie Christene weet nie hoe om die mees basiese vrae oor die Bybel te beantwoord nie.

1. Wat is die Evangelie? (Skryf met 'n potlood wat volgens u die Bybelse definisie is.)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Om die enigste Bybelse definisie van die Evangelie te kry,
lees 1 Korintiërs 15:1-4.

2. Wat is die ewige lewe? (Skryf met 'n potlood wat volgens u die Bybelse definisie is.)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Om die enigste Bybelse definisie van die ewige lewe te kry,
lees Johannes 17:3.





Dit is baie belangrik dat die pionier evangelis duidelik verstaan wat redding volgens die Nuwe Testament is. Aangesien 'n Nuwe Testamentiese gemeente saamgestel is uit geredde mense, is die lering van die pionier evangelis in veband met redding fundamenteel vir sy werk. Die pionier evangelis dien geen doel nie, tensy hy glo dat mense wat Christus nie het nie vir ewig verlore is en die ewigheid in die hel sal deurbring. **Glo u dit regtig?** Die pionier evangelis moet verstaan dat 'n mens sonder Christus van God geskei is, dat sy lewe vol spanning, eensaamheid, vrees en skuld is en dat daar diep in sy siel 'n leegheid is.

Die leerstelling van die finale oordeel is 'n baie belangrike saak. Sommige kulture beoefen spiritisme, en die reïnkarnasie-leer kom baie sterk na vore. Jesus leer ons van die opstanding, nie van reïnkarnasie nie. Hebreërs 9:27 sê: "'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel."

Lukas 19:10 sê dat Jesus gekom het om die verlorenes te soek en te red. Dít is ook die pionier evangelis se taak. Mense gaan verlore as hulle op enigiets anders as Jesus staatmaak vir hulle redding: "En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie." (Galasiërs 2:16).

Net soos wat dit belangrik is dat die pionier evangelis bewus is dat verlore mense nie gered is nie, moet die persoon wat verlore is, sien dat hy verlore is. Ons kan nie bloot wens om "besluite vir Christus" te sien nie. Ons moet liewer dissipels maak. Ons moet die nuwe gelowiges betrek in die gemeentewerk, plaaslike leiers oplei en onder leiding van die Heilge Gees 'n self-onderhoudende, self-regerende en self-vermenigvuldigende gemeente organiseer.

Daarom is dit uiters belangrik dat 'n mens goed moet verstaan wat hy moet doen om gered te word. 'n Mens is nie gered vóór hy berou het oor sy sonde, dit bely het en sy vertroue volkome in Jesus Christus as Here en enigste Verlosser geplaas het nie. Die pionier evangelis moet alles in sy vermoë doen om seker te maak dat die mense wat belangstel hul verlore toestand moet besef, *sowel as* wát hulle moet doen om Christus aan te neem.

**Eerstens moet hy berou hê oor sy sonde**. Wat is bekering? Die woord "bekering" beteken om weg te draai van sonde in die rigting van Jesus Christus, en jou idees te verander. Om weg te draai van sonde na Jesus toe, beteken dat 'n mens erken dat hy sy lewe en begeertes self beheer het, en dat hy nou die beheer van sy lewe aan Jesus oorgee. Bekering is om jou sonde ('n self-beheerde lewe) te laat staan en jou lewe vir Jesus te gee om jou Heer en Meester te wees.

**Tweedens moet hy sy vertroue stel in Jesus as sy enigste Here, Redder en Middelaar**. Dit is meer as blote feitekennis van Jesus Christus. Die Bybel sê in Jakobus 2:19 dat selfs die duiwels die feite oor Jesus glo.

Die Griekse woord vir "geloof" of "om te glo" is "Pistis". Dit beteken dat jy jou lewe vir Christus moet gee sodat jy één met Hom kan wees. Enigiets minder as dít, is nie ware geloof nie. 'n Groot probleem is dat baie mense die historiese feite oor Jesus Christus glo. Ons taak is om mense die verskil te wys tussen 'n geloof wat red (ware geloof) en een wat vals is en nie kan red nie.

Ware geloof wat kan red, plaas nie vir redding sy hoop in nog iets ekstra nie. 'n Mens moet ophou vertrou op goeie werke, 'n voorbeeldige lewe, afgode, die Maagd Maria, engele, heiliges, en sy vertroue volkome in Jesus Christus stel as sy enigste Middelaar, Redder en Here. In sy boek <u>Indigenous Church Planting</u> sê Charles Brock: "'n Definisie van redding wat sonde, bekering en geloof nie





akkuraat hanteer nie, sal wel lei tot 'n godsdienstige groep, maar dit sal nie 'n gemeente voortbring nie."

Elke pionier evangelis moet die leiding van die Heilige Gees volg, want Hy is die enigste Een wat die verlore mens kan oortuig van sonde. Die pionier evangelis moet die volle, ware evangelie van Christus in die krag van die Heilige Gees deel sodat Hy in die harte van mense kan werk en sodat Hy vrug kan produseer wat sal hou.

## IV. Die Persoonlike Getuienis van die Pionier Evangelis

Die doel van 'n getuienis is om 'n persoonlike ervaring te deel. Dit ís nog móóntlik om te argumenteer met iemand wat oorvertel wat met iemand anders gebeur het, maar dit is moeilik om te argumenteer oor iets wat hy persoonlik beleef het. In Handelinge 22:1-16 en 26:9-23 vertel die apostel Paulus self hoe hy Christus aangeneem het en wat gebeur het nadat hy Hom gevind het.

### 1. Riglyne om te onthou wanneer u u getuienis deel

A. Dit moet kort wees (hoogstens twee minute)

B. Onthou: u doel is om vir verlore mense te wys u Christus gevind het. Die Evangelie sal later verduidelik word.

C. Moenie preek nie.

D. Moenie nou die weg van saligheid verduidelik nie.

E. Moenie 'n uitnodiging maak nie.

F. Moenie vaag wees nie. Moet byvoorbeeld nie sê: "Ek is gedoop" nie. Dit mag die ongelowige die idee gee dat dit die doop is wat red. Sê liewer: "Ek het Jesus een aand aangeneem" of "Ek het Christus aangeneem as my enigste Verlosser en Here."

G. U kan Bybelverse gebruik as u wil.

H. Skryf u getuienis uit. Dit moet nie langer as 350 woorde wees nie.

I. Sluit u getuienis af met:
   1) Nou is ek seker dat ek die ewige lewe het.
   2) Mag ek vir jou in die Bybel wys hoe jy versekering van die ewige lewe kan kry?

**2. Getuienis**

Beantwoord die volgende vrae om u te help met die uitskryf van u getuienis:

**A. Hoe het my lewe gelyk voor ek Jesus leer ken het? Vertel iets van u gesindheid, lewenstyl en sondes. (Handelinge 22:1-5 en 26:4-11)**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**B. Hoe het ek tot die besef gekom dat ek Jesus nodig het? (Handelinge 22:8 en 26:13-18)**

______________________________

______________________________



*Thomas Wade Akins*

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**C. Waar en hoe het ek Christus aangeneem? (Handelinge 22:6-10 en 26:13-18)**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**D. Hoe het my lewe verander vandat ek Christus aangeneem het? (Handelinge 22:10-21 en 26:19-23)**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**E. Samevatting:**

Sluit af met: "Nou is ek seker dat ek die ewige lewe het. Mag ek vir jou verduidelik wat die Bybel sê oor hoe jý ook die sekerheid kan hê van die ewige lewe?"

Wat u gedoen het, is om 'n brug te bou tussen u en die verlore mens. Vra nou toestemming om die brug oor te steek en deel te

word van sy persoonlike lewe. Hy kan "ja" of "nee" sê. As hy instem, deel die Evangelie met hom. As sy antwoord "nee" is, kan u sy toestemming vra om sy naam op u gebedslys te sit sodat u sal onthou om elke dag vir hom te bid.

## V. Die Pionier Evangelis en Persoonlike Evangelisasie

Persoonlike Evangelisasie moet gedoen word wanneer u nie die geleentheid het om 'n Bybelstudiegroep te begin nie en dit u enigste geleentheid is om die Evangelie te deel. Moet egter nie hierdie metode gebruik as u wel kan teruggaan om 'n tuis-Bybelstudie te lei nie. Ons wil nie mense aanjaag om Christus aan te neem as hulle nog nie gereed is nie.

**LET OP: HIERDIE METODE BEHOORT SLEGS GEBRUIK TE WORD IN 'N KULTUURGROEP WAT 'N CHRISTELIKE BASIS HET, WAAR MENSE REEDS 'N ALGEMENE AGTERGROND HET VAN DIE CHRISTELIKE GELOOF. ONS GEBRUIK ANDER METODES IN HIERDIE HANDLEIDING VIR NIE-CHRISTELIK-GEFUNDEERDE KULTURE.**

Ons wil beklemtoon: hoe ons doel bereik word, sal grootliks verskil, afhangende van kultuur. Ons gee 'n paar wenke oor die manier waarop ons 'n huis binnegaan en die mense sover kry om na ons te luister. Dit sal verskil na gelang van die kultuur van die gemeenskap of hul openheid ten opsigte van die Christendom (as gevolg van sekuriteitstoestande).





In Latyns-Amerikaanse, Europese, Oos- en Suid-Afrikaanse konteks waar daar 'n groter bewussyn en begrip is van die Christendom, was die metode wat ons hier aanbeveel suksesvol.

**ONTHOU: HIERDIE METODE SAL GEBRUIK WORD AS U NET EEN KANS HET OM DIE EVANGELIE TE DEEL. AS U WEEKLIKS KAN TERUGGAAN EN 'N TUIS-BYBELSTUDIE KAN HOU EN/OF DIE EVANGELIE DEUR MIDDEL VAN 'N STORIE KAN DEEL, BEVEEL ONS STERK AAN DAT U DIT DOEN IN PLAAS DAARVAN OM DIE EVANGELIE BY DIE EERSTE BESOEK TE DEEL. MAAR, AS U NET EEN KANS HET, VOLG DAN DIE VOLGENDE RIGLYNE.**

**<u>Riglyne wat in sommige kultuurgroepe tot hulp kan wees</u>:**

**1. Ses doelstellings met die besoek:**

A. Probeer die persoon se vertroue en vriendskap wen. (Moenie haastig wees nie, aangesien dít 'n maandelange proses kan wees!)
B. Identifiseer vervolgens sy geestelike toestand. Vra die volgende vraag: "Weet jy of jy vir ewig sal lewe as jy vannag sou sterf?" Verduidelik die plan van saligheid.
C. Nooi die persoon om Jesus aan te neem as sy enigste Here en Verlosser.
D. Nooi die persoon na u volgende Bybelstudie.
E. Maak seker dat u welkom is om weer besoek af te lê.

Nie almal sal Jesus aanneem as Verlosser en Here nie, maar dit is tog belangrik om 'n goeie verhouding op te bou met diegene wat Hom nie aangeneem het nie.

**2. Wanneer behoort u nie 'n huis binne te gaan nie.**

A. Wanneer die familie 'n byeenkoms hou.
B. Wanneer daar baie ander besoekers is. By so 'n geleentheid kan u net sê: "Ek sal later weer terugkom."
C. Wanneer die gesin gereed maak om uit te gaan.
D. Wanneer die man/vrou alleen is en u is alleen.

**3. Hoe om iemand se belangstelling te wek**

As die persoon besig is om TV te kyk (of as sy aandag deur iets vereis word), wag totdat die program verby is of kom later terug. Oor die algemeen is dit egter die maklikste om 'n aanknopingspunt te soek deur oor allerlei onderwerpe te gesels. As hy meer in julle gesprek belangstel as in die TV, vra hom om die TV sagter, of selfs af te sit. Moet nooit 'n TV afskakel sonder u gasheer se toestemming nie.

**4. Die verantwoordelikheid van die span (wanneer die pionier nie alleen is nie)**

A. Die spanleier sal die besoek lei.
B. Spanlede sal in gebed verkeer en aan die gesprek deelneem wanneer die spanleier hulle vra.

**5. Die verantwoordelikhede van spanlede**

A. Neem aanvanklik deel aan die gesprek.
B. Help deur te getuig (as die leier daarvoor vra).
C. Bied dele van die reddingsplan aan as die leier dit vooraf so beplan het.





D. Help met babas.
E. Help om ander mense in die huis te wen.
F. Bid in stilte.

**6. Hoe om toegang tot die huis te verkry**

A. Stel die span voor. Die spanleier moet elke spanlid voorstel, sê van watter gemeente of Bybelstudiegroep hy is en vra of hulle mag inkom.
Voorbeeld: "Goeienaand. Ek is Jan en dit is Marie. Ons besoek die mense in ons gemeenskap. Mag ons vir vyf minute inkom en met u gesels?"

B. *Vra vir die huismense waar hulle graag sit.* Moet nooit gaan sit voor u nie seker gemaak het of die gasheer (en ander huismense) dalk 'n geliefkoosde stoel het nie! ('n Persoon wat sy *eie* stoel het, sal nie 'n woord inneem van wat u sê as u op *sy* stoel sit ni!) Kies dan die regte plek om te sit. Die persoon wat die Evangelie gaan deel, moet die naaste aan die gasheer sit. Dit sal vir hom die volgende verseker:
1) Voortdurende oogkontak met die persoon.
2) Normale gespreksvolume.
3) Hy kan elke vers saam met die persoon lees.

C. Bespreek dinge waarin u gasheer belangstel.

> 'n Beginsel: As u eers na 'n persoon luister, verdien u vir u die reg dat hy uiteindelik na u sal luister.

## 7. ’n Gids tot u inleiding – “FIRE”

### A. FAMILIE

’n Goeie aanknopingspunt vir ’n gesprek is om uit te vra na die persoon se familie. Hier kan u raakpunte kry met die persoon. Die pionier kan oor sy familie praat en die ongelowige uitvra na syne.
Voorbeeld:
- Hoeveel kinders het jy?
  Drie
- O, ek het ook drie. Myne is 8, 10 en 16. Hoe oud is joune?

### B. BELANGSTELLING (Interests)

Waar werk u? Wat doen u (firma)? Wat is u verantwoordelikhede in die firma? Ek werk …. ens.

### C. GODSDIENSTIGE AGTERGROND (Religious background)

By watter kerk aanbid u? (By ’n Christen-gebaseerde kultuur)
OF
Aan watter geloof behoort u?

### D. EWIGHEIDSVRAE

**Nie-Christen-gebaseerde Kultuur: vrae:**

In hierdie geval kan u begin met ’n basiese vraag soos: “Verstaan u wie God is?” Luister na sy antwoord en vra of u ’n reeks studies met hom kan doen. Vra of hy meer wil weet van die God wat alles gemaak het en of hy wil weet hoe om Hom persoonlik te leer ken. Gebruik eenvoudige Bybelstudies of chronologiese Bybelstories.

**Christen-gebaseerde Kultuur: vrae:**

“Mag ek u ’n vraag vra? As u vannag sou sterf, sal u die ewige lewe





hê en hemel toe gaan?” As die persoon se antwoord vir u wys dat hy nie seker is nie, gaan voort deur u eie getuienis en die Evangelie met hom te deel. As hy sê dat hy wel sekerheid het, vra hom ’n tweede vraag: “Gestel u staan voor God en Hy vra u: ‘Waarom moet Ek jou toelaat om in My hemel in te kom?’ Wat sou u antwoord wees?” As u aan sy antwoord kan sien dat hy nog nie die Waarheid ken nie, deel die Evangelie met hom. Nog ’n vraag wat u kan vra, is: “Het u ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus/ Is u besig om te werk aan u verhouding met die Here?” (Memoriseer hierdie vraag.)

**LET OP:** Ewigheidsvrae aan Hindu’s, Buddhiste en animiste moet baie anders wees as die vrae aan mense met ’n Christelike kultuur-agtergrond, bv. Rooms Katolieke. In hierdie kulture moet terme soos ‘hemel’ of ‘hel’ en die Name *God* en *Jesus* duidelik omskryf word na aanleiding van sy individuele kuturele konteks. Om God byvoorbeeld te beskryf as die Skepper van alle dinge of almagtige Gees is dikwels ’n goeie begin om te definieer Wie God is. Die generering van Jesus en die doel daarmee moet verduidelik word wanneer u na Hom verwys.

Nog ’n voorbeeld is die term ‘hemel’. Vir ’n Buddhis beteken hemel die ontvlugting van alle begeertes. Vir ’n Hindu beteken dit ontsnapping uit ’n siklus van reïnkarnasie. Vir baie animiste kan dit baie dinge beteken wat net van die hel onderskei kan word deur offers wat aan jou gebring word (in baie Oosterse opsette).

In baie kulture weet die mense NIE van die bestaan van die Bybel nie. Baie, indien nie die meeste onbereikte mense, het nog nooit gehoor van die Bybel nie. Wat u in so ’n geval moet doen, is om vir hulle te verduidelik dat die Bybel ’n Boek is wat God vir ons gegee het om Homself aan ons te openbaar. Hulle hoef dit nie te glo nie. Hulle sal waarskynlik nie, maar as hulle bereid is om dit saam

met jou te lees, SAL die Heilige Gees werk en die waarheid aan hulle bekend maak.

Moet NOOIT stry oor die Bybel as Woord van God nie. Sê net dat u geloof gebaseer is op dít wat u glo en wat in die Woord van God geskryf is, en dat u die geleentheid wil gebruik om dit met hulle te deel.

Dit is baie belangrik dat die pionier 'n toepaslike manier sal kry om te getuig teenoor die mense onder wie hy werk.

**DIE FEITE VAN DIE EVANGELIE VERANDER NOOIT NIE, MAAR DIE METODE VAN AANBIEDING MOET ALTYD VERANDER OM AAN TE PAS BY DIE KULTUUR.**

**ONTHOU:** In 'n Christen-gebaseerde kultuur kan die bostaande ewigheidsvrae gebruik word, maar waar daar geen Christelike agtergrond is nie, moet u onderskeiding gebruik om vas te stel op watter vlak van geestelike begrip die persoon is. Die persoon se begrip van terme soos 'hemel' mag verskil van wat die Bybel leer.

### 8. Getuienis (opsioneel)

Nadat die pionier die vrae oor die ewige lewe gevra het, kan hy sy getuienis deel of een van die spanlede vra om syne te deel. Hy kan byvoorbeeld sê: "Maria, wil jy nie asseblief vir ons vertel hoe jy Jesus Christus aangeneem het en die ewige lewe ontvang het nie?" Na hierdie getuienis sal die spanleier die Evangelie aanbied.

### 9. Toestemming

Voor die pionier verder gaan, moet hy nou eers toestemming vra of hy mag. Hy kan vra: "Mag ek vir jou vertel wat die Bybel vir ons





sê om te doen as ons die ewige lewe wil verkry?"

**Belangrik: Respekteer u gasheer te alle tye.**

### 10. Die aanbieding van die Evangelie

Gebruik 'n traktaatjie soos "HOE OM DIE EWIGE LEWE TE HÊ" of enige ander evangeliese aanbieding wat volledig is en maklik is om te verstaan. Weereens kan dit in nie-Christelike kulture weke of selfs maande neem om hierdie eenvoudige, fundamentele waarhede van die Evangelie te deel. Die probleem is nie hoe u dit kan aanbied nie, maar dat hierdie waarhede wel in u aanbieding ingesluit word, ongeag u metodiek.

## HOE OM DIE EWIGE LEWE TE HÊ

**LET OP: Dit is die fundamentele waarhede van die Evangelie, ongeag wat die kultuur is. Kultuur kan NIE die Evangelie verander nie. Dit sê net vir ons hoe ons dit moet aanbied. Hierdie basiese waarhede moet op een of ander manier met 'n persoon gedeel word vóór hy Christus kan aanneem. Ons stel voor dat dit gedoen word deur 'n langtermyn Bybelstudie of deur Storievertelling. In Christen-gebaseerde kulture kan 'n mens dit dikwels doen net nadat jy 'n persoon ontmoet het. Dit maak nie saak op watter manier u verkies om die taak te verrig nie, die persoon moet weet wat die feite van die Evangelie is.**

### 1. God se doel vir jou lewe

Die Bybel sê in **1 Johannes 5:13**: "Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo." Met hierdie vers sê God vir die mens dat Hy vir ons die versekering van die ewige lewe wil gee omdat Hy ons liefhet.

Ewige lewe is twee dinge:

a) Om Jesus Christus te ken en Sy vrede in jou hart te hê, reeds *nou* in hierdie lewe. (Johannes 17:3)

b) Om ná jou dood vir ewig saam met Jesus te wees in die hemel. (Johannes 14:1-3)

Volgens die Bybel kan jy vandag seker wees van die ewige lewe.

**Let op: Hierdie terme moet duidelik gedefinieer word in Christen- sowel as nie-Christen-gebaseerde kulture, en dit mag baie tyd in beslag neem.**

## 2. Jou nood

In Romeine 3:23 sê die Woord van God: "Almal het gesondig en is ver van God af,". Hierdie vers herinner ons daaraan dat almal sondaars is. Wat is sonde? Dit is ongehoorsaamheid aan God. Almal van ons het al sonde gedoen, soos: lieg, woede, bitterheid, gierigheid, lus, trots. Sien u dat u gesondig het?

Wat is die gevolg van sonde? "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23). Hierdie vers wys vir ons dat almal van ons die dood verdien as gevolg van ons sondes.

Wat is die dood? Dit beteken om op twee maniere van God geskei te wees:

Die dood is eerstens 'n skeiding van God, nou, in die lewe hier op aarde. Dit is 'n lewe sonder die sekerheid van die ewige lewe en sonder Jesus in jou hart. Skeiding van God laat die mens met 'n leë hart vol vrees.





Tweedens is die dood 'n ewige skeiding van God, in die hel. Dit is 'n lewe sonder Christus, vir ewig. Die Bybel sê dat almal van ons die dood (skeiding van God) verdien as gevolg van ons sondes.

## 3. God se voorsiening

In Romeine 5:8 staan geskryf: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." Met hierdie woorde wys die Here vir ons dat Hy ons so lief gehad het dat Hy vir ons sondes gesterf het. Die enigste loon van die sonde is die dood. Jesus Christus is gestraf, geoordeel en ter dood veroordeel, die dood aan die kruis, om die straf vir ons sondes te dra.

Net Jesus se dood was 'n groot genoeg offer om die mens te verlos van die skuld van sonde. Baie mense probeer langs baie weë by God uitkom: deur staat te maak op hul eie goeie lewe of goeie werke. Hulle mag self na God probeer kom deur heiliges, afgode, beelde, geeste en reïnkarnasie.

Al die mens se pogings het geen krag om hom te reining van sonde nie. Die enigste manier om 'n verhouding met God te hê, is deur Jesus Christus. Nadat Hy aan die kruis gesterf het vir ons sondes, het Hy opgestaan uit die dood en só die dood oorwin. Hy leef en Hy wil in u hart lewe. Glo u dat Jesus Christus u enigste Here, Redder en Middelaar is?

## 4. Jou reaksie (respons)

"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word" (Romeine 10:9). Volgens hierdie vers moet 'n mens twee dinge doen om Jesus aan te neem:

a) Eerstens moet ju hardop bely dat Christus jou enigste Here is.

Jy moet jou sonde aflê en Jesus volg. Dit beteken dat jy die beheer van jou lewe oorgee aan Christus. Dit is bekering.

b) Tweedens moet jy in jou hart glo dat Christus uit die dood opgestaan het en dat Hy jou enigste Redder is. Dit beteken dat jy moet ophou om jou vertroue in ander dinge te stel soos moraliteit, goeie werke, afgode, beelde, heiliges of reïnkarnasie, en jou vertroue in Jesus Christus jou enigste Redder moet stel.

Is jy gereed om op te hou om in ander dinge te glo en jou lewe nou vir Christus te gee as enigste Heer en Redder? Die Bybel sê: "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." (**Romeine 10:13**). Dit wys ons daarop dat elkeen wat Jesus se Naam aanroep, gered sal word. Dit beteken dat jy Jesus op hierdie oomblik in jou lewe kan innooi.

Is jy gereed om Jesus nou in jou lewe in te nooi en so jou lewe vir Hom te gee? As jy is, bid hierdie gebed met jou hele hart:

"Here, ek is 'n sondaar. Ek vertrou op U as my enigste Here, Verlosser en Middelaar en ek gee my lewe aan U. Kom asseblief nou in my hart in en red my. Verander my en neem nou die volle beheer van my lewe oor. Amen."

Glo jy dat Jesus jou gebed beantwoord het? Waar is Hy dan nou? Is jy gered?





## VI. Die Pionier Evangelis en die begin van 'n nuwe gemeente

Wanneer 'n pionier 'n nuwe dorp ingaan, moet hy in gedagte hou dat die Heilige Gees hom sal lei na mense wat geestelik honger is. God werk oral en Hy is besig om mense se harte voor te berei om Christus aan te neem sodra hulle geleentheid het om die evangelieboodskap self te hoor. Die evangelis moet die Heilige Gees volkome vertrou om Sy werk te doen: dit is om harte voor te berei. Die evangelis se taak is eenvoudig – vind dié wie se harte deur die Heilige Gees voorberei is.

Een ding sal nooit verander nie: die boodskap van die Bybel. Dit bly altyd dieselfde. Metodes verander. Die metodes wat ons in hierdie handleiding gebruik, werk nét onder leiding van die Heilige Gees. Hulle is gebaseer op die begin van self-onderhoudende gemeentes onder leiding van die Heilige Gees:

1 Een wat self-regerend is, onder leiding van God.

2 Een wat self-onderhoudend is, onder leiding van God .

3 Een wat self-vermenigvuldigend is, onder leiding van God .

Dit is die doel. Om hierdie doel te bereik, gebruik ons Bybelse metodes wat vir almal moontlik is. Die pionier evangelis moet 'n gebied kies en dit besoek en so die mense ontmoet in die strate, kroeë, huise, ens. 'n Sensusopname kan selfs gebruik word.

God berei self die harte van verlore mense voor. Die pionier evangelis kan dit NIE doen nie. Slegs die Heilige Gees het die krag om iemand voor te berei en sy nood aan Jesus Christus bekend te maak. Dit is die pionier kerkplanter se verantwoordelikheid om die mense te vind wie se harte deur die Heilige Gees voorberei is. Met ander woorde ons is op soek na soekers.

**Jesus noem so 'n mens *'n man van vrede*** in Lukas 10:5-6: "[5]As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: 'Vrede vir hierdie huis.' [6]As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom."

Nog 'n beginsel wat hier geld, is die **oikos**-begrip. "Hulle antwoord hom: 'Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.' " (Handelinge 16:31). **Oikos beteken "jou hele huis" of "almal op wie jy 'n invloed het."** Almal in die wêreld is deel van 'n oikos.

As u dus 'n man van vrede gevind het, moet u hom sover kry om almal in sy oikos aan u bekend te stel. So dring u sy oikos binne. Elke persoon in hierdie oikos het op sy beurt sy eie oikos. As 'n man van vrede dus tien mense in sy oikos het, mag elk van die tien op sy beurt tien in sý oikos hê. Jy kan dan ook hierdie tien binnedring . Die sleutel is dus om die man van vrede te vind en dan die natuurlike oikosse te volg.

**Die pionier behoort 'n gebied binne te gaan en bekend te maak dat hy beskikbaar is om 'n Bybelstudiegroep te begin. Hy moet dan vra of daar iemand is wat belangstel. As daar 'n paar mense is, laat hulle die plek voorstel waar so 'n Bybelstudie gehou kan word.** Hoekom? Selfs in die begin van 'n moontlike gemeente moet die beginsel van self-regering gelê word. Bybelstudie kan onder 'n boom, in 'n huis, of op enige plek gehou word. Dit is egter voordelig as dit elke week op die selfde plek kan





wees sodat daar nooit onsekerheid is oor wáár die Bybelstudie sal wees nie. Dit is beter dat die pionier nie sy werk begin onder kinders nie. Hy kan met die kinders begin werk sodra hy 'n sterk kern opgebou het. Sy aanvanklike doel moet wees om op verskeie plekke Bybelstudies te hê. Hierdie Bybelstudies moet sover moontlik van mekaar verskil en so verspreid as moontlik gehou word. Die premêre doel van die pionier is nie om 'n Bybelonderwyser te wees nie, maar om die indirekte Bybelstudiemetode toe te pas as leier. Hy moet die saad saai. Die Heilige Gees sal op Sy tyd die vrug gee:

In sy boek <u>The Purpose Driven Church</u> (p.190 – 191) vertel Rick Warren dat hy die Saddleback Community Church, een van de grootstes in die VSA, begin het deur mense die volgende vyf vrae te vra:

1 Wat dink u is die grootste behoefte van die mense in hierdie area? Hierdie vraag maak die deur oop vir gesprekvoering.
2 Woon u 'n kerk by? (in 'n nie-Christen gebaseerde kultuur, vra na die persoon se geloof).
3 Hoekom gaan die meeste mense nie kerk toe nie? (Eintlik vra u hoekom húlle nie kerk toe gaan nie).
4 Watter soort gemeente sou u in belangstel, as u op soek was na 'n kerk?
5 Wat kan ons vir u doen? Het u raad vir iemand wat 'n gemeente hier wil begin?

Bogenoemde vrae is goed vir 'n Christen-gebaseerde kultuur.

**Ons wil graag nog een vraag byvoeg:**

**6 Sou u belangstel in 'n Bybelstudie in u huis?**

Ons wil ook graag noem hoe die reaksie op radio-uitsendings, die uitdeel van traktaatjies of groot geleenthede, gebruik kan word om mense wat oop mag wees vir die Evangelie, te identifiseer. Hierdie maniere is addisioneel, maar die pionier en sy span moet altyd aan die persoon wat belangstel, vra of hy ’n Bybelstudie in sy huis sou oorweeg om diegene te vind in wie se harte die Heilige Gees werk.

**Aantekeninge:**





# VII Die Pionier Evangelis en die Indirekte Bybelstudiemetode

## DIE PIONIER EVANGELIS EN DIE LEIDING VAN ’N BYBELSTUDIE DEUR DIE INDIREKTE METODE

**- deur Charles Brock**

### INLEIDING

Hierdie studie van ongeveer een uur, is geskryf sodat enigiemand kan leer hoe om ’n Bybelstudie te lei deur die Indirekte Metode te gebruik. Geen formele opleiding is nodig om hierdie metode baas te raak nie.

Hierdie metode kan gebruik word vir verskillende studies of boeke. Ons het hierdie studies egter spesiaal voorberei vir die reekse wat op Pionier Evangelisasie betrekking het, wat in hierdie geval een van die Goeie Nuus Bybelstudie-reeks of Dissipelskapsmateriaal kan wees.

### HOE GEBRUIK EK DIT?

Na elke vraag is daar ’n streep. Onder die streep verskyn die antwoord op die vraag bokant die streep. Plaas die papier oor die dubbel lyn om dit toe te hou en beantwoord dan die vrae een-vir-een. As al die vrae se antwoorde ingevul is, skuif die papier net ver genoeg af om te sien of u antwoord korrek is. Doen dit met al die vrae.

**MOENIE NA DIE ANTWOORDE KYK VOORDAT U ALMAL INGEVUL HET NIE.**

1 Die doel van hierdie afdeling is om TWEE DINGE TE IDENTIFISEER WAT BETROKKE IS BY INDIREKTE LEIERSKAP.

Indirekte Leierskap is nie dieselfde as Direkte Leierskap nie. Indirekte Leierskap behels twee dinge:

a. Die leier dui rigting aan vir die groep.
b. Daar is deelname/samewerking deur/van die groep.

Indirekte Leierskap is ____________________ deur die leier en ______________________ van die groep.

---

RIGTINGAANDUIDING DEELNAME

2 Indirekte Leierskap vereis nie dat die leier 'n preek lewer nie. Dit vra van die leier om _____________ te gee.

---

RIGTING

3 Wanneer 'n leier alles doen: praat, preek, sing en bid, is dit 'n voorbeeld van:
a. Direkte Leierskap.
b. Indirekte Leierskap.

---

DIREKTE LEIERSKAP

4 Die groep moet deelneem aan die bespreking. Die leier moet hulle in die bespreking lei. Een baie belangrike rol van Indirekte Leierskap is dat die groep _______________.

---

DEELNEEM





5 Indirekte Leierskap behels twee dinge:
a. ________________
b. ________________

---

RIGTINGAANDUIDING DEUR LEIER DEELNAME VAN DIE GROEP

6 Die doel van hierdie les is: PAS VYF REËLS TOE wanneer u 'n Bybelstudie deur middel van die indirekte metode lei.

7 **DIE GROEPLEIER MOET GROEPSLEDE AAN= MOEDIG OM DEEL TE NEEM**

Indirekte Leierskap is onmoontlik wanneer die leier alles doen. By Indirekte Leierskap is dit belangrik dat alle lede aangemoedig word om ________________.

---

DEEL TE NEEM

8 Wanneer die leier die besprekings domineer, kry groepslede nie die geleentheid om deel te neem nie. So 'n geval is nie _______________ Leierskap nie.

---

INDIREKTE

9 Klaslede kan deelneem deur vrae te lees, antwoorde te gee, of (nadat hulle gered is) te bid. Indirekte Leierskap vereis dat ________________ in bogenoemde aktiwiteite deelneem (kies een van die volgende):

a. Net die leier
b. Alle groepslede

---

ALLE GROEPSLEDE

10 Wie neem deel wanneer die indirekte metode gebruik word tydens Bybelstudie? ______________________

ALLE GROEPSLEDE

11 VERSKAF **’N OEFENINGBOEK MET INVULVRAE, OF ANDER LEESMATERIAAL AAN LEDE. DIT SAL DIE ONDERWYSER HELP OM RIGTING TE GEE AAN DIE GROEP.**

Hierdie materiaal moedig lede aan om deel te neem. ’n Oefeningboek help die onderwyser om ________________ te gee aan die groep. Dit moedig hulle ook aan om __________ __________________.

RIGTING DEEL TE NEEM

12 As die leier by die lesse hou wat hy gekies het, sal dit hom help om vir die groep rigting aan te dui. As ’n Jehowas Getuie wat deel is van die groep, uit hulle tydskrif, Die Wagtoring, begin lees, beteken dit dat die leier nie behoorlik _______________ gee nie.

LEIDING

13 Wanneer die lede ’n ________________ met invulvrae volg, word hulle deur die leier sowel as die oefening_______ gelei.

OEFENINGBOEK BOEK





14 Party mense is teruggetrokke en ander hou daarvan om te praat, al weet hulle nie altyd waarvan hulle praat nie! Albei het probleme met deelname. ’n Oefeningboek met invulvrae sal help om die probleem van ________________ te korrigeer.

DEELNAME

15 Dit is belangrik dat die leier aan lede sal rigting gee en hulle sal aanmoedig om deel te neem. Dit kan gedoen word as die leier ’n ________________________ of leesmateriaal gee.

OEFENINGBOEK

16 **OM BYBELSTUDIE TE HOU MET ONGELOWIGES VEREIS GEDULD VAN DIE LEIER**. Geduld is veral nodig wanneer die indirekte metode gebruik word. Sommige groepslede sal baie wil deelneem, ander sal glad nie deelneem nie. ’n Reël wat die leier altyd moet onthou, is om altyd ________________ te wees.

GEDULDIG

17 Wanneer die leier ’n vraag vra, mag die groepslede baie stadig reageer. Die geneigdheid is om hulle aan te jaag of die antwoord te gee terwyl hulle nog nadink oor die vraag. Die leier moet _________________ wees.

GEDULDIG

18 Die leier moet geduldig wees wanneer ’n groepslid sukkel om ’n hoofstuk of vers in die Bybel te kry. Dit is ’n belangrike aspek vir ’n suksesvolle leier van die ____________ metode.

INDIREKTE

19 Omdat mense dikwels traag is om deel te neem, moet die leier _________________ wees.

---

GEDULDIG

20 Ons het drie reëls of beginsels bestudeer. Hulle is:

a. Die leier moet alle lede aanmoedig om deel te neem.
b. Hy moet 'n oefeningboek of ander leesmateriaal vir die lede gee.
c. Die leier moet geduldig wees.

Hierdie reëls is belangrik wanneer 'n leier _______________ leierskap beoefen.

---

INDIREKTE

21 **DIE LEIER SE LEIDING VAN DIE BYBELSTUDIE= GROEP MOET REPRODUSEREND WEES.**

Reproduserende leierskap leer groepslede hoe om self leiding te neem sodat hulle spoedig self ook Bybelstudies sal kan lei.

Die leier moet op só 'n manier leiding gee dat sy leierskap ______________________ kan word in sy groepslede.

---

GEREPRODUSEER

22 'n Wyse leier sal sy aanbieding só beplan dat hy sy verantwoordelikhede aan ander kan oordra. Hy moet dus altyd bewus wees van hoe hy lei omdat hy die voorbeeld is vir toekomstige _____________.

---

LEIERS





23 'n Leier wat net so lank as moontlik voor die groep wil wees, stel nie belang daarin om leiers op te lei om sy plek oor te neem nie. Hy wil nie _____________ leierskap beoefen nie.

---

REPRODUSERENDE

24 Merk die korrekte voltooiings van die volgende stelling:

Reproduserende leierskap moet ___________ wees.

a. opwindend
b. afhanklik van'n goeie, gesonde sisteem
c. eenvoudig en duidelik
d. baie formeel met baie detail en reëls
e. op 'n natuurlike vlak vir die groepslede

---

EENVOUDIG EN DUIDELIK OP 'N NATUURLIKE VLAK VIR LEDE

25 'n Goeie leier sal só leiding neem dat dit deur toekomstige leiers ____________________ kan word.

---

GEREPRODUSEER

26 Ons het reeds gesien dat Indirekte Leierskap deelname behels van groepslede. Die groep moet in afhanklikheid van die Heilige Gees werk om sukses te behaal. **SLEGS DIE HEILIGE GEES KAN MENSE OORTUIG VAN SONDE EN HULLE RED.**

Die rol wat die Heilige Gees hier vervul, is _____________ ______________ en _________________.

---

SONDE-OORTUIGING REDDING

27 ’n Sterk leier kan dikwels mense oorhaal om hul geloof te verander, maar bekering kan nie plaasvind sonder die ____________ ____________ nie.

HEILIGE GEES

28 Goepleiers kan die saad saai deur Die Johannes Evangelie Bybelstudies. Die Heilige Gees is egter die enigste Een wat die saad kan laat groei. Daarom moet die groepleier in afhanklikheid van die ______________________ werk.

HEILIGE GEES

29 Wie bied ware sondebesef en redding van sonde? _________________________.

DIE HEILIGE GEES

30 Ons het vyf beginsels bestudeer wat gevolg moet word wanneer Indirekte Leierskap toegepas word. Noem hulle.

a. Die leier moet __________________ aanmoedig om deel te neem.
b. Verskaf ’n _______________ of leesmateriaal vir lede.
c. ’n Leier moet altyd _____________ wees.
d. ’n Leier moet ____________________ leierskap beoefen.
e. Slegs die ______________________ kan ware sondebesef en bekering bewerkstellig.

a. AL DIE GROEPSLEDE
b. OEFENINGBOEK
c. GEDULDIG
d. REPRODUSERENDE
e. HEILIGE GEES





31 Ons het vyf beginsels bestudeer wat gevolg behoort te word by die toepassing van Indirekte Leierskap. Ons gaan nou kyk na drie dinge wat ’n leier nooit moet doen wanneer hy ’n Bybelstudie lei nie.

32 Die Bybelstudieleier weet dikwels meer van die Bybelstudie= onderwerp as die groepslede. Soms kan dit gebeur dat so ’n leier trots is op sy voorsprong. Hy mag dan voel dat hy alles moet sê wat hy weet van elke item onder bespreking. So ’n gesindheid is ___________________.

a. gewens / goed
b. nie gewens nie

NIE GEWENS NIE

33 ’n Leier wat seker is van sy kennis en sy verhouding met God, ag dit nie nodig om __________ te wys wat hy van die onderwerp af __________ nie.

ALLES WEET

34 Om in stilte te luister, is nie by die leier ’n teken van onkunde nie. As ’n leier stil is, is dit nie ’n teken dat hy ___________ is nie.

ONKUNDIG

35 ’n Leier behoort nie te voel dat hy oor elke onderwerp _____ ____________________________________________________.

a. alles moet sê wat hy weet nie.
b. ’n outoriteit moet wees nie.
c. moet luister nie.

ALLES MOET SÊ WAT HY WEET NIE ’N OUTORITEIT MOET WEES NIE

36 In die Bybelstudiegroep kan daar dalk iemand na vore kom wat wil wys hoe slim hy is. Ons noem so iemand 'n "filosoof". DIT IS TYDMORS OM MET SULKE MENSE TE REDENEER. Die "filosowe" is oor die algemeen ______________________________________________ ______________________________________________ (Kies meer as een)

a. waarlik soekers na die waarheid
b. besig om aandag te trek
c. iemand wat daarvan hou om te praat

---

BESIG OM AANDAG TE TREK IEMAND WAT DAARVAN HOU OM TE PRAAT

37 'n "Filosoof" wat nog nie gered is nie, kan nie geestelike dinge ervaar nie. 'n Leier moet bereid wees om __________ ________________ met so 'n mens te bespreek.

a. die weg tot redding
b. die Drie-Eenheid

---

DIE WEG TOT REDDING

38 'n "Filosoof" sal die onderwerp gou verander sodat hy dan vir 'n oomblik die leier van die Bybelstudie kan wees. Die debat sal ander groepslede ___________________________.

a. verwar
b. beter insig gee

---

VERWAR





39 'n Bybelstudiegroep sal verward wees as daar ____________ word met "filosowe".

---

GEDEBATTEER

40 Aangesien indirekte leierskap deelname van baie groepslede tot gevolg het, MOET DIE LEIER SEKER MAAK DAT DAAR NIE EEN PERSOON IS WAT DIE BESPREKING DOMINEER NIE. As een persoon die hele gesprek domineer, beteken dit dat daar nie goeie _________________ leiding gegee word nie.

---

INDIREKTE

41 As een persoon die hele tyd praat, is dit moeilik vir baie groepslede om __________________________.

---

DEEL TE NEEM

42 As goeie indirekte leierskap beoefen word, is dit die verant= woordelikheid van die ___________ om te verseker dat almal in die groep deelneem.

---

LEIER

43 Indirekte leierskap laat nie ______________________ toe om die bespreking te domineer nie.

a. een persoon
b. twee persone
c. al die lede

---

EEN PERSOON OF TWEE PERSONE

44 Ons het na drie dinge gekyk wat 'n leier nooit moet doen nie. Hulle is:

a. Die leier moet nooit voel dat hy _________ moet sê wat hy ___________ nie.
b. Die leier moet nie met 'n "filosoof" _____________ nie.
c. Die leier moet nie ____________________ toelaat om die hele studie te domineer nie.

---

a. ALLES WEET
b. DEBATTEER
c. EEN/TWEE PERSOON(E)

45 Vervolgens kyk ons na twee redes waarom indirekte leierskap 'n goeie metode is om te gebruik wanneer 'n nuwe gemeente begin word.

46 Wanneer ons die indirekte metode gebruik, IS DIT MAKLIKER OM DIE LEIERSKAP OOR TE DRA NA ANDER GROEPSLEDE. Dit is die eenvoudigste antwoord, om deur middel van Bybelstudiegroepe leiers(kap) te verskaf wat eendag uitgebou sal kan word tot 'n nuwe gemeente. Een van die hoofkenmerke van 'n wyse leier, is sy vermoë om leierskap te __________________.

---

VERPLAAS

47 'n Leier wat ook predikant van 'n ander gemeente is, mag dit moeilik vind om aan te hou om vergaderings te hou met die groep wat hy op die been probeer bring. Dit is dan belangrik om 'n leier te kry vir hierdie groep. Dit is natuurlik dat die leier uit die ____________ kom.

---

GROEP





48 Omdat 'n wyse leier van meet af aan die indirekte metode sal gebruik by die byeenkomste, is dit natuurlik vir die groepslede om al deel te neem terwyl die groep nog besig is om te ontwikkel. Dit is dan ___________________________ dat sommige groepslede leiers sal word.

---

VANSELFSPREKEND

49 Omdat alle groepslede van die begin van die Bybelstudie af aangespoor is tot deelname, sal dit vir hulle vanselfsprekend wees om aan te hou _________________. Een of meer lede sal dan ________________ word.

---

DEELNEEM LEIERS

50 Hoe kan 'n leier beplan vir die toekoms as hy nie kán of wíl groepleier bly van 'n bepaalde Bybelstudiegroep nie?

Hy moet die leierskap _____________ na die groepslede.

---

OORDRA

51 As u die Indirekte Leierskap toepas wat ons in hierdie les bespreek het, SAL U NUWE GROEPE BEGIN EN LEI WAT NIE BEPERK IS TOT 'N ERVARE LEIER, OPLEIDING OF GELD NIE.

Dit beteken dat baie mense instaat is om nuwe groepe te __________________.

---

LEI

52 ’n Jong Christen kan ’n Bybelstudiegroep lei, selfs al is hy nie baie _____________ nie.

ERVARE

53 Is die volgende stellings WAAR (**W**) of ONWAAR (**O**)?

a. ___ ’n Persoon wat intensiewe opleiding deurloop het by ’n Seminarium, is instaat om ’n tuis-Bybelstudiegroep te lei.
b. ___ ’n Plaasboer met min opleiding kan ’n tuis-Bybelstudiegroep met sukses lei.

ALBEI IS **WAAR**

54 Wie het genoeg geld om ’n tuis-Bybelstudiegroep te begin? (Kies een of meer)

a. ’n prokureur
b. ’n skrynwerker
c. ’n dokter
d. ’n onderwyser
e. ’n fabriekswerker

ALMAL

55 Volgens wat ons nou geleer het, is Indirekte Leierskap die beste om ’n tuis-Bybelstudiegroep wat moet ontwikkel tot ’n nuwe gemeente, te begin. Dit is ’n goeie metode, want:

a. Dit is maklik vir die groepleier om die leierskap _________________________ na ’n ander groepslid.
b. Enige persoon kan so ’n groep begin, want daar is nie baie __________________________________ nodig nie.

a. OOR TE DRA b. ERVARING, OPLEIDING EN GELD





56 **OORSIG OOR WAT ONS GELEER HET**

I Indirekte Leierskap behels twee dinge:
1. ___________________________ deur die leier.
2. _____________________ van groepslede.

II Vyf dinge om te onthou wanneer u ’n Groepsbybelstudie lei, is:
1. Die leier moet die ____________________ van alle ___________________ aanmoedig.
2. Verskaf ’n ______________boek of ander goeie __________materiaal.
3. ’n Leier moet ________________ wees.
4. ’n Leier moet ’n _____________________ leierskap beoefen.
5. Slegs die _________________ kan waarlik sonde= besef en bekering van sonde bewerkstellig.

III Skryf twee redes neer waarom Indirekte Leierskap ’n goeie manier is om ’n nuwe gemeente te begin.

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

______________________________________________________

**ANTWOORDE OP OORSIG:**

I 1. RIGTINGAANDUIDING
2. DEELNAME

II 1. DEELNAME , GROEPSLEDE
2. OEFENING , LEES
3. GEDULDIG
4. REPRODUSERENDE
5. HEILIGE GEES

III 1. DIE LEIER KAN MAKLIK EN GOU LEIERSKAP OORDRA AAN DIE ANDER GROEPSLEDE.
2. 'N LEIER KAN 'N NUWE TUIS-BYBELSTUDIEGROEP BEGIN, AL HET HY MIN ONDERVINDING, OPLEIDING EN GELD.

## VIII Die Pionier Evangelis en Tuis-Bybelstudie sonder Bybelstudiemateriaal

### HOE KAN DIE PIONIER EVANGELIS 'N TUIS-BYBELSTUDIE LEI SONDER BYBELSTUDIEMATERIAAL

- deur Thomas Wade Akins

Die sleutel tot die bestudering van God se Woord, is die Heilige Gees. Jesus het gesê: **"[13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. [14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."** (Johannes 16:13-14). Jesus is die Waarheid en die Heilige Gees is die Een wat die Waarheid in u hart bekend maak.

Was u al ooit besig om Bybel te lees, en skielik is dit asof een Bybelvers in u hart uitgehef word, en die Heilige Gees openbaar aan u 'n waarheid? Dit het al met my gebeur. Ek het eenmaal 'n baie moeilike tyd deurgemaak en ek was in 'n put van feitlik totale duisternis. Tog was daar onder in die put lig – die lig van Jesus. Ek het begin Bybel lees op soek na 'n Woord van God. Ek het Jesaja gelees. Terwyl ek hoofstuk 43 lees, het die Heilige Gees vers twee in my siel uitgehef: **"[2]As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie,"**. Toe God hierdie waarheid tot my hart spreek, het 'n groot





vrede oor my siel gespoel. Ek moes steeds deur donker dae van brandende beproewing gaan, maar ek het geweet dat ek nie sou verbrand nie, want God Self het Sy waarheid persoonlik aan my bekend gemaak.

Dit is belangrik dat die leier onthou dat hy NIE besig is om Bybelstudie te onderrig nie, maar dat hy dit lei. Hy lei op 'n manier wat samewerking van groepslede vra. Hy lees nie self 'n vers nie, maar vra iemand in die groep om dit te lees. Hy vertel nie vir hulle wat die waarhede in die vers is nie, maar vra vrae om groepslede te lei om self die waarhede te ontdek. Hy pas nie die vers vir hulle toe nie, maar vra hulle om hulle eie idees te gee oor hoe die vers persoonlik gemaak en toegepas kan word. Wanneer ons leiding neem tydens 'n Bybelstudie is ons doel om God deur Sy Woord te hoor praat. Ek wil graag die volgende stappe aanbeveel:

**Stap 1**: Die groepleier kies 'n Skrifgedeelte om te bestudeer. Hy kan begin met vers 1 en dan elke vers van die res van die boek doen. Begin byvoorbeeld met Die Evangelie volgens Johannes, hoofstuk1, vers 1.

**Stap 2**: Die leier sal iemand in die groep vra om die eerste vers te lees.

**Stap 3**: Die leier lees die vers weer in moderne, eenvoudige taal. Met ander woorde, hy parafraseer die vers.

**Stap 4**: Nadat die vers gelees is, vra die leier vrae om geestelike waarhede in die vers te soek. Vra wie-, wat-, waar-, hoekom- en hoe-vrae.

Byvoorbeeld:

1. Wat sê hierdie vers oor God?
2. Wat sê hierdie vers oor Jesus?
3. Wat sê hierdie vers oor sonde?
4. Wat sê hierdie vers oor gehoorsaamheid?
5. Wat sê hierdie vers oor my?
6. Watter geestelike waarhede is in hierdie vers vervat?

**Stap 5**: Die leier moet dan ook ander Skrifgedeeltes of verse in die Bybel wat verband hou met die waarheid wat ontdek is, vir die groep wys. Met ander woorde, wys vir die groep ander Skrifgedeeltes wat die waarheid in die vers sal illustreer en verduidelik.

**Stap 6**: Hierna moet die leier die vers toepas. Maak die vers persoonlik deur u naam daar in te sit. Bespreek elke waarheid op 'n persoonlike manier en pas dit toe op elkeen in die groep. Vra aan elke groepslid die vraag: hoe raak die waarheid in die vers jou? Wat sê dit vir jou persoonlik? Laat elkeen in die groep hierdie vraag beantwoord.

**Stap 7:** Nadat u die prosedure gevolg het met vers 1, gaan voort met vers 2 en dan ook met al die verse in die res van die boek, vers-vir-vers.

**Stap 8**: Lei die groep in gebed aan de einde van die studie, en bid oor die geestelike waarhede wat u ontdek het in die gedeelte wat u bestudeer het.

**VOORBEELD:**

**Stap 1**: Kies die boek of Skrifgedeelte. Ons kies Die Evangelie volgens Johannes vir die doel.





**Stap 2**: Vra iemand om Johannes 1 vers 1 te lees: **"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."**

**Stap 3**: Parafraseer die vers. Hierdie vers sê dat die Skepper in die begin reeds daar was, dat Hy by God was en dat Hy Self God was.

**Stap 4**: Vrae

1 Wat sê hierdie vers oor God? *Hy is van die begin af daar. Hy is die begin. Hy is die Woord.*
2 Wat sê die vers oor Jesus? *Vers 14 sê dat Jesus die Woord is. Jesus Christus is dus God.*

**Stap 5**: Lees ander verwante verse.
**"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid."** (Joh.1:14)

Vra soveel vrae as waaraan u kan dink en laat die groep dit beantwoord – nie die leier nie.

1 Wie het mens geword? *Jesus*
2 Wie het onder die mense kom woon? *Jesus*
3 Wie het Sy heerlikheid gesien? *Johannes, die skrywer van die boek.*
4 Wat het Johannes in Jesus gesien? *Sy heerlikheid.*
5 Wat beteken "sy heerlikheid"? *Dit beteken dat Hy verhoog en geëer is.*
6 Wat het Johannes verder in Jesus gesien? *Dat Hy van die Vader kom.*
7 Wat nog? *Hy was vol genade en waarheid.*
8 Wat is genade? *Genade is wanneer God vir ons dinge doen wat ons nie verdien nie. Jesus is genade.*

9 Wat is waarheid? *Dit is die teenoorgestelde van 'n leuen. Jesus is die waarheid; wie Hy is en alles wat Hy sê.*

**Stap 6**: Pas die vers toe. Wat leer die vers ons? Watter **geestelike waarhede** is in hierdie vers? Maak hulle persoonlik. Die leier moet die groep toelaat om te antwoord.

Sommige waarhede in die vers(e):
1 God is in die begin.
2 Hy het geen begin en geen einde nie.
3 Hy is ewig.
4 Jesus is God.
5 Jesus is die Skepper van die wêreld.
6 Jesus het my gemaak (maak dit persoonlik).
7 Jesus is vol genade en waarheid. Wat Hy vir my gegee het, het ek nie verdien nie. Jesus leer my wat waar is. (Onthou om persoonlike voornaamwoorde te gebruik.)

**Stap 7**: Lees die volgende vers en volg dieselfde prosedure. Hou week na week daarmee vol deur die hele boek. Wanneer u Johannes afgehandel het, kies 'n volgende boek en volg dieselfde metode.

**Stap 8**: Sluit af met gebed, maar bid oor die geestelike waarhede wat God aan u bekend gemaak het in die gedeelte wat u bestudeer het.

## IX Hoe lei die Pionier Evangelis Goeie Nuus-Bybelstudies

**BELANGRIK: Dit is baie belangrik dat u verstaan watter materiaal gebruik is in hierdie bediening en die verwysing daarna in hierdie opleidingsgids. Ons herhaal hierdie kennisgewing sodat daar geen verwarring is nie.** Enige goeie





evangelistiese opvolg- en dissipelskapsmateriaal is geskik. Die persoon wat die Evangelie aanbied en die opvolgwerk doen, is belangriker as die materiaal self. Toe hierdie program in Brasilië ontwikkel is, is die volgende materiaal gebruik:

· Evangelie Traktaatjie: **Hoe om die Ewige Lewe te Hê** deur Wade Akins.
· Basiese Evangeliese Bybelstudies: ***Die Johannes Evangelie Bybelstudies*** deur Dr. Waylon Moore.
· Vereenvoudigde Evangeliese Studies: ***'n Nuwe Lewe*** deur Wade Akins. Dit is vir mense wat nie goed kan lees nie. Hierdie studies bevat dieselfde inligting as bogenoemde traktaatjie, maar is in sewe lesse verdeel.
· Basiese Evangeliese Bybelverhale: *Die Goeie Nuus van Jesus* deur Christy A. Brawner
· Onmiddellike Opvolg-blad: ***Ses Waarhede vir Nuwe Bekeerlinge*** deur Wade Akins. Dit moet binne 48 uur na 'n persoon se bekering met hom gedoen word.
· Dissipelskap Bybelstudies: U sal dissipelskap studiemateriaal moet kies wat nuwe gelowiges die basiese Christelike leerstellings sal leer, oor bv. doop, tiendes gee, Geestelike groei, ens. Sulke materiaal word gebruik om nuwe gelowiges te ondersteun en hulle aan te moedig om geestelik te groei. Die storie-vertel-materiaal, ***Begin 'n Nuwe Lewe in Christus*** deur Christy A. Brawner, word by hierdie handleiding ingesluit.

Terwyl u die handleiding bestudeer, sal u merk dat daar na bo= genoemde werke verwys word. U mag egter van ander materiaal gebruik maak as u dit sou verkies. Vir hierdie opleiding verwys ons na die traktaatjie "Hoe om die Ewige Lewe te Hê". Ander voorbeelde van soortgelyke materiaal is: "Four Spiritual Laws" van *Campus Crusade for Christ* en "Steps to Peace with God" deur Billy Graham. Elke keer as daar verwys word na "Hoe om die Ewige

Lewe te Hê" mag u gebruik maak van die Evangelie-traktaatjie van u keuse. Dieselfde geld vir enige van die ander materiaal wat hierbo genoem is.

Charles Brock, sendeling in die Filippyne en skrywer van hierdie metode, stel die volgende stappe voor:

## 1. Die Eerste Byeenkoms

A Die pionier moet die volgende na die byeenkoms neem:
   a. 'n Nuwe Testament
   b. 'n Pen
   c. 'n notaboekie / 'n vel papier
   d. Woorde van koortjies (liedjies) wat by die tema pas.
   e. 'n Traktaatjie wat die Evangelie aanbied: "Hoe om die Ewige Lewe te Hê", "Goeie Nuus"-studies, "Goeie Nuus"-verhale of enige studiemateriaal wat hy wil gebruik.

B Die pionier moet homself voorstel en die feit beklemtoon dat hy 'n Bybelonderwyser is.

C Die pionier moet ook verduidelik wat sy doel is met die groep. Hy moet dit duidelik stel dat hy nie wil debatteer oor godsdiens, filosofie of politiek nie, maar dat hy eerder die Woord van God wil bestudeer. Hy kan bv. sê: "My doel is om die goeie nuus wat die Bybel bring, met u te deel." Aan die begin van die eerste byeenkoms moet die pionier Johannes 3:1-18 vir die groep voorlees en dit kortliks vir die groep verduidelik. Hy moet nie preek nie, net sy doel duidelik stel. Wat die pionier by hierdie geleentheid sê, is in der waarheid nie van belang nie omdat die mense hom nog nie vertrou nie. Hy moet liewer sê: "Nikodemus is op soek na die waarheid." Vir sewe weke sal ek u leer uit die Evangelie volgens





Johannes. Daar is vrae wat u self moet invul. Die antwoorde op hierdie vrae, vind u in die Bybel. Die studie is hoofsaaklik vir volwassenes en jongmense, maar die kinders kan ook deelneem. Die studiemateriaal deel ons net uit vir die volwassenes en die jongmense."

D Die pionier moet vra dat almal sy naam, ouderdom en geboortedatum op 'n vel papier neerskryf. Verduidelik vir hulle dat u dit nodig het sodat u vir elkeen van hulle kan bid. Sê ook vir hulle dat elkeen, as die Here wil, by die volgende byeenkoms *Die Evangelie volgens Johannes* sal ontvang. Plaas die lys name in die "DAAGLIKS"-kolom van u gebedslys.

E Hierna vra die pionier vir die groep of hulle 'n paar koortjies wil sing of wil leer sing. Laat hulle self besluit. As hulle wil sing, leer vir hulle een of twee goeie liedere.

F Die pionier moet een van die liedere kies as tema-lied.

G Die pionier vra of daar spesifieke gebedsversoeke is by groepslede. Bid dan saam met hulle hiervoor en wy u daaraan toe om die volgende week daarvoor te bid.

H Die pionier moet vir elkeen teenwoordig 'n evangelie-traktaatjie gee wat hulle tuis kan gaan lees.

I Sorg dat die byeenkoms net een uur duur. Gaan na 'n uur liewer na 'n ander plek soos geskeduleer.

## 2. Die Tweede Ontmoeting

A Die pionier behoort die volgende saam te neem:

   a. 'n Bybel
   b. Genoeg kopieë van *Die Evangelie volgens Johannes* sodat elkeen een kan kry.

c. "Goeie Nuus"-studies / "Goeie Nuus"-stories
d. 'n Bladsy met liedere
e. Die traktaatjie 'HOE OM DIE EWIGE LEWE TE HÊ", of enige ander evangeliese traktaatjie.

As daar tussen twintig en vyftig mense die tweede byeenkoms bywoon, kan daar normaalweg aangeneem word dat die helfte van hulle enduit sal volhou. As die sewe lesse van *Die Johannes Evangelie Bybelstudies* vir twintig mense aangebied word, is dit genoeg om 'n gemeente te begin.

Die tweede byeenkoms sal meer geduld verg van die pionier as *enige ander* byeenkoms. 'n Mens het baie geduld nodig met mense wat niks van die Bybel af weet nie. Die pionier moet elkeen in die groep letterlik wys hoe om hoofstukke en verse in die Bybel op te soek.

B Die Program
a. Sing drie liedere
b. Sing die tema-lied
c. Neem bladsy met liedere in
d. Deel net Studieles 1 van *Die Johannes Evangelie*-lesse uit.
e. Deel *Die Evangelie volgens Johannes* uit.
f. Doen die les deur middel van die Indirekte Metode.
g. Vra aan die einde: "Is daar enige vrae?" As daar geen vrae is nie, sluit af met gebed.
h. Sluit met 'n sessie van voorbidding.

### 3. Die Agtste Byeenkoms

Hierdie keer sal die leier 'n uitnodiging maak. Aangesien die "Goeie Nuus"-studies nie 'n uitnodiging maak nie, kan u die traktaatjie "HOE OM DIE EWIGE LEWE TE HÊ" of enige soortgelyke





materiaal gebruik om die Evangelie te verduidelik en die groepslede uit te nooi om Jesus aan te neem as hul Here.

Dit is nou die geleentheid vir die groep om 'n besluit te neem. Die pionier moet hulle vra of hulle wil voortgaan met die gesamentlike Bybelstudie. As hulle wil, moet die leier opvolg-materiaal aanbeveel. Op hierdie stadium sal daar 'n groot verandering kom. Die pionier moet voorstel dat al die groepe op een plek vergader as dit moontlik is. As dit nie moontlik is nie, moet hy probeer om ten minste twee groepe saam te voeg wat moet probeer om op een plek bymekaar te kom.

Die pionier mag lus voel om almal wat besluit het om Jesus aan te neem, te lei in die studie "Ses Waarhede vir Nuwe Bekeerlinge". Dit kan in aparte groepe gedoen word, of in die eerste samekoms van al die groepe.

## X Hoe lei die Pionier Evangelis opvolg Bybelstudies

### 1. 'n Belangrike Mylpaal

Die pionier het nou 'n baie belangrike punt bereik met die groep. Nou sal hy byeenkomste begin hou met almal wat *Die Johannes Evangelie Bybelstudies* voltooi het. Op hierdie stadium moet hy twee (drie) dinge doen:

A Begin die Opvolg-materiaal bestudeer deur die Indirekte Metode te gebruik.

B Begin vier tot ses groepe waarin die *Evangelie volgens Johannes* gebruik word vir moontlike nuwe bekeerlinge.

C As die pionier nog nie die "SES WAARHEDE VIR NUWE BEKEERLINGE" deur Pastor Thomas Akins in die agtste byeenkoms behandel het nie, behoort hy dit te doen voordat hy met die Opvolg-materiaal begin.

### 2. Die Derde Week

Dit is nog 'n belangrike week. Die pionier moet die groep 'n plaaslike leier laat kies wat die volgende week se bespreking sal lei. Die pionier moet nie self die leier vir die groep probeer kies nie, maar moet homself bereid verklaar om vir hulle leiding te gee sodat geen leerstellige foute gemaak word nie.

### 3. Die Vierde en Vyfde Weke

Die gekose plaaslike leier lei die Bybelstudie en die pionier luister slegs, sonder om te onderbreek. Die plaaslike leier sal voortgaan om die Bybelstudies in die plek van die pionier te lei.

### 4. Die Sesde Week

Hierdie week moet die pionier verskoning aanbied omdat hy nie die byeenkoms kan bywoon nie. Hy moet egter seker maak dat die byeenkoms nogtans sal voortgaan.

## XI Bybelstorie-Vertelling

## 'N INLEIDING TOT BYBELSTORIE-VERTELLING

deur J. O. Terry

**Bybelstorie -vertelling, Wat is dit?** Dit is die gebruik van Bybelverhale met die volgende as doel: evangelisasie, gemeente stigting, dissipelskap, leierskapsopleiding en bediening.





Bybelstorie-vertelling word onderskei van ander maniere om die Bybel te onderrig deur die feit dat dit staatmaak op Bybelse vertellings wat behoue gebly het. Bybelstorie-vertelling word dikwels gebruik met verskeie vorms van lerende onderrig wat ontsluiting, induktiewe sessies en eenvoudige toepassing op die alledaagse lewe insluit.

60-70% van die inhoud van die Bybel is vertellings. Dit bevat ***duidelike verhale*** wat goed beskryf is en in een of meer verwysings as 'n storie gevind kan word. Voorbeelde hiervan is die verhale van Adam en Eva, Kain en Abel, die Vloed, Abraham wat Isak gaan offer, en vele meer. Eintlik is daar 'n paar honderd verhale waarvan sommige so lank is dat dit verskeie hoofstukke van die Bybel beslaan, en ander só kort dat dit net in 'n paar verse vertel is.

Daar is ***geïmpliseerde stories*** waarvan die gebeure verspreid in die Bybel voorkom, i.e. nie noodwendig aanmekaar nie, en ook nie noodwendig as 'n storie nie. Een so 'n verhaal is die skepping van die Geesteswêreld, as mens aanvaar dat die vertellings in Esegiël 28 en Jesaja 14 verwys na Satan se eerste status en gevolglike val. In Psalm 148:2,5 asook 'n paar ander skrifgedeeltes ontvou 'n verhaal van die skepping van geeste wat ons (beter) ken as engele en die engele wat demone geword het. Daar is ander verhale wat verband hou met Paulus se briewe waar hy sake aanspreek soos: 'n jong man se sonde in die gemeente in Korinte, onwaardige gebruik van die Nagmaal en die dwaling van die Galasiërs as gevolg van dwaalleraars.

Baie van die stories is deur Jesus vertel, of is verhale van wat Jesus gedoen het terwyl Hy onderrig het, genees het, sondes vergewe het, vrede gebring het en hongeres gevoed het. Jesus het deur gelykenisse begin leer omdat Hy teenkanting gehad het van gosdienstige leiers (lees Matteus 13:10-13 en Markus 4:1-2,33-34). Hy het later die betekenis van die gelykenisse aan Sy dissipels verduidelik.

**Hoekom stories gebruik? –** Daar is verskeie redes waarom Bybelstories gebruik behoort te word, selfs al kan ander vorms van getuienis en dissipeleringsaanbiedings gebruik word.

1. Baie van die wêreld se onbereikte mense woon in kulture waar inligting ***mondelings*** oorgedra word, nuwe dinge ***mondelings*** geleer word, en andere ***mondelings*** onderrig word. In hierdie kulture word verhale gebruik as 'n manier waarop belangrike dinge maklik onthou word deur stories. Mense van só 'n gemeenskap verkies stories as metode van onderrig, selfs al kan onderrig op ander plaasvind. Hulle beskryf dikwels mense deur stories oor hulle te vertel. Een manier om mense van God te leer, is om vir hulle verhale te vertel van God en Sy werk. Die verhale kan aan 'n groep vertel word, en die groep wat gehoor het, kan op húlle beurt weer die storie oorvertel.

2. Baie verkies vertelling omdat hulle nie kan lees en skryf nie. Daar is altyd in die kultuurgroep diegene wat kan lees en skryf, maar daar mag sommiges wees, veral ouer mense, wat gladnie kan lees of skryf nie. Selfs diegene wat kan lees, mag gepootjie word deur die feit dat hulle nie alles met begrip kan lees nie. Die hindernis van ongeletterdheid kan oorkom word deur verhale te gebruik om mense in lig en te onderrig.

Soms is die Bybel beskikbaar in die algemene handelstaal van 'n gebied, maar nie in die mense se moedertaal nie. Dit beteken dat die mense nie altyd die godsdienstige begrippe verstaan wat gebruik word nie.

3. Verhale word gebruik in 'n Bybelstorie verteltegniek om te evangeliseer, veral omdat daar òf weerstand is teen tradisionele evangelistiese aandbieding, òf totale vyandigheid teenoor die Evanglie. Dit is nie die bedoeling om die mense te kul sodat hulle





sal hoor wat hulle nie wil hoor nie. Maar, as die Bybelstories vir hulle mooi is en hulle luister met aandag, kan die Heilige Gees dít wat die mense hoor, gebruik om hulle te oortuig van sonde, en dat hulle 'n Redder nodig het.

**Nog 'n rede** om Bybelverhale te vertel, is dat die mense 'n *Mondelinge Bybel* ontvang. Wat is 'n Mondelinge Bybel? Dit is 'n Bybel met stories, spreuke en geheuetekste wat mense kan onthou en vir ander oorvertel. Dit word 'n lewende Bybel in hulle harte. Trouens, ons het almal tot 'n mate 'n Mondelinge Bybel in ons harte aangesien ons 'n redelike deel van die Bybel kan onthou uit verhale wat ons as kinders gehoor het, preke wat ons gehoor het en ons eie Bybellees en-studie.

## Watter vorms van Bybelstorie vertelling word gebruik?

**Die mees algemene vorm** wat ons almal ken, is die ***onderwerpstorie*** wat gewoonlik betrekking het op 'n Bybelse lesonderwerp. Onderwerpstories word dikwels gebruik om te onderrig en te dissipeleer en is 'n goeie manier om regstellende onderrig te gee omdat daar heelwat storielesse oor bepaalde sake is. Stories wat oor 'n spesifieke tema handel, werk die beste met mense wat reeds weet daarvan en wat die Bybel oor die algemeen aanvaar, asook dat wat die Bybel leer van toepassing is op hul lewens. Een nadeel verbonde aan onderrig oor 'n onderwerp is dat as daar nie 'n hele paar storie-lesse gebruik word nie, die verhale anders geïnterpreteer en negatief gerekonstrueer kan word om 'n verkeerde standpunt te onderskryf. Verhale wat slegs handel oor God se oordeel oor 'n sondige volk, kan die indruk skep dat God kwaad is en dat Hy net na 'n rede soek om mense te vernietig. Sulke stories moet vergesel word van ander wat die Genade van God, waardeur Hy verlossing van die straf wat sonde bring as die sondaar in Hom wil glo en doen wat Hy hulle beveel, ondersoek. Onderwerp-verhale kan die beste gebruik

word vir dissipelering en die opleiding van leiers.

***Chronologiese verhale*** pas in chronologiese tydsorde in sodat elke verhaal kan lei tot 'n volgende een, of 'n voorbereiding is vir volgende verhale. Toe die New Tribes sendelinge chronologiese onderrig gewild gemaak het, is dit hoofsaaklik onderrig deur chronologiese uitleg. Hulle het dus die Bybelverhaal in sy chronologiese volgorde onderrig en die metode gebruik wat die meeste Westers-opgeleide sendelinge sou gebruik: vers-vir-vers uitleg van wat die Bybel leer, maar sonder om te probeer om die Bybelverhale as *vertellings* te behou. Dit beteken nie dat wat hulle gedoen het verkeerd was nie, dit is net tot 'n mate beperk en kan dalk nie so suksesvol gebruik word soos mondelinge-kultuurmetodes wat Bybel storievertelling behels nie.

### Hoekom 'n chronologiese volgorde gebruik?

**Hoofsaaklik** omdat dit die volgorde (patroon) volg waarin dinge gebeur het. Dit is dus die natuurlike rangskikking van die stories. Mense van 'n mondelinge kultuur hou veral daarvan om 'n storie van die begin af in volgorde te vertel. Só onthou hulle dit beter. As 'n mens rondspring in die volgorde waarin dinge gebeur het, is dit baie verwarrend.

**Daar is nog 'n rede** om die chronologiese rangskikking van die verhale te behou. Vir diegene wat die Evangelie vyandiggesind is en wie se geloof uitgedaag word, is dit belangrik dat die verhale op mekaar kan steun. 'n Groep verhale wat verband hou, sluit die waarheid beter in. 'n Voorbeeld hiervan is die verhale oor God se belofte aan Abraham wat in die nageslag vervul word deur Isak se nageslag, nie Ismail s'n nie. Die tema wat deur die verhaal gevleg is in beloftes, rolspelers, ens. verbind die verhale aan mekaar. Dit





maak dit moeilik om die verhaal te verander, selfs al hou hulle nie van wat daardeur geleer word nie.

Dit is belangrik om mense voor te berei om die goeie nuus te hoor van 'n Verlosser. Die voorbereiding hiervoor is die slegte nuus van die mens se sondige toestand, verantwoording aan God en sy onmag om homself te red van God se wraak. Die Ou Testament-verhale is die beste agtergrond waarteen die koms van Jesus as vervulling van alle profesieë en die belofte van die Here, verkondig kan word.

**Daar is twee tipes storievertelling** wat dikwels gebruik word om mense gereed te maak om die Evangelie te hoor.

**Een is die *verhaal oor 'n spesifieke situasie.*** Dit is effektief wanneer individue of gesinne bedien word. Dit is net 'n gepaste storie wat gekies en vertel word by 'n geleentheid waar die Bybel storieverteller die kans kry om dit te gebruik. Die tipiese geleentheid om so 'n verhaal te vertel, is 'n uitnodiging om 'n huis binne te gaan om te bid vir 'n familielid of 'n gesin in nood. Dit is die geleentheid om Jesus te verheerlik deur 'n vinnige storie te vertel voordat u bid soos versoek is. Die verteller kan aanbied om later weer te kom kuier en vir hulle nog stories van Jesus uit die Woord van God te vertel. Bybelstories kan by enige geleentheid vertel word waar dit sal pas, bv. begrafnisse, troues, ens.

**Die ander soort is *die Evangelie kortliks vertel*** en sal later bespreek word.

### Waar moet ek begin wanneer ek voorberei om die Bybelstorie te vertel?

**Daar is aanvanklik twee noodsaaklike dinge** wat die storieverteller moet weet. Ons gaan van die standpunt uit dat hy reeds 'n grondige kennis van Gods Woord het.

**Eerstens** moet die storieverteller die *basiese Bybelwaarhede* ken wat iemand moet hoor en verstaan om oop te wees vir redding. Daar is 'n voorgestelde lys van ongeveer twaalf waarhede wat die storie=verteller in gedagte moet hou terwyl hy voorberei. Al dié waarhede hoef nie ewe veel klem te dra nie, aangesien party reeds bekend (verstaan) mag wees of ten minste nie deur die persoon se huidige geloof gehinder word nie. Ander waarhede mag uitgebreide aandag verg aangesien die mense diepgewortelde gelowe en praktyke mag hê in hulle kultuur. Die soewereiniteit van God is een basiese beginpunt. Dit sluit in Sy soewereiniteit oor die geesteswêreld sowel as oor die Skepping en al die mense. Ander waarhede sal handel oor die mense se 'kulturele' begrip van sonde en hoe dit versoen kan word. Nog ander het te doen met die lewe na die dood, die natuur daarvan, en wie gaan waarheen. Die grootste waarheid is dat God Self die Verlosser voorsien het soos wat Hy beloof het. Hier volg die voorgestelde lys:

**Basiese Bybelse Waarhede wat tot Redding Lei**

1. God alleen is soewerein, Hy tree op in die geskiedenis en praat met die mens.
2. God is almagtig, alwetend, die Bron van genade (liefde, vrede, vergifnis, redding, voorsiening in ons behoeftes).
3. God praat deur Sy Woord en Hy is getrou om Sy beloftes te hou.
4. God het die mens lief en wil met hom gemeenskap hou.
5. God is regverdig en Hy haat sonde.
6. God straf die sonde met die dood (skeiding van God).
7. Die mens moet aan God rekenskap gee oor alles wat hy sê en doen.
8. Die mens is 'n sondaar wat deur sy sonde vervreem is van God.





9. Die mens kan niks doen om homself te red van God se regverdige oordeel nie.
10. Die mens kan slegs deur 'n volmaakte offer na God toe kom. Dit behels geloof en vertroue in God.
11. Jesus die Seun, die Een deur God gestuur, is die enigste volmaakte Offer.
12. Verlossing vereis bekering en geloof in God se voorsiening van Jesus as Verlosser en Here.

Die lys van Basiese Bybelwaarhede bied kriteria vir 'n raamwerk vir 'n ***Kerngroep Verhale*** wat handel oor hierdie waarhede. Dit is 'n lys van verhale wat moontlik gebruik kan word vir evangelisering as die storieverteller niks weet van die wêreldsiening van die mense wat hy wil bereik nie. Hierdie lys is 'n goeie wegspringplek om 'n goeie stel Bybelverhaal-lesse op te bou vir evangelisering. Dit mag nodig wees om sommige verhale te vervang met ander wat meer op die mense van toepassing is. Die lys sluit nie verhale in wat nodig mag wees om twee belangrike verhale aan mekaar te skakel nie, ook behandel dit nie sekere Bybelse waarhede wat meer aandag en in-diepte-onderrig vereis nie. **Weereens is dit 'n voorgestelde lys van tipiese verhale wat gebruik kan word om Bybelse waarhede te dek:**

**KERN STORIELYS**

1. Die Skepping van die wêreld
2. Die Skepping van die mens
3. Die sondeval en die oordeel van Adam en Eva
4. Oordeel van 'n sondige wêreld in Noag se tyd
5. God se belofte aan Abraham – 'n Nakomeling deur wie God alle mense sal seën
6. God voorsien die offer as plaasvervanger vir Isak
7. Paasfees – die bloed en die lam

8. God gee Sy Heilige Wet – die Tien Gebooie
9. Die offersisteem – die stort van offerbloed om sonde te bedek
10. Die boodskap van die profete en die belofte van 'n Verlosser wat vir die mens sal ly
11. Die geboorte van Jesus volgens die profesie
12. Die doop van Jesus – "Daar is die Lam van God", die getuienis van Johannes en die Gees
13. Jesus en Nikodemus – "Jy moet weer gebore word."
14. Jesus het die mag om sonde te vergeef – die verlamde man en vier vriende
15. Jesus het mag oor die natuur. Hy maak die storm stil
16. Jesus het gesag oor demone – Die Besetene van Gadara
17. Jesus is die Opstanding – Jesus wek Lasarus op uit die dood
18. Abraham, Lasarus en die ryk man – 'n Mens moet die boodskap van die profete in hierdie lewe glo
19. Die Laaste Aandmaal – "Dit is my liggaam wat vir julle gebreek is, my bloed wat vir julle gestort is."
20. Jesus word verloën, gevange geneem, vals beskuldig, geoordeel en ter dood veroordeel volgens die profesieë
21. Die kruisiging, besluit vir of teen Jesus, "Dit is volbring."
22. Jesus se opstanding en verskyning aan Sy dissipels en volgelinge
23. Jesus keer terug na die Vader – die Hemelvaart

– *Die volgende verhale is opsioneel vir sekere geestelike wêreldsienings*

24. Jesus die Ware Hoëpriester (Hebreërs 8 – 9), 'n Voorspraak wat by die Vader intree vir die sondes van gelowiges (Romeine 8:34; Hebreërs 7:25).
25. Jesus se wederkoms om die gelowiges na Hom toe te neem, om ongelowiges, Satan en die bose magte te oordeel en te straf en so alle beloftes en profesieë te vervul.





Hierdie lys kernverhale se voor-die-hand-liggende swakheid is dat baie belangrike geloofsake van die teikengroep dalk nie goed genoeg aangespreek word nie. In sommige kultuurgroepe mag mense hul sondigheid verstaan en begeer om deur God aanvaar te word as deel van Sy familie. In ander kulture mag die mense egter 'n baie verkeerde idee hê van die erns van sonde en die gevolge daarvan en hulle mag aanstoot neem aan enigiets wat God aan die mens verbind en wat impliseer dat die mens gemeenskap kan hê met 'n verhewe God. Verhale oor Jesus se bediening word uitgesoek sodat die feit dat Jesus mag en krag het soos die Vader, bekend kan word.

Dit is nodig dat die storieverteller genoeg begrip sal hê van 'n volk (groep) se wêreldbeskouing; trouens, enigeen wat 'n groep wil evangeliseer, moet dit verstaan. Die belangrikheid daarvan lê daarin dat daar in enige groep se wêreldbeskouing konsepte is van hulle houding teenoor die gode wat hulle lewens beheer, hoe hulle hulself sien, en wat verkeerd of skadelik is, en hoe hulle versoening bewerk vir verkeerdhede. Dit is belangrik dat die wêreldbeskouing bekend moet wees. Nie sodat die verteller verskonings kan aanbied om verkeerde idees teen te werk nie, maar sodat hy met die groep kan gesels oor die punt van hul grootste geestelike nood terwyl hy (by)gelowe hanteer wat verhinder dat die persoon die Evangelie kan verstaan en aanneem. 'n Goeie verduideliking sou wees dat iemand se wêreldbeskouing die pionier kan inlig en lei oor hoe hy Bybelwaarhede kan gebruik wanneer hy getuig. Dit beteken dat die keuse van die verhale wat gebruik gaan word en die temas wat in die sessies ontwikkel, verband hou met Bybelse waarhede, sowel as relevante sake van die betrokke wêreldbeskouing. As die storie=verteller weet wat 'n groep se wêreldbeskouing is, help dit hom ook om te weet watter verhale hy aanvanklik moet vermy omdat hierdie verhale verkeerd verstaan kan word, of die vyandiggesindheid teenoor die Evangelie kan vergroot.

Ons het nie nou ruimte om 'n volledige verduideliking te gee oor hoe u 'n groep se wêreldbeskouing kan bepaal nie. **Daar is egter 'n paar kategorieë wat verband hou met die wêreldbeskouing wat die storieverteller kan help en waarvan hy behoort te weet. Hulle is:**

***'n Nood wat raakgesien word –*** Waar 'n groep hulself sien as hulpbehoewend, veral sover dit geestelike sake aangaan.

***Punte in hul kultuur wat verander het*** – Dit is waar daar onlangs verandering gekom het, miskien omdat die Heilige Gees die mense voorberei het vir die Evangelie, en waar dinge onder die mense voortdurend verander – hulle huidige waardesisteem en gebiede waar daar in die toekoms nog veranderinge kan kom as gevolg van die omstandighede en omgewing van die mense.

***Hindernisse vir die Evangelie*** – Daar is aktiewe hindernisse soos vyandigheid, om watter rede ookal, en ander hindernisse wat verhinder dat 'n persoon die Evangelie hoor en reageer daarop.

***Brûe na die Evangelie*** – Dit is areas in 'n kultuur waar daar 'n openheid is om die Evangelie te hoor en verligting te vind vir bestaande geestelike vrese en onsekerheid, en dit as gevolg van bestaande gelowe en verwagtinge binne die spesifieke kultuur. Daar is verskeie maniere om die saak te ondersoek, soos vraelyste wat sake en feite voorstel wat ondersoek kan word by 'n bepaalde groep. Behalwe dat die inligting nodig is, kan dit ook gebruik word om die sake wat hoofsaaklik aandag nodig het in die evangelisering as eerste prioriteit aandag te laat geniet. Daar is bevind dat daar gewoonlik net 10-12 sake is wat as ware hindernisse sterk aangespreek behoort te word. In die latere keuse van Bybelverhale sal meervoudige verhale nodig wees vir die sake waar die wêreldsiening groter struikelblokke kan veroorsaak. Laat eenvoudiger sake oorstaan vir latere dissipeleringslesse en om volwasse gelowiges te leer nadat 'n behoorlike Bybelse fondament gelê is (vir 'n verwysingsraamwerk).





**Hier volg 'n lys kernsake wat ondersoek kan word om vas te stel watter Bybelverhaal gebruik kan word by 'n bepaalde wêreldsiening.**

1. Kennis van die Bybel en houding daarteenoor as gesaghebbende Bron van die waarheid.
2. Algemene siening van Christene en of dit 'n goeie lewenstyl is.
3. Begrip van die soewereiniteit van God en Sy volkomenhede, Sy Eenheid.
4. Begrip van sonde, hoe dit ontstaan en versprei het en by alle mense teenwoordig is.
5. Die gevolge van sonde, hoe kan dit weggeneem word, die rol van offers. Word vergifnis beoefen?
6. Die rol van die geesteswêreld en die verhouding daarvan ten opsigte van die lewendes. Vrese, taboes en pogings om vrede te bewerkstellig.
7. Houding teenoor die dood, die hiernamaals, plekke van geseëndheid of straf en voorwaardes om in te gaan. Kan iemand dit verlaat nadat hy "betaal het vir sy sondes" of op een of ander manier die straf ontkom?
8. Kennis van Jesus, wie Hy is, die omstandighede van Sy koms, Sy verhouding tot God.
9. Jesus se bediening – Sy lering, genesing, vergifnis, opwekking uit die dood, implikasies.
10. Die verraad, lyding en dood van Jesus as plaasvervangende offerhande vir sonde.
11. Enige openlike of versteekte hindernisse wat kan verhoed dat die Evangelie gehoor, en verstaan en daarop gereageer sal word.
12. Enige verdere brûe (wat nie hierbo genoem is nie) soos waar God besig is om te werk en mense voor te berei.

13 Wat is die rol van tussengangers wat voorbidding doen by hulle gode, in die verandering van lewensomstandighede.
14 Speel geletterdheid 'n rol in die uitdra van die Woord van God? Is die Bybel beskikbaar in die moedertaal?
15 Watter metode van leer en onderrig verkies hulle – mondelinge kultuur? Ander?
16 Waar en wanneer vind ware onderrig plaas? Wie kan beskou word as 'n onderwyser?

***Daar is vele ander moontlike vrae om die geestelike wêreldsiening te ondersoek met die doel om dit te begryp sodat evangelisering en dissipelering kan plaasvind.***

**Voorbereiding van 'n Bybelverhaal verteltegniek.**

Hieronder volg 'n nuttige groepering van die Bybel in 'n strategie vir evangelisering, bevestiging van die geloof van nuwe gelowiges, kerkplanting, dissipelering van nuwe gelowiges en afsluiting van 'n Bybelverhaal. Hierdie strategie is van só 'n aard dat elke deel behoort oor te loop in 'n volgende sonder dat die oorgang sigbaar is. Hierdie strategie vir evangelisering en kerkplanting het gegroei uit ondervinding wat opgedoen is in 'n paar lande waar Bybelverhale gebuik word. Dit neem die natuurlike rangskikking van die inhoud van die Bybel in ag. Hierdie strategie help geweldig baie om die taak te verdeel in doelstellings wat aangepak kan word. Die Bybelwaarhede en wêreldsienings wys saam na kriteria waarvolgens Bybelverhale gekies kan word, en na temas wat moet ontwikkel in elke sessie met die groep. Hierdie strategie is slegs 'n voorstel wat aangepas kan word waar nodig.

Elke hoofdoel het 'n reeks verhale wat kan help om sake aan te spreek. **Hier volg die doelwitte en die voorgestelde verhale:**





Evangelisasie – Genesis tot Handelinge 1 (Skepping tot Hemelvaart).

Opbouing of Oorsig – Genesis tot Handelinge 1 (Oorsig slegs van belangrike verhale).

Kerkplanting – Handelinge 1 tot 12 (Die kenmerke van die Nuwe Testamentiese kerk).

Dissipelering of karakterisering – Handelinge 13 tot 28, uitgesoekte Briewe (Vestig gelowiges en laat hulle groei totdat hulle die volheid van Christus ervaar).

Eindtyd – Openbaring en ander gedeeltes wat handel oor die Eindtyd (Om 'n gees van oorwinning en feesviering aan die gemeente te bring en 'n finale waarskuwing aan ongelowiges).

**Hierdie vyf rigtings dek die basiese Bybelverhaal en dra by tot 'n aanvanklike Mondelinge Bybel vir 'n groep mense.** Die rigtings mag vertraag word sodat daar indiepte studies gemaak kan word van enige saak, en dit kan herhaal word wanneer daar 'n stadige respons is. Die mees kritieke rigting sal Evangelisasie wees, want dit is die rigting waar 'n groep eerste betrokke raak en hier word aanvanklike wêreldsiening-vraagstukke aangespreek.

Na 'n aanvanklike studie deur die Bybel is dit moontlik om weer op dieselfde chronologiese pad terug te gaan en 'n paar nuwe verhale in te pas op die regte plekke. Hierdie verhale mag handel oor onderwerpe soos liefde, vergifnis, aanbidding, ens. Hulle mag handel oor leierskap of enige spesifieke behoefte in die groep. Die chronologiese aanbieding behou die volgorde en maak dit makliker om nuwe verhale by te voeg deur te verwys na die plek waar hulle inpas. Hul doelstelling is om vir die mense 'n Bybel te gee in hulle harte wat hulle kan onthou, waarvolgens hulle kan lewe en wat hulle met ander kan deel.

**Die Bybelverhale word aangebied gedurende Storiesessies.**

**Daar is vier tipiese stadiums in elke Storiesessie.** Hier volg die struktuur van 'n ideale Storiesessie. Hoe die verteller elke deel aanbied, sal bepaal word deur sy kennis van die mense.

Die Bybel Storiesessie is NIE 'n erediens nie. Dit is onderrigtyd. As daar gebid word, moet dit kort wees en moet die Here se seën op Sy Woord gevra word sodat menseharte oop sal wees en hulle die Woord sal verstaan. Pogings van individue wat die samekoms wil verander in 'n erediens, moet teengestaan word. Later, wanneer daar positiewe reaksie op die Evangelie was, kan elemente van die erediens ingebring word omdat daar dan rede sal wees tot aanbid= ding: vergifnis van sonde en 'n nuwe verhouding tot God in Jesus.

**1. Dialoog wat die storie voorafgaan:**

1.1 Groet die mense volgens hul eie kulturele gebruike.
1.2 Vra hulle uit oor dinge wat in die gemeenskap gebeur het.
1.3 Herinner hulle aan vorige verhale en die Bybelwaarhede daarin. Lê veral klem op dié waarhede wat van toepassing is op die tema van die dag se les.
1.4 Vra vrae wat afwagting sal skep en die groep se nuuskierigheid sal prikkel. Hier is daar geen "regte" of "verkeerde" antwoorde nie. Let egter op wat gesê word en maak gebruik daarvan in die gesprek nadat die verhaal vertel is. Hierdie vrae voeg 'n bietjie "sout" by om die mense "dors" te maak vir die storie.
1.5 Gee 'n oorsig oor enige verhale wat as "brug" kan dien na die volgende verhaal. (Byvoorbeeld Moses se moord op die twee Egiptenaars forseer hom om uit Egipte te vlug en in die woestyn te gaan woon waar hy God ontmoet.)





1.6 As dit toepaslik is, kan 'n Luisteroefening gedoen word – om te luister vir spesifieke dinge in die storie om aktiewe deelname aan te moedig en belangstelling te wek.

**2. Lees uit die Bybel:**

2.1 Tel die Bybel op en hou dit in u hand (soos hulle 'n heilige boek sou hou).
2.2 Lees 'n gedeelte uit die Bybel voor waaraan u die verhaal kan "anker".
2.3 Moenie die Bybel neersit nie.

**3. Vertel die verhaal:**

3.1 Vertel die verhaal. Die oop Bybel in u hand wys dat die verhaal uit die Bybel kom.
3.2 Vertel die verhaal as 'n storie en nie as 'n beskrywing van wat God en die mense gesê en gedoen het nie.
3.3 Maak gebruik van opsommende opmerkings waar nodig om gapings in die tydsverloop te oorbrug en episodes aan mekaar te koppel.
3.4 Wees akkuraat in u vertelling, maar behou die Bybelse ritme.
3.5 Wanneer die storie klaar is – STOP! (U moet weet hoe en waar u gaan stop.) U kan nou die Bybel neersit.

**4. Lei die luisteraars sodat hulle die waarhede in die verhaal kan ontdek:**

4.1 Vra iemand om die verhaal in sy eie woorde te vertel. (As die vertelling swak en onakkuraat is, vra of iemand anders kan help om die verhaal te vertel. Hou aan vra totdat u 'n goeie weergawe kry. As daar nie een is nie, moet u self weer die verhaal vertel. Sê vir die luisteraars dat dit dalk goed is dat hulle die verhaal weer hoor.)

4.2 Laat die luisteraars reageer op die Luisteroefening as daar een was. (Hou aan vra totdat u 'n goeie antwoord kry.)
4.3 Gaan voort met die Ontdekkingsreis deur maklike vrae te vra. Beweeg geleidelik na vrae wat meer dinkwerk verg. Hiervandaan kan u voortgaan na vrae met 'n meer persoonlike toepassing.
4.4 Wanneer daar onsekerheid in die antwoorde is, vra nog taktvolle vrae. Vertel weer die verhaal as dit nodig is of herhaal gedeeltes van die verhaal as hulle dit verkies.
4.5 Hanteer verkeerde antwoorde op 'n kultureel-sensitiewe wyse. (Dankie, wil iemand anders graag antwoord?)
4.6 Moenie vrae oor waarhede wat nog later behandel sal word, hanteer nie. (Besoekende Christene kan hier probleme veroorsaak. Sê vir hulle dat u hul vrae sal hanteer sodra u daardie deel van die verhaal bereik.)
4.7 As u nie die antwoord op 'n vraag ken nie, sê vir die persoon u sal die antwoord in die Bybel gaan soek. (U ken moontlik die antwoord. Dit dien as voorbeeld vir diegene wat u oplei om nie die antwoord te waag as hulle nie weet nie. Die antwoord moet uitgestel word totdat hulle dit in die Bybel gekry het of vir iemand wat weet, gevra het.)
4.8 Wees sensitief deur die sessie betyds te stop.
4.9 Gebruik 'n geheuevers ter opsomming van die les en gee só vir die luisteraars 'n vers om in hulle harte te bewaar.
4.10 Vertel vir hulle 'n staaltjie uit u eie lewe (of u familie of volk s'n).

Onthou bogenoemde is slegs 'n voorstel van hoe die ideale storiesessie kan lyk. Wanneer daar vyandigheid of wantroue is, mag u dalk net 'n paar retoriese vrae stel en dan die verhaal vertel sonder om enige bespreking te hê, in die vertroue dat die Woord kragtig is en die gesindhede sal verander. Soos wat 'n vertrouensverhouding





groei en mense vrae begin vra, antwoord hulle deur na die verhale te verwys – die verhaal beantwoord die vrae. Met die verloop van tyd mag daar 'n openhartigheid ontstaan waar 'n onderrigsessie kan plaasvind.

**'n Oorsig oor die beplanningsproses vir chronologiese Bybel Storievertelling – Hier is 'n oorsig oor die basies voorgestelde stappe ter voorbereiding om mense te betrek by storievertelling:**

**1.** **Oorweeg die Basiese Bybelse Waarhede vir Redding.** Maak baie seker dat u weet wat die Bybel leer oor sonde, vergifnis en redding. Hersien die lys Bybelwaarhede en stel hulle in u eie woorde.

**2.** **Ondersoek u mense se wêreldsiening en hou in gedagte dat u op soek is na moontlike struikelblokke in die pad van die Evangelie.** Daar is baie interessanthede om in verband met 'n groep te wete te kom – Wat MOET u weet voordat u begin getuig sodat u nie dalk verkeerde dinge kwytraak nie? Maak 'n lys van groot struikelblokke asook enigiets wat as brug sou kon dien.

**3.** **Skryf 'n paar doelstellings neer** wat u sal help in die keuse van verhale en om onderrigtemas te identifiseer in verhale.

**4.** **Kies u verhale deur te begin met 'n model verhaallys of kern storielys en deur dit aan te pas om by u doelstelling te pas.** Onthou om hulle in die regte chronologiese volgorde te hou.

**5.** **Pas u lys** verhale **aan** om in te pas in die beskikbare tyd met u groep. Is dit dalk nodig om u tyd kort te knip as gevolg van die plantseisoen, oestyd, of slegte paaie as gevolg van reën,

of moontlike oorvol skedules?

6. **Berei eers u verhale uit die Bybel voor** en bou dan 'n les daarom om die verhaal te beklemtoon en die les aan u luisteraars oor te dra.

7. **Toets u verhale** aan 'n vriendelike informant of 'n klein groepie wat u goed ken. Verander die verhaal waar nodig ter wille van die groep se kulturele agtergrond en ter wille van duidelikheid.

8. **Tref reëlings** met owerhede om in hul area te onderrig. Kies 'n plek wat vir die hele gemeenskap bereikbaar is tensy daar 'n spesifieke rede is om dit nie te doen nie. Onthou: die doel is om die hele gemeenskap te betrek as dit moontlik is.

9. **Begin u lering en maak aanpassings** aan die storielys en lesse waar ondervinding u wys dat dit nodig is.

10. **Begin om 'n assistant op te lei** om sy eie storie vertelsessies te begin.

11. **Hou 'n joernaal aan** of maak aantekeninge wat u kan help.

12. **Dink na oor wat u doen en hoekom** sodat u ander kan oplei om te onderrig deur middel van storievertelling.

**'n Paar Bybelverhaal-temas wat al van waarde was:**

**Die Lewende God** – vir Hindu's en afgodsaanbidders

**Die Weg tot Lewe en die Hemel** – Buddhiste

**Die Lydende Dienskneg** – vir diegene wat vervolg word, rampe beleef of bedreig word.

**Die Eer van God en Mens** – ondersoek eer soos wat God die mens eer en die mens God behoort te eer, net soos Jesus die Vader geëer het.





**Verhale van Profete** – hoofsaaklik vir Moslems

**God en die vrou** – fokus op die wêreldsiening van vroue waar dit verskil van dié van mans.

**Die Ware Hoëpriester** – die behoefte aan die betroubare Middelaar waarin nét God kon voorsien.

**Die Pad na Emmaus** – alhoewel dit ontwikkel is vir Moslems, fokus dit op die vraag hoekom die Christus moes ly en moes sterf.

**Vrede met God** – praat met Hindu's en mense wat belas is met verhoudings, gebroke as gevolg van sonde.

**God se gesin** – fokus op die gebroke verhouding met God, deur sonde, en die herstel daarvan wanneer die sondaar berou het en hom bekeer en so vergifnis verkry van sonde.

(Verlossing)

***Die waarde van 'n tema is dat dit help om lestemas asook lesaktiwiteite en vrae te ontwikkel.***

**'n Spesiale gebruik van Bybelverhale is vir 'n verskeidenheid doele nuttig. *'n Voëlvlug oor die Evangelie* is vinnig – Wat is dit?**

***'n Voëlvlug oor die Evangelie*** is 'n aaneenlopende vertelling van Bybelverhale, in chronologiese volgorde, van 'n beginpunt (gewoonlik die Skepping) tot die verhaal van Jesus. Die tydsverloop van vertelsessies kan wissel van 'n uur tot 'n paar dae, afhangende van hoeveel stories gebruik word en hoeveel detail ingesluit word. In 'n voëlvlug stop die verteller nie om te onderrig of vrae te beantwoord nie. Die impak van die voëlvlug lê juis daarin dat die stories inmekaar vloei as gevolg van ononderbrokenheid. Ons weet dat luisteraar nie alles kan onthou wat hulle hoor nie, maar hulle kry die strekking én 'n uitstekende oorsig oor die Bybelverhaal wat hulle laat sien waarheen dit op pad is.

**Hoe kan 'n voëlvlug tot hulp wees? Eerstens** kan dit gebruik word om vas te stel of daar belangstelling is en 'n potensiële reaksie op die Evangelie. Dit beweeg vinnig en daar is nie juis kans vir verharding ten opsigte van een bepaalde storie nie. As die verhaal goed vertel word, bly die mense bereid om te luister, selfs al stem hulle nie saam met wat vertel word nie, of hulle geloof aangespreek word. As die luisteraar belangstel in die verhaal en meer wil hoor, reël vir 'n gewone storie-vertel-strategie.

**Tweedens** kan die voëlvlug help om veronderstelde wêreldsienings te toets wanneer 'n model van spesifieke stories saamgevoeg word. Dit weerhou 'n mens om lang weke/maande deur 'n groep verhale te werk voor hy kan sien of hy deurdring.

**Derdens** kan 'n voëlvlug gebruik word vir mense wat as gevolg van omstandighede vir langer tye onbereikbaar is.

**Vierdens** kan die metode gebruik word om die tyd te benut wanneer u gevra word om ná geestelike werk tyd deur te bring in 'n sekere area. U kan byvoorbeeld 'n storie vertel terwyl u wag dat 'n maaltyd voorberei word wanneer u gevra is om te bly vir ete nadat u vir 'n gesin of groep mense in die gemeenskap gebid het. Maak altyd seker dat u vir die mense sê dat iemand vir hulle meer sulke verhale kan kom vertel sodat hulle beter kan verstaan. Gewoonlik hou mense daarvan om stories weer te hoor sodat hulle kan ontspan en meer *inneem*.

**Vyfdens** is 'n voëlvlug oor die Ou Testament 'n uitstekende manier om 'n groep voor te berei om die Jesus Film te sien. Dit is selfs beter om te trek tot in Lukas deur die verhaaltrant in die Jesus Film te volg. So sal hulle beter voorbereid wees om die film te verstaan.

**Sesdens** kan die voëlvlug-metode in 'n aangepaste kort sessie gebruik word by 'n siekbed, terwyl u op reis is of by 'n huisbesoek.





**Die gebruik van Bybelprente in 'n storie vertelsessie** – Die ou spreekwoord sê 'n goeie prent is meer werd as 'n duisend woorde. Dit is tot 'n mate waar. Prente het voor- sowel as nadele. 'n Goeie stel Bybelonderrig prente kan van groot waarde wees wanneer 'n storie vertel word en dit laat 'n persoon wat normaalweg nie aanvaar sou word as 'n onderwyser nie, kwalifiseer as een, omdat hy prente gebruik (en hopelik 'n grondige kennis het van stories).

**Voordele:**

Prente help om die agtergrond vir stories en onbekende aktiwiteite te verduidelik (altare en offerhandes, die tabernakel, die kruisiging).

Prente is nuttig om vroeëre stories te hersien omdat dit met die storie geassosieer word en dus die geheue aanwakker.

Prente kan help met die vlot verloop van die verhaal omdat hulle in volgorde gewys word.

Prente help om die geloofwaardigheid in die storie of die klimaks te illustreer.

Prente kan help om vir 'n andersins skrikkerige storieverteller moed (en fokus) te gee.

Kontekstuele prente mag van die kulturele skok wat die aanbieding van die verhaal dalk kan bring, versag.

Baie prente het geweldige emosionele inhoud in sekere kulture – die verlore seun by die vader se voete, die vrou wat Jesus se voete met haar hare afdroog.

Prente, veral in vol kleur, is nodig om sekere dinge in stories te illustreer, soos die gestorte bloed in Ou Testamentiese offers en van Christus aan die kruis.

**Nadele:**

Koste en beskikbaarheid.

Wanneer prente ingebring word, mág dit dalk vir nuwe storievertellers impliseer dat 'n mens prente *moet* hê om stories te kan vertel. (Dink voor u doen!)

Kultureel-onvanpaste dinge kan deur middel van prente ingebring word – lengte van vroue se klere, Jesus en die Samaritaanse vrou alleen by die put, ens.

Dit mag die fokus lê op die verkeerde oomblik in die verhaal – Noag en sy seuns besig om die ark te bou, ens.

Nie-evangeliese prente mag 'n verkeerde manier van doop voorhou.

Prente word naderhand lelik en verniel van herhaaldelike gebruik as dit nie netjies gebêre en vervoer word nie en moet periodiek vervang word.

Prente van profete is oor die algemeen onaanvaarbaar vir konserwatiewe Moslems.

Kontekstuele prente mag die kulturele skok versag deur identifisering met kleredrag, ras en gelaatstrekke, maar is histories onakkuraat. (Dit is 'n keuse tussen akkuraatheid en effektiewe onderrig van die punt wat met die les gemaak wil word.)

***Toets altyd prente vooraf voordat u hulle gebruik om vas te stel watter prente aanvaarbaar is en watter nie die boodskap goed oordra nie.***

Die opleiding van Bybel-storievertellers is van die grootste belang. Bybelstories is self 'n goeie bron vir die onderrig van goeie leier=skapsbeginsels en kontrastering daarvan met die swak leierskaps=beginsels. Oefening is nodig. Elke verteller het sy eie styl. As u goed wil stories vertel sonder om afhanklik te wees van notas, moet u baie tyd spandeer en nie tou opgooi nie. Dit is die moeite werd. Die EERSTE PERSOON wat deur die verhale verander sal word, is die storieverteller self. Die Woord van God sal nooit weer vir u dieselfde wees nie. U sal die verhale LEEF. U sal foute maak, soos





almal van ons. Onthou: selfs 'n kind kan 'n storie vertel. U ook. Die verhale wat u vertel, is vir volwassenes, het volwasse temas, en sal help in die bepaling van waar die luisteraars die ewigheid sal deurbring.

Daar is mense wat opleiding gee in Bybel-storievertelkuns en wat vir u leiding kan gee sodat u 'n effektiewe Bybelstorie vertelstyl kan ontwikkel. Mag die Here u seën terwyl u DIE VERHAAL VERTEL.

**J.O. Terry, 2 Marine Vista, #20-75 Neptune Court, Republic of Singapore 449026**
**Or: International Mission Board/SBC Box 6767 Richmond, VA. 23230**

## XII Bybel storievertelkuns

### deur Jackson Day

Bybelverhale sluit die historiese vertellings in die Bybel en Jesus se gelykenisse in. Stories is die algemeenste vorm van letterkunde in die Bybel. Uit die nege-en-dertig boeke van die Ou Testament bevat vier-en-dertig verhale van dinge wat gebeur het. Die volgende Ou Testamentiese boeke bevat hoofsaaklik historiese verhale: Genesis, Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester, Daniël, Jona en Haggai. Groot dele van Eksodus, Numeri, Job, Jesaja, Jeremia en Esegiël beslaan geskiedkundige verhale. Die sewe-en-twintig Nuwe Testamentiese boeke bevat 'n mengsel van verhale, onderwysing, bemoediging, gesprekke, waarskuwings en profesieë. Elke Nuwe Testamentiese boek bevat verhale. Die grootste deel van die vier Evangelies, Matteus, Markus, Lukas en Johannes, is verhale. Feitlik die hele Handelinge is 'n vertelling. Bybelverhale is God se hoofinstrument waarmee Hy vir die mens Sy waarhede wil leer.

## Gebruik Bybelstories vir diegene wat vasbeslote is om Bybelse lering te verwerp

Stories is die beste manier om die siening van diegene wat hulle voorgeneem het om Bybelse lering te verwerp, te verander. Mense wat direkte konfrontasie met die evangeliewaarhede vyandiggesind is, mag na Bybelverhale luister. Billy kon nie 'n pil sluk nie. Sy ma het letterlik alles probeer, maar hy *kon* die pil nie sluk nie. Sy het gedreig om hom te slaan, sy het hom lekkers belowe. Maar die pil het elke keer op die punt van sy tong geeïndig. Toe kry sy ma 'n plan: sy sny 'n rosyntjie oop, sit die pil daarin en gee dit vir Billy. Hy kon die rosyntjie met die versteekte pil sluk, maar nooit nét die pil nie, al was die pil op sy eie baie kleiner! Bybelverhale is uitstekende 'rosyntjies' waarin die waarhede wat só moeilik gesluk word, "toegedraai" kan word. Waar 'n front-aanval beslis sou faal, word die storie 'n 'rosyntjie' wat die waarheid bevat wat so moeilik geglo (gesluk) kan word.

Bybelverhale help om in ander mense wat nie belangstel in die Evangelie nie, luisteraars te vind. Party mense het geen begeerte om die Evangelie te hoor nie, nie as gevolg van vyandigheid nie, maar bloot as gevolg van afsydigheid. Hulle wil graag vermaak word, maar stel geensins belang in God se waarhede nie. Dit mag nodig wees om hulle te trakteer op Bybelstories sodat hulle teenwoordig kan wees om die Woord van God te hoor. Die Bybelverhaal word 'n heerlike rosyntjie. Terwyl die luisteraar die storie "sluk", kan die Waarheid van God die luisteraar wat gekom het om vermaak te word, verander.

## Gebruik Bybelverhale in 'n verhale -vlug, in 'n reeks of as een enkele verhaal





## Op 'n verhale -vlug

Een van die beste maniere om goddelike waarhede vir iemand te leer, is om die historiese volgorde te volg. God het die Skrif al meer openbaar binne die struktuur en konteks van die geskiedenis. Die Bybel het 'n historiese volgorde en dit sal met groter duidelikheid oorgedra word wanneer dit in historiese volgorde geskied, van Genesis af tot by Openbaring. 'n Verhale-vlug begin by die skepping in Genesis, gaan dwarsdeur die Ou Testament, behandel die lewe, dood, opstanding en hemelvaart van Jesus, gaan voort deur Handelinge, plaas die briewe in hul korrekte chronologiese volgorde binne Handelinge, en sluit af met verhale oor die eindtyd.

**'n Verhale-vlug** is hoogs effektief om mense met geringe Bybelkennis te evangeliseer. Vertel uitgesoekte Ou Testamentiese verhale wat die volkomenheid van God teenoor die sondigheid van die mens beklemtoon. Vertel dan Nuwe Testamentiese verhale uit die vier Evangelies oor Jesus se lewe, die mense wat Hom gevolg het, Sy kruisiging en opstanding. Sluit af met verhale uit Handelinge oor dié wat tot bekering gekom het.

**Die Meer-verhale-vlug** is 'n plan om 'n groep stories te vertel en te her-vertel vir dieselfde groep luisteraars, maar met verskeie doelstellings. Verhale wat beklemtoon word in elke vlug, word gekies om 'n spesifieke behoefte by die luisteraars met wie hulle op die spoor is, aan te spreek. Die Meer-verhale-vlug ontwikkel verskeie roetes. Ek lê klem op drie: die Evangelistiese vlug, die Dissipelskapsvlug en die Leierskap-Toerustingsvlug. Die Meer-verhale-vlug se planne word gewoonlik gebruik vir ongeletterde mense in stam- of volksverband of groepe mense wat die Christendom nie goedgesind is nie. Daar is egter ander moontlikhede vir Meer-verhale-vlugte.

**Die Enkel-verhale-vlug** bied 'n groep Bybelverhale een maal in chronologiese volgorde aan. Met elke verhaal word waarhede be=

klemtoon wat verband hou met die behoefte van die luisteraars. Die Enkel-verhale-vlug is van nut wanneer groepe wat 'n skryftaal het en bekend is met die Christendom, geëvangeliseer en onderrig word.

### In 'n reeks studies of preke

Daar is baie moontlikhede waar Bybelverhale in 'n reeks gebruik kan word:

- hoofkarakters in Genesis
- wonderwerke in die Ou Testament
- groot profete
- Jesus se gelykenisse
- Jesus se wonderwerke
- mense wat alleen met Jesus gepraat het
- mense wat deur Jesus geprys is
- gebeure in die vroeë kerk
- gebeure in Paulus se lewe

### As 'n enkel verhaal

Wanneer 'n verhaal net by een geleentheid vertel word, word dit afgesonder vir 'n spesifieke groep by 'n spesifieke geleentheid. By so 'n geleentheid word 'n verhaal vertel wat op sy eie staan, nie een wat deel uitmaak van 'n vlug of 'n reeks nie.

'n Enkel verhaal kan voordeel trek uit die geleentheid, bv. 'n begrafnis, 'n bruilof, 'n uitnodiging vir siekebesoek, 'n verjaarsdagparty, 'n huweliksherdenking. Vertel een of twee Bybelstories wat by die geleentheid pas. Byvoorbeeld:

- 'n Jong predikant is gevra om die begrafnis van 'n ou dame te lei. Hy het die verhaal vertel van Petrus wat Dorkas opgewek het en



gesê: "Net soos die weduwees vir Petrus die klere wys wat Dorkas vir hulle gemaak het, wil ons vandag onthou wat Tant Lenie alles gedoen het. Petrus het Dorkas uit die dood opgewek; ons word vertroos in ons hartseer omdat Tant Lenie se geloof in Jesus sal uitloop op haar opstanding in 'n nuwe lewe."

'n Enkel Bybelverhaal kan gebruik word om 'n spesifieke vraag of geestelike behoefte op te los. Byvoorbeeld:

- 'n Luisteraar glo dat 'n krimineel nie gered kan word nie. Die verteller kan die verhaal van die misdadiger wat saam met Jesus gekruisig is, gebruik, of Saulus se bekering, om te verduidelik dat Jesus gekom het om selfs kriminele te soek en te red.
- 'n Jong gelowige begin weer drink en word dronk. Party gemeentelede wil hom nie nog 'n kans gee nie. Die verhaal van Jesus en Petrus nádat Petrus Hom verloën het, is hier gepas.

## HOE OM 'N BYBELVERHAAL TE ANALISEER

Voordat iemand 'n effektiewe storieverteller kan wees, of 'n prediker-leraar wat verhale gebruik, moet hy eers verhale (stories) kan analiseer. Die volgende stappe verduidelik hoe 'n Bybelverhaal geanaliseer kan word. Lees, lees en lees die verhaal oor en oor. Lees die Skrifgedeelte waar die verhaal opgeteken is 'n paar keer deur. Dit help baie om die gedeelte in verskillende Bybelvertalings te lees.

### Identifiseer die verhaal se struktuur:

**'n Tipiese storie het die volgende struktuur:**

- die openingsgedeelte waar die probleem of behoefte gestel, geskep of geïdentifiseer word.
- die episodiese deel waarin die verhaal ontwikkel met 'n patroon van probleem, konflik en mislukte pogings tot oplossings.

✂ die klimaks gedeelte waar die uiteinde van die verhaal vertel word.

**Stappe om die verhaalstruktuur te identifiseer**

**1. Oordink die konteks van die Bybelverhaal**

Die konteks neem die agtergrond in ag: wie het die verhaal vertel, wat is die historiese agtergrond daarvan, wat het vooraf gebeur wat die vertelling kon beïnvloed? Dink na oor wat die konteks (Skrifgedeelte vóór en ná die gedeelte wat die verhaal bevat) onthul in verband met die historiese omstandighede en dié deel van die verhaal.

**2. Bepaal wie die sleutelkarakter(s) is**

Vind uit wie die sleutelkarakter(s) is in die verhaal en wie die hoofkarakter is in die vertelling. Soms is daar net een, maar in ander vertellings staan meer as een persoon uit.

**3. Bepaal die plek waar die gebeure plaasvind.**

Soms is dit nodig om duidelik te weet waar die verhaal afspeel sodat dit goed verstaan kan word, ander kere is dit onnodig.

**4. Bepaal sleutel-herhalings.**

Woorde, temas, feite of idees word dikwels herhaal, soms presies net so, ander kere met minimale verskil, om gebeure in 'n Bybel=verhaal aan mekaar te bind. Herhaling in Bybelverhale beklemtoon waarhede, werk op na 'n klimaks of druk sterk emosies uit. Omdat herhaling doelbewus gebruik word, is dit belangrik om op die uitkyk te wees daarvoor.

*Thomas Wade Akins*



Byvoorbeeld: In die verhaal van Josef in Potifar se huis word sekere feite herhaal:

- die Here was by Josef (Gen. 39:2, 21, 23);
- Josef was in beheer van Potifar se huis (Gen. 39: 4, 6, 8, 9);
- Potifar se vrou vra hom om by haar te slaap (Gen. 39: 7, 10,12).

**5. Stel vas watter gesindhede in die verhaal na vore kom**

Verhale dra gesindhede en emosies oor. Dit mag 'n positiewe of 'n negatiewe gesindheid uitdruk. (Gedwonge) aanvaarding, sinisme, vyandigheid, skok, verskrikking, smart, pyn, liefde, vreugde, verrassing en verwondering is 'n paar gesindhede wat deur verhale weerspieël kan word. Die storieverteller moet dieselfde gesindheid oordra as dié in die Bybel. Hy moet sy luisteraars help om dieselfde emosies te beleef (voel) as wat in die Bybel uitgedruk word.

**6. Stel vas wat die sleutel probleem is.**

Verhale begin met 'n probleem/behoefte wat met elke episode in 'n reeks stories toeneem in intensiteit totdat 'n klimaks bereik word. In die eerste episodes van die Bybelverhaal word daar gewoonlik 'n probleem geskep of geïdentifiseer wat die sleutel is tot die begrip van die verhaal. Voorbeelde van probleme wat in Bybelverhale voorkom, is: vyande, opposisie, konflik, verdrukking, teenstelling, gevaar, onbevredigde behoeftes, meer as een persoon wat 'n doel nastreef wat slegs één kan bereik, God se wil in konflik met die mens se begeertes. 'n Mens moet vasstel wat die hoof probleem of behoefte is die een wat in die begin van die verhaal gestel is.

**7. Identifiseer die episodes in hul chronologiese volgorde.**

Bybelverhale word gerangskik in 'n reeks episodes. 'n Mens moet die reeks erken van die begin van die verhaal tot aan die einde

*Thomas Wade Akins*

daarvan. Die verhaal ontwikkel met sy patroon van probleme, konflik en mislukte pogings om ’n oplossing te vind totdat die uiteinde bereik word. Elke gebeurtenis wat die probleem kompliseer, of elke poging om ’n oplossing te vind, is ’n episode in die verhaal. Party verhale is kompleks en het onderafdelings waar daar handeling plaasvind binne bepaalde gebeurtenisse. Die handeling in ’n meer gekompliseerde verhaal het baie meer kinkels. Elke onderafdeling, handeling, plan, verandering in gebeure of nuwe ontwikkeling, is ’n episode in die verhaal. Behou hierdie episode in die plek waar dit in die vertelling pas.

Nadat vasgestel is wat die eintlike probleem is, let op die volgorde van gebeure totdat die verhaal sy hoogtepunt (klimaks) bereik.

### 8. Ontdek die hoogtepunt (klimaks) van die verhaal.

Die sleutelprobleem wat aan die begin van die verhaal bepaal word en die klimaks hou verband met mekaar. Die verhaal ontwikkel totdat daar ’n finale uitslag is vir die “probleem”, of dit nou ’n gelukkige of ’n hartseer episode is. Party verhale eindig op ’n positiewe noot, ander weer op ’n negatiewe. Ontdek wat gebeur as gevolg van ’n karakter wat ’n probleem wil oplos, of die behoefte wat die basis vorm van die verhaal, wil bevredig.

### Ontdek lesse wat in die verhaal na vore kom

Ontdek belangrike lesse/waarhede wat die storie leer en skryf hulle neer.

Soek die mees voor-die-hand-liggende lesse uit en probeer al hierdie lesse wat in die storie geleer word, uithaal.

Onderstreep of merk die lesse wat die belangrikste is vir u



studente/luisteraars. ’n Mens kan baie lesse ontdek in enige Bybelverhaal. Dit is onmoontlik om almal te gebruik in een preek of Bybelstudie. Kies dié wat u wil gebruik en merk hulle.

## VOORBEELD-ANALISE VAN ’N BYBELVERHAAL

VERHAAL: Josef se versoeking
TEKS: Genesis 39: 1-23
STRUKTUUR:
KONTEKS:

Josef se broers verkoop hom aan slawehandelaars (Genesis 37). Hy word Egipte toe geneem en hier aan die kaptein van Farao se lyfwag, ene Potifar, verkoop (Genesis 39:1).

**Hoofkarakter:** Josef

**Plek waar die verhaal afspeel:** Potifar se huis, Egipte

**Sleutel-herhalings:**
— “Die Here was by Josef” (39:2, 3, 21, 23).
— Potifar het Josef oor al sy besittings aangestel (39:4, 5, 6, 8).
— Potifar se vrou het Josef gevra om by haar te slaap (39:7, 10, 12).
— Potifar se vrou het Josef by die bediendes daarvan beskuldig dat hy met haar gemeenskap wou hê (39:14-15) en sy het vir haar man dieselfde vertel (39:17-18).

**Belangrikste gesindhede:**
- Hoop te midde van wanhoop:
  > Josef, die slaaf, is tot seën vir ander (39:1-5).
  > Josef word versoek, maar weerstaan dit (39:9-12).
  > Josef word vals beskuldig maar dit gaan goed met hom in die tronk (39:14-23).

- Potfar se vrou begeer om gemeenskap te hê met Josef (39:7-11).
- Josef weerstaan verleiding (39:8-12)
- Potifar is woedend toe hy sy vrou se beskuldigings teen Josef hoor (39:19).

**Die grootste probleem:** Potifar se vrou begeer Josef.

**Gebeure in chronologiese volgorde:**

— Josef word as slaaf weggevoer na Egipte waar Potifar hom koop (39:1).

— Die Here was by Josef (39:2).

— Josef wen Potifar se guns en word oor sy hele huishouding aangestel (39:4-6).

— Josef was baie aantreklik en sy meester se vrou nooi hom om by haar te slaap (39:7).

— Josef weier: "[8c]Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas. [9]Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!" (39:8-9).

— Sy het Josef dag vir dag genooi, maar hy het selfs geweier om alleen by haar te wees (39:10).

— Toe Josef eendag alleen was in die huis, het sy hom aan die klere gegryp. Josef het buitentoe gevlug terwyl sy 'n stuk van sy klere in haar hand gehou het (39:11-12).

— Die vrou het die bediendes geroep en gesê: "[14b]'Kyk, Meneer het hierdie Hebreër na ons toe gebring om ons te kom verneder. Hy wou by my kom slaap, maar toe ek hard begin skree [15]en hy hoor hoe hard ek aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos.' " (39:13-15).



— Toe Potifar tuis kom, het sy vrou vir hom gesê: "[17b]Die Hebreeuse slaaf wat jy hier by ons ingebring het, het by my kom aanlê, [18]maar toe ek hard aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos." (39:17-18).

— Potifar was kwaad en het Josef in die tronk laat gooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou word (39:19-20).

— In die tronk was die Here by Josef. (39:21).

**Klimaks:**

Josef word in die tronk gegooi, maar die Here is by hom (39:20-21).

## LESSE WAT DIE VERHAAL ONS LEER:

1. 'n Dienaar van die Here kan onregverdig behandel word. Josef is aan slawehandelaars verkoop (39:1) en later in die tronk gegooi as gevolg van vals beskuldigings (39:20).

2. Die Here is altyd by diegene wat getrou is aan Hom. Hy was by Josef (39:2, 21, 23; Psalm 46:1-2).

3. Wanneer die ongelowiges agterkom dat die Here Sy dienskneg seën, is die dienskneg 'n goeie getuie. Potifar het gesien dat die Here by Josef was (39:3).

4. Iemand wat God nié dien nie, kan geseën word ter wille van die gelowige met wie hulle 'n verhouding het. Die Here het Potifar geseën ter wille van Josef (39:5).

5. Die een wat God dien, sal onderwerp word aan versoekings. Die sewentienjarige Josef was in die versoeking om gemeenskap te hê met sy meester se vrou (39:7, 10-12).

6. ’n Mens kan blind word vir morele waardes. Potifar se vrou was blind vir die belangrikheid van morele waardes in die huis (39:7).

7. Geloof in God gee vir ’n mens rede om versoekings te weerstaan. Josef se geloof in God het hom bewus gemaak daarvan dat hy sou sondig as hy sy meester sou verraai (39:9).

8. As ’n mens ’n medemens kwaad aandoen, sondig jy teen God. Josef het besef dat dit ’n sonde teen God sou wees as hy sou toegee aan Potifar se vrou (39:9).

9. As ’n mens ’n ander probeer verlei, mag hy die persoon haat as hy nie wil toegee nie. Potifar se vrou wou Josef verlei, maar wou wraakneem toe hy nie toegee nie (39:13-19).

10. Die persoon wat toegee aan versoeking, blameer gewoonlik ander mense. Potifar se vrou wou nie die skuld dra vir haar pogings om Josef te verlei nie en het sy kledingstuk wat sy agtergehou het, gebruik om hom vals te beskuldig (39:13-14).

11. Die dienaars van die Here lewe in ’n korrupte wêreld en mag dalk onregverdigheid ly as ’n direkte gevolg van korrekte optrede. Toe Josef verleiding teengestaan het, is hy vals beskuldig en opgesluit (39:20).

12. Die Here is by Sy dienaar wat onregverdig behandel word. Hy was by Josef (39:2-5, 23).



## METODES VAN KOMMUNIKASIE DEUR MIDDEL VAN BYBELVERHALE

Verskillende maniere kan gebruik word om Bybelverhale oor te dra. Soms word net die storie vertel, in ander gevalle word die storie slegs gebruik as manier van onderrig of om te preek. Hier volg ’n paar belangrike metodes wat gevolg kan word:

### Vertel ’n Storie

Hierdie metode vertel die Bybelverhaal feitelik korrek volgens die Bybel. Wanneer die verhaal klaar is, is die vertelling klaar. Die verteller vermy dit om te verander aan die feite soos wat hulle in die Bybel opgeteken is. Hy neem egter vrymoedigheid om die verhaal in sy eie woorde te vertel en om vreemde feite kortliks aan die luisteraars te verduidelik.

Gewoonlik word ’n verhaal of ’n groep verhale in chronologiese volgorde vertel. Om die Bybelverhaal as ’n storie te vertel, begin vertellers by Genesis met die Skepping en gaan voort deur uitgesoekte verhale in die Ou Testament. Hierna vertel hulle die gebeure rondom die geboorte, lewe, kruisiging, opstanding en hemelvaart van Jesus. Hulle sluit dan af met gebeure uit die boek Handelinge. ’n Belangrike saak is die korrekte volgorde en dat die verhaal behou sal word soos wat dit in die Bybel opgeteken is.

Wanneer die metode in die erediens as ’n preek gebruik word, is die begin en einde van die verhaal ook die begin en einde van die preek. Die preek is dan ’n Bybelstorie wat vertel word.

### Vertel stories en voer Dialoog

Die verteller wat hierdie metode gebruik, vertel die Bybelverhaal

eers en bespreek dit dan met sy luisteraars. Hy mag 'n paar vrae vra en sy luisteraars aanmoedig om die verhaal te bespreek, maar die luisteraar(s) bepaal die rigting waarin die bespreking gaan. Storievertel met dialoogvoering word deur baie sendingbedienings aan stamme wat nie 'n geskrewe taal het nie en wat min of geen kennis van die Bybel, het gebruik. Dit is ook die mees effektiewe manier om groepe wat die Christendom vyandiggesind is sover te kry om te luister. Die storieverteller mag vir 'n tyd lank een storie per week vertel, of hy kan al die stories binne 'n paar uur of 'n paar dae vertel. Nadat al die stories vertel is, bespreek die luisteraars hulle.

**Verhalende Onderrig**

Hierdie onderrigmetode leer mense met behulp van verhale. Die onderwyser vertel die verhaal en leer dan waarhede wat hy daaruit gehaal het aan sy groep. Die verhaal is die inhoud van die lesplan. Die Bybelvertelling is die hoofsaak, maar die klem val op onderrig. Ek lê veral klem op twee metodes wat by Verhalende Onderrig gebruik kan word.

Verhalende Onderrig met vrae: Die onderwyser vertel die verhaal en vra dan vrae waarmee hy die groep lei om self waarhede uit die vertelling te ontdek. Die verteller verduidelik nie die verhaal of die waarhede wat daaruit gehaal is nie. Hy vra vrae om luisteraars te lei om die waarhede self te ontdek.

Verhalende Onderrig met vrae is verskillend van storievertel met dialoogvoering. By laasgenoemde metode word die bespreking geopen en gestop en mag luisteraars self bepaal in watter rigting die bespreking gaan. By Verhalende Onderrig word waarhede in die verhaal bekend gemaak en leerders ontdek hulle deur middel van vrae wat die onderwyser vra om hulle te lei om dié waarhede te ontdek wat hý graag wil onthul.



Verhalende Onderrig met 'n lesplan: die onderwyser kies waarhede wat hy in die verhaal ontdek het, skryf die lesse wat hy kies, neer, verduidelik hulle en lei besprekings deur vrae te vra oor die verhaal en die lesse wat hy gekies het.

**Verhalende Prediking**

Storievertelling kan gekoppel word aan prediking. Die prediker vertel die verhaal en gebruik dit dan as basis vir die prediking. Die verhaal is die teks vir die boodskap. Die hoofsaak is hier eweneens die Bybelvertelling, maar die klem lê op 'n boodskap en toepassing. Ek lê hier klem op twee basiese metodes.

Die storieverteller-prediker wat eers 'n storie vertel en dan preek, vertel 'n verhaal wat dien as teks vir sy boodskap en gebruik dan die lesse in die verhaal as hoofpunte vir die boodskap. Die toepassing van die boodskap volg eers nadat die verhaal vertel is.

Die storieverteller wat die vertelling kombineer met die prediking, vertel die Bybelverhaal tussendeur. Wanneer hy by 'n gedeelte kom wat 'n les het, staak hy eers die verhaal, voeg die les in en bespreek dit as 'n punt van sy boodskap. Daarna gaan hy voort totdat die verhaal klaar vertel is.

**SAMEVATTING**

Bybelverhale bring God se boodskap aan mense. Dit is makliker om 'n Bybelverhaal te bestudeer en reg te interpreteer as om leerstellingstukke soos Paulus se briewe te verstaan. Die maklikste boodskap of Bybelstudie om voor te berei, is een met 'n Bybelverhaal as inhoud. Daar is minder gevaar dat 'n nuwe leier die Bybel verkeerd interpreteer en foute begaan as hy Bybelverhale gebruik. Almal hou van stories. Luisteraars sal dus aandag gee, die

Woord van God sal oorgedra en verstaan word en lewens sal verander.

Die storieverteller kan die Bybel vertrou om meer vrug voort te bring as waarop hy kan hoop. ’n Mens kan nooit die gevolge van ’n goed-vertelde storie voorspel nie, maar die verteller behoort te verwag dat hy met vreugde verras sal word. ’n Bybelverhaal kan vergelyk word met die saad van Jesus se gelykenisse wat self groei en meer vrug voortbring as wat verwag is. ’n Goed-vertelde verhaal sal vrug voortbring. Vertrou die verhaal! Vertel die verhaal! Onderrig die verhaal! Preek die verhaal!

**Pastor Jackson Day is ’n bekende kundige op die gebied van die Bybelstorie vertelkuns. Hy en sy vrou, Doris, is sendelinge in Brasilië en het baie materiaal geskryf vir Storievertelling. U kan hom kontak by: Jackson Day, IMB/SBC, Box 6767, Richmond, Va. 23230, USA.**

## XIII Die Pionier en die Stappe van die Pionier Evangelisasie-Metode

Dit is baie belangrik dat elke Pionier die stappe van die Pionier Evangelisasie Metode baie goed verstaan. Kom ons kyk noukeurig daarna. Hierdie boek sal elkeen apart en in besonderheid verduidelik.

**BELANGRIK: Dit is baie belangrik dat u verstaan watter materiaal in hierdie program gebruik is asook die verwysing daarna in hierdie opleidingshandleiding. Enige goeie evangelistiese opvolg- en dissipelskapsmateriaal sal werk. Die persoon wat die Evangelie aanbied en die opvolgwerk doen, is belangriker as die materiaal self.**



Die volgende materiaal is gebruik:

- Traktaatjie: “Hoe om die Ewige Lewe te Hê” deur Wade Akins
- Basiese Evangelistiese Bybelstudies: “Goeie Nuus van God” deur Waylon Moore
  “Goeie Nuus vir Jou” deur dr. Charles Brock
  “Goeie Nuus van Jesus” deur Christy A. Brawner (Uitstekend vir mense wat nie lees nie)
- Vereenvoudigde Evangelistiese Studies: “ ’n Nuwe Lewe” deur Wade Akins. Vir mense wat nie goed lees nie. Hierdie studies bevat dieselfde inligting as die traktaatjie hierbo, maar is verdeel in sewe lesse. Uitstekend vir mense wat nie lees nie.
- Onmiddellike opvolgblad: “Ses Waarhede vir Nuwe Gelowiges” deur Wade Akins. Moet binne 48 uur van ’n persoon se bekering gedoen word.
- Dissipelskap Bybelstudies: “Ek is ’n Nuwe Christen, wat nou?” deur dr. Charles Brock.
- Dissipelskap Bybelverhale: “Begin ’n Nuwe Lewe in Christus” deur Christy A. Brawner. Uitstekend vir mense wat nie lees nie.

Terwyl u die handleiding bestudeer, sal u merk dat daar na bo= genoemde werke verwys word. U mag egter van ander materiaal gebruik maak as u dit sou verkies. Vir hierdie opleiding verwys ons na die traktaatjie “Hoe om die Ewige Lewe te Hê”. Ander voorbeelde van soortgelyke materiaal is: “Four Spiritual Laws” van *Campus Crusade for Christ* en “Steps to Peace with God” deur Billy Graham. Elke keer as daar verwys word na “Hoe om die Ewige

Lewe te Hê", mag u gebruik maak van die Evangelie traktaatjie van u keuse. Dieselfde geld vir enige van die ander materiaal wat hierbo genoem is.

### Die Stappe van die Pionier Evangelisasie Metode:

1. Vind meer uit in verband met die plek waar u beplan om te werk. Kies die area(s) waar u selgroepe wil begin en begin om kontak op te bou met die mense.
2. Begin Bybelstudies in huise deur gebruik te maak van enige van die "Goeie Nuus" studies of stories of "'n Nuwe Lewe", of gebruik die evangelistiese Bybelstudiemateriaal van u keuse. Onthou om die Indirekte Metode te gebruik.
3. Leer vir nuwe Christene "Die Ses Waarhede vir 'n Nuwe Christen" deur Pastor Thomas Wade Akins, of enige ander studie geskryf vir onmiddellike opvolgwerk van nuwe bekeerlinge. Gebruik die indirekte metode. Hierdie studie behoort binne 48 uur na bekering gedoen te word.
4. Begin eredienste.
5. Begin dissipelskapsgroepe met behulp van Opvolgstudies. Onthou: gebruik altyd die indirekte metode.
6. Doop nuwe bekeerlinge.
7. Lei plaaslike leiers op. Gebruik "Dissipelskap vir Plaaslike Leiers" deur Waylon Moore en Pastor Thomas Wade Akins. (U vind dit in die AANHANGSELS) Lei hierdie leiers op om die verskillende bedieninge in die gemeente te behartig, i.e. prediking, lering, werk onder kinders, ens.
8. Laat plaaslike leiers Evangelistiese Bybelstudiegroepe en Opvolg-materiaal aanbied en vir hulle mense preek, ens.
9. Help die leiers om 'n geskikte plek te vind waar hulle bymekaar kan kom. As daar huur betaal moet word, sal die plaaslike gemeente self daarvoor verantwoordelik wees.
10. Organiseer die gemeente. Dit kan gedoen word in lande waar daar godsdiensvryheid is. Dit is egter **buite-Bybels** en hoef nie amptelik gedoen te word nie, tensy kultuur, 'n plaaslike gemeente of die owerhede van die bepaalde denominasie dit vereis.

Dit is die algemene stappe wat gevolg moet word. Ons sal dieper daarop ingaan in die afdeling DIE PLAN – DIE STRATEGIE.

# DIE PLAN

FASE I by die begin van 'n gemeente is om van onder af te vorder tot by die punt waar u die gemeente kan begin struktureer. Hierdie hoofstuk bied 'n plan vir FASE I. FASE II is wanneer die nuwe bediening gestruktureer word. Daar is baie modelle wat gevolg kan word, maar ons gaan net vier noem.

## 1. DIE TRADISIONELE KERK

Hierdie model is program-gebaseerd. Daar sal gereëlde programme soos Sondagskool wees. Ons vind dit nie in die Bybel nie. Daar word sterk klem gelê op 'n spesiale (kerk)gebou en die kerk word meestal beheer deur die predikant en/of 'n sterk groep ouderlinge en/of diakens.

## 2. DIE SATELLIET KERK

Hierdie model is wyd verspreid deur moedergemeentes wat 'n aantal sendings en/of gemeentes onderhou. Die moedergemeente beheer dan hierdie sendings/gemeentes. Elke satelliet-gemeente sal eredienste, Bybelstudie en samekomste hê in huise of ander geboue, maar hulle bly deel van die moedergemeente. Die probleem met baie satelliet-gemeentes is dat hulle NIE self-vermenigvuldigend is voordat hulle 'n onafhanklike gemeente word nie. In baie gevalle wil hulle eers eiendom, 'n gebou en 'n geördineerde predikant hê voordat hulle geörganiseerd begin funksioneer. Dit is menslike voorwaardes wat nie van God af kom nie.

## 3. DIE SEL-KERK

Dit is wanneer die moedergemeente selle het wat in huise en ander plekke bymekaar kom. Die selle word geörganiseer volgens

geografiese- en ander oorwegings, bv. 'n jeug sel, vroue-sel, manne-sel, ens. Die klem word hier gelê op die lewe in die gemeenskap en die liggaam, pastorale- en lidmaatversorging en verantwoord=baarheid. Die leier bedien dikwels die Nagmaal in die sel, en kan selfs die doop bedien. Elke sel se leier is 'n leek (gewone lidmaat). Al die groepe kom weekliks bymekaar vir 'n gesamentlike Erediens.


### 4. DIE "BOSAK" KERK

Hierdie model is ontwikkel deur 'n sendeling, Curtis Sargaent. Klein gemeentetjies word begin in die huise van nuwe gelowiges. ALMAL het leke wat die leiding neem en sodra hulle gegroei het tot ongeveer vyftien, verdeel hulle. Elke eenheid is 'n aparte, onafhanklike gemeente. BOSAK beteken:

**B=Betroubaarheid** en gehoorsaamheid is die standaard waarvolgens sukses gemeet word, en nie getalle nie.
**O=Onbetaalde leiers** bedien die Woord.
**S=Sel** – die mense kom in klein groepies bymekaar.
**A=Almal** neem deel aan Bybelstudies en eredienste; trouens, aan alle aktiwiteite.
**K=Kamers,** huise, kantore word gebruik om eredienste te hou.





## DIE PIONIER EVANGELISASIE SIKLUSSE
## SIKLUS 1






## SIKLUS 2







*Thomas Wade Akins*

Siklus 2 (vervolg)


Hierdie erediens-groep kan verenig met die een
in siklus 1 óf hulle kan 'n aparte plaaslike gemeente stig.







*Thomas Wade Akins*

## SIKLUS 3







In siklus 3 behoort die Goeie Nuus Groepe, Erediens- en Evangelisasie-Dissipelskap Opleiding gelei te word deur die nuwe gelowiges wat vir Christus gewen is in siklus 1 en 2 in plaas van die oorspronklike PEL



<u>Siklus 3 (vervolg)</u>







Groep
3




# SIKLUS 4



Plaaslike leiers neem nou die leiding by al die Goeie Nuus Groepe, Eredienste en Dissipelskapsgroepe. Die nuwe leiers behoort nou opgelei te word om die gemeente te lei.



Siklus 4 (vervolg)





Dit kan een gemeente of vier verskillende gemeentes wees, afhangende van die kultuur van die groep.
Plaaslike leiers behoort alle siklusse te lei.






# Siklus 5




Die nuwe gemeente vermenigvuldig

# Thomas Wade Akins


## Gebruik PE-Strategie om Sel Gemeentes te begin




*Thomas Wade Akins*




## Gebruik die PE vir B.O.S.A.K. gemeente





*Thomas Wade Akins*

## Die Proses van die "OIKOS"

+ Mense wat Christus aangeneem het as gevolg van die bekering van die man van vrede
- Nog nie 'n gelowige nie.






Die Proses gaan voort …

*Thomas Wade Akins*

**(Die strategie)**
**EERSTE SIKLUS**

## 1ste Stap: OPNAMES EN KONTAKTE (Ontdek diegene wat belangstel)

1. Vind die man van vrede (Lukas 10:5-6). Vind die mense (nie-Christene) wat sou belangstel in 'n Bybelstudie en/of erediens in hulle huis. In sommige kulture mag dit nodig wees om eers met mense vriende te maak voordat u hul belangstelling in 'n Bybelstudie in hul huis kan wek.

2. Vra die ses vrae wat in Hoofstuk sewe van die Prakiese Aspekte in hierdie handleiding, verskyn.



3. Bied slegs die Evangelie op 'n eerste besoek aan as u weet dat u die mense nie weer sal besoek nie. Andersins moet u eers 'n verhouding bou met hulle.

4. Bepaal 'n teikengebied, en kry dan gegewens oor die mense wat daar woon.

## 2de Stap: GOEIE NUUS of NUWE LEWE GROEPE, 1ste siklus


1. Neem alle nodige materiaal saam na die studie (lesse, traktaatjies, afskrifte van die Goeie Nuus Bybelstudie of –Stories).

2. Doen die lesse self met die groep. Moenie dat hulle dit alleen tuis gaan doen nie. As u die studies saam doen, word daar verhoudinge gebou. Begin die evangelistiese selgroepe met vier tot tien verskillende gesinne of ander verlore mense op verskillende plekke met behulp van Goeie Nuus Bybelstudies of -Stories. Lei soveel groepe as wat u moontlik kan, maar nie meer as wat u met

*Thomas Wade Akins*

gemak kan hanteer nie. U mag verkies om die vereenvoudigde evangelistiese studie *'n Nuwe Lewe* te doen met mense wat sukkel om te lees. 'n Ander opsie is om u eie stories te ontwikkel wat by die kultuur van u groep sal pas, en storievertelling te gebruik soos J.O. Terry en Jackson Day in die boek bespreek.

**Eerste Siklus van Goeie Nuus Studies**




## LET OP: In party kulture kan hierdie groepe drie verskillende plaaslike gemeentes word.

## 3de Stap: "SES WAARHEDE VIR DIE NUWE CHRISTEN"

Doen onmiddellike opvolg met nuwe Christene. U mag "Ses Waarhede vir die Nuwe Christen" (Aanhangsel 1) of enige ander opvolg-materiaal wat jong gelowiges kan versterk en lei, gebruik. Opvolg moet gedoen word binne die eerste 48 uur na 'n gesprek.


## 4de Stap: EREDIENSTE EN OPVOLG BYBELSTUDIES

1. Die pionier sal almal wat die Goeie Nuus Bybelstudies voltooi het, nooi om saam te kom vir dissipelskapstudies en eredienste. Die doel van hierdie studies sal wees om dié wat Christus nie aangeneem


*Thomas Wade Akins*

het nie, te lei om te verstaan wat redding is en om dan die nuwe Christene te leer om hulle geloof uit te leef. 'n Nuwe Christen behoort byvoorbeeld sy ou en nuwe natuur te verstaan, én die stryd wat die twee nou gaan voer. Hy behoort te leer hoe om deur die krag van die Heilige Gees oorwinning te kry oor sy ou natuur. As 'n jong Christen dít nie goed verstaan nie, kan hy 'n verkeerde begrip kry van die Bybel en selfs glo dat hy sy redding verloor het. Om hierdie rede is Opvolg-materiaal so belangrik om nuwe Christene te leer hoe om hulle geloof te beoefen. 'n Begrip van Christelike leerstellings sonder praktiese toepassing daarvan, is egter van geen waarde nie. Daarom moet die ses waarhede van geloof vir hulle geleer word: sekerheid van redding en die ewige lewe, die doop, hoe om Bybel te lees, hoe om te bid, die noodsaaklikheid om aan 'n evangelistiese kerk te behoort, en hoe om die geloof met ander te deel (Aanhangsel 1).

2. Die dissipelskapsamekomste en eredienste sal die begin wees van 'n nuwe gemeente. Gebruik die aanbiddingstyd om die Here te loof, te bid en die Bybel op 'n informele manier te onderrig met behulp van die indirekte metode en stories.






**Die wat die Goeie Nuus-studies voltooi het, sluit aan by dienste.**

*Thomas Wade Akins*

**LET OP: In sommige kulture mag dit beter wees om die Goeie Nuus Groepe eenkant te hou en elkeen toe te laat om 'n gemeente te word wat self-vermenigvuldigend is.**

3. Die Pionier het die keuse of hy die dissipelskapstudies as 'n deel van die diens wil aanbied en of hy dit op 'n ander tyd wil doen, miskien in 'n groep vóór die erediens.

4. Moenie toelaat dat iemand enige nuwe reeks studies aanpak voor hy al die dissipelskapsmateriaal afgehandel het nie. As iemand by= voorbeeld eers by sy klas aansluit teen die vierde les, moet hy eers die ander drie lesse inhaal nadat die reeks afgehandel is. Eers dán is hy gereed om met 'n volgende studie te begin.

5. Soms mag dit nodig wees om die dissipelskapstudies in twee dele aan te bied, met ander woorde een les kan oor twee periodes strek. Onthou om die Indirekte Metode te gebruik sodat leerders betrokke kan wees.

## TWEEDE SIKLUS

**1. Lei die nuwe leiers op om te help om studies deur middel van die indirekte metode te lei.** Potensiële leiers moet nou opgelei word om die Goeie Nuus Studies en Dissipelskap in hul huise te lei. Gedurende die tweede siklus sal hulle die pionier vergesel wanneer hy die Goeie Nuus Studies in ander huise lei. Eers na afloop van 'n hele reeks sal hierdie leiers self een hele reeks lei. Die pionier behoort soveel moontlik Goeie Nuus Studies in ander huise en areas te begin.

Begroot 'n spesiale tydjie om 'n klein groepie mense op te lei om die bediening te lei (Goeie Nuus Bybelstudies of -stories, Dissipelskap , matriaal, kinderbediening, ens.). Hierdie leiers kan nie in

*Thomas Wade Akins*

groot groepe opgelei word nie.

Maak 'n belofte aan die Here om plaaslike leiers een-tot-een op te lei, of in 'n klein groepie, met behulp van 'n goeie dissipelskaps= program. Die Here sal self diegene aanwys wat individueel opgelei moet word. Gebruik een uur vir teorie en een uur vir praktiese toepassing. Om leiers goed op te lei, is dit noodsaaklik om tyd af te staan, nie net in die klaskamer nie, maar in die veld. Moenie dat Satan inmeng in u praktiese opleiding nie.




**2. Begin <u>nog</u> Goeie Nuus Bybelstudies in ander huise in die omgewing met die nuwe bekeerlinge as hulp vir die pionier.** Hierdie byeenkomste moet <u>nie</u> in dieselfde plek gehou word waar eredienste gehou word nie, maar in huise van nie-Christene.

Dissipeleer nuwe gelowiges met behulp van goeie opvolg-studies. Hierdie handleiding sluit "Ses Waarhede vir die Nuwe Christene" deur Thomas W Akins, "Dissipelskap vir Plaaslike Leiers" deur Waylon Moore en Thomas W Akins, en "Begin 'n Nuwe Lewe in Christus" deur Christy A Brawner in. As die studies te lank is, doen elke hoofstuk oor twee weke.

*Thomas Wade Akins*


**Tweede Siklus van Goeie Nuus Studies**
**Die nuwe plaaslike leiers sal die pionier vergesel na die nuwe studies**






**3. Lei eredienste.** Die pionier, vergesel deur nuwe plaaslike leiers, lei nuwe Goeie Nuus Studies in die huise van nie-Christene, terwyl hy steeds die eredienste en dissipelskapstudies met diegene wat die eerste siklus van die Goeie Nuus Studies voltooi het, lei.

**Nuwe bekeerlinge kom steeds bymekaar vir eredienste en dissipelskap**




# WAARNEMING # 1

**Lei nuwe leiers altyd in klein groepies op. Dit is noodsaaklik omdat hulle nog nie weet hoe om aanbidding te lei nie. As slegs een Goeie Nuus groep funksioneer of as daar groot probleme is**

*Thomas Wade Akins*

**ten opsigte van sekuriteit wat verhoed dat daar verskeie groepe kan saamkom, maak seker dat ten minste twee mense uit 'n groep saam opgelei word. Die doel hiervan is om die groepsdinamika te behou as verwysingsraamwerk en toekomstige leiers op te lei. Die opleiding van leiers is die sleutel tot groei en vermenigvuldiging.**

# WAARNEMING # 2

**Die doop moet hier ingebring word. Nuwe bekeerlinge kan gedoop word sodra die dissipelskapstudies voltooi is. Van hier af sal die plaaslike leiers die leiding neem in aanbidding (eredienste).**

# WAARNEMING # 3

**Nuwe huisgemeentes kan gevorm word uit diegene wat die tweede ronde van die Goeie Nuus Studies voltooi het. Dit laat nuwe leiers uit die groepe meer ontwikkel en vergroot die kans dat elke groep sal reproduseer (vermenigvuldig die groeitempo), en vermeerder die kans dat hulle 'n patroon ontwikkel waarvolgens hulle dít wat hulle geleer het, met ander deel.**

**Moedig ook die plaaslike leiers aan om eerder aan te hou om in huise bymekaar te kom as om 'n plek te huur, sodat vermenigvuldiging nie sal ophou nie.**

## WAARNEMING # 4

**Dit is voordelig as die Goeie Nuus Studiegroepe klein is en saamgestel is uit mense wat reeds onderlinge vertroue opgebou het. (In sommige kulture vertrou mense byvoorbeeld slegs familie en vriende.) Hierdie groepe word dan outomaties die kern vir nuwe huisgemeentes.**

*Thomas Wade Akins*

**Soos wat groepe meer gevestig raak, kan hulle via hul leiers hulself bekend maak aan ander groepe. Dan sal hulle begin voordeel trek uit 'n netwerk vir bemoediging, aanspreeklikheid, opleiding en uitreiking. Dit is egter in sommige volke dikwels nie moontlik onder nuwe gelowiges nie.**

## WAARNEMING # 5

**Potensiële groei is ook groter in selgroepe en huisgemeentes as in groter groepe. Tensy die groep om kulturele of historiese redes gedwing word om 'n gebou van 'n groter gemeente te koop of te huur, behoort hulle miskien aangemoedig te word om 'n huis= gemeente-model na te streef. Dit is altyd die beste om fokus op evangelisasie, dissipelskap en gemeente-vermenigvuldiging te behou.**

## WAARNEMING # 6

**Gebruik die Goeie Nuus Studies/Stories sodra u wêreldsiening dit toelaat. 'n Ander benadering is om u eie chronologiese Bybelverhaal te skep (met behulp van die hoofstukke deur J. O. Terry of Jackson Day in die handleiding) voordat u die Goeie Nuus Bybelstudies of Stories begin gebruik met Buddhiste, Hindu's, animiste, Moslems Sikhs, Parsees, of enigeen wat weinig of geen kennis van die Christendom of Christelike onderrig het.**



# DERDE SIKLUS

**1. Hou aan om leiers te dissipeleer.** Die doel van hierdie dissipelskapsgroep is om leiers op te lei. Sonder 'n tyd af om plaaslike leiers privaat op te lei, nie in 'n massa nie. Maak gebruik

*Thomas Wade Akins*

van die Indirekte Metode van Bybelstudie of Storievertelling. Wys hulle ook hoe om die gemeente te lei. Die pionier kan die materiaal in die aanhangsel, deur dr. Waylon Moore en Thomas Wade Akins, gebruik. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie dissipelskap op 'n aparte plek en in klein groepies gedoen moet word.

**Dissipelskaps= Opleiding vir Leiers**

## WAARNEMING

**Laat so gou as moontlik nuwe plaaslike leiers, eerder as die pionier, die aanbidding lei. Die pionier kan hulle in aparte leiersvergaderings voorberei vir hierdie taak.**


**2. Begin nog Goeie Nuus Bybelstudie- of Storievertel-groepe in ander huise in die gebied. Gebruik plaaslike leiers wat tot op tweede siklus-vlak opgelei is om die studies te lei.** Nuwe plaaslike leiers (van die eerste siklus) sal begin om die bekeerlinge uit die tweede siklus studies op te lei deur hierdie nuwe bekeerlinge met hulle saam te neem na die studies wat hulle lei.

**Die nuwe leiers uit die eerste studie-siklus lei hierdie groepe en word vergesel deur nuwe bekeerlinge uit die tweede studie-siklus.**

**3 Goeie Nuus Groepe** | **3 Goeie Nuus Groepe** | **3 Goeie Nuus Groepe**

*Thomas Wade Akins*

**3. Begin om die tweede groep wat die Goeie Nuus Studies voltooi het, op te neem in die eredienste.** Gaan voort met dissipelskapsopleiding in klein groepies. Indien dit enigsins moontlik is, verenig die nuwe bekeerlinge met dié wat reeds op ’n sentrale plek bymekaarkom vir aanbidding. Leer die mense hulle verantwoordelikheid om die huur van die plek van aanbidding te betaal as dit hul begeerte is, eerder as om staat te maak op ’n moedergemeente of sendingorganisasie – as daar een is.




## VIERDE SIKLUS


## BEGIN DIE NUWE GEMEENTE(S)

**1.** Lei plaaslike leiers op om die gemeente te lei.

**2. Begin meer Goeie Nuus Groepe in ander huise en gebruik plaaslike leiers wat deur die pionier tot deur stap vier gelei is.** Die nuwe bekeerling wat die tweede siklus voltooi het en wat in die derde siklus opgelei is, is gereed om self hierdie studies te lei. Die leiers van siklus twee sal die nuwe bekeerlinge wat die derde siklus voltooi het, met hulle saamneem om die vierde siklus studies te doen.

*Thomas Wade Akins*

**Die Vierde Siklus van Goeie Nuus Studies**




**4 Goeie Nuus Groepe** **4 Goeie Nuus Groepe** **4 Goeie Nuus Groepe**

**Leiers van die tweede siklus sal hierdie studies lei, vergesel deur die nuwe bekeerlinge wat die derde siklus studies voltooi het.**

**3.** Die plaaslike leiers lei nou die Goeie Nuus Bybelstudies, “Ses Waarhede”, erdienste en Opvolg en Dissipelskap.

**4.** Begin die gemeente met die opgeleide leiers wat besig is om gedissipeleer te word. Die groepe sal self kies of hulle wil voortgaan om in kleiner huisgemeentes te ontmoet en of al die groepe in ’n sentrale plek wil saamkom. Hulle sal verantwoordelik wees vir enige koste verbonde aan die huur of koop van eiendom.




*Thomas Wade Akins*

**5.** Behou altyd ’n klein dissipelskapsgroep om voortdurend nuwe leiers op te lei.




**PLAASLIKE LEIERS IN AKSIE**

1. Laat plaaslike leiers toe om die eredienste te lei en al die werk in die groep (gemeente) te doen. Hierdie leiers is òf reeds opgelei, òf word tans opgelei.

2. Die oorspronklike pionier sal nou kan begin gereedmaak om te vertrek na ’n ander gebied om ’n nuwe bediening te gaan begin.

3. Hou aan om leiers op te lei en begin Goeie Nuus Studies in die huis van nie-Christene.

4. Die plaaslike leiers wat deur die pionier opgelei is, behoort die Goeie Nuus Bybelstudies te lei.

5. Die plaaslike leiers wat deur die pionier opgelei is, behoort die Opvolg-studies te lei.

6. Lei die plaaslike leiers op om Dissipelskapsgroepe te lei deur middel van die indirekte metode.





7. Die plaaslike leiers wat deur die pionier opgelei is, sal eredienste lei.

*Thomas Wade Akins*

**VYFDE SIKLUS**

# VERMENIGVULDIG DISSIPELS EN NUWE GEMEENTES

Die gemeente sal (’n) nuwe gemeente(s) begin met behulp van dieselfde metodes. Gaan voort om leiers op te lei om die siklusse te herhaal en voort te gaan om nuwe gemeentes te vermenigvuldig.






**Die nuwe gemeente organiseer veelvoudige nuwe bedieninge deur dieselfde metode te gebruik met volwasse en goed-opgeleide mense wat blote leke is.**

## AANHANGSELS

1. DIE PIONIER EVANGELIS EN DIE GEBRUIK VAN 'N OPNAME
2. SES WAARHEDE VIR NUWE BEKEERLINGE
3. 'N NUWE LEWE
4. GOEIE NUUS VAN GOD
5. GOEIE NUUS VAN JESUS
6. BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS



7. DISSIPELSKAPSOPLEIDING VIR PLAASLIKE LEIERS

# DIE PIONIER EVANGELIS EN DIE GEBRUIK VAN 'N OPNAME

**Brazilian World Missions Board**

*Thomas Wade Akins*

# DIE PIONIER EVANGELIS EN DIE GEBRUIK VAN 'N OPNAME

Die Brazilian Home Mission Board se handleiding vir sendelinge het die onderwerp van 'n opname as volg uiteengesit:

1. Die doel van 'n opname
2. Hoe om voor te berei vir 'n opname
3. Hoe om 'n opname te maak
4. Hoe om 'n opname te evalueer

**1. Die doel van 'n Opname**

Die opname is 'n manier om binne 'n sekere tyd met deur-tot-deur-besoeke die maksimum inligting oor die mense wat in 'n sekere gebied woon, te bekom.

Die **eerste doel** van 'n opname is om vas te stel waar daar mense woon wat belangstel in die Evangelie.

Die **tweede doel** is om uit te vind waar daar **ondersteunings= punte** is vir toekomstige werk. Dit beteken om **beter plekke** te bepaal waar nuwe bedienings soos tuis-Bybelstudies, vakansie Bybelskole, ens. begin kan word. U mag selfs voordeel trek uit ander geleenthede soos om Christene op te spoor wat die kerk verlaat het en nou weer belangstel, of Christene wat sopas getrek het en nog nie by 'n gemeente ingeskakel het nie. Hierdie plekke en mense kan ondersteuningspunte genoem word omdat hulle kan help om 'n nuwe bediening te begin.

Die **derde doel** van 'n opname is om die mense te ontmoet in hul eie omgewing. Mense se behoeftes, die gemeenskap en die kulturele omgewing kan beter bepaal word wanneer hulle in hul eie omgewing is. Só kan 'n program wat die mense se behoeftes sal aanspreek, beter beplan word.



Die **vierde doel** is om die area te leer ken en met die mense vriende te maak. Dit sal u later help in u bediening.



Die **vyfde doel** is om te ontdek watter godsdienstige groepe in die omgewing is.

**2. Hoe om voor te berei vir 'n Opname**

Spanne moet goed voorbereid wees en veiligheidsmaatreëls tref sodat hulle opname goeie resultate sal behaal. In die volgende afdeling sal ons die buitelyne van voorwaardes vir 'n goeie opname gee.

A. Geestelike voorbereiding
   a. Bid vir die mense wat in die buurt woon.
   b. Bid vir die span.
   c. Bid vir die pionier.

B. 'n Lêer met traktaatjies, Evangelies van Johannes, opnamevorms, Bybelstudies en 'n potlood.
   a. Maak seker dat al die nodige materiaal in u lêer is.
   b. Maak seker dat die span presies weet vir watter blok hulle verantwoordelik is.
   c. Maak seker dat u die straatname in die buurt waarvoor u verantwoordelik is, ken en weet waar hulle geleë is.

C. Voorbereiding van die plek
   a. Ken die area waar u die opname gaan maak (op u kaart).
   b. Vind uit watter roete na u opname-area die beste is. Gebruik u kaart.
   c. Wanneer u by die plek kom, vra uit na straatname om seker te maak dat dit die regte area is.



D. Opsomming
   Vir 'n opname is dit nodig om die volgende te doen:
   a. Berei uself geestelik voor deur die Bybel te lees en te bid.
   b. Kry u materiaal gereed en maak seker dat u alles het wat nodig is.
   c. Oriënteer uself ten opsigte van die area waar u die opname beplan sodat u dit sal ken.

**3. Hoe om 'n Opname te maak**

A. Die eerste stap is om die vorm in te vul.

a. Skryf leesbaar.
b. Gebruik een vorm per gesin.
c. Vul alle oop spasies aan beide kante van die vorm in.

B. U gesindheid tydens die onderhoud:
Daar is ses belangrike punte wat elke persoon wat 'n onderhoud voer, moet toepas:

a. Positief
b. Vriendelik
c. Oordeelkundig
d. Ferm
e. Sagmoedig
f. Objektief

C. Wat om te doen tydens die onderhoud:

a. Verduidelik waarom u die opname maak, asook wat u met die inligting gaan doen. Byvoorbeeld:
b. "Ons wil Bybelstudie begin in die buurt."
c. "Ons wil die mense in die buurt beter leer ken sodat ons u beter kan bedien."
d. Maak gebruik van die geleentheid om u getuienis kortliks te deel as die mense belangstelling in die Evangelie toon.



e. Vermei argumente, selfs as u uself moet verdedig.
f. Praat met die regte persoon. As 'n tienerseun of 'n seunskind die deur oopmaak, vra om met sy pa te praat. As 'n meisie oopmaak, vra na haar ma. As die ouers nie tuis is nie, praat met die kind. Hy kan vir u die opening gee wat u nodig het om weer by die gesin besoek te kom aflê.
Moenie te veel vrae vra nie en moenie maklik tou opgooi nie.
g. Gaan twee-twee uit. Een persoon skryf die inligting neer terwyl die ander een praat.
h.

**4. Hoe om 'n Opname te evalueer**

A. Maak seker dat u presies weet by watter strate daar reeds 'n opname gemaak is.
B. Merk op u kaarte af waar u vorms voltooi het.
C. Maak twee lyste: een met die plekke waar sukses moontlik is, en een met ondersteuningspunte.
D. Beplan wanneer u die huise waar sukses moontlik is, wil besoek en kry die materiaal gereed vir die besoek.



E. Evalueer die resultate elke dag.

# SES WAARHEDE VIR NUWE BEKEERLINGE

**Thomas Wade Akins**

# SES WAARHEDE VIR NUWE BEKEERLINGE

INLEIDING

“Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe,” (Kolossense 2:6). In hierdie les sal u leer hoe om in gemeenskap met Christus te leef.

**Toe u fisies gebore is, is u net een maal gebore. Wanneer u Christus ontvang, word u geestelik gebore, en dit gebeur ook net een maal. Dit is wat Johannes 3 “weergebore” (nuwe vertaling) noem. U kan nie elke Sondag weer fisies gebore word nie, en dít geld ook vir u geestelike geboorte.**

## SEKERHEID VAN REDDING EN DIE EWIGE LEWE

Waarheid 1

Wat is die ewige lewe? “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.” (Johannes 17:3). Met ander woorde, ewige lewe is Jesus in jou hart (gees). Dit beteken dat Hy jou ’n nuwe lewe sal gee wanneer Hy in jou lewe kom, en dat jy vir ewig met Hom sal lewe in die hemel.

1 Johannes 5:12 sê: “Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.”

Wat gebeur as ’n mens sondig nadat hy Christus ontvang het? Hy verloor nie sy redding nie! Laat my toe om te verduidelik. Ek het drie kinders. Soms is hulle ongehoorsaam aan my. Dink u dat ek hulle dan vir altyd wegstuur? Natuurlik nie! Hulle is my kinders en ek is lief vir hulle. Wat ek doen, is om hulle reg te help, te leer en te dissiplineer. Die Bybel sê: “[7]Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien ’n kind wat nie

deur sy vader getug word nie? [8]As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie." (Hebreërs 12:7-8).

**Johannes 1:12 sê: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Dus sal 'n kind van God reggehelp word wanneer hy sondig. As u nie reggehelp word nie, beteken dit dat u nie regtig 'n kind van God is nie. 'n Ware kind van God kan nie sy redding verloor nie, want hy *het* die ewige lewe.**

As u sondig nadat u Christus aangeneem het, sal God u dissiplineer om u te leer om op die regte pad te bly. Hy sal nie u redding wegneem nie. U redding is ewig, en ewig is vir altyd!

*Thomas Wade Akins*

## LAAT JULLE DOOP!
### Waarheid 2

Jesus sê in Matteus 28:19: "[19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20a]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."



Miskien is u as baba gedoop. Maar Jesus sê dat slegs hulle wat Hom volg die reg het om gedoop te word. U was tog nie 'n volgeling van Christus toe u 'n baba was nie. U het niks van Jesus geweet nie. U het eers 'n volgeling van Christus geword toe u Hom in u lewe ingenooi het deur geloof en bekering.

Hoekom behoort iemand nie as 'n baba gedoop te word nie? Die doop is 'n simbool (om te wys) dat u 'n volgeling is van Christus.

In die Bybel is die volgelinge deur onderdompeling gedoop nadat hulle Christus aangeneem het. Wat is onderdompeling? Wanneer 'n mens gedoop word, plaas iemand sy *hele* liggaam vir 'n oomblik onder die water. Hoekom? Want dit is simbolies van Jesus se dood, begrafnis en opstanding. Dit kan nie gedoen word as iemand 'n baba is nie, dit behoort gedoen te word wanneer hy Christus aangeneem het.

**"[3]Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei." (Romeinie 6:3-4).**

Die water kan ons nie red nie. Net Jesus Christus red. U doop is die eerste teken dat u waarlik 'n volgeling van Christus is. As u nie weet waar u gedoop kan word nie, vra u pionier, of skryf aan die skrywer van hierdie studie. Vertel vir hom waar u tot bekering gekom het, dan sal hy probeer om iemand te kry wat u kan doop.

*Thomas Wade Akins*

## LEES U BYBEL
### Waarheid 3

**Psalm 119:105 sê: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." Die Bybel is die Woord van God. Die eerste deel is die Ou Testament en die tweede die Nuwe Testament. "Testament" beteken "'n verbond".**

Hoe behoort u u Bybel te lees? Die Bybel is God se liefdesbrief aan u. Lees die Bybel met behulp van die volgende metode:

1. Begin 'n spesifieke boek lees, byvoorbeeld Johannes.
2. Lees die eerste vers.
3. Vra die Here om u 'n geestelike waarheid in die vers te wys. Johannes 1:1 sê byvoorbeeld: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."

   Watter geestelike waarhede vind ons in hierdie vers?

   a. Die wêreld is deur die Woord geskape.

b. Die Woord is God (vers 14 sê later dat Jesus die Woord is).

4. Lees elke vers of paragraaf op hierdie manier en laat God met u praat oor wie Hy is, oor die sonde in u lewe, oor opdragte wat u moet gehoorsaam, ens.



# GEBED
## Waarheid 4

Die Here sê in Lukas 18:1 dat ons altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hoe kan u bid? Dit is belangrik dat u tyd alleen saam met God moet spandeer. Begin hierdie tydjie op die volgende manier:

1. Lees die Bybel vir 5 minute soos in Waarheid 3 beskryf.
2. Loof die Here – sê: "Vader, ek het U lief omdat …"
3. Danksegging - "Ek dank U vir …"
4. Intreding - "Here, ek bid vir my seun, Jeff, want hy …" (hou aan om vir mense te bid wat Christus nog nie aangeneem het nie.) Maak 'n lys van mense en verdeel die name sodat u op elke dag van die week vir 'n paar mense kan bid.
5. Versoeke – vertel vir die Here wat u nodig het.



6. Belydenis – wees 'n ruk stil en vra die Here om u te wys op sonde of slegte dinge in u lewe. 1 Johannes 1:9 sê: "Maar as ons ons sonde bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." Dit is geskryf vir mense wat Christus reeds aangeneem het. As iemand vuil is, moet hy bad. Belydenis is vir die Christen 'n geestelike bad.



# WORD 'N LIDMAAT VAN 'N EVANGELIESE KERK
## Waarheid 5

"Die kerk is sy liggaam," (Efesiërs 1:23). Jesus Christus is die Hoof van die kerk. "aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk." (Efesiërs 1:22).

Die naam Petrus beteken "rots". Daar word na Jesus Christus verwys as 'n "rots". In Matteus 16:18 sê God nie dat Petrus die hoof van die kerk is nie, maar dat Jesus die Hoeksteen is. 1 Korintiërs 3:11 sê: "want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus."

'n Kerk (gemeente) is 'n liggaam van gedoopte gelowiges wat saamkom met die volgende doel:

1. Aanbidding – die bediening van twee ordinansies: die nagmaal en die doop
2. Evangelisasie
3. Dissipelskap
4. Barmhartigheid
5. Gemeenskap van die gelowiges

Hoekom moet u aan 'n kerk behoort?

1. Om die Here te loof saam met broers in Christus.
2. Om die Woord van God te leer.

3. Om gemeenskap met ander gelowiges in Christus te hê (die kerk is u geestelike familie).
4. Om ander te bedien.
5. Om met mense wat Jesus nog nie ken nie, te deel.

6. Vra die persoon of hy sy lewe vir Jesus wil gee. As hy *Ja* sê, vra vir hom om net daar te bid en die Here in sy lewe in te nooi, "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." (Romeine 10:13).

*Thomas Wade Akins*

# GETUIG
## Waarheid 6

Jesus se opdrag in Matteus 28:19 is: "maak die mense my dissipels." Dit beteken dat elke volgeling van Jesus vir 'n verlore siel moet vertel wat in sy lewe gebeur het. U behoort te begin by die mense in u eie gesin. Vertel hoe u gelewe het voordat u Jesus as Verlosser aangeneem het, hoe u tot die besef gekom het dat u Jesus nodig het, hoe en wanneer u Hom aangeneem het en hoe u lewe met Christus is. Nadat u dit gedoen het, vra vir die persoon of hy Christus ook graag wil aanneem en so sekerheid van die ewige lewe wil verkry.

As die persoon *Ja* sê, wys vir hom die volgende verse en verduidelik elkeen soos hieronder uiteengesit:

1. Johannes 5:13 – Jy kan sekerheid hê van die ewige lewe. Ewige lewe is Jesus in jou hart (Johannes 17:3). Ewige lewe bring vrede, *nou* (Johannes 10:10), en sekerheid van die hemel nadat u gesterf het (Johannes 14:1-3).
2. Romeine 3:23 – Die mens se grootste probleem is sonde. Ons is almal sondaars. As gevolg van sonde is daar skeiding tussen ons en God.
3. Romeine 6:23: "Die loon wat die sonde gee, is die dood;" Dit beteken dat die uiteinde van ons sonde die dood is. Dood is skeiding van God. Dit beteken dat ons lewe nou sonder vrede, vreugde en sekerheid van die ewige lewe sal wees. Dit sal 'n leë lewe vol spanning wees, gekenmerk deur vrees en 'n skuldige gewete. Dit sal ook 'n lewe wees weg van die hemel en God se teenwoordigheid – vir ewig.
4. Romeine 5:8 – Christus het vir ons sondes gesterf. Hy het die prys vir my sonde, en ook vir u sondes, betaal, en die loon daarvoor ontvang deur in ons plek te sterf.

*Thomas Wade Akins*



5. Romeine 8:9,10 en 10:9,10 – Om Christus te ontvang, moet u Hom aanneem as u Here en Verlosser. Dit beteken dat u bereid moet wees dat Hy u lewe beheer. Om Christus te ontvang, beteken om Hom te vertrou, en om Hom te vertrou, beteken om op te hou om op ander dinge te vertrou en om al u geloof in Jesus Christus te plaas.

# 'N NUWE LEWE

**Thomas Wade Akins**

**Pionier Evangelisasie Reeks**






# WIE IS JY?
## 'n Nuwe Lewe – Les 1

**INLEIDING**

**Wie is jy? Hoekom lewe jy? Wat is die doel van jou lewe? Hoekom is jy gebore? Wat is die wortel van baie van jou probleme? Wat gaan met jou gebeur wanneer jy sterf?**

In 1 Tessalonisense 5:23 sê die Skrif: "Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan God toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!"

Die mens bestaan uit drie dele: liggaam, siel en gees. Kyk na die volgende diagram:




**1** **Wat is die liggaam?** Jou liggaam is die huis van jou siel en jou gees. Die Bybel leer ons in Genesis 2:7 "Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde …" Jou liggaam is belangrik. In 1 Korintiërs 6:13 leer die Bybel ons dat ons ons liggame moet gebruik om God te verheerlik. Die Bybel sê dat God by die einde van die wêreld jou liggaam sal laat opstaan en dan sal jy 'n onsterflike liggaam hê. 1 Korintiërs 15:20 sê: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit



dié wat gesterf het." Daarom is die leer van die Bybel nie reïnkarnasie nie, maar opstanding. Jou liggaam word elke dag ouer, en eendag gaan jou hart ophou klop. Jou liggaam sal sekerlik sterf en terugkeer tot stof tot Jesus Christus terugkom en jou liggaam opwek sodat jy voor die troon van God kan verskyn op die Oordeelsdag.

**2** **Wat is die siel?** Die Nuwe Testament is oorspronklik in Grieks geskryf en die Griekse woord vir *siel* is "psyche". Die Afrikaanse woord is "psige". Dit is die stam van die woord "psigologie" (sielkunde). Jou siel bestaan uit drie dele:

A) **Verstand:** Jy het die vermoë om te dink.
B) **Emosie:** Jy kan liefde, woede, haat, bitterheid, medelye, ens. voel
C) **Wil:** Jy kan kies en besluite neem. Wanneer jy keuses maak, gebruik jy jou wil.

**3** **Wat is die gees?** Die Bybel sê: "God is Gees," (Johannes 4:24) en "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep." (Genesis 1:27).

Wat beteken die frase "God het die mens geskape na sy beeld" (ou vertaling)? Dit beteken dat God jou 'n gees gegee het toe jy gebore is. 'n Dier het nie 'n gees nie omdat dit nie na God se beeld geskape is nie.

Jou gees is dié deel van jou wat met die lewende God kan kommunikeer. God het jou die vermoë gegee om met Hom gemeenskap te hou.



Die Bybel leer dat ons met 'n leë gees gebore is en dat slegs God dit kan vul. Weet jy hoekom? God is heilig! Toe Jesus Nikodemus ontmoet, het Hy gesê: "As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien



nie." (Johannes 3:3). As 'n mens nie die nuwe geboorte in Sy Gees beleef het nie, het hy spanning in sy lewe en in sy huis, skuld in sy gemoed, vrees vir die lewe of die dood, en 'n groot leegheid in sy gees.

Miskien voel jy 'n groot leegheid in jou binneste, in jou gees, met ander woorde in jou hart.

In ons volgende les, sal jy meer leer oor hoe om vrede, vreugde en 'n gees gevul met God te hê, en hoe jy lewe in oorvloed kan hê hier op aarde, en die ewige lewe in die hemel. God het jou gemaak. Jy is waardevol. God het jou lief omdat jy na Sy beeld gemaak is en jou doel is om die Here te verheerlik met jou lewe.

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'W'** as die stelling waar is en **'O'** as dit onwaar is.

1. **(W)** **(O)** - Die mens is uit drie dele saamgestel.
2. **(W)** **(O)** - Die mens se liggaam sal vir ewig lewe.
3. **(W)** **(O)** - Die siel is die verstand, emosie en wil.
4. **(W)** **(O)** - 'n Dier het 'n gees.
5. **(W)** **(O)** - Almal het nodig om weer gebore te word.

# GOD SE DOEL
## 'n Nuwe Lewe – Les 2

**INLEIDING**

Die Here het jou lief. Jy is na Sy beeld gemaak en jy is belangrik – waardig en waardevol. Wat dink jy van jouself? Het jy jouself lief? Indien nie, sal dit vir jou moeilik wees om ánder lief te hê. Alles begin sodra jy besef dat God waarlik liefde is en dat Hy jou regtig liefhet. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun (eniggebore Seun – ou vertaling) gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16).

**1.** **GOD SE DOEL VIR JOU LEWE.** Wat is God se doel met jou? Hoekom is jy gebore? Die Bybel sê in 1 Johannes 5:13: "Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo." Met ander woorde God begeer om vir jou die ewige lewe te gee mét sekerheid daarvan. Hy sê: "sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het,". As jy vannag sou sterf, weet jy dat jy hemel toe gaan, vir ewig by Jesus? Volgens die Bybel kan jy absolute sekerheid hê! Lees weer 1 Johannes 5:13.

2. **WAT IS EWIGE LEWE?** Jesus definieer ewige lewe in Johannes 17:3: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." Die woorde "*ken*" en "*weet*" is hier belangrik. Ons kan weet van iemand of iets, of ons kan iemand ken. Jy kan byvoorbeeld iets weet van die Predsident, of jy kan hom persoonlik ken. Die woord "ken" beteken dat jy 'n persoonlike verbintenis het met iemand. Jy ken bv. jou vrou, jou man, jou kinders, jou ouers. Dalk weet jy baie dinge van



Jesus Christus, maar **ken** jy Hom persoonlik in jou hart?

3. **TWEE RESULTATE VAN DIE EWIGE LEWE:**

1. Wanneer jy Jesus werklik ken as Here en Verlosser, loop jou hart oor van liefde, vergifnis en ware lewe. Jesus sê: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed." (Johannes 10:10). Dit is *nou reeds* 'n ewige lewe.



2. As jy die ewige lewe het, sal jy na jou dood vir ewig in die hemel saam met Jesus lewe. So sê die Bybel! Jesus sê in Johannes 14:1-2: "[1]Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie."

**SAMEVATTING:**

Die Here het jou lief en wil vir jou 'n nuwe lewe gee, 'n veranderde lewe, 'n lewe van vrede, ware liefde, absolute vergifnis en ewige lewe. In die volgende les sal jy meer leer oor hoe om Christus te ken en hoe om sekerheid te hê van die ewige lewe.

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'W'** as die stelling waar is en **'O'** as dit onwaar is.

1. **(W) (O)** - Die Bybel leer in Johannes 5:13 dat dit onmoontlik is om seker te wees dat jy die ewige lewe het.



2. **(W) (O) -** Ewige lewe is om Jesus Christus persoonlik te ken in jou hart.

3. **(W) (O)-** Een van die resultate van die ewige lewe is 'n nuwe lewe met vrede in jou hart deur Jesus Christus, en jy kan dit nou reeds verkry.

4. **(W) (O)-** Nog 'n resultaat van die ewige lewe is om sekerheid te hê dat jy hemel toe gaan wanneer jy sterf.



## ONS NOOD – Deel I
### 'n Nuwe Lewe – Les 3

**INLEIDING**

In die vorige les het jy geleer dat God jou liefhet en dat Hy vir jou die ewige lewe wil gee, 'n veranderde lewe en 'n EWIGE lewe by Jesus Christus ons Here. Die eerste stap daarna om Christus te ken en Hom in jou hart te ontvang, is 'n begrip van die waarheid van hierdie les.



**1. HOEKOM HET DIE MEERDERHEID MENSE NIE SEKERHEID VAN DIE EWIGE LEWE NIE?** Hoekom het die meeste mense 'n leë gees? Sonde is die premêre oorsaak. Ons hou nie van die woord nie, maar dit is werklik en word baie in die Bybel gebruik. In Romeine 3:23 sê die Woord: "Almal het gesondig en is ver van God af."

**2. WAT IS SONDE?** Die skrywers van die Bybel het verskeie woorde gebruik om die spesifieke aspek van sonde waarop hulle klem wou lê, uit te druk. In die Ou Testament is daar Hebreeuse woorde soos die met die volgende betekenisse: om 'n euwel daad te pleeg, oortree, verwring, verkeerd doen, onaanvaarbaar wees, kwaad doen, lyding veroorsaak, ongelukkigheid veroorsaak, onregverdig wees, God ongelukkig maak en weier om te gehoorsaam.

In die Nuwe Testament is daar een Griekse woord wat beteken om die doel te mis, 'n slegte aksie, 'n onaanvaarbare daad, 'n skandelike motief, en om teen God te sondig. Ander woorde in die Nuwe Testament beteken: ontrou, ongeloof, gebrek aan beheer, sonde en oortreding van God se Wet. Ons



kan dus sien dat sonde ongehoorsaamheid aan God is.

**3. TWEE MANIERE WAAROP DIE MENS 'N SONDAAR IS:**

A. Die Bybel leer dat ons van nature sondaars is. Psalm 51:7 sê: "Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het."

Het jy al opgemerk dat kinders nie geleer hoef te word om te sondig of verkeerd te doen nie? Ek het drie kinders en ek het hulle nooit geleer om te sondig of verkeerd te doen nie. Hulle het lesse geneem in Wetenskap, Wiskunde en Engels, maar hulle het nooit 'n les gehad om te leer verkeerd doen nie. Hoekom? Die Bybel leer ons dat ons van nature sondig is.

B. Die Bybel leer ons dat ons uit eie keuse sondaars is. Dit beteken dat ons gekies het om verkeerd te doen. Die Here het aan ons 10 Gebooie gegee in Eksodus 20.

Hy sê: "Jy mag naas My geen ander gode hê nie." "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak … nie." "Jy mag nie egbreuk pleeg nie." "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie." ens.

In die volgende les sal jy leer van die gevolge van sonde en ons enigste hoop.

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'W'** as die stelling waar is en **'O'** as dit onwaar is.

1. **(W) (O)**- Die meeste mense het sekerheid dat hulle die ewige lewe het.

2. **(W) (O)**- Die mens se grootste probleem is 'n tekort aan geld.



3. **(W) (O)**- Sonde is die mens se grootste probleem.
4. **(W) (O) -** Sonde verwyder die mens van God.
5. **(W) (O)**- Jy het absolute sekerheid van die ewige lewe.






# ONS NOOD – Deel II
'n Nuwe Lewe – Les 4

**INLEIDING**

In Les 2 & 3 het jy gesien dat die Here jou liefhet. Die Bybel leer ons dat God heilig is. Die woord *heilig* beteken "afgesonder". Dit beteken dat God sonder sonde is; daarenteen is die mens vol sonde. Daar is 'n kloof tussen God en die mens: sonde.




Romeine 6:23 sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood;". As jy 'n maand lank gewerk het, ontvang jy 'n salaris (loon). Wat is die kenmerke van die loon wat sonde gee?

1. **Die dood is skeiding van God, *nou* op die aarde.** Miskien is daar 'n leegheid in jou hart. Jy ervaar dalk spanning in plaas van vrede; eensaamheid in plaas van liefde. Dalk is daar vrees in plaas van hoop – 'n vrees vir die lewe en vir die dood. Jy lyk dalk uiterlik gelukkig, maar binnekant is dit leeg en sien jy geen doel met jou lewe nie. Miskien weet niemand dit nie, net jy.

2. **Dood is skeiding van God, vir ewig, in die hel.** Nòg die Bybel nòg Jesus het ooit geleer dat daar 'n vagevuur bestaan.

*Thomas Wade Akins*

Party kerke leer dat die vagevuur 'n plek is waar die siele van die getroues ná hulle dood gesuiwer word. Hulle leer dat dit 'n plek is waarheen iemand gaan om gereed gemaak te word om hemel toe te gaan. Jesus sê: "En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle," (verwysend na Lasarus en die ryk man). Jesus leer duidelik in Lukas 16:19-31 dat *dood* die hel beteken.

Die Bybel sê in Hebreërs 9:27: "'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel." Met ander woorde, jy sal net een keer sterf (daar is nie so iets soos reïnkarnasie nie) en daarna sal dit die oordeel van God wees.

## SAMEVATTING:



Sonde is 'n ernstige probleem wat die dood tot gevolg het. Die dood is skeiding van God, *nou* terwyl jy nog leef **en** nadat jy gesterf het.

In die volgende les praat ons oor die enigste oplossing vir ons sondes.

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'W'** as die stelling waar is en **'O'** as dit onwaar is.

1. **(W) (O)** - God is heilig.
2. **(W) (O)** - Die mens is heilig.
3. **(W) (O)** - Die loon van die sonde is die dood.
4. **(W) (O)** - Die Bybel leer ons van 'n plek wat die vagevuur genoem word.
5. **(W) (O)** - Die dood is skeiding van God, *nou* en vir altyd in die hel.

*Thomas Wade Akins*

# GOD SE VOORSIENING
## 'n Nuwe Lewe – Les 5

**INLEIDING**


**In Les 4 het jy gesien dat God jou liefhet, dat Hy heilig is en dat die mens 'n sondaar is. Jy het ook gesien dat sonde twee gevolge het. Romeine 6:23 sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood." Die dood skei ons op twee maniere van God. Eerstens word ons nou, in *hierdie* lewe van God geskei. Tweedens is dit ewige skeiding, in die hel ná ons sterwe. In hierdie les sal jy uitvind wat die enigste oplossing is vir die mens se probleem.**

1. **DIE PRYS VAN SONDE.** Die prys wat jy vir elke sonde moet betaal wat jy gedoen het, of nog gaan doen, is volgens Romeine 6:23 die dood. Dit beteken dat die enigste manier waarop die skeiding wat sonde in jou lewe bring, verwyder kon word, sou wees as iemand vir jou sonde sterf. Romeine 5:8 sê: "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."
2. **JESUS CHRISTUS HET DIE PRYS BETAAL VIR JOU SONDES.** Toe Hy aan die kruis gesterf het, het Jesus met Sy bloed die prys betaal vir jou sondes. "…en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde." (1 Johannes 1:7). Baie mense probeer God bereik deur:
   a. Goeie werke
   b. Godsdiens
   c. Die doop
   d. Die brood
   e. Gebede tot geloofshelde
   f. Spesiale Nagmaal
   g. Engele

*Thomas Wade Akins*

   h. Heiliges
   i. Reïnkarnasie
   j. Helpende geeste

Hierdie pogings het egter geen krag om sonde uit te wis nie. Die Bybe stel dit baie duidelik: "[5]Daar is immer net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus [6a]wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het." (1 Timoteus 2:5-6). Daar is net een Here, Redder en Middelaar tussen God en die mens. Sy Naam is Jesus.






Nadat Christus vir ons sondes gesterf het, het Hy opgestaan uit die dood. Glo jy dat Jesus die enigste Here, Redder en Middelaar tussen jou en God is?

In die volgende les sal jy sien hoe jy Christus in jou gees (hart) kan ontvang en só die ewige lewe kan verkry.

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'W'** as die stelling waar is en **'O'** as dit onwaar is.

1. **(W) (O)**- Die loon van die sonde is die dood.

***Thomas Wade Akins***

2. (**W) (O)**- Die enigste manier wat die sonde van die mens ge= elimineer kan word, is deur die bloed van Christus, deur Sy dood.
3. **(W) (O)** - Die doop kan sonde wegneem.
4. **(W) (O)** - Die Nagmaal kan sonde wegneem.
5. **(W) (O)** - Jesus Christus is die enigste Here, Redder en Middelaar en nét Hy kan ons sondes vergewe.

# ONS ANTWOORD
## ’n Nuwe Lewe – Les 6

**INLEIDING**

In die vorige les het jy gesien dat Christus Sy bloed gestort het om die prys te betaal vir jou sondes. Jy het geleer dat niks en niemand anders die vermoë het om sondes weg te neem nie; net Christus kan. Hy het betaal vir jou sondes. Jy hoef niks te betaal nie. Dit is hoe Jesus vir jou ’n nuwe en ewige lewe aanbied.



Dalk weet jy (met jou verstand) alles van Jesus, maar die Bybel sê jy moet Hom aanneem (in jou hart (gees) in). Hy moet nie net kopkennis wees nie, maar Hy moet in jou hart leef. Terwyl Hy in jou hart inkom, vergewe Hy al die sondes in jou verlede, hede en toekoms. “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.” (Johannes 1:12).

Wat moet jy doen om Christus aan te neem?

1. **BEKERING.** “Bekeer julle en glo die evangelie.” (Markus 1 15[b]). *Bekeer* beteken “verander jou denke”. Jy moet dus bereid wees om jou dunk van sonde te verander en Christus in jou hart innooi om jou lewe te verander en dit te herskep. Jy kan dit nie self doen nie. Is jy gereed om Christus in jou lewe in te nooi sodat Hy jou kan verander? Jy moet dus erken dat *net* Christus jou lewe kan verander. Is jy bereid om die rigting van jou lewe te verander vir Jesus? Is jy gereed om jou sondes te laat staan, jou lewe vir Christus te gee en Hom toe te laat om beheer oor te neem? Is jy gereed om Christus toe te laat om die Meester te wees en jou lewe te verander?



2. **GELOOF.** In Markus 1:15[b] sê Jesus: “Bekeer julle en glo die evangelie.” Byna almal sê “Ek glo aan Jesus”, maar glo jy *in* Jesus? Daar is ware geloof en valse geloof. Jakobus sê: “Die duiwels glo dit ook – “. Tóg weet ons dat die duiwels nie gered is nie.
3. **WAT IS WARE GELOOF?** Ware geloof is ’n geloof wat red. *Geloof* beteken “om te vertrou”. Die geloof wat red, is een wat in niks anders as Jesus glo vir redding nie. Die woorde “*geloof*” of “*om te glo*” beteken om jou lewe oor te gee aan Christus sodat jy een met Hom kan wees.
4. **NEEM CHRISTUS AAN.** Is jy gereed om te bely dat Christus jou enigste Here, Meester en Hoof is? Is jy gereed om Hom toe te laat om jou lewe te verander en te beheer? Dít is bekering! Is jy gereed om op te hou om jou vertroue te stel op ander dinge soos ’n goeie lewe, goeie werke, Maria, engele, hekse, die sterre voorspel, afgode, beelde of die doop, en jou geloof *geheel en al* in Jesus Christus te plaas? Dit is ware geloof!

**NET JESUS RED**

**SAMEVATTING**

Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir jou sondes en Hy het drie dae later opgestaan uit die dood. Hy lewe vandag en wil in jou lewe inkom. Stem jy saam dat Jesus Christus jou enigste Here, Redder en Saligmaker is? Is jy gereed om jou lewe vir Hom te gee en Hom toe te laat om jou te verander en vir jou die ewige lewe te gee?

Die Bybel sê: "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." (Romeine 10:13). Jy kan jou lewe *nou* vir Christus gee deur geloof. Jy kan Hom in gebed vra om in jou hart in te kom.



As dit jou begeerte is, bid nou in alle opregtheid en uit jou hart hierdie gebed tot Jesus:

*"Here, ek is 'n sondaar. Ek beheer my eie lewe en ek verdien die dood en die hel. Ek glo dat U my enigste Here en Redder is. Ek wil nou my sondes aflê en U toelaat om my lewe te beheer. Ek wil ophou om self my lewe te beheer en om op ander dinge te vertrou vir my redding. Kom asseblief nou in my hart in en verander my lewe. Gee my 'n nuwe lewe. Gee my asseblief die EWIGE LEWE. Amen."*

## VRAE

Beantwoord asseblief die volgende vrae. Omkring u keuse: **'J'** as dit "JA" is en **'N'** as dit "NEE" is.

1. **(J) (N) –** Glo jy dat Jesus jou gebed gehoor het?
2. **(J) (N)** - As jy dit glo, is Jesus Christus, volgens die Bybel op hierdie oomblik in jou hart..
3. **(J) (N)** - As jy vannag sou sterf, weet jy waar jy die ewigheid gaan deurbring?

As jy hierdie gebed in geloof gebid het en Jesus aangeneem het, beantwoord asseblief die volgende vrae:

1. Beskryf hoe jou lewe was voordat jy Jesus werklik aangeneem het!





2. Waar het jy regtig opgehou om op ander dinge te vertrou en jou lewe geheel-en-al vir Jesus te gee? (Byvoorbeeld: in 'n winkelkompleks, by 'n opelug diens, toe jy die Jesus-film gesien het, toe jy 'n traktaatjie gelees het, deur 'n korrespondiensie-Bybelstudie, tydens 'n erediens, ens.). Wees spesifiek.

3. Hoe lyk jou lewe nou? (Byvoorbeeld: is die leegheid weg? Is jy seker dat Christus in jou lewe is? Het jy nou vrede in jou hart?



# SES WAARHEDE VIR DIE NUWE BEKEERLING

'n Nuwe Lewe – Les 7

**INLEIDING**

"Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe," (Kolossense 2:6). In hierdie les sal u leer hoe om in gemeenskap met Christus te leef.

**Toe u fisies gebore is, is u net een maal gebore. Wanneer u Christus ontvang, word u geestelik gebore, en dit gebeur ook net een maal. Dit is wat Johannes 3 "weer gebore" (nuwe vertaling) noem. U kan nie elke Sondag weer fisies gebore word nie, en dit geld ook vir u geestelike geboorte.**

# WAARHEID 1 – SEKERHEID VAN REDDING EN DIE EWIGE LEWE

Wat is die ewige lewe? "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." (Johannes 17:3). Met ander woorde, ewige lewe is Jesus in jou hart (gees). Dit beteken dat Hy jou 'n nuwe lewe sal gee wanneer Hy in jou lewe kom, en dat jy vir ewig met Hom sal lewe in die hemel.

**1 Johannes 5:12 sê: "Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."**

Wat gebeur as 'n mens sondig nadat hy Christus ontvang het? Hy verloor nie sy redding nie! Laat my toe om te verduidelik. Ek het drie kinders. Soms is hulle ongehoorsaam aan my. Dink u dat ek hulle dan vir altyd wegstuur? Natuurlik nie! Hulle is my kinders en ek is lief vir hulle. Wat ek doen, is om hulle reg te help, te leer en te dissiplineer. Die Bybel sê: "[7]Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie? [8]As julle nie getug word soos al die ander nie nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie." (Hebreërs 12:7-8).



Johannes 1:12 sê: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Dus sal 'n kind van God reggehelp word wanneer hy sondig. As jy nie reggehelp word nie, beteken dit dat jy nie regtig 'n kind van God is nie. 'n Ware kind van God kan nie sy redding verloor nie, want hy *het* die ewige lewe.

As u sondig nadat u Christus aangeneem het, sal God u dissiplineer om u te leer om op die regte pad te bly. Hy sal nie u redding wegneem nie. U redding is ewig, en ewig is vir altyd!

# WAARHEID 2 – LAAT JULLE DOOP!



Jesus sê in Matteus 28:19: "[19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels; doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20a]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Miskien is u as baba gedoop. Maar Jesus sê dat slegs hulle wat Hom volg die reg het om gedoop te word. U was tog nie 'n volgeling van Christus toe u 'n baba was nie. U het niks van Jesus geweet nie. U het eers 'n volgeling van Christus geword toe u Hom in u lewe ingenooi het deur geloof en bekering.

Hoekom behoort u nie as 'n baba gedoop te word nie? Die doop is 'n simbool (om te wys) dat u 'n volgeling is van Christus.

**In die Bybel is die volgelinge gedoop deur omderdompeling nadat hulle Christus aangeneem het. Wat is onderdompeling? Wanneer 'n mens gedoop word, plaas iemand sy *hele* liggaam vir 'n oomblik onder die water. Hoekom? Want dit is simbolies van Jesus se dood, begrafnis en opstanding. Dit kan nie gedoen word as iemand 'n baba is nie, dit behoort gedoen te word wanneer iemand Christus aangeneem het.**

"[3]Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in



sy dood gedoop is nie? [4]Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei." (Romeine 6:3-4).

**Die water kan ons nie red nie. Net Jesus Christus red. U doop is die eerste teken dat u waarlik 'n volgeling van Christus is. As u nie weet waar u gedoop kan word nie, vra u Pionier, of skryf aan die skrywer van hierdie studie. Vertel vir hom waar u tot bekering gekom het, dan sal hy probeer om iemand te kry wat u kan doop.**

# WAARHEID 3 – LEES U BYBEL

**Psalm 119:105 sê: "U woord is die lamp wat my die weg weys, die lig op my pad." Die Bybel is die Woord van God. Die eerste deel is die Ou- en die tweede die Nuwe Testament. "Testament" beteken "'n verbond".**

Hoe behoort u u Bybel te lees? Die Bybel is se liefdesbrief aan u. Lees die Bybel met behulp van die volgende metode:

1. Begin 'n spesifieke boek lees, byvoorbeeld Johannes.
2. Lees die eerste vers.

3. Vra die Here om u ’n geestelike waarheid in die vers te wys. Johannes 1:1 sê byvoorbeeld: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.”

   Watter geestelike waarhede vind ons in hierdie vers?
   a. Die wêreld is deur die Woord geskape.
   b. Die Woord is God (vers 14 sê later dat Jesus die Woord is).
4. Lees elke vers of paragraaf op hierdie manier en laat God met u praat oor wie Hy is, oor die sonde in u lewe, oor opdragte wat u moet gehoorsaam, ens.



## WAARHEID 4 – GEBED

Die Here sê in Lukas 18:1 dat ons altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Hoe kan u bid? Dit is belangrik dat u tyd alleen saam met God moet hê. Begin hierdie tyd op die volgende manier:

1. Lees die Bybel vir 5 minute soos in Waarheid 3 beskryf.
2. Loof die Here – sê: “Vader, ek het U lief omdat …”
3. Danksegging - “Ek dank U vir …”
4. Intreding - “Here, ek bid vir my seun, Jeff, want hy …” (hou aan om vir mense te bid wat Christus nog nie aangeneem het nie.) Maak ’n lys van mense en verdeel die name sodat u op elke dag van die week vir ’n paar mense kan bid.
5. Versoeke – vertel vir die Here wat u nodig het.
6. Belydenis – wees ’n ruk stil en vra die Here om u te wys op sonde of slegte dinge in u lewe. 1 Johannes 1:9 sê: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” Dit is geskryf vir mense wat Christus reeds aangeneem het. As iemand vuil is, moet hy bad. Belydenis is vir die Christen ’n geestelike bad.

## WAARHEID 5 – WORD ’N LIDMAAT VAN ’N EVANGELIESE KERK

“Die kerk is sy liggaam,” (Efesiërs 1:23). Jesus Christus is die Hoof van die kerk. “aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk.” (Efesiërs 1:22).



Die naam Petrus beteken “rots”. Daar word na Jesus Christus verwys as ’n “rots”. In Matteus 16:18 sê God nie dat Petrus die hoof
van die kerk is nie, maar dat Jesus die Hoeksteen is.



1 Korintiërs 3:11 sê: “want niemand kan ’n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.”

’n Kerk (gemeente) is ’n liggaam van gedoopte gelowiges wat saamkom met die volgende doel:

1. Aanbidding – die bediening van twee ordinansies: die nagmaal en die doop
2. Evangelisasie
3. Dissipelskap
4. Barmhartigheid
5. Gemeenskap van die gelowiges

Hoekom moet u aan ’n kerk behoort?

1. Om die Here te loof saam met broers in Christus.
2. Om die Woord van God te leer.
3. Om gemeenskap met ander gelowiges in Christus te hê (die kerk is u geestelike familie).
4. Om ander te bedien.
5. Om met mense wat Jesus nog nie ken nie, te deel.

## WAARHEID 6 – GETUIG

**Jesus se opdrag in Matteus 28:19 is: “maak die mense my dissipels.” Dit beteken dat elke volgeling van Jesus vir ’n verlore siel moet vertel wat in sy lewe gebeur het. U behoort te begin by die mense in u eie gesin. Vertel hoe u gelewe voordat u Jesus as Verlosser aangeneem het, hoe u tot die besef gekom het dat u Jesus nodig het, hoe en wanner u Hom aangeneem het en hoe u lewe met Christus is. Nadat u dit gedoen het, vra vir die persoon of hy Christus ook graag wil aanneem en so sekerheid van die ewige lewe wil verkry.**

As die persoon *Ja* sê, wys vir hom die volgende verse en verduidelik elkeen soos hieronder uiteengesit:

1. Johannes 5:13 – Jy kan sekerheid hê van die ewige lewe. Ewige lewe is Jesus in jou hart (Johannes 17:3). Ewige lewe bring vrede, *nou* (Johannes 10:10) en sekerheid van die hemel na u gesterf het (Johannes 14:1-3).
2. Romeine 3:23 – Die mens se grootste probleem is sonde. Ons is almal sondaars. As gevolg van sonde is daar skeiding tussen ons en God.
3. Romeine 6:23: "Die loon wat die sonde gee, is die dood;" Dit beteken dat die uiteinde van ons sonde die dood is. Dood is skeiding van God. Dit beteken dat ons lewe nou sonder vrede, vreugde en sekerheid van die ewige lewe sal wees. Dit sal 'n leë lewe vol spanning wees, gemerk deur vrees en 'n skuldige gewete. Dit sal ook 'n lewe wees weg van die hemel en God se teenwoordigheid – vir ewig.
4. Romeine 5:8 – Christus het vir ons sondes gesterf. Christus het die prys (loon) vir my sonde betaal, en ook vir u sondes, deur in ons plek te sterf.
5. Romeine 8:9,10 en 10:9,10 – Om Christus te ontvang, moet u Hom aanneem as u Here en Verlosser. Dit beteken dat u bereid moet wees dat Hy u lewe beheer. Om Christus te ontvang, beteken om Hom te vertrou, en om Hom te vertrou, beteken om op te hou om op ander dinge te vertrou en om al u geloof in Jesus Christus te plaas.
6. Romeine 10:13 – Vra vir die persoon of hy graag sy lewe vir die Here wil gee. As hy "Ja" sê, vra hom om die Here in gebed te vra om *nou dadelik* in sy lewe in te kom, "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."

# DIE JOHANNES EVANGELIE BYBELSTUDIES



**Waylon Moore**

**Pionier Evangelisasie Reeks**

# GOD SE WONDERLIKE PLAN VIR JOU!
## Die Johannes Evangelie Bybelstudies – Les 1

Jy is met ’n doel op die aarde: om God te ken, lief te hê en te verheerlik. Jy kan God persoonlik leer ken as jy Sy Seun, Jesus Christus, die Verlosser, ontmoet en leer ken. Die Bybel leer ons van al die wonderlike gawes wat God aan húlle gee wat Jesus ken en Hom volg.

’n Paar van hierdie gawes en voordele word hieronder genoem. Hierdie studie kom uit die Evnagelie volgens Johannes. Laat die Here toe om met jou te praat deur Sy Woord. Dink na oor elke vers en beantwoord dan die vrae in jou eie woorde. Vul jou antwoorde in die spasie in wat onder die vers gelaaat is. Blaai nou na Johannes 10 en lees vers 10.

1. Waarvoor het Jesus, die goeie Herder, gekom? Joh.10:10



2. Wat dink jy bedoel Jesus met “die lewe … in oorvloed”?

3. Watter soort lewe gee Jesus aan almal wat waarlik in Hom glo? 10:28

4. Wat doen God die Vader wanneer ons iets in die Naam van Jesus vra? 16:23



5. Wat dink jy beteken dit om in Jesus se Naam te bid?

6. Hoekom wil Jesus ons gebede beantwoord? 16:24

7. Hoe kan ons waarlik “vry” word? 8:31,32

8. Wat bedoel Jesus met “die waarheid” wat ons vry maak? 17:17

9. Hoe kan ons aan Jesus se woorde getrou bly?

10. Jesus sê in Johannes 14:1 ons moet nie __________________ _____________. Hy wil hê die wat in God glo, moet ook glo in ________.

11. Wat is in die huis van Jesus se Vader? 14:2

12. Wat het Jesus gaan doen toe Hy opgevaar het na die hemel? 14:3

13. Wat sal Jesus doen as Hy klaar vir Sy volgelinge plek gereed gemaak het in die hemel?

---



14. Wat belowe Jesus dan?

______

______

15. Jesus gee vir ons 'n geskenk wat gladnie gekoop kan word nie. Wat is dit? 14:26

______

16. Hoe voel die Here oor ons as ons Jesus liefhet? 16:27

______

Waarom buig jy nie nou jou hoof om te bid nie? Dank die Here omdat Hy jou liefhet, ten spyte van jou onvolmaakte lewe en sondes!

Die Bybel vertel van twee soorte dood. Die eerste is wanneer ons liggame sterf. Die tweede is geestelike dood wanneer 'n mens sterf sonder dat hy Jesus aangeneem het. Dood is skeiding van God in 'n poel van vuur, genoem die "Hel".

17. Wat belowe Jesus egter aan elkeen wat lewe en in Hom glo? 11:26 ______

Let op die belangrike woorde waarmee Marta Jesus antwoord in Johannes 11:27. Haar antwoord was 'n belydenis van wat sy geglo het van Jesus en Sy mag oor die dood: "Ja, Here, ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom."

18. Wat gebeur *in* ons wanneer ons Jesus se woorde verstaan?

______

______

# Thomas Wade Akins



19. Wanneer Jesus dié wat glo, vul, ontvang ons ______ ______ wat ons krag gee om vir Christus te lewe. 1:16

Genade is 'n gawe van God wat ons nooit sal kan verdien nie. Dit is om geestelike volheid te verkry deu Jesus, in ruil vir ons sondige armoede. Ons is gered van ons sonde, uit genade, nooit deur werke nie. "[8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. [9]Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie." (Efesiërs 2:8-9).

20. Johannes beskryf Jesus vir ons as die Lam van God. Wat het Jesus met ons sondes gedoen aan die kruis? 1:29

______

21. Daar is een woord in Johannes 1:12 wat sê wat "geloof" in Jesus beteken. Om in Jesus te glo, beteken dat jy Hom in jou hart ______ het as die Here Jesus Christus.

**In hierdie studie het jy gelees van die Here se liefdevolle doel vir jou lewe, en van party van die wonderlike voordele wat ons het as ons Hom ken. Diegene wat waarlik in Jesus glo, ontvang lewe in oorvloed, die ewige lewe, antwoord op gebed, vryheid, 'n woning in die hemel, vreugde, vrede en genade. Die Here sal hulle sondes vergewe en dit wegneem.**

Wanneer jy jou bekeer van jou sondes en Jesus aanneem, sal Hy vir ewig as Here in jou hart inkom. Om jou te bekeer, is om jou rug te draai op sonde en Christus te volg. Hy het vir *al* jou sondes gesterf en daarna opgestaan uit die dood. In die volgende les sal jy meer te wete kom van een van God se gawes aan jou – die ewige lewe.



## DIE MAG ON VIR EWIG TE LEWE

Die Johannes Evangelie Bybelstudies – Les 2

Baie mense dink die ewige lewe is iets wat ons sal ervaar nadat ons gesterf het. Ander dink weer dit is die produk van baie goeie dade sodat ons ons sondigheid kan oorkom. Dit is nie waar nie. Minmense besef wat dit is wat Jesus oor en oor vir ons sê: ons kan verséker wéét dat ons *nou* die ewige lewe het!

**Kom ons kyk na die Evangelie volgens Johannes in die Bybel. Blaai na hoofstuk 17 vers 3. Lees die vers en beantwoord die vrae in jou eie woorde. Vul dit in die oop spasie in.**

1. Wat is ewige lewe? 17:3

2. Hoe kan ons God en Jesus "herken"? 7:17

Die ewige lewe is nie net 'n belofte vir "eendag" nie. Die ewige lewe is 'n Persoon, Jesus Christus. Om Jesus te hê as jou persoonlike Here en Verlosser, is om die ewige lewe te hê.

3. Watter weg moet ons volg om Jesus te vind? 5:39

4. Wie het die woorde wat ewige lewe gee? 6:67-69

5. Wat sal gebeur as jy nie die ewige lewe het nie? 3:18

*Thomas Wade Akins*

6. Hoe kry Jesus se skape die ewige lewe? 10:28

7. Wat gebeur as ons óns wil verkies bo die wil van God? 12:25

Wat moet ons om die ewige lewe te behou?



8. Jesus sê: "…want sonder My ______ ."

9. Wie het mag oor alles en kan die ewige lewe gee?

Lees Johannes 3:16 twee keer en beantwoord dan die volgende vrae:

10. Wie het die mense in die wêreld lief?

11. Wat het God gedoen omdat Hy jou liefhet?

12. Wie is die "Eniggebore Seun" (ou vertaling) van God?

13. Wie kan die ewige lewe hê?

14. Die wat nie in God se eniggebore Seun, Jesus, glo nie, word

15. Hoeveel mense kan die ewige lewe hê?

*Thomas Wade Akins*

16. Hoe lank sal die ewige lewe duur?

17. Hoekom gee die Here vir ons die ewige lewe?

18. Hoe maak jy seker dat jy nie verlore gaan nie?

19. In Johannes 5:24 sê Jesus 'n baie belangrike ding. Voltooi die stelling: Om die ewige lewe wat Jesus gee, te hê, moet 'n mens eers __________________ na Sy Woord en in Hom __________.

20. Dán belowe Jesus drie belangrike dinge:
Jy het ____________________________________________
Jy word nie ________________________________________
Jy het reeds _______________________________________

Elkeen kan weet wanneer hy uit die dood oorgaan tot die lewe, net soos hy weet wanneer hy trou of wanneer hy verjaar. Het jy al van die dood oorgegaan in die lewe? Jy kán weet.

21. Jesus beskryf die ewige lewe as 'n

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________ 4:13,14

22. Hoe kry 'n mens dan die ewige lewe? V.14

______________________________________________

*Thomas Wade Akins*

23. Wat beteken dit in Johannes 4:14 "om water te drink"? Omkring die beste antwoord.
a) drink water
b) glo in Jesus
c) grawe 'n put
d) word gedoop

24. In Johannes 6:47,48 en 51 gebruik Jesus 'n ander beeld om Homself te beskryf. Hy is

______________________________________________

Skryf (twee) 2 dinge neer waaraan jy dink wanneer jy BROOD sien, voel en eet.
1. ____________________________________________
2. ____________________________________________

25. Hoe is elk van hierdie kenmerke deel van Jesus?

______________________________________________



______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

26. As ons in die lewende Christus glo, wat sal ons hê? 6:47

______________________________________________

______________________________________________

Jy het gesien dat die ewige lewe en ewigdurende lewe dieselfde is. Verkryging van die ewige lewe is die gevolg van 'n persoonlike kennis van Jesus. Hy *is* die ewige lewe! Die ewige lewe is vir altyd. Niemand wat die ewige lewe het, sal verlore gaan nie. Jesus is jou Lewende Water en jou Brood wat lewe gee.

In die volgende studie sal jy uitvind hoe jy kan verhoed dat jy sterf aan die wêreld se kwaaiste siekte.

*Thomas Wade Akins*

# DIE TRAGEDIE VAN SONDE

## Die Johannes Evangelie Bybelstudies – Les 3

In elke mens leef daar 'n dodelike siekte – sonde – wat almal wat jy liefhet, raak en wat oorerflik is van ouer tot kind. Party mense dink hulle kan daarmee wegkom, maar God oordeel jou sonde. Genadiglik het Hy 'n Geneesmiddel vir ons sonde voorsien.

Kom ons kyk weer na die Evangelie volgens Johannes en ook na sleutelverse elders in die Bybel. Onthou om die vers aandagtig te lees voordat jy jou antwoord skryf in die spasie.

1. Johannes noem Jesus die "Lam van God". Wat het Jesus gedoen in verband met ons sondes? Johannes 1:29

______________________________________________

______________________________________________

2. Wie is Jesus? Waarop het Hy aanspraak gemaak deur God Sy *Vader* te noem? 5:17-18

______________________________________________

______________________________________________

3. Jesus se aanspraak was waar! Hoe het godsdienstige leiers gereageer teenoor Jesus toe Hy God Sy *Vader* genoem het? 10:31-33

Jesus het sondes vergewe, aanvaar dat hulle Hom aanbid as God, en het op dieselfde volkomenhede aanspraak gemaak as wat God besit. Hy is beide God en mens.

*Thomas Wade Akins*

4. Wie sal eendag alle sondige mense oordeel? 5:22,26-27

5. Watter raat gee Jesus aan 'n baie godsdienstige man teen sonde? 3:3

Om fisies gebore te word, is nie genoeg nie. As gevolg van sonde moet ons 'n tweede geboorte, innerlik, ervaar.

6. Ons moet weergebore word, want sonder Christus is ons slawe van ______________________. 8:34

7. Wie is die vader van almal wat alles wil doen wat sondig is? 8:44

Wie het 'n aardse vader, die Duiwel, wat ons in die hel wil hê saam met hom, vir die ewigheid. Ons het 'n liefdevolle Hemelse Vader nodig.

8. Omdat ons onsself nie heeltemal aan Jesus toevertrou nie, staan ons ___ 8:34

9. Lees Johannes 8:1-11. Wat het Jesus vir die trotse godsdienstige leiers gesê? 8:7

Jesus het die sondares vergewe. Hy het gesien dat sy waarlik berou het. Dit is hoe Hy optree teenoor elkeen wat eerlik is oor sy sonde en wedergeboorte begeer.





"Almal het gesondig en is ver van God af." (Romeine 3:23).

10. Hoeveel mense het volgens bogenoemde vers gesondig?

11. Wat is sonde? Omkring die korrekte antwoord.
Sonde is
   a) oortreding van die Wet van God
   b) alle ongeregtigheid
   c) *om ver te wees van God af*
   d) rebellie teen God
   e) ongeloof; dit maak God tot leuenaar
   f) om te lewe soos *ek* wil, te doen wat *ek* wil *teen* God se wil.

Sonde is rebellie teen God, gekenmerk deur 'n ongeërgde houding. Al die antwoorde in vraag 11 is Bybelse definisies van sonde. Godsdienstige mense gaan hel toe. Goeie mense gaan hel toe. Slegte mense gaan hel toe. Net mense wat vergewe is, gaan hemel toe. Om vergifnis van sonde te verkry, behels 'n wegdraai van sonde in bekering, en 'n oorgawe aan Christus Jesus as Here.

*"Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23).*

12. Watter loon bring die sonde vir elkeen van ons?

13. Moet ons werk om redding te verkry van God?

14. Hoe kry ons dan die ewige lewe?

*Thomas Wade Akins*

*“[8]Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. [9]Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.” (Efesiërs 2:8-9).* Beantwoord nou die volgende vrae oor hierdie verse:

15. Hoe word ons gered van die hel?

________________________________________

16. Hoe kry ons hierdie ewige lewe?

________________________________________

Genade is ’n gawe (geskenk) net soos geloof dit is. Jy kan dit nie verdien nie.

17. Waarteen waarsku Jesus almal wat weier om Hom te volg as Here en Verlosser?

________________________________________

________________________________________

18. Johannes 8:24

________________________________________

________________________________________

19. Wie kan ons bevry van die mag van sonde? 8:36

________________________________________

20. Wat het Jesus vir die mense wat Hom die beste geken het op aarde, gevra? 8:46

________________________________________



Jesus het self nooit gesondig nie. Tóg is Hy net soos ons versoek. Jesus het jou lief. Sy liefde het gemaak dat Hy jou sonde op Homself geneem het aan die kruis.

*“’n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.” (Hebreërs 9:27).*



21. Watter twee afsprake *sal* ons almal nakom?

a) ____________________________________

b) ____________________________________

Húlle wat Jesus se geskenk van die ewige lewe kies, sal oorwin oor hierdie twee verskriklike gebeurtenisse. In die volgende les kyk ons hoe Jesus ons sondes, en die gevolge daarvan, op Homself neem.



# DADE EN GEVOLGE

## Die Johannes Evangelie Bybelstudies – Les 4

Dit is onmoontlik om te sondig en nie gestraf te word nie. Jy kan nie aan God se oog ontkom nie! “’n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy.” (Spreuke 5:21). Lees elke vers en beantwoord dan die vrae in jou eie woorde.

1. Wat het die Hemelse Vader gedoen met Sy oordeel oor ons? 5:22

______________________________________________

______________________________________________

2. Hoekom is die Seun van God, Jesus, ons Regter? 5:23

______________________________________________

______________________________________________

3. Watter twee dinge het God die Vader aan Sy Seun Jesus gegee? 5:26-27

a) ____________________________________________

______________________________________________

b) ____________________________________________

______________________________________________

4. Hoe oordeel Jesus? 8:16

______________________________________________

______________________________________________

5. Wat het met Satan, "die owerste van hierdie wêreld" gebeur toe die oordeel kom? 12:31 __________________________

______________________________________________

*Thomas Wade Akins*

6. Wat het die breek van Satan se mag en sy posisie op aarde tot gevolg gehad? 12:32

______________________________________________

7 Wanneer is Jesus van die aarde af "verhoog"? 12:33

______________________________________________

*"Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee." (Romeine 14:12).*

8. Hoeveel mense sal rekenskap aan God gee op die oordeelsdag?



______________________________

9. Vir wie se dade sal ons op die oordeelsdag rekenskap moet gee? ________________________________

Die Here het 'n rekordhouer, soos 'n onsigbare videokamera wat 24 uur per dag saam met jou gaan. Hy ken jou motiewe, gedagtes, woorde en dade. Daar is 'n oordeelsdag.

*"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." (Matteus 5:27-28).*

10. Wanneer begin egbreuk by 'n mens? Omkring een antwoord.

a) Wanneer hy kyk en begeer.

b) Wanneer hy die sondedaad doen.

Lees Jesus se woorde: *"[19]Uit die hart kom a) slegte gedagtes: b) moord, c) owerspel, d) onkuisheid, e) diefstal, f) valse getuienis, g) kwaadpratery. [20a]Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak,"* Matteus 15:19-20.

*Thomas Wade Akins*

11. Skryf elke dodelike sonde in jou eie woorde neer.

a) ____________________________________________

b) ____________________________________________

c) ____________________________________________

d) ____________________________________________

e) ____________________________________________

f) ____________________________________________

g) ____________________________________________

12. Waar kom hierdie sondes vandaan?

______________________________________________

13. Met watter (een) van hierdie sondes sukkel jy die meeste?

______________________________________________

Hierdie verskriklike sondes kan ’n huwelik, ons kinders en ons werk vernietig. Maar dit is nie die ergste sonde nie. Daar is een onvergeeflike sonde wat ons hel toe sal stuur.

14. Wat is die groot, onvergeeflike sonde? 8:24

---

Jesus Christus is volkome God en volkome Mens. Kom ons kyk noukeurig na wat Hy vir ons gedoen het aan die kruis. Lees Hebreërs 10:10-18. “[10]Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd. [11]Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie. [12]Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit … [14]Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak … [17]Dan sê Hy verder: “Aan



hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.” [18]Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.”

15. Kyk weer na vers 10. Hoeveel heer moet Jesus sterf om vir ons sondes te betaal?

---

“Afgesonder” is dieselfde as “geheilig” (ou vertaling) en dit beteken “eenkant sit”. Wat Jesus gedoen het, was so kragtig dat dit nie nagedoen kan word nie. Geen offer kan vandag bevoeg by wat Hy volbring het nie. Hy het al ons sondes op Hom geneem en in ons plek gesterf. Die woord *Here* word meer as 40 keer in die Evangelie volgens Johannes gebruik. Jesus het my Sy liefde die reg *gekoop* om ons *eienaar* te wees.

16. Wat kan (vandag) nie ons sondes wegneem nie? v.11

---

17. Wat het die Mens, Christus Jesus, aan die kruis gedoen? v.12

---



18. Hoe lank is hierdie offer geldig?

---

19. Wanneer iemand gaan sit, is hy òf moeg, òf sy werk is afgehandel. Hoekom het Jesus aan die regterhand van die Vader gaan sit?

---

---



20. Hoeveel maal moet Jesus sterf om ons volkome van sonde vry te maak en heilig (ou vertaling) voor God? v.14

---

21. Hoeveel van ons sondes sal God – in die lig van die bloed van Jesus, gestort vir ons sondes – onthou? v.17

---

---

Jesus het vir almal gesterf, maar net dié wat Hom aanneem as Here en Verlosser word bevoordeel deur Sy dood aan die kruis.

22. Aangesien God Jesus se offer aangeneem het as volmaakte vergifnis vir ons sondes, *is* dit nodig dat Jesus vandag oor-en-oor geoffer word deur ’n skare? Hoekom?

---

---

# GOD SE OPLOSSING VIR ONS SONDES

## Die Johannes Evangelie Bybelstudies – Les 5

Iets het gebeur toe Jesus aan die kruis gesterf het, iets wat nooit daarvoor of daarna gebeur het nie. Kom ons ontdek die hart van die kruis deur na die gebeurtenis te kyk in die Evangelie volgens Johannes, Hoofstukke 19-20.

**Jesus se Dood** – Lees Johannes 19:15-37.

1. Pilatus, die goewerneur, het Jesus aan die soldate oorgegee om ______________________ 19:16

2. Wat dink jy het in die soldate se gedagtes omgegaan?
______________________

3. Wat het Jesus dalk gevoel?
______________________

4. Wat het Jesus gedra?

5. Wat het die soldate aan Jesus gedoen? vv. 18 en 23
______________________
______________________

6. Hoe is Jesus "geklee" daar aan die kruis? 19:23
______________________



7. Wat het Jesus gesien en gesê terwyl Hy aan die kruis gehang het? 19:26-27
______________________



*"Toe sê Jesus: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!' " (Lukas 23:34).*

8. Hoe het Jesus volgens hierdie vers gereageer teenoor dié wat Hom verkeerdelik vermoor het?
______________________

9. Lees vers 30: Wat was Jesus se laaste woorde aan die kruis?
______________________
______________________

10. Wat het Hy bedoel?
______________________
______________________

*"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees." (2 Korintiërs 5:21).*

11. Watter twee dinge sê die vers oor Jesus?
a) ______________________
______________________
b) ______________________
______________________

Die apostel Petrus skryf: *"Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring,"* (1 Petrus 3:18[a]).

12. Christus het gesterf vir ons
______________________
______________________

13. Hoeveel maal moes Jesus sterf?

14. Wat het Sy dood vir ons gebied?

*"Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees."* (1 Petrus 2:24).

15. Wat het Jesus aan die kruis op Hom geneem?

16. En ons kry genesing en vergifnis deur

Blaai na hoofstuk 15:9,13.

17. Waarom het Jesus gekies om Sy lewe vir ons af te lê?

**Jesus se begrafnis** – Lees Johannes 19:38-42

1. Wie was Jesus se vriende wat Sy liggaam versorg het? v.38,39

2. Noem drie dinge wat hulle met Jesus se liggaam gedoen het.
   a.
   b.
   c.



**Jesus se opstanding** – Lees Johannes 20:1-31

1. Wat het Maria Magdalena gedoen toe sy sien dit klip is weggerol?

2. Wat was Petrus se reaksie?

3. Aan wie het Jesus verskyn? v. 11-29

4. Wat was Thomas se reaksie toe die ander sê hulle het die Here gesien? v. 24-25

   En later? v.26-29

5. Wat was jóú reaksie op Jesus?

6. Hoekom is die Johannes Evangelie geskryf? v. 31

Die apostel Paulus het dit só opgesom: "[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte." (1 Korintiërs 15:3-4).

Jesus wás God toe Sy Hemelse Vader Hom aarde toe gestuur het om mens te word. God se Seun het alles beleef wat mense beleef, tog het Hy nie gesondig nie. Jesus het aan die kruis gesterf as Plaas=



vervanger vir my en jou sonde omdat Hy ons so liefhet. Hy is deur ons sondes van God geskei. Hy het 'n volmaakte offer geword wat nooit nagedoen kan word nie.

Jesus is in 'n graf neergelê. God het Christus se dood aanvaar as volle betaling vir my en jou sondes deur Hom op te wek uit die dood. Jesus Christus leef, en deur Sy Heilige Gees sal Hy in die harte inkom van almal wat hulle bekeer van hul sondes en hul lewens oorgee deur Hom aan te neem as Verlosser en Here. Hy bly vir ewig by die gelowige.

*Thomas Wade Akins*

## DIE WONDERLIKSTE GESKENK
### Die Johannes Evangelie – Les 6

Dis nooit genoeg om net iets te wéét nie, jy *moet* oorgaan tot aksie! Dit is wonderlik as iemand vir jou 'n geskenk wil gee, maar sy sal dit nooit kan geniet voor jy dit by die gewer gevat en dit gebruik het nie. God bied vir jou en my die wonderlikste geskenk aan: die ewige lewe, maar jy moet dit in ontvangs neem deur Sy Seun, Jesus Christus, aan te neem. Lees die volgende verse en beantwoord dan die vrae in jou eie woorde.



Ons gebruik daagliks die woord "glo". "ek glo in my gesin", of "ek glo in hierdie politieke party." Dit is egter nie wat dié woord in die Bybel beteken nie. God begeer dat ons in Hom moet glo! Maar wat beteken dit om te glo?

1. Watter "goeie daad" is die enigste wat God aanvaar vir redding? 6:28-29

________________________________________

Hier volg 'n paar verse wat wys wat dit werklik beteken om in Jesus Christus te glo.

Jesus het gesê: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My" (Openbaring 3:20).*

2. Waar staan Jesus?

________________________________________

3. Waarvan is die "deur" in die vers simbolies?

________________________________________

*Thomas Wade Akins*

4. Hoekom "klop" Jesus aan?

________________________________________

5. Watter twee dinge moet gebeur voordat Jesus in jou hart kan inkom?

a) ______________________________________

________________________________________

b) ______________________________________

________________________________________

6. Wat belowe Jesus sal Hy doen by elke oop hart?

________________________________________

________________________________________

Wanneer mense saam eet, kan daar 'n hegte band van vriendskap gesmee word. Die Bybel het geestelike "voedsel" vir jou. Jesus wil elke dag tyd saam met jou deurbring sodat jy Hom beter kan leer ken en sodat julle die samesyn kan geniet. Jy het nodig om maaltyd te hou met die Here terwyl jy Sy Woord bestudeer. Jy praat dan met Hom in gebed.

*"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word." (Romeine 10:9).*

7. Watter werkwoorde in hierdie vers sê wat geloof in Christus is?

_______________ met jou _______________

en _______________ met jou _______________ .

8. Verduidelik wat die verskil is tussen om te glo *met* jou *kop* en om *in* jou *hart* te glo.



*"want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." (Romeine 10:13).*

9. Watter daad beteken hier om in Christus te glo en gered te word?

10. As jy nog nie in Christus glo nie, hoe staan jy voor God? 3:18

11. Waarom neem almal nie God se Seun aan as Verlosser en Here nie? 3:19-20

Kom ons kyk na die lewens van vier mense wat in Jesus geglo het. Lees Johannes 4.

12. Wie het Jesus gesê, is Hy? v. 25-26



13. Die Samaritaanse vrou het in Jesus geglo. Wat het sy gedoen as gevolg van haar geloof?

14. Die verhaal van die regeringsamptenaar wys vir ons die krag wat daar in geloof in Christus is. 4:49-53. Hoe weet ons die amptenaar het geglo in wat Jesus gesê het oor sy seun?



Die toets van ware geloof is gehoorsaamheid aan die Here Jesus.

15. Wat het Jesus vir die owerspelige vrou (ou vertaling) gesê nadat Hy haar van 'n seker dood gered het? 8:11

16. Om in Jesus, die Lig vir die wêreld, te glo, is om nooit in die duisternis te lewe nie, maar om _______________________

17. Wat belowe Jesus dié wat Hom volg? 8:12

18. Hoe weet ons dat die blindgebore man geglo het nadat Jesus sy oë gesalf het? 9:7-8

19. Die godsdienstige leiers het hierdie man uitgeban uit die Sinagoge, maar Jesus het hom gaan soek. Hoe het die man sy geloof gewys toe Jesus Homself aan hom openbaar? 9:35-39

Om jou te "bekeer" is 'n verandering in gesindheid wat 'n verandering van rigting tot gevolg het … 'n veranderde lewe." Bekering is 'n wegdraai van die dodelike greep wat sonde op ons lewens het en 'n soeke na Christus vir vergifnis en oorwinning oor alle sonde. Om tot bekering te kom, is om jou gesindheid teenoor Jesus Christus te verander. Hy is nie meer 'n baba in 'n Kersfees-krip nie, maar Here oor almal.

*Thomas Wade Akins*

Wil jy nie bid en Jesus in jou hart innooi om jou Verlosser en Saligmaker te wees nie? Hier is 'n gebed wat baie mense al gebid het: "Dankie, Here Jesus, dat U vir my aan die kruis gesterf het. Dankie dat U my sonde op U geneem het en in my plek gesterf het. Ek draai nou weg van sonde en ek gee myself heeltemal aan U, Here Jesus. Kom in my hart in as my Meester. Waar u leis, sal ek U volg."

Nadat jy hierdie gebed met jou hele hart gebid het, kan jy jou naam hier invul:

As jy reeds die sekerheid het dat Jesus al jou sondes weggeneem het, en dat jy hemel toe sal gaan, maak 'n regmerkie (✰ ) in die blokkie:

☐





# GOD SE GAWE WAT AANHOU GEE
## Die Johannes Evangelie – Les 7

Wanneer jy Jesus aangeneem het as Verlosser en Saligmaker, kom lewe Hy letterlik *in* jou deur die Heilige Gees. "Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid." (Kolossense 1:27[b]) "en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe." (Galasiërs 2:20[a]). As jy Jesus aangeneem het, dank Hom in gebed vir Sy lewe in jou. Jesus is die ewige Geskenk wat nooit ophou om te gee nie.

*"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom." (2 Korintiërs 5:17).* Die ou vertaling sê: *"kyk, dit het alles nuut geword."*

1. Waar sit God ons, volgens hierdie vers, wanneer ons Jesus aangeneem het?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Wat word ons nou genoem?

   ______________________________________________

3. Wat sê Hy van ons verlede?

   ______________________________________________

4. Hoe sien Hy ons nou in Christus?

   ______________________________________________

Die apostel Paulus druk dit in sy briewe 163 maal uit as "in Christus" (ou vertaling). Die oomblik toe jy jou lewe vir Christus gegee het, het Hy in jou kom woon en sedertdien is jy in Hom. Dit word genoem "een met Christus".

*Thomas Wade Akins*

**JESUS SE SPESIALE "EK IS"-NAME VOORSIEN IN ONS BEHOEFTES**

Wanneer Jesus *in* jou is, gee Hy aan jou al die volkomenhede wat Syne is. Sy volmaaktheid voorsien in al jou behoeftes. In die Johannes Evangelie, stel Jesus Homself aan ons voor deur die Ou Testamentiese Naam wan God: "Ek is wat Ek is." Kom ons leer ses van Jesus se "Ek is"-Name.

5. Vir wie het God gestuur om in ons daaglikse behoeftes te voorsien? 6:32-35 & 51.

______________________________________

6. Wat is dit wat die "Brood van die lewe" (ou vertaling) vrylik aan die wêreld voorsien? 6:33

______________________________________

7. As jy na Jesus toe kom, sal jy nooit weer ____. 6:35

______________________________________

8. As jy in Hom glo, sal jy nooit weer ____. 6:35

______________________________________

9. Watter twee werkwoorde wys ons hoe om die krag en voorsiening van Jesus te kry? 6:35

______________________________________

10. Jesus het gesê: "Ek is ______________________________

8:12

*Thomas Wade Akins*



11. Noem drie redes hoekom jy elke dag lig nodig het.
   a) ______________________________
   b) ______________________________
   c) ______________________________

Jy het lig nodig vir beide jou oë en jou verstand om te onderskei tussen goed en sleg. "Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is." (Psalm 119:130). Jesus wil hê dat jy Sy wil leer ken deur daaglikse Bybelstudie.

12. Dink aan drie dinge waarvoor 'n skaapwagter 'n deur (hek) sal gebruik by sy skape. Johannes 10:8-10
   a) ______________________________
   b) ______________________________
   c) ______________________________

Dink jou in hoe moeilik 'n skaapwagter se werk sou wees as daar nie 'n kraalhek was nie.

13. Hoe moet jy Jesus hierdie week beleef as 'n "deur" in jou lewe?

______________________________________

______________________________________

*"Die Here is my herder, ek kom niks kort nie." (Psalm 23:1). Dawid noem die Here 'my herder'. Ons is Sy skape. Jesus sê dat Hy God is deur ook die Naam Herder te gebruik.*

14. Lees Johannes 10:11-17. Dink aan drie dinge wat die Goeie Herder vir 'n lam sal doen en skryf hulle neer.
   a) ______________________________
   b) ______________________________
   c)

*Thomas Wade Akins*

15. Hoe kan Jesus, die Goeie Herder, in jou lewensbehoeftes voorsien in die week wat voorlê?

___________________________________________

Soek drie Name van Jesus in Johannes 14:6

16. Jesus is ___________________ want jy volg Hom elke dag.

17. Jesus is _____________________. Jy moet jou werk, besluite en jou verhoudings aan Sy wil en Woord meet.

18. Jesus is ___________________. Hy leef in jou deur Sy Gees. Hy gee jou die mag om reg te lewe en Hy gee die ewige lewe.

Ons liggame sal eendag sterf, maar ons persoon nooit nie. Jesus sal ons (liggame) opwek wanneer Hy terugkom (Johannes 14:2-3).

19. Wat noem Jesus Homself? 15:5

___________________________________________

20. Wat moet ons, die lote, doen om vrug te dra? 15:5

___________________________________________

___________________________________________

21. Wat kan ons sonder Jesus doen?

___________________________________________

**Herhaal hardop:** *"Here Jesus, dankie dat U my Brood, Lig, Deur, Herder, Weg, Waarheid, Lewe en Wynstok is."* Memoriseer die Bybelse Naam van Jesus waarvan jý die meeste hou.

**ONS NUWE HELPER**

Jesus lewe deur die Heilige Gees in gelowiges. *"…het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur," (Galasiërs 4:6[b]).* Sy Gees gee



aan ons alles wat ons nodig het om volgens God se wil te leef. Hy gee ons ook krag om ons probleme op te los en die duiwel te oorwin.

22. Watter uitnodiging rig Jesus tot mense wat geestelik dors het? 7:37

___________________________________________

___________________________________________

23. Wat gebeur in ons as ons glo en drink van die water wat Hy gee?

___________________________________________

___________________________________________

24. Waarna verwys "stromende lewende water"? 7:38

___________________________________________

25. Hoe verkry ons die Heilige Gees in ons lewe? 7:38

___________________________________________

___________________________________________

26. Watter twee dinge doen die Heilige Gees, God se Voorspraak, in ons? 14:26

a) ___________________________________________

b) ___________________________________________

27. In Johannes 15:26 is daar twee Name vir die Heilige Gees. Watter een verteenwoordig die volkomenheid van God wat jy vandag nodig het?

___________________________________________

28. Wie lê getuienis af oor Jesus by diegene wat Hom nie ken nie?

___________________________________________

15:26,27



29. Wanneer die Heilige Gees in die gelowige inkom, sal Hy vier dinge doen. Noem hulle. 16:13,14

a) ___________________________________________

b) ___________________________________________

c) ___________________________________________

d) ___________________________________________

30. Die Heilige Gees wys ons wie die Here Jesus is en wat Hy in ons kan doen. Jesus het ook belowe dat Hy Homself aan ons sal openbaar. 14:21,24



# GOEIE NUUS VAN JESUS
## GEBASEER OP MATTEUS

**Die Verhaal van die Lewe van Jesus Christus**
**deur**
**Christy A. Brawner**

**Pionier Evangelisasie Reeks**

**Hoe om die "Goeie Nuus van Jesus"- en "Begin 'n Nuwe Lewe in Christus" Bybelverhale te gebruik**

**1 Begin elke vergadering met ’n kort gebed en vra die Here om begrip te gee van die verhale.**

**2 Lees die verhale voor of, as daar genoeg kopieë is, lees hulle saam met die groep deur die indirekte metode te gebruik.**

**3 Die leier moet aan die einde van die verhaal mondelinge vrae te vra. Die doel met die vrae is hersiening en om vas te stel of hulle die verhaal verstaan en NIE om verder uit te brei daarop of te debatteer nie.**

**4 Lees die geestelike waarhede. Gee groepslede die kans om elke waarheid te bespreek en vrae te vra. Moet NOOIT met enigeen debatteer of stry nie. Dit is nie nou nodig dat lede saamstem of die geestelike waarheid moet aanvaar nie. Al wat belangrik is, is dat hulle die waarhede verstaan soos hulle in God se Woord geopenbaar is.**

**5 Na die geestelike waarhede kry elkeen die geleentheid om behoeftes en gebedsversoeke met die groep te deel.**

**6 Bid spesifiek vir elke behoefte en/of elke persoon in die groep. Soos wat die groep vorder en mense die Here aanneem, kan lede toegelaat word om vir mekaar te bid tydens die tyd vir intersessie.**





## DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

## “Die Geboorte van Jesus” – Les 1
## Matteus 1 – 2

**“Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap tot by Christus.” Matteus 1:17**

Maria, ’n Joodse meisie, het swanger geraak sonder dat sy enige seksuele verhouding met ’n man gehad het, want sy het deur die Heilige Gees swanger geword. Haar verloofde, ’n regverdige man, wou haar nie in die openbaar verneder nie en het besluit om die verlowing in die geheim te verbreek. Maar die aand wat hy die besluit geneem het, het ’n engel van die Here in ’n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. Sy sal ’n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Maria was die jong meisie van wie die profeet Jesaja gepraat het in die Ou Testament toe hy gesê het: “Die maagd sal swanger word en ’n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die Naam beteken “God by ons”.

Toe Josef uit sy slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel hom beveel het. Hy het met Maria getrou. Hy het egter nie met haar gemeenskap gehad voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. Josef het die Baba Jesus genoem soos die engel hom beveel het.

Jesus is gebore in die dorpie Betlehem in Judea, ’n provinsie van Israel. Die koning van Israel was Herodus.

Wyse manne uit die Ooste het na Judea gekom agter ’n helder ster aan wat hulle gevolg het. Volgens wat hulle gelees het, het hierdie ster die geboorte van ’n beloofde Koning aangekondig. Omdat hulle nie presies geweet het waar om die Kind te kry nie, het hulle eers na koning Herodus, koning van Judea, se paleis gegaan om navraag te doen oor waar die nuwe Koning van die Jode gebore is.

Herodus was omgekrap oor hierdie storie en het ’n geheime vergadering belê met al sy godsdienstige raadgewers en priesters. Hy het hulle gevra waar die beloofde Koning van die Jode volgens die profesieë gebore sou word. Die priesters het vir hom gesê dat die Skrifte sê die beloofde Kind sou in Betlehem gebore word. Hy het toe na die wyse manne gegaan en vir hulle gevra presies wanneer hulle die ster die eerste keer opgemerk het. Hy het dit gevra omdat hy wou uitvind presies wanneer die Kind gebore is, want op dié manier sou hy Sy ouderdom kon uitwerk.

Herodus het aan die wyse manne gaan sê in watter dorp die Baba gebore sou word. Hy het ook vir hulle gesê: “Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys.”

Die wyse manne het die paleid verlaat en die ster verder gevolg na Betlehem. Die ster wat hulle gevolg het, het voor hulle uitgegaan en oor die huis gaan staan waar die Kindjie was. Hulle het in die huis ingegaan. Toe hulle die Kind by Maria, Sy moeder, sien, het hulle neergeval en Hom hulde bewys. Hulle het ook vir Hom waardevolle geskenke gegee: goud, wierook en mirre.

Die wyse manne het toe vertrek na hulle tuiste in die Ooste. Maar, nog voor hulle vertrek het, is hulle in ’n droom gewaarsku om nie terug te gaan na Herodus toe om vir hom te sê waar die Kind is nie. Hulle is toe met ’n ander pad huis toe.





Na hulle vertrek het Josef nog ’n droom gehad. God het hom in die droom gewaarsku dat Herodus na die Kind sal kom soek om Hom dood te maak, en dat hulle na Egipte toe moes vlug. Hy het dadelik sy gesin gaan wakker maak en met hulle gevlug. Hulle het in Egipte gewoon tot Herodus dood is. So is die profesie van die profeet, Hosea, vervul, wat gesê het: “Uit Egipte het Ek my Seun geroep.”

Toe Herodus uitvind dat die wyse manne hom bedrieg het, was hy woedend. Hy het beveel dat alle seuntjies onder die ouderdom van twee jaar, doodgemaak moes word. Dit was ’n verskriklike slagting van al die babas in en om Betlehem. Die Joodse profeet Jeremia het hierdie tragedie egter lank tevore reeds voorspel.

Toe Herodus dood is, het ’n engel aan Josef verskyn en vir hom gesê om terug te keer na Israel. Josef was egter besorg omdat Herodus se seun koning was van Judea. Hy het toe met sy gesin in die naburige provinsie van Galilea gaan woon in ’n dorp met die naam Nasaret. Jesus het in hierdie dorp groot geword. Ook hierdie gebeure was ’n vervulling van ’n profesie: “Hy sal Nasarener genoem word.”

## Mondelinge Vrae

1. Wie is Maria?
2. Aan wie het die engel verskyn om te sê wat die Kind se Naam moes wees?
3. Hoekom het die wyse manne uit die Ooste Judea toe gekom?
4. Waarom wou Herodus weet waar Jesus was?
5. Hoe het die wyse manne geweet om nie na Herodus terug te gaan nie?
6. Hoe het Herodus die beloofde Koning van die Jode probeer doodmaak?

7. Hoe het Josef geweet om met sy gesin na Egipte te vlug?
8. Hoe het hy geweet toe dit veilig was om terug te keer Israel toe?
9. Hoekom het hy liewer met sy gesin in Galilea gaan woon as in Judea?
10. In watter dorp het Jesus groot geword?





## Geestelike Waarhede – Les 1
## Matteus 1 – 2

1. God is getrou en Hy hou altyd Sy beloftes. Van die sondeval van die eerste mens en sy vrou af het God belowe dat Hy 'n Verlosser na die wêreld sou stuur. Deur die eeue heen het Hy die belofte verskeie kere aan verskeie mense herhaal asook baie besonderhede van *hoe* die Verlosser sou kom. Jesus het gekom PRESIES soos daar in die Skrifte voorspel is. Kom ons onthou in die verhaal ten minste een profesie wat deur die geboorte van Jesus vervul is.

*God is aan ons net so getrou! In die Bybel is daar baie belangrike beloftes wat Hy gemaak het oor Sy plan vir ons. Hy sal al hierdie beloftes en profesieë vervul. Dit is belangrik dat ons die Skrif lees en God se beloftes vir ons lewens ontdek.

2. Die Bybel is die Woord van God en alles daarin is waar. God het duisende jare voor Jesus se geboorte deur Sy profete die presiese besonderhede van Sy geboorte en lewe gegee. Alles het PRESIES gebeur soos voorspel is.

3. God is in beheer van alles. Hy kan dinge laat gebeur wat bo-natuurlik en wonderwerklik is. In hierdie verhaal gebeur daar verskeie bo-natuurlike dinge of wonderwerke. Wat is ten minste *een* van hierdie dinge?
4. God kan met mense praat en Hy doen dit. Daar is mense wat glo dat God die aarde gemaak het, maar dat Hy nie omgee wat hier gebeur nie. Hoe het Hy in hierdie verhaal met die mense gepraat? God praat vandag nog steeds met ons. Ons sal met hierdie studie sien hoe ons 'n lewende verhouding met Hom kan hê.

5. God weet alles wat gaan gebeur. Soms laat Hy egter in Sy goddelike wysheid toe dat verskriklike dinge gebeur. Herodus wou die beloofde Kind doodmaak omdat hy bedreig gevoel het deur Hom. God het geweet die man sou honderde hulpelose kindertjies vermoor. As gevolg van ongehoorsaamheid en rebellie in Herodus se hart het 'n groot verskrikking plaasgevind. Vandag gebeur daar soms verskriklike dinge as gevolg van ongehoorsaamheid en rebellie in *ons* lewens. Weet jy van 'n moderne voorbeeld waar iemand seergekry het as gevolg van die boosheid van 'n ander persoon?

6. Die mens kan nooit teen God te staan kom en wen nie! Herodus kon nie die beloofde Kind doodmaak nie. Al wat hy kon bereik, was om verskriklike smart te veroorsaak in die lewens van baie gesinne. Ons probeer vandag baiekeer om God se wette en Sy wil teen te staan. Dit bring altyd hartseer; as dit nie vir ons is nie, dan vir mense óm ons (vir wie ons seermaak). Kan jy dink aan 'n tyd in jou lewe waar jy 'n verkeerde ding gedoen het wat hartseer in jou lewe veroorsaak het? Kan jy dink aan 'n keer wat jý seergekry het as gevolg van die rebellie van 'n ánder persoon?

7. Die priesters en godsdienstige raadgewers het die Skrifte aangaande die beloofde Koning geken, maar hulle het nie gegaan om Jesus te ontmoet nie. Is dit moontlik om baie godsdienstig te wees, om baie te weet van die Bybel, om baie te weet van Jesus Christus, maar om Hom *nooit* persoonlik in jou hart te ken nie?

8. Jesus is God met ons, Immanuel. Die engel het hierdie woorde wat deur die profeet Jesaja opgeteken is, vir Josef gesê. Baie mense sê dat Jesus 'n profeet was. Ander sê weer dat Hy 'n





engel was, of 'n goeie mens. Die Bybel leer ons egter dat Hy "God met ons" was.

In die volgende ses weke gaan ons probeer vasstel wie JESUS CHRISTUS werklik is en wat die GOEIE NUUS is wat Hy na die aarde gebring het.

## DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

**“Jesus se Doop” – Les 2**
**Matteus 3 – 4**

### Hersiening

1. Jesus se ma was _________.
2. Een wonderwerk in verband met Jesus se geboorte was dat Hy gebore is uit ’n ____________.
3. Die Ou Testament het baie dinge gesê oor die geboorte van Christus; een hiervan was dat Hy Immanuel genoem sou word, dit is: “God _______ ________.”
4. Herodus was die _____________ van Judea wat Jesus probeer doodmaak het. Hy het al die baba seuntjies onder twee jaar, in en om Betlehem laat ____________________.
5. Die wyse manne wat na Jesus gaan soek het, het ’n _________ gevolg. Hulle het met ’n ander pad huis toe gegaan as die een waarmee hulle gekom het omdat God hulle in ’n ___________ gewaarsku het dat Herodus Jesus wou ___________________.
6. Josef het in die middel van die nag met sy gesin uit Betlehem gevlug na Egipte omdat die Here hom in ’n _______________ gewaarsku het dat Herodus ______________________________.
7. Josef het geweet dat dit veilig was om terug te keer na Judea, want ’n __________ het aan hom verskyn. Hy het egter nie met sy gesin teruggekeer na Betlehem toe nie, maar na ’n dorpie met die naam _____________________.





8. Soos wat die Here regdeur die geskiedenis gemaak het, hou Hy vandag nog Sy _______________________.
9. Die Here weet wat in ons ______________ leef, selfs as daar boosheid is.
10. Dit is moontlik dat ’n mens godsdienstig kan wees, dat hy selfs baie kan weet van die Bybel, maar dat jy ____________ steeds nooit __________________ in jou __________ ken nie.

**“Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.” Matteus 3:2**

Hierdie woorde is deur ’n man wat in die woestyn van Judea gewoon het, gepreek. Hy het klere van kameelhaar gedra, met ’n leerband om sy heupe en hy het sprinkane en veldheuning geëet. Sy naam was Johannes die Doper.

Baie mense uit die omliggende gebiede van die Jordaanrivier in Judea, het na die woestyn gegaan om Johannes te hoor preek. Baie het hul sondes bely en hulle in die Jordaanrivier laat doop nadat hulle na hom geluister het. Baie van die godsdienstige leiers, die Sadduseërs en die Fariseërs, het ook gegaan om te gaan kyk wat in die woestyn gebeur. Toe Johannes hulle sien, het hy hulle “slange” genoem (ou vertaling: “addergeslag”). Hy het vir hulle gesê dat hulle God nie vrees nie, maar dat hulle glo dat hulle so godsdienstig is, en van so ’n goeie afkoms, dat hulle nie nodig gehad het om hulle te bekeer van hulle sondes nie.

Terwyl Johannes om te preek, het Jesus op ’n dag na hom gekom om gedoop te word. Johannes wou dit eers nie doen nie. Hy het gesê dat hy nie waardig was om Jesus te doop nie. Jesus het egter by hom aangedring en die twee het in die Jordaanrivier ingegaan. Toe Jesus opkom uit die water, het die Heilige Gees soos ’n duif op Hom neergedaal. Daar was ook ’n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek my.”

Hierna is Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word. Hy het vir veertig dae en nagte niks geëet of gedrink nie. Na veertig dae was Hy baie honger en dit was tóé dat Satan Hom versoek het.

Eers het hy probeer om Jesus te kry dat Hy klippe in brood verander deur te sê dat dit sou bewys dat Hy God is. Jesus het die geskrewe Woord van God gebruik om hom te antwoord. Toe het Satan vir Jesus na die dak van die tempel geneem en vir Hom gesê om af te spring en te bewys dat Hy God is. Jesus het weer die Woord van God gebruik om hom te antwoord. Laastens het hy Hom na 'n baie hoë berg geneem en gesê: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid." Jesus het hom geantwoord: "daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Hierna het die duiwel Jesus verlaat en het engele gekom en Hom versorg.

Na Jesus se terugkeer uit die woestyn het Hy gehoor dat Herodus Johannes die Doper in die tronk gegooi het. Jesus het die dorp waar Hy grootgeword het, Nasaret, verlaat en Galileas toe gegaan. Die provinsie was Noord van Judea. Hy het in Kapernaum gaan bly. Dit was 'n vervulling van die profeet Jesaja se profesie: "Jy, gebied van Sebulon en gebied van Naftali, aan die seekant en oorkant die Jordaan, Galilea waar die heidene woon! Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan."

Die Bybel lee ons dat Jesus van hierdie dorp af onder die mense begin werk het. En Sy boodskap was dié een: "Bekeer julle, want die kininkryk van die hemel het naby gekom."

### Mondelinge Vrae

1. Beskryf die man genaamd Johannes die Doper.
2. Wat was Johannes die Doper se boodskap?





3. Wat het Johannes die Doper gedoen met die mense wat hulle sondes bely het?
4. Hoekom wou Johannes die Doper nie vir Jesus doop nie?
5. Hoe (op watter manier) is Jesus gedoop?
6. Wat het gebeur toe Jesus uit die water opkom?
7. Hoekom is Jesus na die woestyn?
8. Wat het Jesus vir 40 dae en 40 nagte nie gedoen nie?
9. Noem een manier waarop die Satan Hom versoek het?
10. Wie het Jesus kom versorg nadat Satan opgehou het om Hom te versoek en Hom verlaat het?
11. Waarheen het Jesus gegaan nadat Hy gehoor het dat Johannes die Doper in die tronk gegooi is?
12. Wat was Jesus se boodskap? Wie het dieselfde boodskap verkondig?

# **Geestelike Waarhede** – **Les 2**
# **Matteus 3 – 4**

1. Johannes die Doper en Jesus het die selfde boodskap gebring: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."
   - **Om jou te bekeer beteken om weg te draai van die sonde in jou lewe. Dit beteken om volle beheer van jou lewe oor te gee aan Jesus Christus.**
   - **Sonde is om God en Sy Wet ongehoorsaam te wees.**
   - Is dit moeilik vir iemand om hom te bekeer? Wat beteken hierdie woord vir jou? *Bespreek hierdie begrip met die hele groep; gee aan elkeen 'n beurt om sy opinie te gee.*

2. Die geestelike leiers het gedink hulle het nie nodig gehad om hulle te bekeer nie omdat hulle godsdienstig was. Hulle het gedink hulle was goed genoeg. Johannes het hulle 'n "addergeslag" (kinders van 'n slang) genoem. Is daar enigeen op aarde wat só godsdienstig of goed (genoeg) is dat hulle hulle nie hoef te bekeer nie?

*Die Bybel sê in Romeine 3:23: "Almal het gesondig en is ver van God af,"
*Is daar iemand op aarde wat nie sonde in hul lewe het nie? Is daar iemand wat nooit ongehoorsaam was aan die Here, of Sy standaard van optrede of gesindheid geminag het nie? Die Bybel sê "Nee". Stem jy saam met die Bybel dat ons almal sonde in ons lewens het? *Dit is weereens belangrik om elke groepslid 'n kans te gee om sy opinie te gee. Moet nie as leier stry of enigiemand toelaat om te argumenteer nie; dit is goed om mense toe te laat om hul gevoelens uit te spreek.*





3. Jesus is gedoop, maar omdat Hy volkome God is, het Hy nooit gesondig nie.

Dit sê vir ons dat die doop NIE 'n godsdienstige ritueel is wat sonde uit 'n mens se lewe kan wegneem nie. As die doel van die doop was om mense se sonde weg te was, sou dit nie nodig wees dat Jesus gedoop word nie. Hy, omdat Hy volkome God was, het nooit gesondig nie!

4. Toe Jesus uit die water opkom, het die Heilige Gees op Hom neergedaal soos 'n duif en God die Vader het uit die hemel gesê: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek my." Hier sien ons die drie Persone van die Drie-eenheid. Wie is Hulle?

God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

5. Jesus is die woestyn ingelei om deur Satan versoek te word. Satan is 'n realiteit. Hy is 'n gees wat in die wêreld is saam met baie van sy volgelinge, genoem demone, en hulle kan verwoesting saai in ons lewens deur ons te lei na ongehoor=saamheid aan God. Net soos Jesus versoek is, versoek Satan ons ook. Maar die Bybel leer dat ons, anders as Christus, ook versoek word deur boosheid wat rééds in ons harte is, om dinge te doen wat God nie behaag nie, of deur te sondig.

6. Die profeet Jesaja het geprofeteer dat Jesus aan die seekant van die Jordaan sou woon en dat Hy 'n Lig sou wees vir die volk wat in duisternis woon, vir hulle wat in die skemerland van die dood woon.

Almal van ons is in duisternis sonder Christus, maar dalk leef jy of iemand wat jy liefhet, in die skemerland van die dood. Party mense

bevind hulself daar as gevolg van dwelmmiddels, ander as gevolg van immorele verhoudings en nóg ander is slagoffers van geweld. Hierdie vers sê vir ons dat Jesus gekom het om lig te gee aan die van ons wat in duisternis is, en dat Hy vryheid kan gee vir die wat in die skemerland van die dood leef.

*Laat ons vandag in ons gebedstyd bid vir ons geliefdes wat in die skemerland van die dood leef. Mag ons lig en vryheid vind in Jesus Christus!





# DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Die Wonderwerke van Jesus" – Les 3
## Matteus 4 – 9

**"Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Matteus 4:19**

### Hersiening

1. Wie het vir Josef gesê van die koms van Jesus en dat Sy Naam "Immanuel" of "God met ons" sou wees? Dit leer ons dat Jesus _______ *met ons* is.
2. Wie wou die klein seuntjie, Jesus, doodmaak? Hoekom? Jesus het ontkom omdat hulle gevlug het na ______________.
3. Wie het Jesus gedoop? Die feit dat Jesus gedoop moes word, wys vir ons dat die doel van die doop nie die reining van ____________ in ons lewens is nie.
4. Toe Jesus uit die water opkom, het iets soos 'n duif uit die hemel om Hom neergedaal, en 'n Stem het uit die hemel gepraat. Wie was die duif en wie se stem was dit?
5. Die Fariseërs het gedink dat hulle nie nodig gehad het om hulle te bekeer van hulle sondes nie, aangesien hulle baie godsdienstig was. Is dit vir iemand moontlik om godsdienstig genoeg te wees om só sy sondes uit te wis?
6. Wat beteken die woord *bekeer*?
7. Wat is sonde?
8. Wie het Jesus in die woestyn versoek?
9. Waarheen is Jesus toe Hy uit die woestyn weg is?

Terwyl Hy langs die See van Galilea gestap het, het Jesus op twee vissermanne afgekom wat besig was om vis te vang. Hy het hulle geroep: "Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Hulle het dadelik hulle nette gelos en Hom gevolg. Daardie dag het Jesus Sy eerste vier dissipels geroep: Petrus en Andreas, en Jakobus en Johannes. Hulle was almal vissermanne.

Daarna het Jesus deur die hele Galilea gegaan en die mense in die sinagoges geleer, die Evangelie van die koninkryk verkondig en allerhande soort siekte en kwale onder die volk gesond gemaak. 'n Groot menigte het Hom gevolg waar Hy ookal gegaan het.

'n Melaatse man het voor Jesus kom kniel en gesê: "Here, as U wil, kan U my gesond maak." Jesus het hom aangeraak en gesê: "Ek wil. Word gesond!" Hy is onmiddellik genees.

'n Romeinse offisier het na Jesus toe gekom om Hom te vra om sy slaaf wat verlam was en baie pyn verduur het, te genees. Hy het geglo dat Jesus hom kon genees. Jesus het vir hom gesê dat baie mense uit verskeie volkere sal saamkom om maaltyd te hou in die koninkryk van die hemel. Jesus het hom teruggestuur huistoe en gesê: wat jy geglo het, sal gebeur." Van daardie oomblik af was sy slaaf gesond.

By 'n ander geleentheid het Jesus aan die oorkant van die see gekom. Twee mense wat in die mag van duiwels was en tussen die grafte gebly het, het Hom tegemoet gekom. Hulle was baie gevaarlik en niemand kon dit waag om verby hulle te stap nie.

Toe hulle Jesus sien, het die duiwels uitgeroep: "Wat het U met ons te doen, Seun van God? Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te pynig?"

'n Hele ent van hulle af het 'n trop varke geloop. Die duiwels het Jesus gesmeek: "As U ons uitdryf, stuur ons tog in die trop varke in." Hy sê toe vir hulle: "Gaan!" en hulle het dadelik die mense verlaat en in die trop varke ingevaar. Die hele trop varke het teen die hang begin afhardloop, in die see ingestort en versuip.





Die wagters het weggehardloop dorp toe en gaan vertel wat Jesus met die mans wat besete was, gedoen het, en wat met die varke gebeur het. Die mense van die dorp het na Jesus gekom en Hom gevra om hulle gebied te verlaat.

Jesus het toe in 'n boot oorgevaar en na Sy eie dorp teruggegaan. Kort hierna het Hy 'n man met die naam Matteus ontmoet, 'n tollenaar vir die regering. Jesus het vir hom gesê: "Volg My!" en hy het dadelik opgestaan en Hom gevolg.

Daardie aand het Jesus en Sy dissipels saam met tollenaars en ander mense met slegte reputasie geëet. Toe die Fariseërs (godsdienstige leiers) dít sien, het hulle vir Jesus se dissipels gevra: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"

Toe Jesus dit hoor, het Hy vir hulle gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars tot bekering."

## Mondelinge Vrae

1. Watter soort werk het Jesus se eerste vier dissipels gedoen?
2. Wat het hulle gedoen toe Jesus hulle roep om Hom te volg?
3. Jesus het deur die hele Galilea gegaan en 'n menigte het Hom gevolg. Wat het Hy gedoen wat gemaak het dat die mense agter Hom aangeloop het?
4. Wat is die eerste genesing wat in Matteus opgeteken is?
5. Wat was verkeerd met die Romeinse offisier se slaaf?
6. Waar het die twee duiwel-besetenes gebly? Watter soort mans was dit?
7. Wat het die duiwels gedoen toe hulle Jesus sien?
8. Wat het met die duiwels gebeur nadat hulle uit die mans gedryf is?
9. Wat het met die varke gebeur?

10. Hoe het die wagters en die eienaars van die varke opgetree?
11. Watter soort man was Matteus?
12. Saam met wie het Jesus aandete geëet?
13. Wat was die Fariseërs se reaksie hierop?
14. Wat het Jesus die Fariseërs geantwoord?





## Geestelike Waarhede – Les 3
## Matteus 4 – 9

1. Jesus tref geen onderskeid tussen mense nie.
   - Jesus se eerste dissipels was vissermanne; eenvoudige manne sonder enige formele opvoeding.
   - Die melaatse was uit die samelewing geban as gevolg van 'n siekte wat hom vermink het.
   - Die slaaf van die Romeinse offisier was verlam en het geen geld of status gehad nie.
   - Matteus was 'n tollenaar. Heelwaarskynlik was hy baie ryk, maar hy was 'n dief.
   - Die duiwelbesetenes tussen die grafte gebly. Hulle is deur hul medemens verag en die mense van die dorp het meer waarde geheg aan gesonde varke as aan die feit dat die manne genees is.

***Maar al hierdie mense was vir Jesus belangrik en waardevol. Jý is waardevol in God se oë. Jou verlede, jou geld, jou voorkoms, jou sosiale status is nie vir Hom belangrik nie.**

2. Jesus het mag om siektes te genees. Watter voorbeeld is daar in die verhaal van mense wat genees is?

3. Jesus het gesag oor die duiwels. Daar is mense wat al betrokke geraak het by duiwels of geeste omdat hulle goeie dade probeer doen. Voor hulle hulself kom kry, het die duiwels hul lewens oorgeneem. Die duiwels volg en vertoorn hulle en laat hulle vir geen oomblik alleen nie. Hierdie mense is nie by magte om ontslae te raak van die duiwels nie. **Jesus het mag en krag oor ELKE duiwel en gees in die wêreld. Ons kan SLEGS deur Jesus Christus vry wees van bose geeste.**

4. Jesus het mense met 'n slegte reputasie ook lief. Hy aanvaar alle sondaars. Jesus verwerp nie mense nie, maar Hy begeer dat elkeen tot bekering kom en ware vergifnis vind.

5. Die godsdienstige mense, of Fariseërs, het hulle nie van hulle sondes bekeer nie. Hulle het gedink hulle is beter as die (ander) sondaars wat saam met Jesus geëet het. Wat is beter: om 'n groot sondaar te wees wat vergifnis gevind het, of iemand met 'min' sondes wat weier om homself te bekeer?

   - Dit is ver beter om 'n groot sondaar te wees wat vergifnis gevind het!

Jesus aanvaar ons en het ons lief net soos ons is. Dit maak nie vir Hom saak as ons verskriklike sondaars is, arm is, onopgevoed is met baie probleme, en of ons 'n siekte het nie. In Sy oë is ons almal eenders. Die belangrikste ding is dat ons ons moet bekeer en Hom moet volg.





## DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

### "Jesus se Lering" – Les 4
### Matteus 10 – 16

**"Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie," Matteus 12:7**

**Hersiening**

1. Jesus is gebore van 'n Joodse vrou met die naam _________.
2. Wyse manne uit die Ooste kon Jesus vind omdat hulle 'n __________ gevolg het.
3. Die wyse manne het nie na Herodus se paleis teruggekeer nie omdat ______________ hulle gewaarsku het om langs 'n ander roete terug te keer huis toe.
4. Johannes die Doper het in die woestyn gebly en gepreek, en hy het die mense wat hul sondes bely het, ___________________.
5. Wat beteken die woord "bekeer"? ________________________.
6. Toe Jesus gedoop is, het die ________ ________ soos 'n duif op Hom neergedaal, en 'n stem het uit die hemel gepraat. Hier word die drie Persone van God duidelik: God die _________, God die ________ en God die ________ _______. Dit is die Drie-eenheid.
7. Jesus is in die woestyn deur ________________ versoek.
8. Jesus se eerste dissipels was ________________ van beroep.
9. Jesus het twee mans teëgekom wat van die duiwel besete was. Hoe het Hy hulle gehelp? Wat was die reaksie van die dorpsmense op Jesus se daad?

10. Die Fariseërs het Jesus gekritiseer omdat Hy saam met ________________ geëet het.
11. Is dit beter om ’n groot sondaar te wees wat tot bekering gekom het, of ’n persoon met min sondes maar ’n onbekeerde hart?

Jesus het twaalf manne geroep om Sy dissipels te wees, i.e. om naby Hom te wees en deur Hom onderrig te word. Hy het hierdie twaalf mag gegee oor bose geeste en die krag om allerhande siektes te genees. Hy het vir hulle gesê om vryelik te gee omdat hulle vryelik ontvang het. En Judas Iskariot was onder die manne wat uitgestuur is.

Jesus het hulle na al die uithoeke van Israel toe gestuur om die Joodse volk te roep om hulle te bekeer en te glo in Jesus Christus. Hy het hulle hierdie boodskap gegee: “Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek my openlik uitspreek voor My Vader wat in die hemel is.”

Jesus het Self die mense oral in Galilea geleer, gepreek en allerhande siektes genees. Maar die mense van Galilea saam met wie Hy so baie tyd deurgebring het, het Sy boodskap verwerp. Kapernaum, die dorp waar Hy die eerste keer in die openbaar opgetree het, het Hom verwerp. Toe Jesus dit sien, het Hy na Sy Vader gegaan:

> *“Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling. My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak. Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”*





Nadat Hy dit gesê het, het Jesus en Sy dissipels verby ’n koringland gestap. Dit was die Sabbatdag. Omdat die dissipels honger was, het hulle van die koring begin eet.

Die Fariseërs – onthou nou, hulle was godsdienstige leiers – het dit gesien en die dissipels aangekla omdat dit teen die Joodse wet was om op die Sabbat te werk. Jesus het hulle geantwoord deur te sê dat hulle nog steeds nie die wet van God verstaan nie, want die Skrif sê: “Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie,”.

Jesus en Sy dissipels het hiervandaan na die sinagoge gegaan. Daar het hulle ’n man met ’n gebreklike hand gekry. Jesus het hom gevra om sy hand uit te steek. Toe hy dit doen, het Jesus hom daar voor almal genees – op die sabbatdag!

Die Fariseërs was woedend. Hulle het die plek verlaat en ’n Raad gestig om planne te beraam om Jesus dood te maa. Jesus het ook die plek verlaat, want Hy het geweet wat hulle beplan het. ’n Groot groep mense het Hom gevolg en Hy het hulle almal gesond gemaak, maar hulle belet om oor Hom te praat.

Jesus het nog ’n ruk lank in hierdie streek gewerk. Hy het die mense geleer en hulle gesond gemaak. Twee keer het mense Hom gevolg na onherbergsame plekke waar hulle vir lang rukke na Sy Woorde geluister het sonder om iets te eet. Twee maal het Jesus meet as vierduisend mense gevoed met minder as sewe brode en ’n paar visse.

Terwyl Hy nog in Galilea gewerk het, het Jesus aan Sy dissipels verduidelik dat Hy binnekort na Jerusalem sou gaan en dat verskriklike dinge daar sou gebeur. Hy het vir hulle gesê dat Hy baie dinge sou moet ly aan die hand va die Joodse leiers, dat Hy doodgemaak sou word, maar dat Hy op die derde dag weer uit die dood opgewek sou word.

## Moontlike Vrae

1. Watter opdrag het Jesus vir Sy dissipels gegee?
2. Wat sal Jesus doen (a) vir dié mense wat Hom voor mense bely, en (b) vir diegene wat Hom verloën voor mense?
3. Hoe het die inwoners van Kapernaum – en ook van baie dorpe in Galilea waar Hy die meeste wonderwerke gedoen het – op Jesus se boodskap gereageer?
4. Jesus het almal wat moeg en oorlaai is, genooi om na Hom toe te kom. Wat belowe Hy om vir hulle te doen?
5. Hoekom het Jesus en Sy dissipels in die koringland vertoef?
6. Waarom het die Fariseërs Jesus gekritiseer omdat hulle koring bymekaar gemaak het?
7. Hoekom was die Fariseërs daarteen dat Jesus die man met die verdorde hand gesond maak?
8. Wat was die doel van die Raad wat die Joodse leiers gestig het?
9. Jesus het Sy volgelinge ingelig oor sekere dinge wat in Jerusalem met Hom sou gebeur. Wat was Sy profesie?





## Geestelike Waarhede – Les 4
## Matteus 10 – 16

1. Jesus sal diegene wat Sy Naam voor mense bely ook voor Sy Vader bely. Maar dié wat Hom voor mense verloën, vir hulle sal Hy verloën voor Sy Vader in die hemel.

2. Baie mense het Jesus net gevolg omdat hulle 'n wonderwerk wou sien. Hulle wou nie 'n verhouding met Hom hê nie en hulle wou nie Sy Woord gehoorsaam nie. Hulle wou hulle nie bekeer van hulle sondes nie. Hulle wou net voordeel trek uit God se barmhartigheid. Daar is vandag nog baie sulke mense. Ken jy so iemand?

3. Die enigste Persoon wat toegang het tot die Vader, is Jesus Christus en diegene wat na die Vader kom deur Jesus Christus. Daar is geen ander Middelaar na die Vader as Jesus Christus nie. Daar is net een God, en daar is net een Weg na God, en die Bybel leer dat dit Jesus Christus is.

* Jy is dalk geleer om tot God te bid deur ander middelaars as Jesus Christus. Wie is hulle? Is hulle gode, profete, goeie mense uit die verlede? Die Bybel sê dat hulle dalk goeie mense was, maar hulle is nie God nie. Stem jy saam met die Bybel dat daar net EEN Middelaar is tussen God en die mens, Jesus Christus?

4. Jesus wil jou laste en bekommernisse dra. Hy is sagmoedig en nederig van hart. Hy wil ons verlos van die gewig wat ons dra. In Hom kan ons rus vind vir ons siele, as ons Sy juk aanneem, met ander woorde, as ons Sy Heerskappy of leierskap in ons lewens aanneem.

5. Jesus is besorgd oor ons fisiese behoeftes. Die dissipels was honger en Jesus het vir hulle kos gegee, wetend dat dit vir Hom

die woede en vervolging van die Fariseërs op die hals sal haal. Die Skepper van die heelal is besorgd oor die fisiese behoeftes van elkeen van ons.

"Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie." Wat beteken die woord "offers" vir jou? Is jy deur godsdienstige leiers geleer om offers aan God te bring, miskien om guns te soek of vergifnis van 'n sonde? Is dit vir jou moeilik om te glo dat God nie wil hê dat jy enigiets aan Hom moet bewys deur offers te bring nie? Vir 'n tweede keer probeer Jesus hier vir die Fariseërs verduidelik dat God nie tevrede gestel word deur ons (menslike) offers nie. Dit is egter diwels vir mense wat baie godsdienstig is moeilik om te aanvaar. Alle godsdienste leer dat ons iets moet doen om God se wraak vry te spring of om Sy guns te wen. Baie mense kry baie swaar in 'n poging om aan God 'n belofte te betaal, te betaal vir sondes van die verlede, of om net hulle lojaliteit aan God te bewys. Dit bewys egter NIKS aan God nie. Hy wil 'n verhouding met ons hê. Hy wil aan ons barmhartigheid bewys; Hy begeer nie ons offers nie. Jesus het geweet dat Hy baie sou moes ly en dan sterf, maar dat Hy na drie dae opgewek sou word uit die dood. Dit was alles deel van God se plan. Hy het dit aan Sy dissipels probeer verduidelik, maar hulle kon nie verstaan hoekom Hy moes sterf en weer opgewek word nie.

* In die laaste drie lesse van hierdie studie gaan ons probeer om te verstaan watter betekenis en waarde Jesus se dood en opstanding gehad het. Hierdie unieke gebeurtenis sou die geskiedenis van die wêreld vir altyd verander. Hierdie enkele gebeurtenis het die krag om die band van sonde te verbreek en ons lewens te verander.





# DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Jesus word Verraai" – Les 5
## Matteus 20 – 26

**"[17]Terwyl Jesus na Jerusalem toe op pad was, neem Hy die twaalf dissipels opsy, en so in die loop sê Hy vir hulle: [18]'Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. [19]Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gésel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.' "**
**Matteus 20:17-19**

### Hersiening

1. Jesus is gebore uit 'n maagd met die naam _________.
2. Sy pa, __________, het 'n droom gehad waarin God vir hom gesê het om na Egipte te vlug omdat koning Herodus Jesus wou ______________.
3. Johannes die Doper het in die woestyn gebly waar hy gepreek het, en almal gedoop het wat hulle ___________ het van hulle sondes.
4. Alhoewel Jesus geen ____________ gehad het nie, het Hy vir Johannes die Doper gevra om Hom te doop.
5. Wat beteken die woord "bekeer"? _______________________.
6. Toe Jesus gedoop is, het die ________ ________ soos 'n duif op Hom neergedaal, en die stem van God het gesê: "Dit is my ___________ ________. Oor Hom verheug Ek My."
7. In die woestyn is Jesus deur ________________ versoek.

8. Jesus het twee mans teëgekom wat van die _________ besete was. Hy het Sy mag om duiwels te ________________ bewys.
9. Merk u keuse met 'n Ö :
Wat is die beste:
- [ ] 'n groot sondaar, met baie sondes, wat hom bekeer,

**OF**

- [ ] 'n persoon wat 'min' sondes het, maar hom nooit daarvan bekeer nie?

10. Jesus het gesê as jy *Hom* voor mense bely, sal Hy jóú voor Sy ________________ in die hemel ____________.
11. Baie Galileërs, die mense van Kapernaum ingesluit, het die Woord van God ____________; hulle het Jesus slegs gevolg omdat Hy so baie wonderwerke gedoen het.
12. Hulle wou hulle nie van hul sondes bekeer nie. Sê weer wat "bekeer" beteken. ____________________________________
13. Jesus het gesê dat Hy _________ sal gee aan almal wat moeg en oorlaai is, want Sy las is _________.
14. Die Fariseërs wou nie hê dat Jesus die man met die verdorde hand moes genees nie, omdat dit die ________dag was, en omdat dit teen die wet was om op dié dag te ____________.
15. Die Fariseërs het planne gemaak om Jesus ______ te _______.
16. Jesus het geweet dat die Fariseërs Sy dood beplan het, maar Hy het aanhou wonderwerke doen. Een keer het Hy meer as 4 000 mense gevoed met twee _________ en vyf __________.

Jesus en Sy dissipels het die reis van Galilea na Jerusalem aangepak. Net voor hulle in Jerusalem aangekom het, het Jesus twee van Sy dissipels na 'n sekere dorpie gestuur om 'n donkie te gaan haal, asook 'n jong donkie wat Hy nodig gehad het. Jesus het op die vulletjie Jerusalem binnegegaan.

Jesus se intog in Jerusalem was triomfantelik. 'n Skare het aan





albei kante van die straat saamgedrom. Die grootste deel van hulle het hul klere soos 'n tapyt op die pad gelê vir Jesus om daarop die stad binne te gaan. Party mense het palmtakke afgebreek en dit op die pad gegooi om Hom te verheerlik. Nog ander het vooruit geloop, of agterna gekom, en uitgeroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

Die hele Jerusalem is hierdeur in beroering gebring. Almal het gevra: "Wie is hierdie man?" en die skare het vir hulle gesê: "Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"

Jesus het toe die stad binnegegaan en na die Joodse tempel toe gegaan. Hier het Hy al die handelaars uitgejaag. Hy het die tafels van die geldwisselaars wat in die tempel besigheid gedoen het, omgegooi en vir hulle gesê: "Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle maak dit 'n rowerne." Hierna het Hy blindes en kreupeles in die tempel genees.

Nadat Jesus die mense baie dinge geleer het en baie tekens en wonders gedoen het in die tempel, het die priesterhoofde en die familiehoofde bymekaargekom om Jesus se dood te beplan. Hulle het saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak. Hulle was egter skrikkerig om gedurende die Paasfees so 'n sameswering uit te voer. Hulle het toe besluit om te wag tot die Paasfees verby was voor hulle met Jesus afreken.

Een van Jesus se twaalf dissipels, Judas Iskariot was sy naam, het na die priesterhoofde gegaan. "Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?" vra hy hulle toe. Hulle het hom dertig silwer muntstukke gegee. Van toe af het Judas 'n kans gesoek om Jesus aan hulle oor te gee.

Die dissipels het 'n maaltyd voorberei volgens Jesus se spesifikasies, omdat hulle saam met Hom die Paasfees sou vier. Die aand het Jesus Sy plek aan tafel ingeneem saam met Sy twaalf

dissipels. Toe sê Hy vir hulle: "Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai." Sy dissipels het baie hartseer geword en elkeen het gevra: "Here, is dit ek?"

Jesus het hulle geantwoord: "Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy was My sal verraai. Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."

Judas, die een wat reeds besig was om Hom te verraai, vra toe: "Is dit miskien ek, Rabbi?" Toe sê Jesus: "Dit is soos jy sê!"

Hulle het toe geëet en terwyl hulle eet, het Jesus die brood geneem, die seën gevra en dit gebreek. Hy het dit vir Sy dissipels gegee en gesê: "Neem, eet; dit is my liggaam." Hy het die beker geneem, gedank en dit vir hulle gegee met die woorde: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."

Toe hulle klaar geëet het, het hulle 'n lofsang gesing. Hulle het toe uitgegaan na die Olyfberg toe. Daar het Jesus hulle nog verder geleer, ook van die dinge wat spoedig sou gebeur.

Jesus het hulle toe geneem na 'n plek met die naam Getsemane waar hulle die nag saam met Hom moes bid. Hy het Petrus, Jakobus en Johannes met Hom saamgeneem omdat Hy baie benoud geword het en Hy het hulle gevra om saam met Hom te waak. Hy het 'n entjie verder alleen tot Sy Vader gaan bid oor die gebeure wat binnekort sou plaasvind. Sy woorde is soos volg neergeskryf:

> "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."

Daar is geskryf dat Hy hierdie selfde gebed drie maal gebid het en dat Sy hart so seer was, dat Hy kon sterf.

Die dissipels kon egter nie eens hulle oë vir 'n enkele uur oophou nie. Hulle het almal aan die slaap geraak. Jesus het hulle uiteindelik





almal wakker gemaak met die woorde: "Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier naby."

## Mondeling Vrae

1. Op watter soort dier het Jesus Jerusalem binnegery?
2. Hoe het die mense Jesus behandel toe Hy Jerusalem binnegegaan het?
3. Wat het Judas gedoen om Jesus te verraai.
4. Watter feesvieringe was daar in die stad?
5. Hoe het Jesus vir Judas gewaarsku dat Hy weet hy sou Hom verraai?
6. Wat het Jesus oor die wyn gesê by die maaltyd?
7. Waarom was dit volgens Jesus nodig dat Sy bloed gestort moes word?
8. Jesus het Sy dissipels Getsemane toe geneem om die nag daar deur te bring in gebed. Hoeveel van Sy dissipels het die nag saam met Hom gewaak en gebid?
9. Watter gebed het Jesus die nag toe Hy verraai is, gebid?

## <u>Geestelike Waarhede</u> – <u>Les 5</u>
## Matteus 20 – 26

1. <u>God is in beheer van alles</u>. Die Fariseërs het saamgesweer om Jesus onkant te betrap. Maar God het hulle die hele tyd gebruik om Sy volmaakte wil te doen op aarde. Dit was altyd God se wil dat Jesus aan die kruis sou sterf.

2. <u>God weet van dinge wat in ons harte is waarvan ander nie weet nie</u>. Jesus het die hele tyd geweet dat Sy dissipel, Judas, Hom sou verraai.

3. <u>Jesus het ons lief en Hy bewys dieselfde liefde aan ons, selfs al sou ons Hom verwerp</u>! Jesus het Judas só goed behandel dat die ander dissipels nie kon glo dat hy die verraaier was nie. Net so het Jesus ons ook lief en behandel Hy ons ook met liefde, selfs al verraai ons Hom vele kere en verwerp ons Hom en Sy wil.

4. Jesus se bloed is vir ons gestort vir die vergewing van ons <u>sondes</u>. Die dissipels het nog nie verstaan dat Jesus moes sterf nie. Dat God betaling eis van elke mens vir die sondes in hul lewens, het hulle nog nie verstaan nie. Hulle het ook nie verstaan dat hierdie betaling *bloed* is wat gestort word nie. Hulle het verstaan dat Jesus hulle liefhet en dat hulle sondes vergewe is, maar hulle het nog tyd nodig gehad voor hulle sou verstaan watter prys Hy moes betaal sodat hulle sondes vergewe kon word.

* Baie mense weet dat daar sonde in hulle lewens is. Baie het selfs al die verhaal van Jesus gehoor, en dat Hy hulle liefhet. Maar baie min mense verstaan dat God bloed eis as betaling vir sonde. Omdat Jesus God is, is Hy die enigste mens wat ooit sonder sonde was of





sal wees. Sy ongelooflike liefde vir ons het Hom bereid gemaak om Sy lewe oor te gee as 'n offer om die prys te betaal vir ons sondes en vir die sondes van die hele wêreld. Dit is as gevolg van hierdie offer dat ons nou vergifnis kan kry vir ons sondes en vrede kan hê by God.

Volgende week sal ons D.V. kyk na die kruisiging van Christus.

## DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

### "**Jesus se Kruisiging**" – **Les 6**
### Matteus 26 – 27

**"Jesus antwoord hom: 'Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel.' " Matteus 26:64**

**Hersiening**

1. Jesus is gebore uit 'n maagd met die naam _________.
2. Soos in die Skrifte voorspel is, is Jesus gebore in die stad van ___________.
3. Net soos die Skrifte gesê het, het Jesus uit _____________ gekom omdat Hy van koning Herodus moes vlug.
4. Jesus se pa, ____________, het 'n droom gehad waarin hy aangesê is om terug te keer na Israel omdat koning Herodus dood is. Josef was steeds bang vir koning Herodus se seun en het met sy gesin in _____________ gaan woon, in 'n dorpie met die naam Nasaret.
5. Jesus het Sy openbare optrede begin deur Hom te laat doop deur ____________________________.
6. Toe Jesus uit die water opkom, het die ________ ________ soos 'n duif op Hom neergedaal. Die stem van _____ het uit die hemel gekom: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek my."
7. Jesus het baie mense genees en baie se ___________ vergewe.
8. Selfs na baie wonderwerke het baie mense uit die Galilea-





streek Jesus se boodskap _____________ en wou hulle hulle nie van hul sondes bekeer nie.

9. Wat beteken "bekeer"?
10. Toe Jesus Jerusalem binnegegaan het, was daar 'n groot menigte wat Hom gevolg het. Jesus het op 'n _________ gery.
11. Die aan toe die Paasfees gevier is, het Jesus vir Sy dissipels gesê dat een van hulle Hom sou ___________. Nie een van hulle het toe geweet wie dit was nie.
12. Jesus het gepraat van die wyn wat hulle gedrink het. Hy het gesê dat dit Sy bloed verteenwoordig wat gestort sou word vir die _________________ van sondes.
13. Die dissipels het die woorde gehoor, maar kon steeds nie begryp dat Jesus vir hulle sondes sou _____________ nie.
14. Na ete het hulle almal na die Olyfberg gegaan en toe na Getsemane. Jesus het gedurende die nag gebid terwyl Sy dissipels ____________ het.
15. Jesus het gebid: "as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos _____ wil."

Terwyl Jesus nog besig was om die dissipels wakker te maak, kom Judas, die een wat Hom verraai het, daar aan en saam met hom 'n groot groep mense met swaarde en stokke wat deur die priester- en familiehoofde gestuur is. Judas het na Jesus toe gegaan en Hom gesoen met die woorde: "Goeiemôre, Rabbi." Jesus het hom geantwoord: "Vriend, doen wat jy gekom het om te doen!"

Een van die dissipels het skielik sy swaard uitgepluk en die oor van die hoëpriester se slaaf afgekap. Jesus het hom bestraf en die man se oor genees. Hy het vir Sy dissipels gesê dat daar meer as twaalf legioene engele was na wie Hy kon roep om hulp, maar dat alles wat besig was om te gebeur volgens die wil van die Vader was, sodat die Skrif vervul kon word.

Jesus het toe na die groep mense gedraai en vir hulle gevra: "Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek 'n rower is? Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie. Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kan word."

Sy dissipels het gevul en Hom in die steek gelaat.

Die mense wat Jesus gevange geneem het, het Hom na die huis geneem van 'n man met die naam Kajafas. Hy was die hoëpriester. By sy huis het al die skrifgeleerdes en familiehoofde gewag om Hom te ondervra.

Hulle het baie mense gekry om vals getuienis teen Jesus te lewer sodat hulle Hom ter dood kon veroordeel. Baie het na vore gekom en tóg kon die Raad niks teen Hom vind nie. Uiteindelik het die hoëpriester vir Jesus gesê: "Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?"

Jesus het hom geantwoord: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel."

Toe hy dit hoor, het die hoëpriester sy klere geskeur. "Hy het God gelaster," het hy gesê. Die mense het Jesus toe gevat, in Sy gesig gespoeg en Hom met die vuis geslaan. 'n Paar het Hom geklap en gesê: "Jy is mos 'n profeet, Christus! Sê vir ons, wie het jou geslaan?"

Toe dit uiteindelik oggend was, het die priesterhoofde en die familiehoofde Jesus na die Romeinse goewerneur, Pontius Pilatus, geneem. Hulle het vir hom gesê dat Jesus daarop aanspraak maak dat Hy die Koning van die Jode is.

Pilatus het Jesus ondervra: "Is jy die koning van die Jode?" Jesus het geantwoord: "Dit is soos u sê."

Pilatus kon slegs nadat hy Jesus ondervra het geen rede vind om Hom te kruisig nie. Terwyl Pilatus op die regbank gesit het, het sy





vrou vir hom 'n boodskap gestuur om *niks* te doen te hê met daardie onskuldige man nie. Pilatus het geweet dat hulle Jesus aan hom uitgelewer het uit afguns. Hy het egter nie geweet wat om te doen nie, want die mense het oproerig geraak.

Pilatus het 'n gewoonte gehad om elke jaar tydens Paasfees vir die volk 'n gevangene van hulle keuse vry te laat. In daardie jaar was daar 'n berugte misdadiger genaamd Jesus Barabbas in die tronk. Pilatus het die mense toe 'n keuse gegee: "Wie wil julle hê moet ek vir julle loslaat: Jesus Barabbas of Jesus wat Christus genoem word?" Maar die mense, opgestook deur die Fariseërs, het uitgeskree: "Barabbas!"

"Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?" vra Pilatus toe.

"Kruisig Hom!" skreeu hulle toe almal.

Pilatus het gesien dat hulle oproerig raak. Hy het toe 'n bake met water gevat en sy hande voor die skare gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien!" Hy het Barabbas vir die mense losgelaat en vir Jesus weggestuur om gegésel te word.

Die soldate het Jesus na die Praetorium geneem, dit is Pilatus se hoofkwartier. Daar het hulle Hom gemartel en bespot. Hulle het om Hom gaan staan, Sy klere uitgetrek en 'n pers mantel om Hom gegooi. Toe het hulle 'n kroon gevleg van dorings en dit op Sy kop gesit. Hulle het 'n stok in Sy regterhand gesit asof dit 'n septer was en voor Hom gekniel terwyl hulle sarkasties sê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" Hulle het op Hom gespeog en Hom met die stok wat Hy in Sy hand gehou het oor die kop geslaan. Toe hulle Hom genoeg bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer Sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe het hulle Hom weggelei na die plek met die naam Golgota ("Kopbeenplek") om gekruisig te word.

Daar het hulle Hom gekruisig. Die Romeine het 'n kennisgewing bokant Sy kop geplaas: "Dit is Jesus, die koning van die Jode." En Jesus is tussen twee rowers gekruisig.

Van twaalfuur af het daar 'n groot duisternis oor die hele land gekom. Dit het aangehou tot drie-uur. Dit was omtrent drie-uur toe Jesus hard uitroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" (Dit beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"). 'n Bietjie later het Hy weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

Op daardie oomblik het baie eienaardige dinge gelyktydig gebeur: die voorhangsel van die tempel het van bo na onder middeldeur geskeur, die aarde het geskud en rotse het uitmekaar gebars. Grafte het oopgegaan en baie gelowiges wat dood was, is opgewek en het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in Jerusalem ingegaan en is deur baie mense gesien.

## Mondelinge Vrae

1. Hoe is Jesus verraai?
2. Een van Jesus se dissipels het Hom probeer verdedig. Wat het hy gedoen en wat was Jesus se reaksie daarop?
3. Wat het al Jesus se dissipels gedoen toe Hy verraai is?
4. Waarheen het die mense Jesus geneem van die tuin af?
5. Selfs al was daar baie valse getuienisse, wat moes hulle doen om Jesus uiteindelik skuldig te bevind aan 'godslastering'?
6. Waarheen het die Joodse leiers Jesus vroeg die oggend geneem?
7. Nadat Pilatus Jesus ondervra het, het hy bevind dat Hy onskuldig was, maar Pilatus was bang vir die mense en het die besluit oor wat met Jesus moes gebeur, aan hulle oorgelaat. Watter keuse het hy hulle gegee en wat was hulle keuse?
8. Hoe het die soldate Jesus behandel?





9. Jesus het na drie ure van duisternis uitgeroep tot God. Hoe kan die uitroep vertaal word?
10. Noem 'n paar van die eienaardige dinge wat gebeur het nadat Jesus gesterf het?

# <u>Geestelike Waarhede</u> – <u>Les 6</u>
## Matteus 26 – 27

1. Wie is Jesus? "<u>die Seun van die mens wat aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en wat sal kom op die wolke van die hemel.</u>" Dit is wat Jesus die priesterhoof geantwoord het en hierdie antwoord het uiteindelik gelei tot Sy kruisiging… Daardie mense kon nie die antwoord aanvaar nie. Maar elke mens *moet* met hierdie vraag worstel. Wie is Jesus wérklik? As Jesus werklik aan die regterhand van die Almagtige sit, en weer sal kom op die wolke van die hemel, móét ons elkeen besluit hoe ons op Hom gaan reageer!

2. Jesus is in Barabbas, 'n verfoeilike misdadiger, se plek gekruisig; in ruil daarvoor is Barabbas vrygelaat.

* Ek is miskien nie 'n verfoeilike misdadiger nie, maar ek is, net soos Barabbas, voor God sondaar wat die dood verdien. Die Bybel sê in Romeine 6:23: "<u>Die loon wat die sonde gee, is die dood;</u>" Dit beteken dat ons almal die dood verdien omdat ons slegte dinge in ons lewens gedoen het. Dit maak nie saak of ons baie sondes het, soos Barabbas, en of ons relatief 'goed' is soos sommige van Jesus se dissipels nie.

3. <u>Jesus is gemartel, veroordeel en doodgemaak om die prys te betaal vir die sondes in ons lewens</u>. Vir hierdie doel het Jesus aarde toe gekom. Hy wou hê dat ons voor God sal kan staan, vergewe van ons sondes. Party mense het gesê Jesus was 'n martelaar of 'n profeet, maar dit is nie waar nie! Jesus het Self gesê dat Hy God is en dat Hy aarde toe moes kom om vir ons sondes te kom sterf.



Thomas Wade Akins

4. <u>Jesus het gesterf</u>. Hy kon enige tyd van die kruis afgekom het as Hy wou. Hy het net nodig gehad om één woord te spreek om almal dood te maak wat Hom bespot het. Maar, uit vrye keuse het Hy die vernedering verdra en aan die kruis gebly tot die bestemde tyd. Toe, op die tyd wat die Vader bepaal het, het Hy gesterf (Sy Gees oorgegee). Hy het verkies om te sterf omdat Hy die skuld wou betaal vir ons sondes. Die Bybel sê in Johannes 3:16: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (ou vertaling)

* In die volgende les kyk ons na Jesus se opstanding. Die waarheid is dat Jesus nie dood is nie, maar dat Hy lewe en dat Hy vandag in jou lewe wil inkom. Hy wil jou hart reinig van alle sondes en jou hele lewe verander.

# DIE GOEIE NUUS VAN JESUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Jesus se Opstanding" – Les 7
## Matteus 27 – 28

**[5]"Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. [6]Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het." Matteus 28:5-6**

**Hersiening**

1. Jesus is gebore uit 'n maagd, _________.
2. Jesus het Sy openbare bediening begin deur _____________ te word deur 'n man genaamd Johannes die Doper.
3. By Sy doop, het die ________ ________ soos 'n duif op Jesus neergedaal. God se stem het uit die hemel gepraat: "Dit is my geliefde _______. Oor Hom verheug Ek my." Dit wys ons die drie Persone van die Drie-eenheid: God die ________, God die ________ en God die ________ __________.
4. Jesus het baie mense gesond gemaak en baie mense se ___________ vergewe.
5. Selfs na al die wonderwerke het baie mense wat in Galilea gewoon het Sy woorde verwerp en wou hulle hulle nie _________ van hul sondes nie.
6. Wat beteken die woord "bekeer"?
7. Jesus het gesê dat die wyn simbolies was van Sy bloed wat ___________ sou word vir baie vir die _______________ van sondes.





8. Fariseërs het Jesus in die tuin waar Hy gaan bid het, gevange geneem. Hulle het Hom na die huis van die hoë___________, Kajafas geneem.
9. Die hoëpriester het Jesus gevra of Hy die ____________ was en Jesus het geantwoord dat Hy *is*. Toe het mense na Jesus gekom en in Sy gesig ______________, Hom met die _________ geslaan en Hom __________________.
10. Toe die oggend aanbreek, het die Fariseërs Jesus na die Romeinse goewerneur wie se naam _________________ was, geneem.
11. Pilatus het Jesus onskuldig bevind, maar het toegelaat dat Hy gekruisig word omdat hy gevrees het vir 'n _____________ onder die volk.
12. Die Romeinse soldate het Jesus gemartel. Hulle het 'n ______ kroon op Sy kop gesit en Hom met die ___________ wat hulle Hom eers gegee het om as "septer" vas te hou, oor die kop geslaan.
13. Bokant Jesus se kop was daar 'n kennisgewing: "DIT IS JESUS, DIE _____________ VAN DIE JODE."
14. Van twaalfuur tot drie-uur was daar _________________ op die aarde.

Daar was 'n baie ryk man met die naam Josef van Arimatea wat ook 'n dissipel van Jesus was. Hy het vir Pilatus toestemming gevra om Jesus se liggaam te begrawe. Pilatus het dit toegestaan en Jesus us in die nuwe graf van Josef van Arimatea neergelê. Nadat hulle Hom daarin neergelê het, is 'n groot rots voor die ingang gerol.

Die volgende dag het die Fariseërs bymekaar gekom en na Pilatus gegaan omdat hulle onthou het dat Jesus gesê het dat Hy op die derde dag sou opstaan uit die dood. Hulle het Pilatus gevra om die graf te laat bewaak tot die derde dag, ingeval iets met die liggaam sou

gebeur. Pilatus het hulle toestemming gegee om die graf te beveilig. Hulle het soontoe gegaan en wagte voor die graf geplaas en die graf verseël.

Op die eerste dag van die week het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf toe gegaan. Toe hulle daar kom, was daar ’n aardbewing. Die rots waarmee die graf verseël was, is weggerol en ’n engel van die Here het daarop gesit. Die wagte wat die graf moes bewaak, het van vrees gebewe en soos dooie mense geword.

Die engel het met die vroue gepraat: “Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is, maar Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: ‘Hy is vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.”

Die vroue het uit die graf uitgehardloop met vrees en groot vreugde en haastig gegaan om vir die dissipels te vertel wat gebeur het. Terwyl hulle egter op pad was om na die dissipels te gaan soek, het Jesus skielik voor hulle gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gegaan, Sy voete gegryp en Hom aanbid. Hy het vir hulle gesê om vir Sy broers te gaan sê om Hom in Galilea te gaan ontmoet.

Die soldate wat die graf moes bewaak, het in die stad ingegaan en vir die priesterhoofde gaan vertel wat by die graf gebeur het. Die priesterhoofde en familiehoofde het saam vergader. Hulle het besluit om vir die soldate ’n groot bedrag geld te gee sodat hulle die gerug versprei dat Jesus se dissipels Sy liggaam in die nag kom steel het terwyl hulle geslaap het. Hulle het ook belowe om die wagte te verdedig by die goewerneur. Toe het die soldate die omkoopgeld geneem en baie gerugte versprei.

Die oorblywende elf dissipels is toe na Galilea, na die berge waar Jesus afgespreek het om hulle te ontmoet. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom almal aanbid. Maar party het getwyfel.





Die laaste keer wat Jesus met hulle gepraat het, het Hy gesê: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

## Mondelinge Vrae

1. Watter versoek het Josef van Arimatea tot Pilatus gerig?
2. Die Fariseërs was bang dat iets met Jesus se liggaam sou gebeur op die derde dag. Hoekom?
3. Wie het op die eerste dag van die week na die graf gegaan, en wat het hulle gevind toe hulle by die graf kom?
4. Toe hulle op pad was om vir die dissipels te sê wat hulle gesien het, vir wie sien die vroue?
5. Jesus het vir Sy dissipels laat weet om Hom op ’n ander plek as Jerusalem te ontmoet. Waar?
6. Op die berg het Jesus aan Sy dissipels ’n baie belangrike oopdrag gegee: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my ______________: __________ hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die __________ ________, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek hulle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

## <u>Geestelike Waarhede</u> – <u>Les 7</u>
## Matteus 27 – 28

1. Jesus leef. <u>Jesus is nie 'n mens wat in die tronk gegooi en doodgemaak kan word nie. Hy is die ewige God</u>. Hy het geen begin en geen einde nie. God het van die begin van die wêreld af beplan om as mens na die aarde te kom: 'n dienskneg wat sou ly. Dit was Sy wil om op daardie dag en op so 'n manier gekruisig te word. Sy planne kan nie verydel word nie en niemand kan Hom oorwin nie. Hy is steeds, en sal altyd die enigste ware lewende God wees.

2. Die Fariseërs het Jesus soveel geglo, dat hulle soldate gekry het om Sy graf te bewaak na Sy dood omdat Hy gesê het dat Hy sou opstaan. Toe die soldate kom vertel wat gebeur het, het hulle hulle geglo. Hulle het die soldate selfs betaal om om te lieg oor wat gebeur het. Dieselfde leiers was bý die dag toe Johannes die Doper Jesus gedoop het en hulle het God se stem uit die hemel hoor sê wie Hy was. Hierdie manne was getuies by talle van die wonderwerke wat Jesus gedoen het. Hulle was baie kwaad vir Hom toe Hy op die Sabbat 'n man met 'n verdorde hand genees het. Hulle het gesien hoe Hy duiwels uitdryf uit mense wat swaar gely het, en hulle het gesien hoe Hy mense se sondes vergewe. Daar was byna niemand wat meer geweet het van Jesus se lewe en boodskap as die Fariseërs nie. Maar hierdie groep mense het nie die liefde wat God vir hulle aangebied het in hulle lewens aanvaar nie. Hulle het hulle nie van hul sondes bekeer nie. Hulle het nie die beheer van hul lewens aan Jesus Christus oorgegee nie. <u>Om 'n verhouding met Jesus Christus te hê, is meer as om die feite in verband met Sy lewe te ken en te glo. Dit is meer as 'n nuwe</u>





<u>godsdiens wat ánders is. Jesus begeer dat ons ons sal bekeer van ons sondes, in Hom sal glo, en ons lewens vir Hom sal gee. Hy wil die Here (Leier) van ons lewens wees. Hy wil oor ons regeer, elke dag van ons lewe</u>.

3. Wie is Jesus?
   - Jesus is gebore uit 'n maagd.
   - Jesus het gesê dat Hy God is.
   - Jesus het baie wonderwerke gedoen en die mense vergewe wat hulle bekeer het van hul sondes.
   - Jesus het aan die kruis gesterf om voor 'n regverdige God die prys te betaal vir die sondes in ons lewens.
   - Jesus is opgewek uit die dood en Hy leef vandag!
   - Jesus wil hê ek moet my ook bekeer van my sondes en my lewe vir Hom gee.

Die Bybel leer ons dat Jesus nie gesterf het om 'n voorbeeld te word nie. Hy het gesterf as Plaasvervanger vir my en jou wat dit verdien om voor God te staan te kom vir al die verkeerdhede wat ons in ons lewens doen.

**Die Bybel sê: "want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word." Romeine 10:13.**

- Dit beteken dat ek, ongeag my verlede, vir Jesus in my lewe kan innooi en Hy sal al my sondes vergewe en in my woon.
- Dit beteken dat al my sondes van die verlede, hede en toekoms KLAAR voor God vergewe is die oomblik dat Jesus in my hart inkom. Dit is nie as gevolg van enigiets wat ék gedoen het nie. Dit is nie omdat ek 'n goeie godsdiens gekies het nie. Dit is nie omdat ek goeie morele standaarde het nie. Dit is nie omdat my ouers van 'n spesifieke ras of sosiale klas is nie. Dit is SLEGS omdat ek die offer aangeneem het wat Jesus gebring het toe Hy aan die kruis gesterf het.

- ❖ Dit beteken dat ek van hierdie oomblik af weer rein is in God se oë; onskuldig. Die Bybel leer dat die loon van die sonde die dood is, maar Christus se dood is genoeg om my 'n nuwe skepsel te maak – as ek kies om Hom te volg!

  As jy God se vergifnis *nou* in jou lewe wil hê en 'n volgeling van Christus wil word, kan jy Hom <u>nou</u> in jou lewe innooi. Dit is nie nodig om in 'n kerk te wees nie. Dit is nie nodig om enige spesiale woorde te sê nie. Al wat belangrik is, is dat jy na God toe sal kom en bely dat jy glo dat Jesus God is en dat jy wil hê Hy moet die Here (Beheer) van jou lewe wees.

  Bid 'n gebed soos:

  "Here, ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek glo dat Jesus aan die kruis gesterf en uit die dood opgestaan het om my te red van sonde. Ek wil my bekeer van my sondes. Kom in my lewe in en vergewe al my sondes. Ek gee my lewe vir U. Dankie dat U my liefhet. In die Naam van Jesus. Amen."

4. "En onthou: <u>Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld</u>."

Die Bybel sê in Johannes 14:2-3: "[2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Jesus belowe ons dat ELKEEN wat sy/haar lewe vir Hom gee die ewigheid saam met Hom sal deurbring in 'n plek genaamd hemel. Die hemel is die Vader se huis. <u>As ons Jesus in ons harte ingenooi het, sal ons die ewigheid by Jesus deurbring</u>. Dit beteken dat Jesus





by ons sal wees hier op aarde, maar wanneer ons sterf, sal ons die ewigheid by Hom deurbring in die hemel.

<u>Die liefde wat Jesus vir ons het, is waarlik vir ewig</u>!

# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS
## GEBASEER OP DIE BOEK VAN MATTEUS

**Die Verhaal van Jesus Christus se Lewe**
**deur**
**Christy A. Brawner**

**Pionier Evangelisasie Reeks**

# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

* As dit moontlik is, laat elke groepslid wat kan skryf 'n skoon notaboekie en 'n pen saambring vir hierdie studie.

## “Jesus se Eerste en Tweede Koms” – Les 1
## Matteus 1 en 24

**“[42]Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie. [44]Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.”**

**Matteus 24:42 en 44**

Gedurende die tyd toe die Romeine oor die bekende wêreld regeer het, was daar 'n jong maagd in die land van Israel met die naam Maria. Sy was verloof aan Josef. Maria het swanger geraak voor hulle getroud is en toe Josef dit uitvind, wou hy die verlowing verbreek. Hy het een aand besluit dat hy dit in die geheim sou doen sodat hy Maria nie in die openbaar tot skande sou maak nie.

Terwyl hy hieroor gedink het, het 'n engel van die Here in 'n droom vir hom gesê om met Maria te trou, aangesien sy nie ontrou was aan hom nie, maar deur die werking van die Heilige Gees swanger geraak het. Die engel het verder vir hom gesê dat Maria 'n Kind in die wêreld sou bring wat deur die Joodse profete van ouds belowe is. Die profeet Jesaja het na hiérdie Kind verwys toe hy gesê het: “'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.”





Josef het die engel geglo en met Maria getrou. Hy het egter nie met haar gemeenskap gehad voor Jesus van die maagd gebore is nie. Josef het die Seun Jesus genoem.

*Daar is baie profesieë in die Bybel oor Jesus se koms. Sy geboorte sowel as die gebeure rondom Sy dood en opstanding is in die Ou Testament voorspel. Jesus het Self baie beloftes gemaak oor wie Hy is en wat Hy sou doen. Sommige van Jesus se beloftes asook profesieë in die Ou Testament het nog nie gebeur nie. Hierdie profesieë sê dat Jesus weer na die aarde sal kom. Die Christus se eerste koms was na 'n nederige plek, want Hy het as die Lydende Dienskneg gekom. Die Bybel leer egter dat Sy Tweede koms (wederkoms) baie anders sal wees.*

Toe Jesus Sy volgelinge op die Olyfberg geleer het, het Hy van Sy wederkoms gepraat. Dit het Hy gedoen as antwoord op die vraag: “Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees?”

Jesus het hulle eers versigtig geantwoord. Hy het gesê hulle moet versigtig wees dat niemand hulle mislei nie. Hoe nader Sy wederkoms is, hoe meer mense sal kom en sê: “Ek is die Christus.” Ongelukkig sal hulle deur baie mense geglo word. Verder sal daar in hierdie tyd baie oorloë wees onder die volkere van die aarde. Daar sal vier verskillende rampe wees: onrus en gerugte van oorlog, hongersnood, siektes en aardbewings. Dit is egter maar net die begin, want daar sal meer smarte kom voor die einde daar is.

Mense sal mekaar verraai, hulle sal mekaar doodmaak en mekaar haat omdat hulle in Jesus glo. Baie vals profete sal die mense verlei. Wetteloosheid sal toeneem en mense se liefde vir mekaar sal afkoel. Maar deur dit alles sal die Goeie Nuus van Christus aanhou versprei tot al die volke van Christus gehoor het, en dan sal die einde kom.

Daar sal groot vervolging wees dwarsoor die wêreld. As God die mens toelaat om voort te gaan net soos hy wil, sal ons onsself gou vernietig. Maar God sal die tyd van die groot verdrukking inkort ter wille van Christus se volgelinge.

Moet dus nie die vals profete en die vals Christusse glo wat rondgaan en groot tekens en wonders doen nie. Hulle probeer net om mense te mislei; as dit moontlik was, sou hulle selfs dié probeer mislei wat hul lewens vir Christus gegee het.

Die koms van die Seun van die mens sal eendag kom soos 'n weerligstraal wat in die Ooste uitslaan en die lug tot in die Weste verlig. Na die vervolging sal die son verduister en die maan sal nie sy lig gee nie. Die sterre sal uit die ruimte val en die kragte van die hemelruim sal ontwrig word. DAN sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en DAN sal al die volke van die aarde verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke sien kom met groot krag en majesteit. Hy sal Sy engele met die geklank van die groot trompet uitstuur om al die mense wat hul lewens vir Jesus Christus gegee het, bymekaar te maak uit die vier windstreke van die aarde.

Wanneer al hierdie dinge gaan gebeur, weet niemand nie. Die engele in die hemel weet nie eens wanneer Jesus weer kom nie. Nét die Vader weet wanneer Jesus Christus weer sal terugkeer na die aarde.

"Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie."

### Mondelinge Vrae

1. In watter land is Jesus gebore?
2. Wat is die name van Jesus se aardse ouers?
3. Wat was so wonderlik in verband met Jesus se eerste koms na die aarde?





4. Die profeet Jesaja het geprofeteer dat Jesus uit 'n maagd gebore sou word en dat Hy Immanuel genoem sou word; dit beteken " ____________ _____ __________."
5. Jesus was saam met Sy dissipels op die Olyfberg. Watter vraag het hulle Hom gevra?
6. Jesus het hulle gewaarsku om versigtig te wees dat hulle nie deur ____________ mense mislei word nie.
7. Hy het gesê baie mense sal daarop aanspraak maak dat hulle die __________________________ is.
8. Jesus het vier rampe voorspel wat oor die hele aarde sal kom voor Hy weer kom. Noem hulle. O___________________, H______________, S______________ en A_________________.
9. Jesus se volgelinge sal swaarkry omdat hulle in Christus glo. Noem sommige van die dinge wat mense volgens Jesus aan mekaar sal doen.
10. Jesus het gesê dat die vals profete krag sal hê om ________________ te doen sodat hulle selfs die volgelinge van Jesus sou kon verlei as die moontlik was.
11. Met watter natuurverskynsel vergelyk Jesus Sy wederkoms?
12. Wat gaan gebeur met die son, die maan en die sterre wanneer Jesus weet kom?
13. Op watter instrument sal die engele blaas terwyl hulle Christus se volgelinge bymekaar maak?
14. Waar sal God se kinders saamkom?
15. Wie is die enigste Een wat weet wanneer Jesus weer sal kom?
16. Hoe met ek optree as iemand wonderwerke doen wat nie in Jesus se Naam is nie, of as iemand sê dat hy die Christus is?

## Geestelike Waarhede – Les 1
## Matteus 1 en 24

1. Soos Jesus die eerste keer gekom het om profesieë te vervul, sal Hy weer kom met krag en majesteit. Daar is baie vals godsdienste, baie vals profete, en baie mense wat sê dat hulle God is. As Jesus weer kom, sal daar geen twyfel wees oor wie Hy is nie. Die Bybel sê dat elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus die Here is. Enigeen wat na ons toe kom en sê dat hy 'n nuwe profeet of 'n christus of 'n god is, is 'n vals profeet en 'n namaaksel.

2. Hy sal al Sy kinders bymekaar maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.
   - Jesus het belowe dat Hy sou kom, en Hy het. Hy belowe om weer te kom, en Hy sal. Hy belowe om AL Sy kinders bymekaar te maak en Hy sal.
   - As ons Jesus in ons lewens innooi wanneer ons ons harte vir Hom gee, belowe Hy dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie. Dit beteken dat God, al doen ons sonde (en ons sal), getrou is om Sy belofte aan ons te hou. Dit maak nie saak wát met ons gebeur, of wat ons doen nie, as ons ons lewens vir Jesus gegee het, sal Hy ons met Hom saamneem hemel toe; wanneer Hy weer kom, sal ons Hom tegemoet gaan in die wolke.

3. God se volk sal ly omdat hulle Hom volg.

Die Bybel leer ons dat mense boser en boser sal word namate die einde naderkom. Hulle sal meer haat, meer moor en mekaar meer verraai. Die Bybel sê dat baie mense Jesus se volgelinge sal haat en sleg behandel. Dalk het jy al ondervind dat mense jou anders behandel omdat jy besluit het om Jesus te volg. Hoe het mense se





gesindheid teenoor jou verander vandat jy Jesus in jou lewe ingenooi het? Het party mense (dalk goeie vriende of familie) jou vriendskap verraai omdat jy besluit het om Christus te volg?

Die Bybel leer ons dat ons sulke mense moet liefhê (Matteus 5:43-48). Ons moet die mense liefhê wat ons haat en seermaak. Ons moet hulle liefhê en vir hulle bid. Dit is hoe Jesus diegene behandel het wat Hom seergemaak en verraai het. En om 'n volgeling van Christus te wees, is om Sy voorbeeld van liefde na te volg. Die Bybel leer ook dat diegene wat ly en vervolg word omdat hulle Christus volg, spesiale seën sal ervaar; trouens, die Bybel sê dat ons dit louter vreugde moet ag, want eendag sal dit die prys wat ons betaal het waardig wees.

- Kom ons sluit hierdie byeenkoms af in gebed. Laat elkeen die dinge wat met hulle gebeur het vandat hulle Christus aangeneem het, met mekaar deel. Hopelik is dit 'n mooi verhaal; dalk nie. Is daar enigiemand wat gely het sedert hy Christus aangeneem het? Onthou om as 'n groep vir so 'n persoon te bid.

- Voor ons bid, moet elkeen sy notaboekie of 'n skoon vel papier en 'n pen uithaal. As jy 'n notaboekie het, skryf die naam van elke groepslid bo-aan 'n skoon bladsy. So kan ons elkeen se gebedsversoeke by sy naam neerskryf. Kom ons onthou elkeen se gebedsversoeke. Laat ons ook 'n lys maak van mense wat Christus nog moet aanneem. Deel die lyste met mekaar sodat ons kan saamstaan in die stryd vir ons vriende en geliefdes.

- Laat ons belowe om hierdie week elke dag vir mekaar te bid. Hou hierdie lysie met name in jou kamer en neem dit en bid vir mekaar voor julle gaan slaap of wanneer jy opstaan.

- Kom ons sluit ons byeenkoms af deur God te dank omdat Hy getrou is en Sy beloftes hou. Dank Hom dat Hy reeds aarde toe gekom het om ons van ons sondes te red, en vir die belofte van Sy Wederkoms. Kom ons vra Hom om ons te help om getrou te wees in ons gebede vir mekaar elke dag van die week wat voorlê.





# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

deur
Christy A. Brawner

## "Jesus se vlug na Egipte en Sy Doop" – Les 2
## Matteus 2-3

**"16 Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. 17 Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.' "** **Matteus 3:16-17**

**Hersiening**

1. Die naam van Jesus se moeder was _______________.
2. Die profeet Jesaja het gesê dat Jesus Immanuel genoem sou word, dit word vertaal "God ________ ________."
3. Toe Jesus se dissipels Hom op die Olyfberg vra oor Sy wederkoms, het Hy vir hulle gesê om versigtig te wees dat hulle nie mislei word deur ____________________ nie.
4. Jesus het gesê daar sou baie mense kom wat daarop aanspraak maak dat hulle die ________________________ is.
5. Jesus het gesê dat daar rampe oor die hele aarde sou kom, soos O________________________, H_______________________, S____________________ en A________________________.
6. Jesus het gesê dat volgelinge van Christus ook sou ly. Hoekom?

7. Soos watter gebeurtenis sal Sy wederkoms wees volgens Jesus self?

_______________________________________________

8. Waar sal die engele God se kinders bymekaar maak?

_______________________________________________

9. Wie is die enigste Een wat weet wanneer Jesus Christus se wederkoms sal wees?

_______________________________________________

10. Hoe moet ek optree wanneer iemand wondertekens doen wat nie in Jesus se Naam gedoen word nie, of sê hy is die Christus?

_______________________________________________

11. Ek moet myself _________________ ag wanneer iemand met my spot ter wille van Christus.

_______________________________________________

12. Ek moet hulle wat my sleg behandel omdat ek aan Christus behoort met ___________________________ behandel.

Jesus is in Betlehem gebore en het daar gewoon totdat sekere wyse manne uit die Ooste Hom besoek het. Hierdie manne het na Israel gekom agter 'n helder ster aan. Toe hulle in die provinsie Judea kom, het hulle eers na die hoofstad, Jerusalem, gegaan. Daar het hulle na koning Herodus toe gegaan om hom te vra waar die nuwe Koning van Israel gebore is, want hulle het Sy ster gesien.

Herodus, en saam met hom die hele Jerusalem, was onsteld toe hulle hiervan hoor. Hy het toe in die geheim vergadering gehou met die godsdienstige leiers. Hy het hulle uitgevra oor waar die Christus gebore sou word. Hulle het vir hom gesê dat die profete geskryf het dat die Kind in Betlehem gebore sou word .

Herodus het vir die wyse manne gesê om na Betlehem te gaan. Voor hulle egter sy paleis verlaat het, het hy hulle uitgevra oor die presiese tyd waarop hulle die ster die eerste keer gesien het. Dit het hy gedoen sodat hy die kind se ouderdom kon uitwerk.





Die wyse manne het hul reis na Betlehem voortgesit. Die ster het hulle gelei tot by die huis waar Jesus gebly het. Hulle het die huis binnegegaan en Hom aanbid. Hulle het vir Hom ook baie kosbare geskenke gegee: goud, wierook en mirre. Voor hulle egter hulle terugreis kon aanpak, het God hulle in 'n droom gewaarsku om met 'n ander pad terug te keer huis toe en nie terug te gaan na Jerusalem soos Herodus gevra het nie.

Josef het ook 'n droom gehad waarin 'n engel van die Here hom gewaarsku het om Maria en die Kind te neem en na Egipte te vlug. Daar moes hulle bly totdat die Here weer met hom praat. Die Here het vir hom laat weet dat Herodus die Kind sou probeer doodmaak. Dit moes gebeur sodat vervul sou word wat deur die profeet in die Ou Testament voorspel is: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep."

Herodus het inderdaad daarop uitgegaan om die beloofde Kind te vermoor. Hy het alle seuntjies van twee jaar en jonger in en om Betlehem, laat doodmaak.

Na Herodus se dood het 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en vir hom gesê om terug te keer na Israel. Josef het God gehoorsaam. Hy het met sy gesin in Galilea, 'n provinsie Noord van Judea, gaan woon in 'n dorpie met die naam Nasaret.

In daardie tyd was daar 'n man met die naam Johannes die Doper wat in die woestyn van Judea gepreek het. Die boodskap wat hy gepreek het, was: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Johannes het klere gedra van kameelhaar met 'n leerband om sy heupe. Sy voedsel was sprinkane en veldheuning.

Jerusalem en die hele Judea en die hele omgewing van die Jordaan het na hom gaan luister. Hulle het hulle sondes bely en hulle in die Jordaanrivier laat doop. Baie van die Fariseërs en die Sadduseërs het ook gegaan om na hom te luister. Johannes het hulle "slange" genoem ("addergeslag") omdat hulle staatgemaak het op

hulle tradisie om hulle te red en nie geglo het dat hulle hulle moes bekeer nie.

Terwyl Johannes die Doper gepreek het, het hy gepraat van een wat sou kom en wat met die Heilige Gees en vuur sou doop. Hy het gesê dat Hy die mense sou skei en dat Hy diegene wat in Hom glo, na Hom toe sou neem. Die res sou Hy laat verbrand met 'n onblusbare vuur.

Jesus het toe uit Galilea na Johannes toe gekom by die Jordaan om deur hom gedoop te word. Johannes wou eers nie gehoor gee aan Sy versoek nie, want hy het gesê dat hy onwaardig was. Jesus het egter daarop aangedring om gedoop te word omdat Hy so aan God se wil wou voldoen.

Nadat Jesus gedoop is, het Hy onmiddellik uit die water opgekom. Almal kon sien dat die hemel bokant Hom oopgaan. Die Heilige Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal en 'n stem het uit die hemel gekom: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."

## Mondelinge Vrae

1. Watter soort mans het Jesus kom besoek in Betlehem en watter geskenke het hulle vir Hom gebring?
2. Waar het die mans eers aangegaan om navraaag te doen en met wie het hulle gepraat?
3. Hoekom het die Here Josef gewaarsku om na Egipte te vlug?
4. Waarheen het Josef met sy gesin gegaan na Herodus se dood?
5. Waar het Johannes die Doper gepreek?
6. Hoe het hy gelyk?
7. Watter boodskap het hy gebring?
8. Wat het met die mense gebeur wat hulle sondes bely het?
9. Hoekom het Johannes die Doper die Fariseërs en die Saddduseërs "slange" ("Addergeslag") genoem?





10. Johannes het gepraat van Een wat sou kom wat groter was as hy. Hy het geleer dat die Een die mense van die wêreld sou skei. Hoe so?
11. Wie het uit Galilea gekom om deur Johannes gedoop te word?
12. Jesus het daarop aangedring dat Johannes Hom doop, al het hy onwaardig gevoel. Watter rede het Jesus aangevoer?
13. Wat het gebeur toe Jesus uit die water uit opkom?

## <u>Geestelike Waarhede – Les 2</u>
## Matteus 2-3

1. <u>Ons kan slegs God se beste vir ons lewens ervaar as ons Hom volkome gehoorsaam is.</u> Josef het baie dinge gedoen slegs omdat God hom beveel het. Hy het God gehoorsaam en met Maria getrou, selfs al was sy swanger. Alhoewel haar swangerskap iets was wat hy glad nie kon verstaan nie, het hy God vertrou. En toe, terwyl hulle in Betlehem woon, beveel God hom om met sy gesin na Egipte te trek. Egipte was ’n land met ’n vreemde taal. Hulle lewenstyl was vreemd en hulle het afgode aanbid. Hierdie trek was nie maklik vir ’n man met ’n vrou en ’n klein kindjie nie. Tog het hy gekies om te luister. Die gevolg was dat Jesus se lewe gespaar is.

Net soos God ’n spesiale plan met Josef se lewe gehad het, het Hy ’n spesiale plan met elkeen van ons. Die Bybel sê dat Hy ons geken het en ’n spesiale plan vir ons gehad het selfs toe ons nog in die baarmoeder was. As ons God se beste vir ons lewens en ons kinders se lewens wil ervaar, moet ons Sy opdragte baie noukeurig uitvoer. Die Bybel sê God begeer om tot elkeen van ons te spreek in ons harte wanneer ons bid en Sy Woord lees. Hy wil ons lei na ’n vol, oorvloedige lewe by Hom. God praat baie keer direk met ons oor spesifieke situasies, spesifieke gesindhede en spesifieke besluite wat ons behoort te maak. Ons behoort al ’n keuse te maak lank voor ons eers ’n keuse het. Dan sal ons, soos Josef, wanneer die keuse kom, kies om God te gehoorsaam, selfs al is die omstandighede moeilik.

*Is God besig om met jou te praat oor ’n spesifieke saak in jou lewe? Vra Hy jou om iets in jou lewe te verander wat moeilik is? As dit so is, deel dit gerus met die groep as jy lus het. Elkeen moet dan jou behoefte op hul gebedslys neerskryf sodat hulle deur die komende





week vir jou kan bid. God begeer jou gehoorsaamheid en Hy sal jou die krag gee om Sy planne vir jou lewe te gehoorsaam.

2. Net voordat Jesus na Sy opstanding opgevaar het na die hemel, het Hy vir ons, Sy volgelinge, ’n opdrag gegee. Kom ons kyk weer daarna: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Ons sal later in hierdie studie leer hoe om te gaan en ander te vertel van Jesus. Daar is egter een opdrag wat ons sélf moet nakom in gehoorsaamheid aan Sy Woord. <u>Ons moet gedoop word in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.</u>

- Die doop is ’n eenvoudige daad van gehoorsaamheid aan die voorbeeld wat Christus vir ons nagelaat het. Dit is om saam met ’n gelowige die water in te gaan, jouself vir ’n oomblik onder die water te laat ingaan en dan weer uit te kom.
- Jesus is nie as ’n baba gedoop nie. In die Lukasevangelie lees ons dat Jesus as baba tempel toe geneem is. Daar het die priester Hom en sy ouers geseën. Dit was egter geen doop nie!
- Sy doop was uit eie keuse. Sy ouers het dit nie namens Hom gedoen nie. Ons behoort almal na aanleiding van Christus se voorbeeld te gaan om gedoop te word deur ’n godvresende persoon.
- Dit is nie ’n godsdienstige ritueel wat jou aan ’n bepaalde sekte of denominasie verbind nie. Dit is geen geestelike oefening wat jou siel reinig van sonde nie. Dit is ’n simbool, ’n openbare belydenis van jou keuse om Christus te volg. Die Bybel leer dat die doop ’n beeld is van die

begrafnis en opstanding van Christus. Wanneer ons gedoop word, identifiseer ons met die begrafnis en opstanding van Jesus.

*Wat dink jy van die Doop? Dink jy dit is moeilik om gedoop te word na aanleiding van Christus se voorbeeld? Moet jy gedoop word? Wil jy gedoop word?





# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Die Versoeking van Christus" – Les 3
## Matteus 4

**"'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom." Matteus 4:4[b]**

**Hersiening:**

1. Die profeet Jesaja het gesê Jesus sal Immanuel genoem word, dit is "God _______ ________."
2. Jesus het gesê dat Sy wederkoms sal wees soos 'n ________________________.
3. Jesus het gesê by Sy wederkoms sal daar geen onsekerheid wees of Hy die ware Christus is nie, want elkeen sal Hom met krag en majesteit sien kom op die _________________.
4. Jesus het gesê dat baie mense groot wonderwerke doen en voorgee dat hulle die Christus is. Ons moet versigtig wees om nie deur hierdie vals profete ________________ te word nie.
5. Jesus het gesê ons moet onself ___________________ ag wanneer mense ons seermaak ter wille van Jesus Christus, want ons sal nie ons beloning verloor nie. Hy het gesê ons moet hierdie mense met ___________________ behandel.
6. Jesus het gesê die enigste Een wat die uur van Sy wederkoms ken, is die _________________.

7. 'n Man met die naam _________________ die ____________ het in die woestyn 'n boodskap van bekering gepreek. Hy het klere van kameelhare gedra en veldheuning geëet.
8. Baie het gekom om deur Johannes gedoop te word en het hulle ____________________ bely.
9. Johannes het gesê dat daar Een kom wat die mense op die aarde sou skei, en dat dié wat Hom verwerp, verdoem is tot 'n ewige, onblusbare ____________.
10. Jesus het Johannes kom vra om Hom te _________.
11. By Jesus se doop het die _________ _________ soos 'n duif neergedaal en _______________ het uit die hemel gepraat.
12. Jesus se laaste opdrag aan Sy dissipels voor Hy opgevaar het na die hemel, was om almal wat Christus aangeneem het as Here te ________________.
13. Ons moet ______________ word, nie omdat dit ons ________ van sonde nie, maar omdat dit 'n simbool is wat ons met _______________________ identifiseer.
14. Die doop simboliseer die ____________________, ___________________ en _________________ van Jesus.

Na Sy doop het die Heilige Gees Jesus weggevoer na die woestyn toe waar Hy deur die duiwel versoek sou word. Hy het vir veertig dae en veertig nagte daar gebly en gevas. Nadat die veertig dae verby was, was Hy baie honger. Toe het die duiwel na Hom gekom en gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word." Jesus het hom uit die Ou Testament geantwoord: "Daar staan geskrywe: 'n mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Hierna het die duiwel Jesus in Jerusalem, die hoofstad, ingeneem na die hoogste punt van die tempel. Hier het hy vir Hom gesê: "As





U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: Hy sal sy engele oor jou opdrag gee en: Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy jou voet nie teen 'n klip sal stamp nie." Jesus het weer die Woord van God aangehaal: "Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie."

Die duiwel het Hom weer weggevoer, na 'n baie hoë berg toe. Van hier af kon hulle al die koninkryk van die wêreld met hulle prag sien. Satan het vir Jesus gesê: "Dit alles sal ek vir u gee as U neerval en my aanbid." Maar Jesus het vir hom gesê: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Die duiwel het na Jesus geluister en weggegaan. Toe het daar engele gekom en Jesus versorg.

## Mondelinge Vrae

1. Waarheen het die Heilige Gees Jesus geneem om versoek te word?
2. Wat het Jesus vir veertig dae gedoen voordat Satan gekom het om Hom te versoek?
3. Satan het Jesus in die eerste twee versoekings uitgedaag om te bewys dat Hy __________ is.
4. Wat wou Satan met die eerste versoeking hê, moes Jesus met die klippe doen?
5. Hoe het Jesus die eerste versoeking weerstaan?
6. Wat wou Satan hê Jesus moes doen toe hulle op die hoogste punt van die tempel was?
7. Hoe het Jesus hierdie versoeking weerstaan?
8. Met die derde versoeking het Satan belowe om al die koninkryk van die wêreld vir Jesus te gee as Hy meer as net een ding sou doen. Wat moes Jesus doen?
9. Hoe het Jesus Satan weerstaan tydens die derde versoeking?
10. Wie het Jesus kom versorg nadat Hy die duiwel weggestuur het?

## Geestelike Waarhede – Les 3
## Matteus 4

1. Ons sal versoek word nadat ons ons lewens vir Christus gegee het. Anders as Christus hoef ons nie in die woestyn in te gaan om daar versoek te word nie. Die Bybel leer dat ons nie net deur die duiwel nie, maar ook deur ons eie begeertes versoek word (Jakobus 1:14). Die Bybel leer ons ook dat daar 'n voortdurende stryd in ons harte is tussen ons begeerte om goed te doen en die begeerte om sleg te doen. "[15]Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek. [19]Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek." Romeine 7:15&19

2. Jy sal versoek word omdat jy nou twee nature in jou het. Die een is die vlees en die ander een die Gees (die Heilige Gees) in jou. Galasiërs 5:16-17 sê: "[16]Wat ek bedoel, is dit: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. [17]Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie." Daar sal daagliks stryd wees tussen jóú en die wil van God in groot sowel as klein dingetjies in die lewe.

3. Ons kan versoeking op dieselfde wyse as Jesus weerstaan: deur die krag van die Woord van God. "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart." Hebreërs 4:12. *Lees hierdie vers meer as een keer. Vra die groepslede wat hulle dink die vers beteken.*





God se Woord is nie net 'n boek vol raad nie. Dit is die lewende Woord wat God gebruik om op 'n unieke manier tot elke hart te spreek. Dit dring diep in dié deel van ons harte in waarvan God alleen weet.

> Die enkele belangrikste ding wat elke volgeling van Christus MOET doen, is om ELKE DAG tyd alleen met die Vader deur te bring. Satan sal alles in sy vermoë doen om jou weg te hou van die Woord van God, want hy weet dat God se Woord ons Bron van krag is. Hy sal ons oortuig dat ons te besig is; ons doen reeds Bybelstudie; ons is te vaak; die Bybel is te moeilik om te verstaan en miljoene ander verskonings. Ons moet hierdie idees raaksien vir wat hulle is: LEUENS. Ons moet dit ons prioriteit maak om ELKE DAG tyd deur te bring in gebed en met die Woord van God.

Hier is 'n maklike plan om te volg:

1. Begin jou tyd met die Vader deur vir Hom te sê hoe lief jy Hom het en loof Hom, omdat Hy so wonderlik is.

2. Dank Hom vir dinge wat Hy vir jou gedoen het, of vir antwoorde op gebed.

* Dit is 'n goeie idee om 'n afdeling in jou gebedsboekie te maak genaamd "Dankie". Skryf die dinge wat God in jou lewe doen hier neer en skryf altyd die datum ook neer. Dit is 'n manier om rekord te hou van hoe God in jou lewe werk.

3. Bid vir ander: die mense in jou Bybelstudiegroep, jou gesin, jou vriende – veral dié wat Christus nog nie ken nie – en spesiale behoeftes. As daar baie mense is vir wie jy wil bid, mag dit nodig wees dat jy elke dag van die week vir 'n paar van hulle bid.

Byvoorbeeld:

| Maandag | Dinsdag |
|---|---|
| Tannie Marie | Ouma |
| Oom Eddie | Mamma |
| Rachel | Pappa |
| Dawid | Ds. Kallie |

*Dit sal dalk help om die groep nou so 'n lys te laat maak, dan kan elkeen sy gebedstyd begin sonder om dit later te doen.

4. Lees en dink na oor God se Woord. Die Bybel leer ons dat ons nie net die Bybel moet lees soos ons ander leesstof lees nie, maar dat ons daaroor moet NADINK. Dit beteken dat ons:

- dit stadig moet lees.
- dit 'n paar keer moet lees en moet dink oor wat die woorde beteken. Dit mag nodig wees om dit 'n paar keer te lees voor ons kan konsentreer op die waarheid wat die Here vir ons wil leer.
- ons eie naam in die waarheid van die Woord moet inlees waar dit van toepassing is. As die vers byvoorbeeld lees: "Eer jou vader en jou moeder" sal ek lees: "Christy, jy moet jou vader en jou moeder eer."
- hierdie vers moet terugbid tot die Here en Hom moet dank vir Sy seëninge. Vra Hom in verband met spesiale behoeftes. Byvoorbeeld: "Dankie, Here, vir my pa en ma. Dankie dat U my hemelse Vader is wat in al my behoeftes voorsien en wat dáár is, selfs wanneer my aardse vader nie daar is nie."

Die Bybel bevat baie geestelike waarhede oor ons huidige lewe wat God aan ons wil oordra. Hier is 'n voorbeeld van hoe om God se Woord te oordink.





*Kom ons begin met die hoostuk na die een wat ons vandag bespreek het, Matteus 5. *Kom ons stop sodat elkeen tyd het om die eerste drie-vier verse kan lees. As iemand nie kan lees nie, moet die leier die verse'n paar maal vir hom lees sonder enige verduidelikings.*

*Kom ons probeer nou elkeen om te verstaan wat die verse beteken. As jy verstaan, lees jou naam in die verse in. Moenie bang wees om God se Gees toe te laat om met jou te praat nie. Hier is 'n voorbeeld, maar beslis nie die enigste manier waarop hierdie vers op iemand se lewe toegepas kan word nie. Hierdie woorde het die Here met mý gepraat toe ek die verse gelees het.

Vers 3: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

(Geestelike waarheid van skrywer). Ek is geseënd as ek arm van gees is, want ek sal die Koninkryk van God verkry. Here, help my om nederig te wees. Ek wil nie hoogmoedig wees nie, of vol trots of vol van myself nie. Dankie vir die werk wat U in my lewe doen. Dankie dat ek weet dat ek die koninkryk van God sal verkry. Ek is waarlik geseënd.

Vers 4: "Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

(Geestelike waarheid van skrywer). Dit is vir my moeilik om my in te dink dat ek geseënd kan wees as ek treur, want dit is so hartseer om te treur. Maar as volgeling van Christus is ek dankbaar omdat ek weet dat ek waarlik geseënd is, want daar is hoop vir ons wat geloof het in Christus. Die Here gee ons hoop en dit is waarlik tot troos. Dankie, Here, dat U my getroos het toe ek droefheid in my lewe ervaar het met die dood van my moeder. Dankie vir die godvresende mense wat U my gegee het om my fisies te versorg in my tyd van smart. Dankie vir die troos wat U Heilige Gees in my siel gegee het. Ja, Here, ek kan as gelowige sien dat ek geseënd is as ek treur. Ek het U lief, Here, want U gee vir my om.

Daar is geen spesiale formule, woorde of metode nie. Al wat belangrik is, is om God se Woord te oordink. Laat hulle toe om jou siel te deurdrenk. Wanneer hulle in jou lewe indring, sal God tot jou diepste wese spreek.

Deur dit aan te hou doen, word ons in alles meer soos Christus. Ons kan nie net versoekings weerstaan nie, maar ons bewys meer liefde en ons tree meer soos Jesus op, op elke gebied van ons lewens. Om God te ken, is die SLEUTEL tot 'n oorwinningslewe in Christus.

*Ek het aanbeveel dat jy die laaste afdeling in jou gebedslys verdeel. Dit is bedoel vir oordenking. Skryf elke dag wat jy jou Bybel oopmaak, die datum in, en skryf ten minste een waarheid neer waaroor die Here met jou praat. Soms is dit makliker om na te dink oor die Woord as jy jou gedagtes neerskryf; dit mag ook goed wees om later terug te gaan en die kosbare dinge wat die Here vir jou gesê het, weer te lees. Dit is 'n baie intieme en kosbare oomblik tussen jou en jou Meester.

*Ek wil jou uitdaag om jou te verbind om vir een week élke dag ten minste vyftien minute met die Vader deur te bring. Skryf as dit moontlik is een ding neer wat die Here vir jou gesê het. As 'n persoon nie kan lees nie, moet hy iemand probeer kry wat miskien vir hom net een vers per dag sal lees vir die week. Kyk dan wat gebeur as die Woord van God elke dag toegelaat word om die hart binne te dring.

*Kom ons lees almal die hoofstuk waarmee ons hier begin het klaar. Jy hoef nie te jaag om 'n hoofstuk per dag te lees nie. As jy 'n hoofstuk klaar gelees het, gaan aan met die volgende, en die volgende. Kom ons kom volgende week terug om moontlike belewenisse terwyl ons Gods Woord oordink, met mekaar te deel.





# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

## "<u>Dryf die Vrees uit Vissermanne uit</u>" – <u>Les 4</u>
## Matteus 4-8

**"Hy sê vir hulle: 'Waarom is julle bang, kleingelowiges?' Daarna het Hy opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, en dit het doodstil geword." Matteus 8:26**

*****

**As leier moet jy onthou om vir die groepslede te vra of hulle elke dag hul Bybels kon lees en kon bid. Gee elkeen die geleentheid om iets te deel van hul belewenisse. Bemoedig hulle om aan te hou.*

**Dit is, as gevolg van die aard van hierdie week se studie, verder belangrik om gebed van intersessie aan die begín van die sessie te hê in plaas van aan die einde.*

### Hersiening

1. Die profeet Jesaja het gesê dat Jesus Immanuel genoem sal word, wat beteken: "God ______ ________."
2. Op die Olyfberg, toe Jesus vir Sy dissipels vertel het van Sy wederkoms, het Hy hulle gewaarsku om versigtig te wees dat hulle nie deur vals profete of mense wat *sê* dat hulle die Christus is, ____________________ word, selfs al kán hulle wonderwerke doen.
3. Jesus het gesê wanneer Hy weer kom, sal almal Hom (met groot krag en majesteit) sien kom met die _________.
4. Jesus het gesê net die _____________ weet wanneer Hy weer sal kom na die aarde toe.

5. Johannes die Doper het baie mense gedoop in die woestyn; dié wat hulle bekeer het van hul ___________.
6. Voordat Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy beveel dat al Sy dissipels ____________ moes word.
7. Johannes het gesê dat Een sou kom wat die mense van die aarde sou skei, en dat dié wat Hom verwerp, verdoem is tot ’n onuitblusbare __________.
8. Met sy eerste twee versoekings van Jesus het Satan Hom probeer oorhaal om "toertjies" te doen om te bewys dat Hy ________ is.
9. Met die derde versoeking wou Satan hê Jesus moes voor hom neerval en hom _________________.
10. Jesus het die duiwel drie maal geantwoord deur die ________ van __________ aan te haal.
11. As ons God beter wil ken, moet ons elke dag ________ met Hom deurbring.
12. Watter twee nature in jou is en konflik met mekaar? Die ___________ en die ____________.
13. As ons versoekings wil weerstaan, is dit noodsaaklik om tyd ALLEEN met ________ deur te bring, elke dag.
14. As ek meer soos Christus wil wees, is dit nodig om tyd ALLEEN met Hom __________ _____ _________.

Toe Jesus terugkom van die woestyn af het Hy met Sy openbare optrede begin. Hy het Hom in die gebied van die See van Galilea gevestig, in Kapernaum. Hy het hier dieselfde boodskap gebring as wat Johannes die Doper gebring het: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."

Die eerste twee dissipels wat Jesus geroep het, was Simon Petrus en Andreas. Hierdie twee broers was saam besig om met hul nette vis te probeer vang. Jesus het hulle geroep: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."





Van hier af het Hy gegaan totdat Hy by ’n skuit gekom het waar ’n man en sy twee seuns besig was om hul nette reg te maak. Hy het die twee seuns geroep om Hom te volg. Hulle was Jakobus en Johannes, en hul vader was Sebedeus.

Jesus het deur die hele gebied gegaan, die mense in die Sinagoges geleer, die Evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal genees. Hy het so bekend geword dat selfs die mense van die naburige Sirië na Hom gekom het vir genesing.

Toe Jesus sien dat al die mense Hom volg, het Hy met Sy dissipels teen ’n sekere berg opgegaan. Daar het Hy gaan sit en Sy dissipels baie dinge geleer oor die koninkryk van God.

Die mense het na Jesus geluister en was verstom oor die gesag waarmee Hy onderrig het. Niemand het enigeen ooit so hoor praat in sy Sinagoge nie!

Toe Jesus van die berg afkom, het daar reeds ’n skare mense gewag om Hom te volg waar Hy ookal heen sou gaan. Tussen hulle was daar ’n melaatse man wat vir Jesus gevra het of Hy hom nie asseblief sou reinig nie. Hy is onmiddellik genees. Nog ’n man, ’n Romeinse soldaat, het Jesus gevra om sy verlamde slaaf wat tuis gelê het, te genees. Jesus het die slaaf genees.

Jesus het na Simon Petrus se huis gegaan omdat Petrus se skoonmoeder koors gehad het en baie siek was. Jesus het haar hand aangeraak en die koors het haar verlaat. Sy het toe opgestaan en almal in die huis bedien.

Jesus het toe die aand daar oorgebly, al die mense genees en baie duiwels uitgedryf. Toe Hy egter die massa om die plek sien, het Hy vir Sy dissipels gesê om saam met Hom te kom na die oorkant van die See van Galilea.

Dit was reeds laat nag toe hulle in die skuit klim om oorkant toe te vaar. Toe hulle in die middel van die see was, het daar skielik ’n storm opgekom en die golwe het bo-oor die skuit geslaan. Die

dissipels, baie van hulle was vissermanne, het besef dat hulle in gevaar verkeer en baie bang geword. Jesus het egter aan die slaap geraak en nie eens wakker geword nie!

Die dissipels was vreesbevange en het Jesus wakker gemaak. "Here, red ons! Ons vergaan!" Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle bang, kleingelowiges?" Toe staan Hy op en het die wind en die see hard aangespreek. Dit het dadelik doodstil geword. Die dissipels was verwonderd. "Watter soort mens is Hy dat selfs die see Hom gehoorsaam?"

### Mondelinge Vrae

1. Watter boodskap het Jesus verkondig?
2. Gee die name van twee van Jesus se eerste dissipels.
3. Wat was hulle beroep?
4. Hoekom wou die mense Jesus so graag sien?
5. Hoekom was Jesus se dissipels so beïndruk met die manier waarop Hy hulle op die berg geleer het?
6. Nadat Jesus afgekom het van die berg, het Hy 'n baie siek man genees. Wat was die man se probleem?
7. Daarna het Hy die slaaf van 'n Romeinse soldaat genees. Wat was verkeerd met die slaaf?
8. Watter familielid van Petrus het Jesus genees?
9. Hoekom wou Jesus oorvaar na die oorkant van die See van Galilea?
10. Wat het Jesus in die skuit gedoen?
11. Waarom was die dissipels so bang?
12. Hoekom het Jesus hulle bestraf?
13. Wat was die dissipels se reaksie op Jesus se vermoë om die storm stil te maak?





## Geestelike Waarhede – Les 4
## Matteus 4-8

1. Jesus roep ons ALMAL om "vissers van mense" te wees. Een van die bevele wat Jesus ons gee, is om met mense in elke, land, stad en buurt in die wêreld die vryheid wat ons in Christus het, te deel. Dit was Sy laaste woorde aan Sy volgelinge voor Hy opgevaar het na die hemel. Die laaste week van hierdie studie gaan ons leer hoe om ons geloof in Jesus duidelik te deel. Baie van ons is egter te bang om self met iemand anders te begin praat oor Christus. Ons kry gedagtes soos: "Wie is ek nou eintlik? Ek het so baie tekortkominge. Hoe sal ek iemand ooit kan oortuig om Christus te volg? En selfs al kon ek, ek bly maar in een uithoek van die aarde. Hoe kan Christus van ons verwag om 'n verskil te maak in ander dele van die wêreld?"

   Die Bybel leer ons dat, selfs al was ons die mees dramatiese en die beste spreker wat ooit gelewe het, ons nooit 'n persoon sal kan oorreed om Christus te volg nie. Toe ons ons harte vir Christus gegee het, was dit nie 'n mens wat ons geraak het nie, maar die teenwoordigheid van die Heilige Gees van God wat ons beweeg het tot bekering. Johannes 16:8 sê: "En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het."

   Ons rol as vissers van mense, is om die net van ons lewe in te gooi en al die vis wat die Heilige Gees in ons rigting stuur, in te bring.

   Een van die eerste stappe om ons geloof in Christus met ander te deel, is om te kan vertel wat Christus in ons lewens gedoen het. Dit word 'n "getuienis" genoem. "Getuienis" word in 'n hof gelewer. Getuies lewer getuienis oor die dinge

wat hulle wéét die waarheid is, dinge wat hulle eerstehands gesien het. Mense mag sê dat jy mal is, 'n ongeloofwaardige getuie, maar hulle kan iets wat jy sélf beleef het, nie ontken nie. Hier is 'n oefening wat ons nou saam kan doen.

- Laat elkeen terugdink hoe sy lewe was voor hy Christus geken het.
- Dink dan hoe jy die eerste keer van Christus gehoor het.
- Dink aan die oomblik toe die Heilige Gees in jou hart begin werk het, en jy geweet het dat Jesus *God* is en dat jy Hom in jou lewe nodig het.
- Dink aan jou besluit om jou lewe vir Christus te gee.
- Dink laastens aan die verskil wat Christus in jou lewe gemaak het.
- Nadat julle dit gedoen het, laat elkeen om die beurt sy getuienis met die groep deel. DIT IS BELANGRIK DAT DIT NIE LANGER MOET WEES AS 3 MINUTE NIE!

*Dit is nou ook tyd om mekaar onderling in ons eie stiltetyd as groep te begin ondersteun deur gebed vir mense wat die Here op groepslede se harte gelê het, wat Hom nog nie aangeneem het nie. Daar is dalk iemand by die werk of die skool; dalk naby familielede. Bid saam vir hierdie mense. Elke groepslid moet hierdie name by hul gebedslys voeg. Dit is 'n groepspoging om almal by Christus uit te bring.

*Ons moet nie die mense vergeet wat ver van ons af bly nie. Dit is ons verantwoordelikheid om vir hulle ook te bid.

*'n Idee vir die leier – Jy en jou leraar weet dalk van 'n sendeling in 'n ander deel van die land, of selfs 'n ander land, vir wie julle as groep kan begin bid. Bid vir hom, vir sy gesin en die mense wat deur hulle bedien word. Doen dit elke week wanneer u as Bybelstudiegroep vir ander mense in gebed intersessie doen. Laat





een van die groepslede vir die sendeling skryf om hom te vra of hy spesiale gebedsversoeke het. Kyk of daar dalk maniere is waarop julle groep kan help om die Goeie Nuus van Jesus te deel met mense in verafgeleë plekke dwarsoor die wêreld, en bid saam daaroor. Bespreek eers hierdie aspek voor julle voortgaan na die volgende geestelike waarheid.

2. Jesus het die dissipels nie tereggewys omdat hulle Hom wakker gemaak het nie, maar omdat hulle vol vrees was. Die dissipels het na die storm gekyk. Hulle het storms geken en het geweet hierdie een was groot. Hulle was nog nie bekend met die krag van God in hul lewens nie. Hulle het nog nie besef dat God groter is as enige storm in hulle lewens nie, en dat Hy by hulle in die skuit was!

    Ek het 'n 18 maande-oue dogtertjie wat die wêreld om haar begin ontdek. Sy hardloop in die huis rond, maak kaste oop, pluk die potte en panne uit, en alles wat sy in haar handjies kry… Een aand het ons by vriende gaan eet. Sy het op die eetkamervloer sit en speel toe hulle groot swart hond ingestap kom. My dogtertjie het dadelik na my toe gehardloop en geskree: "Mamma!" Toe ek haar optel, het haar spiertjies dadelik ontspan. Hoekom? Sy het geweet ek het haar lief en sy het my vertou om haar te beskerm. Sy was binne 'n paar minute heeltemal gerus en het selfs met haar handjie aan die hond geraak.

    Van die oomblik af wat ons ons harte aan God gegee het, is ons Sy kinders. Hy is ons Beskermer. Hy het ons lief en ons moet in ons vrees onmiddellik na Hom toe hardloop. In Sy arms dryf Hy die vrees uit. Daar is geen vrees as ons elke dag onder die vleuels van gehoorsaamheid aan Jesus Christus leef nie.

    In die Ou Testament was daar 'n man met die naam Dawid. Hy het baie benoude, moeilike oomblikke beleef omdat 'n man,

Koning Saul, hom probeer doodmaak het. Soos Dawid meer van God geleer het, het hy algaande nader aan Hom beweeg. Hy het Psalms geskryf. Dit was gedigte, deur God geïnspireer, om mense meer van God te leer. Daar is 150 Psalms in die Ou Testament, maar nie almal is deur Dawid geskryf nie. Hy het verskeie Psalms geskryf oor vrees, maar ek wil hê ons moet hierdie week Psalm 27 lees en daaroor nadink. Ingeval jy nie 'n volledige Bybel het nie, het ek die Psalm volledig ingesluit by die notas. Vra die Here om jou te leer om al jou vrese neer te lê en in Sy arms van liefde en veiligheid te bly.

*Sluit hierdie week met gebed, maar laat die groep in pare verdeel, verkieslik van dieselfde geslag. Laat hulle met mekaar praat oor dinge in hulle lewens wat hulle vrees en laat hulle dan vir mekaar bid deur hul maat voor die Here te noem. Dan moet hulle Hom vra om die vrees weg te neem en dit te vervang met geloof in Hom. Sê vir Hom dat jy begeer om al jou vertroue in Hom te stel, selfs vir dié dinge waarvoor jy so bang is.





**Psalm 27**

*Die Here is my lig en my redder*

Die Here is my lig en my redder,
vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug,
vir wie sou ek vrees?

2 As misdadigers op my afstorm
 om my dood te maak,
my teëstanders en my vyande,
dan is dit juis húlle wat struikel en val.
3 Al sou 'n leër teen my stelling inneem,
sal ek nie bang word nie.
Selfs al sou die aanval op my begin,
sal ek nog steeds vertroue hê.

4 Net een ding het ek van die Here gevra
en dit sal ek najaag:
dat ek my lewe lank
 in sy huis mag woon
om sy goedheid te belewe
en daaroor na te dink in sy tempel.
5 Op die dag van gevaar sal die Here
 my wegsteek in sy huis,
my veilig laat skuil in sy woonplek,
my hoog op 'n rots laat staan;
6 ek sal in sy woonplek
 onder trompetgeklank
 my offers bring,
ek sal 'n lied sing,
ek sal sing tot eer van die Here
terwyl ek neerkyk
 op die vyande rondom my.

7Luister tog na my, Here, as ek roep;
wees my genadig
en verhoor my gebed.
8Ek onthou wat U gesê het:
"Julle moet My kom dien!"
Ek is hier om U te dien, Here.
9Moet U tog nie vir my verberg nie,
moet my tog nie wegstuur
terwyl U toornig is nie,
want U was nog altyd my hulp.
Moet my tog nie verstoot en verlaat nie,
want U alleen is die God wat my red.
10Al sou my vader en my moeder
my verlaat,
die Here sal my onder sy sorg neem.

11Leer my u wil, Here,
en lei my op 'n gelyk pad
sodat my vyande nie hulle sin kry nie.
12Moet my tog nie oorgee aan die venyn
van my teëstanders nie,
want daar staan valse getuies teenoor my
en hulle blaas geweld teen my aan.
13As ek darem nie geglo het dat ek
die goedheid van die Here sal sien
in die land van die lewendes
nie…!

14Vertrou op die Here!
Wees sterk en hou goeie moed!
Ja, vertrou op die Here!





## BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

### "Liefde – die Betekenis van Christus se Aardse Bediening" – Les 5
### Matteus 8-10

**"Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie." Matteus 9:36**

**Voor jy die les begin, vra asseblief hoeveel groepslede hul stiltetyd gehou het. Dit is belangrik om met liefde te vra en nie met kritiek nie, terwyl julle mekaar bemoedig om elke dag in God se Woord te bly. Nooi hulle om aan te hou om Matteus te lees, tot die einde van die boek. Vind ook uit of hulle gebid het vir die mense wat Christus nodig het. Kyk of enigeen die geleentheid gehad het om sy getuienis gedurende die week met iemand te deel.*

**Hersiening**

1. Die profeet Jesaja het gesê dat Jesus Immanuel genoem sal word. Dit beteken: "God ______ ________."
2. Jesus het gesê wanneer Hy terugkom, sal almal Hom sien kom op die ____________, met groot krag en majesteit.
3. Jesus het gesê niemand weet wanneer Hy weer sal kom nie, net die ____________.
4. Johannes die Doper het in die woestyn baie mense wat hulle bekeer het van hulle _____________ gedoop.
5. Johannes het gesê dat daar Een kom wat die mense van die aarde sal skei, en dat dié wat Hom verwerp, verdoem is tot 'n

onuitblusbare __________.

6. Jesus het die duiwel drie maal geantwoord deur die ________ van God aan te haal.
7. As ons nader aan God wil beweeg, moet ons elke dag tyd alleen met Hom _____________________.
8. Jesus het ons geroep tot "__________________ van mense."
9. Wat het Jesus gedoen terwyl die storm op die see gewoed het en hulle in die skuit was?
10. Hoekom was die dissipels bang?
11. Jesus het Sy dissipels tereggewys omdat hulle _____________ was en Hom nie vertrou het nie.
12. Die Bybel leer vir ons as ons onder die vleuels van Christus se beskerming leef, hoef ons nie te ________________ nie.

Nadat hulle die See van Galilea oorgevaar het gedurende die verskriklike storm, het Jesus en Sy dissipels aan die oorkant aangekom. Daar het hulle twee manne teëgekom wat van die duiwel besete was. Hulle was gevaarlik en het tussen die grafte gewoon. Een van hulle het skielik vir Jesus geskree: "Wat het U met ons te doen, Seun van God? Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te pynig?"

'n Ent verder, naby die see, het 'n groep varkwagters 'n trop varke opgepas. Die duiwels het Jesus gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in te gaan as Hy hulle uit die mans uitdryf. Jesus het gesê: "Gaan!" Toe die duiwels in die varke invaar, het die hele trop op loop gesit, teen die berghang af, die see in en daar het hulle versuip.

Die wagters het dorp toe gehardloop om almal te vertel wat gebeur het. Die dorpenaars het Jesus ernstig versoek om die gebied te verlaat. Jesus het na Sy eie dorp toe teruggevaar.

In Galilea het hulle 'n verlamde man na Hom toe gebring. Jesus het sy verlamming genees en sy sondes vergewe. Toe die mense dít





sien, het hulle God met eerbiedige vrees geprys. Maar die Fariseërs het Hom beskuldig dat Hy godslasterlike dinge sê.

Jesus het daarvandaan verder gegaan. Toe kom Hy by 'n tollenaar met die naam Matteus. Jesus het Matteus geroep om Hom te volg en hy het dadelik opgestaan het Hom gevolg. Jesus het by Matteus gaan eet. Daar was ook ander tollenaars en mense van 'slegte' reputasie by die ete. Toe die Fariseërs sien saam met wie Jesus eet, het hulle vir Sy dissipels gevra waarom Hy dit doen. Jesus het hulle geantwoord: "Ek verwag barmhartigheid, nie offers nie."

Van hier af het Jesus begin uitreik na mense in alle vlakke van die samelewing. Daar was 'n raadslid van die Sinagoge wie se dogtertjie dood was. Hy het voor Jesus kom kniel en gevra dat Hy haar weer moes lewend maak. Jesus het saam met die man gegaan en sy dogter lewend aan hom teruggegee.

Hy het twee blinde mans wat Hom gesmeek het om te kan sien, se oë geopen. Hy het duiwels uit 'n stom man gedryf en hy kon praat.

Jesus het die groot nood onder die mense gesien en Hy het hulle innig jammer gekry. Die mense was soos skape sonder 'n herder. Hy het vir Sy dissipels gesê: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir Sy oes."

Toe het Hy Sy dissipels uitgestuur, die hele Israel in. Hy het hulle mag gegee om in die mense se behoeftes te voorsien; hulle doel om Sy liefde te bewys en met mense te deel. Hy het vir hulle spesifieke opdragte gegee: soek die mense wat die Goeie Nuus van Christus wil hoor. Hy het gesê dat hulle die vrede van God in die huis van so 'n persoon sal laat. Hy het hulle egter gewaarsku dat baie mense hulle en hul woorde sou verwerp.

Hy het vir hulle gesê: "Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe." Hy het vir hulle gesê om nie te bekommer oor finansiële behoeftes nie, want die Vader weet selfs hoeveel hare op hulle koppe is, en vir Hom

wat in beheer is van alles, is ons baie werd.

Voor Hy hulle uitgestuur het, het Jesus afgesluit deur te sê: "Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle."

## Mondelinge Vrae

1. Wie het Jesus teëgekom nadat Hy en Sy dissipels aan die oorkant van die See van Galilea gekom het ná die stormagtige bootreis?
2. Wat was verkeerd met hierdie mense?
3. Wat het Jesus vir hulle gedoen?
4. Hoekom het die trop varke in die see gestort?
5. Hoekom het die dorpenaars Jesus versoek om hulle gebied te verlaat?
6. Wat het Jesus vir die verlamde man gedoen?
7. Hoekom het die Fariseërs Jesus van godslastering beskuldig?
8. Wat het Hy hulle geantwoord?
9. Waarom het die Fariseërs Jesus gekritiseer oor die mense saam met wie Hy geëet het?
10. Wat het Hy hulle geantwoord?
11. Wat het Jesus vir die raadslid se dogter gedoen?
12. Wat het Hy gedoen vir die blinde mans?
13. Hoe het Jesus die stom man genees? Wat was verkeerd met hom?
14. Waarvoor het Jesus Sy dissipels uitgestuur?
15. Jesus het vir Sy dissipels gesê om so versigtig soos __________ en so opreg soos _____________ te wees.
16. Waaroor moet hulle hulle nie bekommer nie?
17. Hy het gesê dat God selfs weet hoeveel _____________ daar op ons koppe is.





18. Jesus het vir hulle gesê dat daar een spesifieke groep mense is wat vir Hom baie saak maak, en as iemand vir hulle selfs so min as 'n glas water gee, sal hy sekerlik nie sy beloning verloor nie. Na watter groep mense het Hy verwys?

## **Geestelike Waarhede – Les 5**
## **Matteus 8-10**

1. <u>Jesus gee vir almal om</u>. Hy gee om vir die duiwel besetenes, die siekes, armes, rykes en veral vir Sy kinders. Almal is kosbaar en waardevol vir die koninkryk van God!!!

2. <u>Mense gee nie altyd om vir ander mense nie</u>. In die geval van die duiwel-besete mans was die dorpsmense so ontsteld oor die varke dat hulle Jesus nie meer in hulle gebied wou hê nie. Dit het glad nie vir hulle saak gemaak dat Jesus die mans gehelp het nie. Hulle was waarskynlik besorg oor die finansiële verlies wat gely is. Dit is baie maklik om geld meer werd te ag as ménse. Ongelukkig trap ons feiltik almal in hierdie strik. "Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal." (1 Timoteus 6:10). Jy mag dalk ook Jesus se woorde in Matteus 6:19-21 onthou: "[19]Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. [20]Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. [21]Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." Geld is magtig. Dit kan óns beheer, of ons kan dit vir die Here gee en *Hy* kan ons beheer.
   - Dink 'n bietjie: hoe spandeer ek my geld elke week? Dit is 'n goeie plan om dit neer te skryf.
   - Vra jouself die vraag af: eer ek Jesus met die manier waarop ek my geld spandeer?
   - Koop of doen ek dinge wat God oneer aandoen? Maak ek mense seer deur die manier waarop ek my geld bestee? Help ek ander met die manier waarop ek my geld bestee?





God vra in die Ou Testament dat almal 10% van wat hy het vir Hom moet gee. Die Nuwe Testament sê ons moet ons lewens en alles wat ons het vir Hom gee. Ons het egter tradisioneel die Ou Testament= iese wet gevolg en 10% van ons finansiële inkomste gebring vir die werk van die Here of die kerk. Dit word 'n tiende genoem. Begin nou bid: hoeveel van jou geld wil die Here hê moet jy vir Sy werk gee? Die Bybel leer dat die Here diegene seën wat bydra tot die groei van Sy koninkryk. Die Bybel leer verder dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien. Dalk dink jy: "Maar verstaan die Here nie hoe arm ek is nie?" of "God verstaan nie hoeveel skuld ek aangegaan het nie." Jesus is ook in 'n arm aardse gesin gebore. Hy verstaan armoede, maar Hy vra ons om almal getrou te wees in gehoorsaamheid aan alles wat Hy ons vra om te doen. Vra die Here hoe Hy wil hê jy deel moet hê aan die finansiële ondersteuning van Sy werk.

3. <u>Om 'n volgeling van Christus te wees, beteken om Sy voorbeeld te volg en ander lief te hê soos Hy hulle het</u>. Dit is waar dat ons nie soos Jesus mense kan genees nie, maar Jesus genees nog steeds mense. Ons moet getrou wees in gebede vir siekes. Ons moet hulle bystaan en hulle hande vashou in hul oomblikke van pyn. Ons moet vir hulle vertel van Jesus se liefde vir hulle. Ons moet bid vir duiwel-besetenes. Jesus dryf steeds dwarsoor die wêreld duiwels uit deur die gebede van Sy kinders. Ons moet vir hulpbehoewendes bid en hulle help. Ons moet alles doen wat ons moontlik kan om te help met hul fisiese nood, maar veral vir hulle vertel van die liefde van Christus wat hulle harte kan verander. Jesus het Sy dissipels beveel om hierdie dinge te doen, maar Hy het 'n spesiale beloning belowe aan enigiemand wat Sy kinders help.

4. <u>Om party mense lief te hê, is baie moeilik, maar die Here</u>

begeer dat ons genade moet bewys. In Jesus se tyd was tollenaars om 'n goeie rede gehate mense: hulle het geld ingevorder vir 'n korrupte regering. Die meeste van hulle het dan nóg meer van die mense gevra en die eksta geld in hul eie sakke gesteek. Om iemand lief te hê wat jou besteel het, is nie so maklik nie, veral as die persoon nie eens jammer is oor wat hy gedoen het nie! Jesus leer ons egter dat ons, as Sy volgelinge, geen reg het om hierdie mense te veroordeel nie, selfs al is wat hulle doen heeltemal verkeerd. Dit is ons plig om vir hulle te bid, hulle lief te hê en vir hulle die waarheid te wys van God se vergifnis. As hulle hulle bekeer van hul sondes, sal hulle God se vergifnis verkry. Die Bybel sê ons is almal sondaars wat straf verdien. Die Bybel sê ook ons het vergifnis en genade ontvang, daarom moet ons ook vergifnis en genade bewys, selfs al sou dit 'n onmoontlike taak wees sonder die krag van God in ons lewens.

5. Die wêreld se nood is so groot dat ons dit nie alleen kan doen nie. Daar is miljoene mense wat nog nooit die liefde van Christus ervaar het nie. Daar is miljoene wat nog nooit *enige* liefde ervaar het nie. Daar is miljoene mense wat, as iemand net vir hulle sal wys hóé, hulle lewens vir Jesus sal gee en Sy liefde sal ervaar. Ons moet alles in ons vermoë doen, maar ons moet ook bid dat God ander sal roep om te help sodat meer mense by die plek sal uitkom waar hulle God se liefde kan ken.

6. Julle kan jul liefde vir God en mekaar wys deur julle tiende na die gemeente te bring vir die werk van die Here. Die Here gebruik die plaaslike gemeente om in mense se geestelike, sowel as emosionele en fisiese behoeftes te voorsien. God gebruik julle tiendes om die kerk te help om haar werk te doen.





## Mondelinge Vrae

1. Op watter wyses kan ek, in my omgewing en binne my omstandighede, God se liefde met ander deel?
2. Wat is die mense om my se grootste nood? Wat veroorsaak die grootste lyding vir die mense waar ek woon?
3. Hoe kan ek uitreik na die mense se seer?
4. Hoe kan ek God se liefde bewys, veral aan Sy kinders?
5. Op watter manier ag ek geld hoër as die mense in my lewe?
6. Eer ek die Here met my geld?
7. Hoe kan ek die genade wat God aan my bewys het, deel met die mense om my?

**Hier is nóg 'n goeie geleentheid om te praat oor die ondersteuning van 'n sendeling in 'n ander wêrelddeel, en om vir mense van 'n land wat nog nie die Woord van God gehoor het nie, te bid.*

# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Verraad en Vergifnis" – Les 6
## Matteus 21 – 27:10

**"Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig onsvan alle ongeregtigheid."**
**1 Johannes 1:9**

### Hersiening

1. Die profeet Jesaja het gesê Jesus sou Immanuel genoem word. Dit beteken: "God _______ ________."
2. Jesus het gesê niemand weet wanneer Hy weer kom na die aarde nie, net die ___________.
3. Johannes die Doper het in die woestyn baie mense gedoop wat hulle bekeer het van hulle _____________.
4. Jesus het die duiwel drie maal uit die ________ van God geantwoord.
5. As ons nader aan Jesus wil kom, moet ons tyd alleen met Hom _________________.
6. Jesus het ons geroep tot "_____________ van mense."
7. Jesus het liefde aan alles mense bewys deur hulle siektes te _____________.
8. Jesus het die mense innig jammer gekry omdat Hy hulle groot _____________ gesien het.
9. Jesus het Sy volgelinge gestuur na alle mense, maar hulle gewaarsku om so versigtig soos ___________ en so opreg soos _____________ te wees.
10. Jesus het gesê Hy weet selfs hoeveel _____________ op ons kop is.
11. Hy het gesê dat iemand wat vir Sy dissipels selfs so min as 'n glas koue water gee, nie hulle __________ sal verloor nie.
12. Jesus het gedurende die storm vir Sy dissipels in die skuit gesê om nie te _____________ nie.





Jesus het baie mense in Galilea geleer, vir hulle gepreek en hulle gesond gemaak, maar steeds het baie Sy Woord verwerp. Hy het vir Sy dissipels verduidelik dat dit alles volgens God se wil was omdat Hy hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het.

Die tyd waarop Jesus Sy dissipels voorberei het, het aangebreek. Dit was tyd dat Hy Jerusalem toe gaan om baie dinge te ly onder die priesterhoofde en die familiehoofde, om te sterf en opgewek te word uit die dood.

Sy aankoms in Jerusalem was luisterryk. Die mense het weerskante van die pad gestaan. Hulle het hulle klere en palmtakke op die pad gegooi om 'n mat te maak waarop Jesus kon trap. Terwyl Hy op 'n donkie verby hulle ry, het hulle uitgeroep: "Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!"

Jesus het 'n hele paar dae in Jerusalem deurgebring en die mense daar onderrig, gepreek en baie mense gesond gemaak. Daar was egter baie konfrontasie en konflik tussen Hom en die Fariseërs en Sadduseërs.

Judas Iskariot, een van Jesus se twaalf dissipels, het na die priesterhoofde gegaan en aangebied om Hom te verraai as hulle hom sou betaal. Hulle het hom dertig silwerstukke aangebied en hy het dit

geneem.

Op die aand van die Paasfees, die belangrikste Joodse vakansiedag van die jaar, het Jesus saam met Sy dissipels Sy laaste maaltyd geniet. Jesus het die brood geneem, dit gebreek en gesê: "Neem, eet; dit is my liggaam." Toe neem Hy die beker en nadat Hy gedank het, sê Hy: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."

Nadat hulle 'n loflied gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg. Jesus het hulle hier gewaarsku dat hulle Hom almal in daardie nag in die steek sou laat. Petrus het egter voet by stuk gehou dat *hy* dit nooit sou doen nie. Toe het Jesus voorspel dat Petrus Hom nie net in die steek sou laat nie, maar dat hy sy Here drie maal sou verloën vóór die haan dié nag kraai.

Hiervandaan is Jesus met Sy dissipels na Getsemane. Hy het die res van die nag in gebed deurgebring. Hy was tot die dood toe bedroef oor alles wat gebeur het. Hy het Sy dissipels gevra om saam met Hom te waak, maar hulle het almal aan die slaap geraak. Jesus het hulle eers wakker gemaak toe Judas in die tuin aankom en saam met hom die priesters en die mense wat gekom het om Hom gevange te neem.

Judas het na Jesus toe gekom en Hom as 'n teken van verraad, gesoen. Die priesterhoofde het Jesus toe gegryp en Hom na die huis van Kajafas, die hoëpriester, geneem. Jesus se dissipels het Hom daar in die steek gelaat en weggehardloop.

Terwyl Jesus in die huis was om deur Kajafas en die ander leiers ondervra te word, was Petrus in die binnehof. Terwyl hy daar sit, kom 'n diensmeisie na hom. "Jy was ook saam met Jesus die Galileër," sê sy. Petrus het dit ontken. Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. 'n Ander diensmeisie het hom gesien en vir dié wat daar staan gesê dat hy ook saam met Jesus van Nasaret was.





Hierdie keer het Petrus dit met 'n eed ontken! 'n Rukkie later het die manne daar kom staan en hulle sê toe vir Petrus dat 'n mens aan sy uitspraak kon hoor dat hy saam met Jesus was. Toe begin Petrus vloek en hy sweer: "Ek ken die man nie!" Op daardie oomblik het daar 'n haan gekraai. Petrus het Jesus se woorde op die Olyfberg onthou. Hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

Vroeg die oggend het die priesterhoofde Jesus na Pilatus toe geneem omdat hulle besluit het om Hom dood te maak. Toe Judas sien dat Jesus ter dood veroordeel is, het hy spyt gekry en probeer om die dertig silwer muntstukke vir die priesterhoofde terug te gee. Hy het vir hulle gesê: "Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai." Hulle het egter net vir hom gesê: "Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak!" Judas het die geld op die vloer van die tempel gegooi, weggeloop en homself gaan ophang.

## Mondelinge Vrae

1. Dit is God se plan om die waarheid te verberg vir slim en geleerde mense en dit aan ________________ bekend te maak.
2. Hoe is Jesus behandel toe Hy Jerusalem binnegekom het?
3. Hoekom het Judas na die priesterhoofde toe gegaan en waarvoor het hulle hom dertig silwer muntstukke gegee?
4. Gedurende Jesus se laaste Paasmaal saam met Sy dissipels het Hy vir hulle gesê dat die wyn en die brood "spesiaal" was. Hoekom?
5. Jesus het vir hulle gesê dat Sy bloed vergiet moes word. Hoekom?
6. Op die Olyfberg het Jesus vir Sy dissipels gesê dat hulle Hom almal daardie nag in die steek sou laat. Petrus het ontken dat hy dit sou doen. Watter voorspelling het Jesus toe gemaak oor Petrus?
7. Op watter manier het Judas Jesus verraai?

8. Waar was Petrus toe Jesus deur die familiehoofde ondervra is?
9. Twee meisies het op verskillende tye vir Petrus van iets beskuldig. Wat was dit?
10. 'n Derde keer het 'n paar mans vir Petrus gesê dat hy saam met Jesus was. Wat was Petrus se reaksie hierop?
11. Wanneer het Judas skuldig gevoel omdat hy Jesus verraai het?
12. Hoekom het hy na die preisterhoofde toe teruggegaan?
13. Wat het Judas gedoen toe hulle nie die betaling vir sy daad wou terugneem nie?





## Geestelike Waarhede – Les 6
## Matteus 11 – 27:10

1. Gedurende Sy laaste maaltyd saam met Sy dissipels, het Jesus 'n gebruik ingestel wat sederdien deur volgelinge van Christus dwarsoor die wêreld gehou word tot vandag toe. Ons noem dit die Nagmaal. Die Nagmaal is geen bo-natuurlike gebeurtenis wat ons sondes wegneem of iets liggaamlik aan ons doen nie. Dit is ook nie 'n toweroomblik waarin gewone brood verander in die liggaam en bloed van Jesus nie. Dit is 'n tyd waar Christus se volgelinge saamkom, brood eet, wyn drink en so weer onthou watter offer Jesus aan die kruis gebring het. Dit is 'n geleentheid waarop ons onthou wat Hy betaal het vir die sondes in ons lewens. Dit is 'n tyd van vreugde en danksegging terwyl ons ons verheug in die vergifnis wat Hy vir ons behaal het. 2 Korintiërs 11:23-33 leer ons dat dit 'n ernstige geleentheid is; nie iets om ligtelik op te neem nie. Dit is 'n tyd om na te dink oor Sy offer vir ons en om ons lewens te ondersoek in die lig van wat Hy vir ons gedoen het aan die kruis.

2. God ken ons gebreke, nog selfs voor óns van hulle weet en Hy aanvaar ons nog steeds en wil ons gebruik in Sy koninkryk. Jesus het reeds toe Hy Petrus geroep het tot "visser van mense", geweet dat hy Hom sou verloën. As ons die Bybel verder lees, sien ons egter in Handelinge dat die Here Petrus gebruik het om duisende mense na Christus te lei; trouens, twee Bybelboeke is deur Petrus geskryf. In Handelinge 2, net na Jesus se hemelvaart, preek Petrus in Jerusalem voor dieselfde mense vir wie hy so bang was die nag toe hy Jesus verloën het.

   Net so is die Here nie verras oor ons swakhede nie. Al het ons

Christus aangeneem, sal ons steeds mislukking ervaar. Ons sal sondig, ons sal Hom verraai, ons sal dié dinge doen wat ons haat.

3. <u>Wat moet ons dan doen wanneer ons God gefaal het</u>?

Twee manne het Christus daardie nag verraai. Die een was Petrus, die ander Judas. Petrus het Christus verloën , maar is uiteindelik op 'n kragtige manier deur die Here gebruik. Ook Judas het die Here verraai, maar hy het selfmoord gepleeg. Baie mense maak die fout om te dink dat Petrus weer sukses gesmaak het en Judas nie, omdat Judas se verraad groter was as syne. Dit is nie waar nie. Die Bybel leer dat ons <u>ALMAL</u> sondaars is. Ons verraai almal die Here en verdien om gestraf te word daarvoor. As dit dan nie waar is nie, wat was Judas se tragiese fout?

- Judas het hom nie van sy sonde bekeer en God se vergifnis gesoek nie.

Daar is baie mense wat weet wanneer hulle verkeerd opgetree het. Baie mense beleef ellendige skuldgevoelens oor verkeerde dinge wat hulle gedoen het. Party mense het sulke vreeslike dinge gedoen, dat hulle voel dat selfs God hulle hierdie dinge nie kan vergewe nie. Die Bybel leer ons dat DIT NIE WAAR IS NIE.

**"Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van ALLE ongeregtigheid."** (1 Johannes 1:9).

Dit beteken: as iemand

- ♥ na God toe kom,
- ♥ vir Hom vertel wat hy gedoen het,





- ♥ hom bekeer en
- ♥ God vra om hom die sonde te vergewe,
- ♥ IS GOD GETROU OM HOM ENIGIETS TE VERGEWE – ONGEAG HOE ERG DIE SONDE IS. JESUS SE OFFER AAN DIE KRUIS IS WAARDIG GENOEG OM HIERDIE SONDE WEG TE WAS.

Dit beteken dat ons as volgelinge van Christus nooit behoort te lewe asof ons verslaan is, deur sondes uit die verlede te onthou waarvoor ons reeds vergifnis ontvang het, nie. Ons hoef nie skuldig te voel oor dinge wat Christus reeds vergeet het nie. Petrus het hom bekeer van sy sonde en hy was bruikbaar vir God. Ons kan ons ook van ons sondes bekeer en op 'n kragtige manier deur God gebruik word.

Judas het waarlik boosheid in sy hart gehad. Dit is verskriklik om 'n Boesemvriend te verraai en te veroorsaak dat Hy 'n wrede dood moet ly, en dit terwyl Hy heeltemal onskuldig was aan enige verkeerdheid. Tog is dit waar dat God 'n plan gehad het met Judas. Selfs Judas kon God se vergifnis gesmaak het. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, was die offer groot genoeg dat selfs Judas vergewe kon word. As hy maar net na Christus toe wou kom! Maar in plaas daarvan het hy sy skuldgevoelens toegelaat om beheer oor te neem oor sy lewe. Dit het vir hom te veel geword en hy het sy lewe geneem.

4. Jesus het vir Sy dissipels gesê dat <u>ons verbond met God beseël word as gevolg van Sy bloed wat vergiet is vir die vergifnis van sondes</u>. Ons het niks gedoen om God se vergifnis te verdien nie. As ons Jesus eenmaal in ons harte ingenooi het, laat Hy nie weer toe dat ons Sy vergifnis verloor nie. Efesiërs 1:13[b]-14 sê: "[13b]In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14]Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe

het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys." Johannes 3:16 sê dat jy die "ewige lewe" het. As Christus eenmaal in jou kom woon het, verlaat Hy jou nooit weer nie. Van daardie oomblik af is jy gered. Die Bybel sê ons moet Christus se offer vir ons onthou en ophou sondig! Ons moet ons bes doen om elke dag van ons lewe in volkome gehoorsaamheid aan Hom te leef. Maar 1 Johannes 2:1 herinner ons dat ons, as ons wél sondig, moet onthou Wie dit is wat in ons leef: ons moet onthou dat Jesus in ons lewe is as Voorspraak by die Vader. Hy is die Versoening vir ons sondes.

**Bespreking**

1. Wat dink jy van Petrus en van Judas?
2. Wat beteken die woord "vergifnis" vir jou?
3. Het jy al ooit so skuldig gevoel dat jy met Judas kan identifiseer?
4. Moenie hardop antwoord nie. Sê *net* vir jouself: Is dit dalk moontlik dat jy só 'n verskriklike daad gepleeg het, dat dit vir jou moeilik is om Christus se vergifnis te aanvaar in jou lewe?
5. Wat sê Jesus vir jou in hierdie situasie? **Laat enigeen 1 Johannes 1:9 hardop voolees of sê.**

Almal moet nou die hoof buig en met die Here praat oor alles wat in sy hart is. As daar sonde is, bely dit. Vra die Here om die skuld weg te neem. Vra Hom om jou deur Sy genade, ten alle koste weg te hou van die sonde. Bely openlik dat Jesus se offer aan die kruis genoeg is om jou sonde te vergewe. Eien vir jou hierdie waarheid toe.

**Satan mag jou later aanval met beskuldigende gedagtes. Sulke gedagtes kom NIE van God af nie! Dit is valse skuldgevoelens. As jy hierdie gevoelens oor iets wat die Here reeds vergewe het**





**begin kry, hou dadelik op met wat jy doen en bid:**

> **"Dankie, Here Jesus, dat U my sonde (*noem die spesifieke sonde*) vergewe het. Dankie dat U offer waardig genoeg is om selfs vir my te vergewe. Ek vertrou in U bloed en ek wil U vra om hierdie skuldgevoelens uit my gedagtes weg te neem."**

**God is getrou en Hy sal dit doen. As jy elke keer tot God bid as Satan jou aanval, sal hy baie gou ophou met sy aanval, en jy sal vir ewig bevry wees van hierdie skuldgevoelens. In Christus het ons volkome oorwinning oor elke area van ons lewe!**

## BEGIN ’N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

### “Christus se Kruisiging” – Les 7
### Matteus 26-27

**“Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.” 1 Korintiërs 1:18**

**Hersiening**

1. Die profeet Jesaja het gesê Jesus sou Immanuel genoem word. Dit is: “God _______ ________.”
2. Jesus het gesê niemand weet wanneer Sy wederkoms is nie, net die ___________.
3. Johannes die Doper het in die woestyn baie mense gedoop wat hulle bekeer het van hulle _____________.
4. Jesus het die duiwel drie maal uit die ________ van _____ geantwoord.
5. As ons nader aan God wil kom en so versoeking weerstaan, moet ons ______ ___________ met Hom deurbring.
6. Jesus het ons geroep tot “_____________ van _____________.”
7. Jesus het vir Sy dissipels gesê om nie te __________ nie, want Hy was by hulle.
8. Jesus het op aarde Sy tyd gebruik deur in sinagoges te _______, te ___________ oor die koninkryk van God en deur siekes te ________________.
9. Jesus het Sy volgelinge gestuur na alle mense, maar hulle





gewaarsku om so ______________ soos slange en so opreg soos _____________ te wees.

10. Jesus het gesê dat Hy selfs die _____________ op jou kop getel het.
11. Op die Olyfberg het Jesus voorspel dat ____________ Hom drie maal sou verloën voor die haan kraai.
12. ___________ het berou gehad omdat hy Jesus verloën het en is later op ’n kragtige wyse deur God gebruik.
13. __________ het skuldig gevoel omdat hy ’n onskuldige man verraai het en het selfmoord gepleeg.
15. Die Bybel leer: “as ons ons sondes _________ – Hy is getrou en regverdig, Hy _____________ ons ons sondes en reinig ons van ___________ ongeregtigheid.”

Terwyl Petrus in die binnehof van Kajafas se huis was, was Jesus binne waar Hy van allerhande valshede beskuldig is. Nie een van die beskuldigings was van so ’n aard dat die Joodse Raad iets teen Hom kon vind nie. Jesus het Homself nie eens probeer verdedig nie. Toe Kajafas sien dat hulle niks uitrig nie, vra hy: “Is jy die Christus, die Seun van God?”

Jesus het uiteindelik gepraat: “Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel.”

Dit was genoeg vir Kajafas! Hy het sy klere geskeur en Jesus ’n godslasteraar genoem. Hulle het in Jesus se gesig gespoeg, Hom met die vuis geslaan en gespot.

Toe die oggend aanbreek, het die priesterhoofde en die familiehoofde Jesus geboei en na Pontius Pilatus, die Roemeinse

goewerneur van Judea geneem. Pilatus het vir Jesus gevra: "Is jy die koning van die Jode?" Hy het geantwoord: "Dit is soos u sê." Die priesterhoofde en familiehoofde het toe al hulle beskuldigings geopper. Weer het Jesus niks geantwoord nie. Pilatus was verwonderd oor Jesus se stilswye. Hy het geen skuld in Jesus gevind nie en probeer om Hom op 'n vreedsame manier te laat gaan.

Dit was Paasfees, die belangrikste Joodse vakansiedag van die jaar. Pilatus het die gewoonte gehad om op hierdie dag vir die volk 'n gevangene van hul keuse vry te laat. Hierdie keer het hy twee mense voor die volk gebring: Barabbas, 'n gehate misdadiger, en Jesus. Hy het toe vir die mense gevra watter een hy vir hulle moes vrylaat. Die priesterhoofde het die mense aangehits om te vra vir Barabbas se vrylating. Op sy vraag wat hy met Jesus moes doen, het die skare vir Pilatus geskree: "Kruisig hom!" Hierop het Pilatus gevra: "Watter kwaad het hy dan gedoen?" Hulle het egter nog harder geskree: "Kruisig hom!"

Toe Pilatus sien dat daar geen beheer meer was oor die mense nie, het hy sy hande voor hulle gewas met die woorde: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid." Die volk het geantwoord: "Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy bloed, ons en ons kinders!" Pilatus het Barabbas vrygelaat en Jesus laat gésel en Hom oorgelewer om gekruisig te word. Hulle het Hom na die goewerneur se ampswoning geneem waar Hy verder gemartel is.

Die hele leërafdeling het by die ampswoning rondom Jesus bymekaar gekom. Hulle het Sy klere uitgetrek en vir Hom 'n pers mantel omgegooi. Hulle het 'n kroon, gevleg van dorings, op Sy kop gedruk en vir Hom 'n stok in die hand gegee. Die soldate het Hom bespot deur voor Hom te buig. Toe het hulle op Hom gespoeg, die stok uit Sy hand gevat en Hom daarmee oor die kop geslaan.





Hierna het hulle weer Sy klere aangetrek en Hom weggelei na Golgota om gekruisig te word. Golgota beteken *Kopbeenplek*. Dit is die plek waar mense gekruisig is. Op pad het die soldate 'n man van Sirene met die naam Simon, gekommandeer om Jesus se kruis vir Hom te dra.

Terwyl Jesus daar aan die kruis hang, het die soldate Sy klere onder mekaar verdeel deur te loot. Hulle het Hom dopgehou. Die priesterhoofde en ander leiers het ook kom kyk hoe Hy gekruisig word. Hulle het vir Hom gelag en vol sarkasme gevra waarom Hy Homself dan nie red nie. Baie ander mense het net kopskuddend lelike aanmerkings gemaak. Selfs die twee misdadigers wat aan weerskante van Hom gehang het, het Hom beledig.

Van twaalfuur tot drie-uur het daar duisternis oor die hele aarde gekom. Jesus het tot God geroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Een van die omstanders het gehardloop en 'n spons vol suur wyn gemaak en dit met 'n stok vir Jesus probeer gee. Die ander mense het gesê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red." Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

Baie vreemde dinge het op daardie oomblik dwarsoor Jerusalem gebeur, wat getuig het van Wie Hy was. Die voorhangsel van die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, rotse het uitmekaar gebars. Grafte het oopgegaan en volgelinge van Jesus wat reeds dood was, het opgestaan uit die dood en in Jerusalem rondgegaan waar baie mense hulle gesien het.

Laat die middag het Josef van Arimatea, 'n baie ryk man, na Pilatus toe gegaan en toestemming gevra om die liggaam te gaan begrawe. Pilatus het ingestem en Jesus is neergelê in 'n nuwe graf wat in die rots uitgekap is. Josef het Jesus se liggaam in skoon linne toegedraai, dit in die graf gelê, 'n groot klip voor die graf gerol en weggegaan saam met Maria Magdalena en die ander Maria.

**Mondelinge Vrae**

1. Hoe het die Joodse Raad Jesus uiteindelik skuldig bevind nadat hulle Hom ondervra het in die huis van Kajafas?
2. Hoe het Jesus gereageer op al hulle beskuldigings teen Hom?
3. Hoe het Pilatus gevoel oor Jesus se stilswye voor al Sy beskuldigers?
4. Wie was Barabbas?
5. Hoe het die Romeinse soldate Jesus behandel?
6. Wat het die priesters en ander toeskouers met Jesus gedoen terwyl Hy aan die kruis gehang het?
7. Wat het dwarsoor die wêreld gebeur tussen twaalfuur en drie-uur?
8. Wat het Jesus uitgeroep voor Hy gesterf het?
9. Watter vreemde dinge het met Jesus se dood gebeur?
10. Wat het Josef van Arimatea met Jesus se liggaam gedoen?





## <u>Geestelike Waarhede – Les 7</u>
## Matteus 26-27

1. <u>God se weë is nie die mens se weë nie</u>. Kom ons lees 1 Korintiërs 1:18-21,27. *Lees die Skrifgedeelte twee of drie maal deur sodat almal kans het om na te dink oor wat die Bybel sê.*

**“ 18Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. 19Daar staan tog geskrywe:**

> **“Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak.”**

**20Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? 21Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo. 27En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam,”**

- Wanneer ’n aardse koning gebore word, is dit in ’n paleis. Maar God het Jesus, die Koning van die konings, gestuur om in ’n nederige stal gebore te word.
- Wanneer iemand ’n belangrike boodskap wil bring, of die koms van ’n belangrike persoon wil aankondig, stuur hy ’n ryk boodskapper met pragtige klere in ’n spesiale voertuig. God het Johannes die Doper, geklee in kameelhaar, gestuur om in die woestyn Jesus se koms aan te kondig. Mense moes uit hul pad gaan na die woestyn om die boodskap te hoor.

- Wanneer 'n aardse koning 'n vyand het wat maklik deur hom verslaan kan word, vernietig hy hom dadelik. Jesus is doelbewus deur die Gees na die woestyn gelei om deur Satan versoek te word, aangesien Hy Satan toe nog nie vernietig het nie.
- Wanneer 'n aardse koning sy naaste vriende kies, soek hy dié met die beste geleerdheid denkbaar, uit die mees vooraanstaande families met die grootste bankbalanse. Jesus het Sy keuse gemaak uit gewone mense; vissermanne en tollenaars.
- 'n Aardse koning dwing gesag af; straf ongehoorsames. Jesus het ons geleer om lief te hê. Hy laat die keuse aan die mense oor of hulle Hom wil volg of verwerp.
- 'n Menslike koning laat ander vir hom werk, belasting aan hom betaal, en sommige laat selfs diegene doodmaak wat sy regering verraai. Jesus het doelbewus aan die kruis gesterf omdat Hy die prys wou betaal vir ons sondes. Hy wil hê ons moet vry wees om vir ewig met Hom te lewe.
- Wanneer 'n aardse koning sterf, word hy begrawe en sy seun volg hom op as koning. Jesus het gesterf, maar Hy het weer opgestaan en Hy regeer tot in ewigheid.

Jesus is nie 'n mens nie. Hy is God. Hy moet aanbid en gehoorsaam word. Hy het ons lief en begeer die beste vir ons. Sy lewe hier op aarde is totaal onverstaanbaar. God se weë is soveel groter as wat ons klein verstand kan begryp. Vir mense is dit onlogies.

*Die Bybel leer ons dat een van die dinge wat die Here graag hoor, die lofsange van Sy volk is. Lofsange is wanneer jy vir Jesus sê hoe lief jy Hom het en dat jy al die wonderlike dinge wat Hy is, waardeer.





God hou daarvan om te hoor dat ons Hom uit ons harte liefhet, soos: "Ek het U lief omdat U my liefgehad het;" of "Ek loof U, Here, want U is die groot, wonderlike God." Hierdie woorde vertel vir die Here Wie Hy vir my as persoon is.

Wanneer ons nadink oor Christus se dood, kan ons slegs in verwondering staan om te dink wat die Skepper Here van die ganse heelal vir ons gedoen het. Sy liefde vir ons is groter as wat ons ooit kan begryp. Sy weë is soveel oneindig groter en beter as wat ons selfs kan verstaan. Dit is nou 'n gepaste tyd om te stop om God eers te loof.

Die doel van Jesus se kruisiging was om 'n offer te wees vir ons sondes. Hy is gestraf, geoordeel en skuldig bevind vir jou en my sondes wat jy (en ek) gedoen het en nog gaan doen. Ons behoort Hom elke dag te dank en te loof omdat Hy ons Here en Redder is.

Ons gaan nou iets nuuts doen, nl. 'n "*sin*-gebed". Elkeen bid net een sin op 'n keer, soos hy gelei word, as hy graag iets vir die Here wil sê. Kom ons buig nou almal ons hoofde en dan dink ons aan die Here Jesus: wat Hy gedoen het tydens Sy bediening op aarde, wat Hy aan die kruis gedoen het, aan Sy wederkoms en aan wat Hy op hierdie oomblik in ons lewens doen. Kom ons maak dan beurte om vir Hom te sê hoe ons voel. Byvoorbeeld: "Vader, ek het U lief, want U het my gered." 'n Volgende persoon kan dan bv. Sê: Here, U is my liefdevolle Vader." Elkeen kan (en moet) soveel keer sa wat hy deur die Heilige Gees gelei word, bid. Dit is 'n tyd waar ons openlik kan deel wat in ons harte is. Hou hiermee aan solank as wat nodig is. Gaan dan voort om gebedsversoeke te vra en bid vir mekaar.

**Leier, herinner groepslede om te begin om elke dag 'n tyd van lofprysing in te ruim in hul stiltetyd (alleen met God). Maak seker dat u elke week vir u groepslede vra hoe dit gaan met hulle stiltetyd. Bemoedig die lede wat sukkel en laat hulle toe om die dinge wat die Here hulle gewys het, of vir hulle gedoen het, met die groep te deel.*





# BEGIN 'N NUWE LEWE IN CHRISTUS

Deur
Christy A. Brawner

## "Jesus se Opstanding" – Les 8
## Matteus 28

**"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"**
**Jeremia 29:11**

### Hersiening

1. Die profeet Jesaja het gesê Jesus sou Immanuel genoem word. Dit is: "God _______ ________."
2. Jesus het gesê niemand weet wanneer Sy wederkoms is nie, net die ____________.
3. Johannes die Doper het in die woestyn baie mense gedoop wat hulle bekeer het van hulle ______________.
4. Jesus het die duiwel drie maal geantwoord deur die ________ van _____ aan te haal.
5. As ons nader aan God wil kom en so versoeking wil weerstaan, moet ons ______ ___________ met Hom deurbring.
6. Jesus het Sy volgelinge geroep tot "vissers van ____________."
7. In die skuit het Jesus vir Sy dissipels gesê om nie te __________ nie.
8. Toe Jesus die mense se _________ sien, het Hy hulle innig jammer gekry.
9. Jesus het Sy volgelinge beveel om in Sy Naam uit te gaan, en om so versigtig soos _______________ en so opreg soos ______________ te wees.

10. Petrus het Jesus in Kajafas se binnehof verloën deur drie keer te ____________ dat hy Hom ken.
11. Judas het Jesus verraai deur teen die bedrag van ___________ silwerstukke te sorg dat Hy in die priesterhoofde se hande val.
12. Jesus _________ AL ons sondes as ons hulle bely.
13. Hoe het die Romeinse soldate Jesus behandel?
14. Die priesterhoofde het by die kruis kom staan om Jesus te __________ terwyl Hy sterf.
15. Baie vreemde verskynsels het plaasgevind toe Jesus sterf, insluitend die ___________________ van ontslapenes wat deur baie mense in Jerusalem gesien is.
16. Josef van Arimatea het Jesus se liggaam van die kruis gaan afhaal om dit in 'n ___________ te lê.

Die dag na Jesus se kruisiging het die priesterhoofde en die Fariseërs saam na Pilatus gegaan. Hulle het vir hom gesê dat Jesus geprofeteer het dat Hy op die derde dag opgewek sou word uit die dood. Hulle het gevra dat spesiale voorsorgmaatreëls getref moes word om te verseker dat niemand die liggaam steel nie. Pilatus het hul versoek toegestaan. Die klip wat voor die ingang van graf gerol is, is verseël en hulle het 'n gewapende wag daar agtergelaat om die graf te bewaak.

Vroeg die oggend van die dag na die sabbat, die eerste dag van die week, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gegaan. Toe hulle daar kom, was daar skielik 'n geweldige aardbewing en die klip wat die ingang van die graf versper het, is weggerol. 'n Engel van die Here wat uit die hemel gekom het, het dit weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. Die wagte het gebewe van skok en soos dooies geword.

Die engel het vir die vroue gesê om nie bang te wees nie. "Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is





Die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê."

Die vroue was baie bly en het gehardloop om vir die dissipels te vertel. Op pad het Jesus skielik voor hulle gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, Sy voete gegryp en Hom aanbid. Jesus het bevestig dat hulle vir die dissipels moes gaan sê om Hom in Galilea te gaan ontmoet. Intussen het van die wagte teruggegaan stad toe om vir die priesterhoofde te gaan vertel wat gebeur het. Die priester=hoofde en familiehoofde het toe vergader om 'n plan te maak en saam besluit om die wagte 'n groot som geld aan te bied om rond te vertel dat hulle aan die slaap geraak het en dat mense Jesus se liggaam kom steel het. Hulle het belowe om die wagte te beskerm as die storie Pilatus se ore bereik en hulle in die moeilikheid kom. Die soldate het toe die geld geneem. Baie gerugte het vir jare in Jerusalem die ronde gedoen.

Die dissipels is na Galilea na 'n berg waarheen Jesus hulle ontbied het. Hy het na hulle toe gekom en hulle het Hom aanbid. Tog het sommige getwyfel. Jesus het Sy finale opdrag aan Sy dissipels gegee voordat Hy opgevaar het na die hemel: **"[18b]Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."** (Matteus 28:18b-20)

### Mondelinge Vrae

1. Hoekom wou die Fariseërs wagte by Jesus se graf plaas?
2. Watter twee vroue het na die graf toe gegaan?
3. Wat het die vroue gesien toe hulle by die graf kom?
4. Watter boodskap het die engel vir hulle gebring?

5. Wat het met die wagte gebeur?
6. Waarheen het die wagte gegaan nadat die engel weg is?
7. Watter ooreenkoms het die priesterhoofde met die soldate wat die graf bewaak het, aangegaan?
8. Wie het die vroue gesien op pad terug Jerusalem toe?
9. Waar moes Jesus se dissipels Hom ontmoet?
10. Wat was Jesus se opdrag aan Sy dissipels?
11. Met wie sál Jesus wees tot die voleinding van die wêreld?





## Geestelike Waarhede – Les 8
## Matteus 28

1. Jesus se boodskap moet aan alle mense gebring word. Dalk het die Here met jou gepraat en vir jou die krag en begeerte gegee om Sy boodskap met ander te deel. Daar is baie maniere om ander van die liefde van Christus te vertel. ’n Goeie manier is om vir ’n mens of ’n groep Sy lewensverhaal te vertel. Jy kan dit in agt weke doen deur hierdie materiaal te gebruik. Van les 4 af het ons as groep vir spesifieke mense wat die Here op ons harte gelê het, gebid. Hopelik het jy ’n kans gehad om vir hulle te vertel van die veranderinge wat in jou lewe plaasgevind het. As jy nog nie het nie, maak hierdie week ’n punt daarvan om met hulle te gesels.
   - Moet NIE na hierdie persoon gaan en vir hom vertel dat die Here hom in ’n onblusbare vuur sal werp as hy hom nie bekeer nie.
   - Nooi hulle WEL om ’n kort Bybelstudie saam met jou in **hulle** huis te hou. Sê vir hulle jy het oor die Bybel geleer en wonder nou of hulle nie sou belangstel om vir 8 weke saam met jou ’n studie te doen oor die lewe van Christus nie.
   - Neem iemand saam wanneer jy na hulle huis toe gaan – miskien iemand van jou Bybelstudiegroep of kerk. Dalk wil jou Bybelstudieleier saam met jou gaan.
   - Wanneer jy gaan, moet jy tyd neem om met die persoon(e) te praat oor sy lewe. Ontmoet die gesin en luister na hulle behoeftes. Bid vir hulle, hulle werk en gesin, en vra die Here om vrede te bring in hul huis.
   - Begin met die verhaal van Jesus se geboorte en laat hulle toe om vrae te vra. Dit maak nie saak as jy nie die antwoord op ’n vraag ken nie, maar jy moet sê jy sal gaan uitvind en die volgende week vir hulle kom sê.

- Moet NIE langer as 'n uur by hulle bly nie. Onthou dit is 'n kort Bybelstudie.
- Bid die volgende week, en die weke daarna, elke dag vir hierdie persoon en sy gesin. Vra jou groepslede om saam met jou vir hulle te bid.

**<u>ONTHOU</u>**: Net soos ons nie die mag het om mense te genees of duiwels uit te dryf nie, kan óns ook nie mense oortuig dat hulle Christus nodig het nie. Dit is die Heilige Gees wat in ons woon, wat die mag het: Hy kan mense genees, duiwels uitdryf, die bande van sonde in menselewens breek en hulle tot bekering in Christus bring. Ons verantwoordelikheid is om die boodskap te bring, en te bid.

Dalk is jy in 'n situasie waar jy nie 'n 8-weke Bybelstudie met iemand kan doen nie, maar tog vir hulle van Jesus wil vertel.

Wat om te doen:

- Vertel die verhaal van Christus so goed as wat jy kan onthou. Vertel van Sy geboorte, Sy doop, lewe, wonderwerke, Sy liefde, Sy boodskap van bekering, hoe Hy verraai is, Sy dood en Sy opstanding.
- Vertel vir hulle dat ons, soos die mense in Jesus se tyd, verkeerd gedoen het in die oë van die Here, selfs al is ons baie goeie mense. Dit beteken dat ons almal gesondig het. Noem vir hulle 'n paar voorbeelde waarin ons sondig: lieg, steel haat, begeer, egbreek.
- Sê vir hulle dat God, net soos wat Hy die mense in die Bybel vergewe het, ook vir jou vergewe het toe jy jou van jou sondes bekeer het.
- Vertel 'n bietjie van jou lewe vóór Christus, hoe jy gekies het om Hom te volg en hoe Hy jou nou gebruik (jou getuienis).





- Lees (of kwoteer) een van die belangrikste tekste in die Bybel: Johannes 3:16 – "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (ou vertaling)
- Vra of die persoon hom ook van sy sondes wil bekeer, (in) Christus wil glo en die vergifnis aanvaar wat Hy kan gee.
- Verduidelik dat geloof is om jou lewe aan Christus oor te gee. Dit is om Hom te vertrou en jou lewe vir Hom te gee.
- As hy sê "Ja", help hom om 'n eenvoudige gebed te bid en sy lewe vir die Here te gee.
- As hy "nee" sê, vra sy toestemming om vir hom te bid en vra die Here dan om hom te help om Sy waarheid te verstaan vir sy lewe.

*Neem 'n breuk en laat die groep oefen hoe om vir iemand te vertel van Christus. Verdeel die groep in pare en laat hulle een-een die hele aanbieding doen.

Nadat hulle geoefen het, mag een dalk dink: "Ek sal nooit vir iemand van Jesus kan vertel nie!" Laat die groep dan nadink oor die finale waarheid van hierdie studie:

2. "<u>En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.</u>" Die Bybel leer dat die Heilige Gees van God in ons lewens inkom op die oomblik wat ons Christus aanneem. Dalk weet jy dit nog nie, maar Hy is alreeds besig om in jou lewe te werk (Johannes 14:7).
   - Dit is Hy wat ons elke dag in ons stiltetyd met God leer (Johannes 14:26).
   - Hy is die Een wat ons laat skuldig voel wanneer ons ongehoorsaam is aan God. Dit is Hy wat ons laat verstaan dat

ons sondaars is wat Christus se vergifnis in ons lewens nodig het (Johannes 16:8-11).

- Dit is Hy wat ons wysheid en leiding gee in God se volmaakte wil (Johannes 16:13).
- Hy troos ons wanneer ons hartseer is (Handelinge 9:31).
- Hy bekragtig ons met spesiale gawes sodat ons dinge kan doen wat ons nooit kon droom om te doen nie. Hy gee ons die woorde om vir ander van Christus te vertel (1 Korintiërs 12).

Ons mag dink dat gehoorsaamheid aan God onmoontlik is. Dit is waar. Ons kan niks doen om Christus te volg nie, maar God kan, deur Sy Heilige Gees wat in ons woon.

Dit is die geheim tot getuienis van Christus teenoor ander; die geheim tot 'n lewe sonder vrees; die geheim tot regte keuses elke dag. Toe ons die Skepper van die heelal in ons lewens ingenooi het, het Hy vir ons Sy ewige lewe as geskenk gegee. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is ons Bron van krag en sterkte. Dit is opwindend want die Bybel leer ons dat God ontsagwekkende planne, ongelooflike idees en 'n wonderlike doel vir elkeen van ons het. Kom ons sluit hierdie studie af met 'n baie spesiale belofte in Jeremia 29:11-13:

**"11 Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!**
**12 Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.**
**13 Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra."**

**MAG DIE HERE U SEËN AS U VOORTGAAN OM HOM TE SOEK EN TE KEN!**



# DISSIPELSKAPSOPLEIDING VIR PLAASLIKE LEIERS

**Waylon Moore – Thomas Wade Akins**

**Pionier Evangelisasie Reeks**

## **DIE WIEL VAN DIE CHRISTELIKE LEWE**
Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 1
Waylon Moore

***'n Geesvervulde lewe stel Christus sentraal.***

Die liggaam het sekere dinge nodig om te leef en te groei: voedsel, lug, rus, oefening. Sonder die gebalanseerde teenwoordig=heid van hierdie vier dinge, sal die liggaam siek word, selfs sterf. Dit is ook op geestelike gebied waar. Daar is sekere noodsaaklike dinge, in spesifieke volgorde van prioriteit, wat sal verseker dat ons in 'n regte verhouding sal wees met Christus wat ons lewe is. God wil hê Sy kinders moet geestelike ontwikkel en volwasse word. Kolossense 1:28; Efesiërs 4:13-15.

Ons gebruik die illustrasie "Die Wiel van die Christelike Lewe" om te wys dat 'n Christen in hierdie wêreld in die regte verhouding met die Here en ander moet lewe. Die wiel verteenwoordig die Christen en sy lewe (TREK 'N SIRKEL VIR DIE KLAS OP 'N BORD). Hy behoort kontak te hê met die wêreld (TREK 'N LYN ONDER DIE SIRKEL – SIEN DIE VOORBEELD). Wees *in* die wêreld, maar nie *van* die wêreld nie (Johannes 17: 11,14).








Elke wiel het 'n sentrale as (spil) wat noodsaaklik is vir sy werking. Elke mens se lewe het 'n middelpunt. Soms is dit werk, soms die gesin en soms ontspanning, ens. (SKRYF NOU **CHRISTUS** IN DIE MIDDEL VAN DIE WIEL OP DIE BORD). Die as is die hart van die wiel. Rondom die as word die wiel gebou en in posisie gebring. Die wiel word op die as gebalanseer en kry ook sy rigting en beweging van die as. Die doel van die wiel is *voortdurende* beweging in die rigting wat die as bepaal. In die Christen se lewe is daar slegs stabiliteit en vooruitgang as Christus die middelpunt is. As Jesus nie die middelpunt van 'n gelowige se lewe is nie, word sy Christelike wandel onderbreek en is sy getuienis waardeloos. Die Christen wyk dan af van die doel waartoe God hom gemaak en gered het!

Die Here doen twee wonderlike dinge vir die mens wat in Sy Seun vertrou. Deur hierdie dinge gee Hy 'n lewenskwaliteit wat totaal anders is as die wêreld s'n. Daar is nog ander dinge behalwe die twee wat ek noem, maar hierdie twee vorm die basis vir die Christen se nuwe verhouding en vir Sy groei in genade.

Eerstens het ons *lewe* in Christus! (Gee die volgende verwysings: 2 Korintiërs 5:17; Kolossense 2:6,9,10). Óns lewe is in Jesus. Die Heilige Gees stel ons instaat om in Christus te wees. In tye van swaarkry, krisis en spanning moet ons altyd hierdie wonderlike waarheid onthou.

Tweedens: Christus is in ons. Hy is ons lewe, ons spil (as), Hy is in ons. Ons is deur Hom in besit geneem! Daar is baie Skrifgedeeltes wat van hierdie ongelooflike waarheid praat: Johannes 15:5; Filippense 1:6; Galasiërs 2:20; 2 Korintiërs 13:5, ens. Die Here Jesus Self is die Bron van die Christelike lewe. Christus "in ons", letterlik en figuurlik. "Julle moet in My bly en Ek in julle."; "Ek in hulle en U in My," (Johannes 15:4[a] en 17:23[a]).

Ons sien byvoorbeeld wat Paulus in Filippense 1:21 gesê het. Hy het nie gesê: 'Vir my om te lewe met Christus as my helper', of 'Vir

my is die lewe om soos Christus te wees' nie. Hy het net gesê: "want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins."

C.G. Trumbell sê in sy boek *The Life that Wins*: "Die Here wil nie hê ons moet vir Hom werk nie, maar Hy wil liewer déúr ons werk, deur ons te gebruik soos ons 'n pen gebruik om te skryf; of nog beter, deur ons te gebruik soos ons een van ons vingers gebruik. Wanneer ons lewe nie net *uit* Christus is nie, maar CHRISTUS is, sal dit 'n lewe van diensbaarheid en diens wees."

Die wiel word aan die as verbind deur middel van speke.

Speke dra die impuls oor na die wiel in die rigting wat van die as af kom. Wat is die speke wat ons instaat stel om in Christus te wees? Daar is ten minste vier premêre speke in ons verhouding (TEKEN NOU VIER SPEKE IN DIE WIEL EN VRA DIE STUDENTE OM VIER DINGE TE NOEM WAT 'N BABA NODIG HET OM TE KAN GROEI). 'n Baba moet eet, praat, loop en kommunikeer om te kan ontwikkel. Hierdie vier aksies word ook op geestelike terrein aangetref: lees die Bybel, bid, gehoorsaam (doen) en getuig.

**EET** – Matteus 4:4; 1 Petrus 2:2; Handelinge 2:42; Jeremia 15:16; 2 Timoteus 3:16-17; Kolossense 3:16.

Elke Christen moet leer om gereeld die Woord van God 'te eet'. Dit is geestelike voedsel. 'n Baba weet nie hoe om self te eet nie, hy het iemand nodig om hom te voer. Soos wat hy ontwikkel, leer hy om self te eet, maar hy kan nog nie self die kos voorberei nie. Die kind word meer volwasse, en geleidelik leer hy om self sy voedsel voor te berei. Wanneer hy ver gevorder het in sy groei, sal hy iemand anders kan voed. In die geestelike lewe gaan dit net so. Daar kan hier egter iets eienaardigs gebeur: soms kan Christene vinnig spring van die fase waar hulle ontvang tot by die fase waar hulle gee.

(Beklemtoon die feit dat ons elke dag eet, en dat dit nét so ook nodig is dat ons die Woord elke dag bestudeer.)





Vir 'n kind van die Here is dit nie genoeg om een maal per week, op 'n Sondag, 'n geestelike dinee by te woon nie. Hy het daagliks voedsel nodig om aan sy behoeftes te voldoen.

Die Bybel is 'n ware "geestelike supermark". Die blikkies, pakke- en bevrore kosse is hier maar net in die vorm van Bybelverse: 31 000 van hulle. Daar is genoeg voedsel vir elke behoefte: vitamines, proteïne, minerale. Die Christen moet sy vermoë ontwikkel om behoorlike voedsel te kies, voor te berei en te eet. Dit is ook belangrik dat hy dit ook nét so aantreklik vir ander kan voorberei en aanbied.

**PRAAT** – Johannes 16:24; Matteus 21:22; Hebreërs 4:15-16; 1Johannes 5:14-15; Psalm 66:18

Om in gebed met die Here te praat, en om Sy Woord te eet, is twee speke wat mekaar aanvul en voltooi. Dit is die speek van die passiewe krag van die wiel; hulle bevat die energie. 'n Kind kan nie by geboorte reeds praat nie. Hy leer by ander mense om te praat. Kinders in die geloof leer hoe om te bid deur te luister hoe ander bid en deur die gees van hierdie gebede geleidelik te absorbeer. God begeer kommunikasie met ons. Hy wil hê dat dié wat Hom aanbid, dit deur die Gees en in waarheid moet doen (Johannes 4:23). Daar is vyf basiese gebedstipes: lofprysing, danksegging, intersessie, petisie en belydenis.

(Beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan om elke dag stiltetyd met God te hou.)

**LOOP (WANDEL)** – Johannes 14:21; 15:10; Hebreërs 5:8-9; Genesis 22:18; 2 Korintiërs 5:7 en Amos 3:3

Ons het treetjie-vir-treetjie leer loop. Om geestelik te loop, is om God te gehoorsaam. 'n Lewe van gehoorsaamheid aan die Here omvat 'n reeks stappe. Paulus het die woord *LOOP (wandel)* gebruik om die Christen se normale lewe te beskryf. (Efesiërs 2:10, 4:1,17; 5:2,8,15).

Die loop-aksie (ou vertaling – wandel) is 'n normale ding wanneer 'n kind ontwikkel. Dit is egter abnormaal, selfs tragies, as 'n kind nie kan loop nie. Ongehoorsaamheid verlam die Christelike wandel (lewe). Voortdurende onderdanigheid aan die Heilige Gees, stel die Christen instaat om waardig voor God te wandel. "Ons bid dat julle tot eer van die Here sal lewe (ou vertaling – wandel) deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God." (Kolossense 1:10).

**KOMMUNIKEER** – 1 Johannes 1:3; 1 Petrus 3:15; Handelinge 1:8; Matteus 28:19-20; Handelinge 22:15

Selfsugtigheid en egoïsme kan 'n lewe reüneer. 'n Klein kindjie is egoïsties. Vir hom is hysélf die middelpunt van sy hele bestaan! Soos wat sy waarneming ontwikkel, begin hy verstaan dat hy verhoudings het met ander asook 'n verantwoordelikheid.

Met die Christen is dit net so. Soos sy geestelik groei vorder, sal hy die behoefte voel om te gee, te kommunikeer en te deel. Hy doen dit deur te getuig. Deur 'n mens se getuienis kan hy só lewe dat hy sy waardevolste besitting met ander kan deel: die lewe in Christus. Ons getuig òf positief òf negatief deur ons woorde en die manier waarop ons lewe. Ons getuienis is die oorloop van Christus se liefde in ons. Ons gehoorsaamheid en getuienis is die speke wat ons aktiewe krag is; hulle is die energieverspreiders.

(Hier moet die onderwyser die verskil verduidelik tussen die "evangelie" (1 Korintiërs 15:3-4), " 'n getuienis" (Handelinge 26:3-30) en "om siele te wen" (Prediker 11:30 (ou vertaling); Jakobus 5:19-20).

Wanneer die Gees 'n Christen gebruik om met iemand te werk totdat hy Jesus Christus aanneem, noem ons dit "siele wen".

Die vier speke van 'n wiel is interafhanklik van mekaar, en hulle is almal van die Woord van God afhanklik om krag te kry. Sonder die (reserwe)krag van die Woord en gebed sal daar geen energie





vloei vir gehoorsaamheid en getuienis nie. Elke speek is onmisbaar. As een breek of wegval, hinder dit die werking van die wiel geweldig. (Die onderwyser behoort een speek na die ander uit te haal om die vier se interafhanklikheid te demonstreer en hy moet beklemtoon dat almal nutteloos word as hulle nie in die regte posisie is nie, i.e. stewig op die as, elk op sy plek.)

**Die Heilige Gees**. Baie vra: "Is die Heilige Gees nie uitgelaat toe die speke genoem is nie?" Nee, want die Heilige Gees is in álmal van hulle. Hy is in elke fase of aspek van die Christelike lewe en Hy is onmisbaar vir elkeen. Die verse hieronder wys die verhouding wat die Heilige Gees met die wiel het.

| | |
|---|---|
| In redding | - Johannes 3:5,8 |
| Om Christus die eerste plek te gee | - Johannes 16:13-14 |
| In gebed | - Romeine 8:26,27 |
| In gehoorsaamheid | - Galasiërs 5:25 |
| In getuienis | - Handelinge 1:8 |

Die Heilige Gees, agent vir redding, stel ons instaat om in Christus te wees. Van die oomblik van ons redding af het Hy in ons kom woon en van ons Sy aardse woning gemaak (1 Korintiërs 6:19,20). Ons word Sy eiendom. Ons word die "basis" waar Hy werk. Deur Hom word Jesus Christus aan die wêreld voorgestel. Buite Sy voortdurende beheer is daar geen oorwinningslewe nie. Ons word deur die Woord gevul: "laat die Gees julle vervul," (Efesiërs 5:18). Die Griekse woord "vervul" beteken "beheer". Hy is die Persoon wat ons beheer wanneer ons, deur geloof, ons aan Hom onderwerp. Die man wat deur die Heilge Gees gelei en beheer word, is altyd iemand wie se 'speke' ferm en in die regte posisie is. In so 'n lewe is Christus vanselfsprekend die middelpunt.

# GOD SE PLAN DEUR JOU LEWE – DEEL I

Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 2

Waylon Moore

**1. Hoekom het die Here jou gemaak? "Om Hom te verheerlik."**

- "As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen," (1 Petrus 4:11).
- "[31]Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. [32]Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie." (1 Korintiërs 10:31-32).

**2. Hoe kan ek God verheerlik?**

- "Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring. Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red." (Psalm 50:23)
- "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matteus 5:16)
- "My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is." (Johannes 15:8)
- "Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening." (1 Petrus 2:12)
- "Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word." (Johannes 14:13)





- "[19]Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: [20]julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik." (1 Korintiërs 6:19-20)
- "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep." (Openbaring 4:11)

**3. Hoe kan ons God behaag?**

- "[10]Ons bid dat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. [11]Mag God wat oor die mag en die heerlikheid beskik, julle versterk en aan julle al die krag gee om in alle omstandighede met geduld te volhard." (Kolossense 1:10,11)
- "[3]Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. [4]Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe;" (1 Tessalonisense 4:3-4)
- "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." (Hebreërs 11:6)
- "[1]Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie: [2]elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou. [3]Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie, inteendeel. Dit was met Hom soos daar geskrywe staan:

  'Die beledigings waarmee mense
  U beledig,
  het op My neergekom.' " (Romeine 15:1-3)

· "[31]Dan sal ek die Naam van God besing, Hom met 'n danklied prys. [32]So 'n offer is vir die Here verkiesliker as selfs 'n volmaakte offerdier." (Psalm 69:31,32)

## 4. Die voorbeeld van Jesus se reaksie op mense – Geloof in die alledaagse lewe

· "Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?' " (Markus 4:40). Jesus het nie by Sy dissipels geloof gesien nie.

· Jesus loop op die water. "[26]Toe sy dissipels Hom op die see sien loop, het hulle groot geskrik en gesê: "Dis 'n spook!" Van angs het hulle hard begin skreeu. [27]Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie." [28]Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom." [29]"Kom!" sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom. [30]Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: "Here, red my!" [31]Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?" (Matteus 14:22-32). Jesus het min geloof gesien in Petrus.

· Die Kanaänitiese vrou: "[24]Jesus antwoord: "Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur." [25]Maar die vrou kom kniel voor Hom en sê: "Here, help my!" [26]Hy sê vir haar: "Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie." [27]"Dit is waar, Here," sê sy, "maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval." [28]"Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." (Matteus 15:22-28).





· Dit is vir die Christen nodig om te groei in Christus om soos Hy te word. "[14]Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. [15]Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof," (Efesiërs 4:14,15).

Die doel van die Christen se lewe is nie sukses nie, maar Christusgelykvormigheid. Mense word deur God geroep om tussen Christene perfektheid te behaal. God se doel vir ons is VOLWASSENHEID. 2 Korintiërs 4:7 sê: "Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie."

# GOD SE PLAN DEUR JOU LEWE – DEEL II

Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 3
Waylon Moore

**Verstaan die Woord van God**

**A** **LUISTER** wanneer die Here praat: "Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder." (Markus 3:35)

**B** **LEES** sodat jy kan groei. "Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee." (1 Timoteus 4:13)

**C** **BESTUDEER** die Woord sodat jy kan verander. "Die mense daar was ontvankliker as dié in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê." (Handelinge 17:11)

**D** **MEMORISEER** die Woord sodat jy dit altyd by jou sal hê.

**E** **OORDINK** die Woord om dit toe te pas. "Ek het u woorde verslind toe hulle gekom het, hulle was vir my 'n vreugde; ek was bly daaroor dat u Naam oor my uitgeroep is, Here, almagtige God." (Jeremia 15:16). "maar (die) wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." (Psalm 1:2). Sommige vrae moet gestel word wanneer die Woord bestudeer word.


- Wat is die belangrikste les?
- Wat sê die teks oor God … Jesus?
- Gee hierdie hoofstuk vir my:
  - iets om te weet
  - iets om te verander
  - iets om te doen
  - iets om te begin?





**DIE HAND PLAN**

A. LUISTER
B. LEES
C. BESTUDEER
D. MEMORISEER
E. OORDINK




"[16]Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, [17]sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (2 Timoteus 3:16-17).

# HOE OM STILTETYD TE HOU – DEEL I

Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 4
Thomas Wade Akins

## INLEIDING

Dit is onmoontlik om 'n dissipel van Jesus Christus te wees en nie 'n bidder te wees nie. Jy moet vasbelote wees om jou stiltetyd met die Here eerste prioriteit in jou lewe te gee. As dit nog nie die geval is nie, sal jy nie die Here op 'n intieme manier kan ken nie, nie in Sy weë bly nie en nie vrug dra nie.

**Weet jy wie jy werklik is? Is jy die soort mens wat normaal optree wanneer jy alleen is? Wie is jy wanneer dit donker is? Dink! Dáárdie persoon is die ware jy! In jou stiltetyd is daar niemand wat vir jou kyk nie, behalwe God.**

Kom ons kyk na agt aspekte van gebed wat jy gedurende jou stiltetyd kan gebruik.

## AANBIDDING EN LOFPRYSING

Psalm 48:2 sê: "Die Here is groot! Aan Hom kom al die lof toe …" en Psalm 34:2-4: "[2]Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees. [3]Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees. [4]Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys."

Ons loof die Here gedurende ons eredienste op Sondae, maar aanbid jy Hom wanneer jy Maandag tot Saterdag alleen is met Hom? Psalm 22:4: "U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink!"

Wat is aanbidding? Dit is om God te loof vir Wie Hy is. Danksegging is om Hom te dank vir wat Hy vir ons gedoen het. Aanbidding is om die Here te loof vir Sy volkomenhede.





Die Bybel sê dat 'n mens sy verstand, sy wil en sy emosies moet inspan om die Here te aanbid. Dit is nie verkeerd om jou emosies uit te leef in die erediens waar jy die Here aanbid nie. As 'n mens sou sê dit is verkeerd, moet jy ook sê dit is verkeerd om jou verstand en jou wil in te span. Dit is absurd! 'n Mens het 'n liggaam, 'n siel (verstand, wil en emosies) en 'n gees (1 Tessanolisense 5:23).

Daar is egter 'n groot verskil tussen emosie en emosionaliteit. Laasgenoemde is wanneer 'n mens beheer verloor oor jou emosies. As dit gebeur, is die erediens nie meer Bybels nie. Die Bybel verbied ons nie om emosie te toon tydens 'n erediens nie, maar dit ís teen emosionaliteit.

Hoe kan jy God aanbid in jou stiltetyd? Hier volg 'n paar voorstelle:

**A Sing gesange uit 'n sangbundel (bv. Die Halleluja).**

As daar ander mense in die vertrek is, kan jy die woorde stilweg tot die Here lees. Die lied *"Heilig, heilig, heilig"* is 'n wonderlike aanbiddingslied. Lees die eerste vers en dink eers na oor die woorde en loof dan die Here met die woorde van hierdie vers voor jy verder lees. Lees nou vers 2, en die res van die lied op dieselfde wyse. In enige sangbundel behoort daar liedere in die kategorie *Aanbiddings- en Lofliedere* te wees.

**B Sing of lees geestelike liedere.**

Die Bybel sê: "[19]en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. [20]Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus." (Efesiërs 5:19-20). Maak seker dat die geestelike liedere Bybels korrek is! Met ander woorde: maak seker dat die geestelike liedere wat jy gebruik nie valse leerstellings is nie.

**C Lees Skrifgedeeltes en gebede in die Bybel tot die Here en maak elke vers persoonlik.**

Psalm 8:2 sê: "Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!" Sit nou jóú naam in die vers om dit persoonlik te maak, bv. "Here, my Here, hoe wonderbaar is u …" Lees elke vers soos wat dit in die Bybel is, en lees dit dan asof jy dit self sê sodat jy die Here deur middel van Sy Woord kan aanbid.

'n Paar gepaste hoofstukke: Ps. 8, 9, 19, 24, 65, 92, 104, 139, Jesus se gebede, die gebede van Paulus en in Openbaring onder andere hoofstukke 4 en 5. Soek ook die woorde "lofprys(ing)" of "prys" of "loof" op in 'n konkordansie.

Lofprysing is baie belangrik vir ons geestelike groei. Lees Openbaring 4 en 5 om te sien wat ons in die hemel gaan doen.

Oefening: Gebruik nou *Die Halleluja*, die *Baptist Hymnal*, of 'n Geestelike sangbundel om die Here in jou stiltetyd te aanbid.





# HOE OM STILTETYD TE HOU – DEEL II

Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 5

Thomas Wade Akins

## SONDEBELYDENIS

Ek glo nie daaraan om baie tyd aan belydenis te spandeer nie. Wanneer jy sondig, sal die Heilige Gees jou dadelik daarvan bewus maak. Wanneer Hy tot jou gewete spreek en vir jou sê dat jy gesondig het, behoort jy die sonde dadelik te bely. Die Bybel sê: "Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reining ons van alle ongeregtigheid." (1 Johannes 1:9).

Die Here sal jou dalk in jou stiltetyd herinner aan sondes wat jy kort gelede gedoen het: jy het dalk 'n verkeerde gesindheid teenoor iemand, woede of bitterheid. Bely al sulke sondes.

## DANKSEGGING

Die Bybel sê: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend." (Filippense 4:6).

Danksegging is om God te dank vir Sy goedheid, bv. "Dankie vir my werk, kos, gesondheid, ens."

## OM GOD SE STEM TE HOOR

"Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek." (Psalm 62:6). Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde." (Psalm 46:11).

Hoe kan jy die Here se stem hoor? Ek het self nog nooit die Here met my in 'n harde stem hoor praat nie, maar ek het baie maal in my lewe Sy stem gehoor. Hoe?

Die Here praat daagliks hoofsaaklik op twee maniere met jou: die Heilige Gees en die Woord van God. "Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus." – ou vertaling: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God." (Romeine 10:17).

Die Bybel is die Here se liefdesbrief aan jou. Die Here begeer om elke dag deur die Heilige Gees, deur die Woord van God met jou te praat. Ek wil 'n paar maniere voorstel waarop jy Sy stem kan hoor:

A. Begin met 'n spesifieke Bybelboek, ek stel EFESIËRS voor.

B. Vra die Here om vir jou in elke vers/paragraaf geestlike waarhede te wys, bv. Efesiërs 1:1 sê: "Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo." Watter geestelike waarhede vind ons hier?
   1) Paulus is 'n Christen, 'n apostel van Jesus Christus.
   2) Hy is deur die wil van God gekies.
   3) Die woord "heiliges" (ou vertaling) verwys na die Christene in Efese.
   4) Hierdie Christene behoort aan God.

C. Eien elke geestelike waarheid vir jou persoonlik toe. Die Here praat met jou deur elkeen, wat dis Sy liefdesbrief aan jou. Die Here sê bv. vir mý vier dinge hier:
   1) Wade, jy is Jesus Christus se dissipel omdat Ek dit so wil.
   2) Wade, Ek het jou gekies omdat Ek wou.
   3) Wade, jy is 'n heilige in Belo Horizonte.
   4) Wade, jy behoort aan God.

## PARAFRASEER DIE WOORD VAN GOD

Jy kan 'n vers gebruik om te bid, bv. Efesiërs 1:1: "Vader, dankie





dat U my geroep het om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Dankie dat ek 'n heilige is, afgesonder deur U. My begeerte is om aan Christus getrou te wees omdat ek aan God behoort. Ek bid dit in die Naam van Jesus. Amen.

Nadat u dit gedoen het, doen dieselfde met elke vers wat volg.

Oefening: Doen dit nou met u groep.

# HOE OM STILTETYD TE HOU – DEEL III
Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 6
Thomas Wade Akins

## INTERSESSIE
"Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges." (Efesiërs 6:18).

Intersessie is gebed vir ander mense. Dalk is daar 'n blanko bladsy in jou Bybel. Verdeel dit in kolomme en maak 'n naamlys van mense vir wie jy elke dag wil bid. ('n Notaboekie kan ook gebruik word.)

Skryf byvoorbeeld bo aan die bladsy "DAAGLIKS". Skryf nou u eggenoot, kinders, ouers, broers en susters en almal wat die naaste aan u is, se name neer.

Op die volgende bladsy/kolom skryf u "SONDAG". Hier skryf u die name van die mense vir wie u elke Sondag sal bid. Bid vir u predikant en sy vrou, u Sondagskoolonderwyser of u klasmaats.

Die volgende bladsy/kolom se opskrif is "MAANDAG". Hier skryf u familielede en vriende se name neer.

Op die bladsy met "DINSDAG" die name van familielede en vriende.

"WOENSDAG" verskyn bo-aan die volgende bladsy/kolom. Skryf hier die name van sendelinge, leiers van u kerkgenootskap, leiers van u gemeente en ander vir wie u wil bid.

Op die bladsy/kolom met "DONDERDAG" as opskrif skryf u die name van die leiers van die land. In 1 Timoteus 2:1-2 sê Paulus: "Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking,
voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2]vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid."





**Op die volgende bladsy/kolom skryf u "VRYDAG". Hier skryf u die name van diegene wat vervreem geraak het van die kerk of dié wat verlore is.**

Die bladsy/kolom vir "SATERDAG" is vir die name van vriende, gemeentelede en spesiale projekte waarby u betrokke is.

As die pionier hierdie opdrag uitvoer, sal hy elke dag van die week vir baie mense kan bid. Party mense glo dat Romeine 16 Paulus se gebedslys was vir die Christene in Rome.

Oefening: Die pionier moet nou tyd inruim om elke groepslid te help om 'n gebedslys te maak van mense en verskillende lande van die wêreld waarvoor hy elke dag wil bid.

## VERSOEKE

Hebreërs 4:14sê: "Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely."

Ons kan ons eie behoeftes voor God bring.

# HOE OM STILTETYD TE HOU – DEEL IV

Dissipelskapsopleiding vir Plaaslike Leiers – Les 7

Thomas Wade Akins

## DINK NA OOR DIE WOORD VAN DIE HERE

In Josua 1:8 staan daar geskryf: "Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees." Hierdie vers sê dat 'n mens se lewe verander word as jy die Woord van God dag en nag oordink. Romeine 8:29 sê dat God die pionier wil verander om meer soos Jesus Christus te wees. Die gevolg hiervan is 'n voorspoedige lewenswandel en 'n suksesvolle lewe. Die vraag is egter: hoe oordink ons die Woord van God dag en nag?

Hoe oordink ons dit wanneer ons slaap? Doen die volgende om na te dink oor die Woord:

A Kies elke week 'n spesifieke Bybelvers om te oordink.
B Lees die vers in sy konteks.
C Vra die Here om u die geestelike waarhede van die vers te wys.
D Maak die vers u eie deur dit te bid.
E Skryf hierdie vers en die Skrifbewys op 'n kaart neer.
F Lees die vers verskeie kere gedurende elke dag. Doen dit terwyl u in 'n ry staan en wag of in u stiltetyd, maar onthou om die kaart ten minste vyf maal per dag uit te haal om dit te lees.
G Lees die vers *net* voor u gaan slaap (die laaste ding wat u doen). Dit sal die vers in u onderbewussyn vaslê.

**Oefening: Gee aan elkeen in die groep 'n vers en 'n kaart en gaan met hulle deur A – G hierbo.**

## BIBLIOGRAFIE


DIE BYBEL. (Die ou vertaling) DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA. 1966

DIE BYBEL. (Die nuwe vertaling) DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA. 1983.

AKINS, Thomas Wade. Treinamento Para Testemunho Pessoal. Junta de Missões Nacionais da CBB. Río de Janeiro, Brasil, 1989.

AKINS, Thomas Wade. Na Beira do Abismo. Junta de Educação Religiosa e Publicaciones da CBB. Río de Janeiro, Brasil. 1994.

BARNES, Frank. O Que Jesus Deseja Que Você Faça. Junta de Missões Nacionais da CBB. Río de Janeiro, Brasil, 1991.

BLACKMON, Dennis Lester. Pré-evangelização. Junta de Missões Nacionais da CBB. Río de Janeiro, Brasil, 1989.

BROCK, Charles. Indigenous Church Planting. Broadman Press. Nashville, Tennessee. 1981

GREENWAY, Roger. Guidelines for Urban Church Planting. Baker Book House Company, Ann Arbor, Michigan. 1976.

HODGES, Melvin L. The Indigenous Church. Gospel Publishing House. Springfield, Missouri. 1976.

LORD, Peter. Hearing God. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan, 1988.

MOORE, Waylon B. Multiplying Desciples. Missions Unlimited. Tampa, Florida. 1981.





MOORE, Waylon B. New Testament Follow-Up. Wm.B.Eerdmans Company. Grand Rapids, Michigan. 1963.

NEIGHBOUR, Ralph W.Jnr. Survival Kit. Convention Press. Nashville, Tennessee. 1979.

TIPPIT, Sammy. The Prayer Factor. Moody Press. Chicago, Illinois. 1988.

WILLIS, Jr.Avery, T. Vida Magistral. Junta de Educação Religiosa e Publicaciones da CBB. Río de Janeiro, Brasil. 1994.

WINTER, Ralph D. Perspectives on the World Christian Movement. William Carey Library. Pasadena, California. 1981.